# Die waarde en gebruik van stilte en afsondering as geloofsdissiplines vir die Millenniale Generasie: ‘n Pastorale studie

**M PIETERSE**
**orcid.org/0000-0002-472-5114**

Verhandeling voorgelê ter nakoming vir die graad *Magister Artium* in Pastorale Studies aan die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof GA Lotter

Gradeplegtigheid Mei 2018
22265384

NWU®
NORTH-WEST UNIVERSITY
NOORDWES-UNIVERSITEIT
UNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA

# VOORWOORD EN BEDANKINGS

"Ek het U lief, o Here. U maak my sterk."

Psalm 18:2


Ek wil graag hartlik dankie sê aan die volgende persone vir al die ondersteuning, bemoediging, motivering en geduld in die aanpak van hierdie studie:

- Ten eerste wil ek dankie sê aan die Here, my bron van krag. Dit is alleen deur sy groot genade dat ek hierdie studie kon voltooi. Ek dank, loof en eer Hom vir die voorreg.
- Aan my man, Johan, wat my grootste ondersteuner en bemoediger is. Dankie vir jou geduld, liefde en motivering en dat jy elke tree van hierdie studie saam met my gestap het. Dankie dat jy verstaan het wanneer ek aande om moes werk en min tyd saam met jou spandeer het. Jy is die beste. Ek waardeer jou en het jou innig lief!
- Shani en Heini, dankie vir julle hulp en ondersteuning tydens my studie. Dankie dat julle julle huis oopgestel het sodat ek my studie kon voltooi. My sussie, Shani, dankie vir die tyd wat jy afgestaan het om my te help in tye wanneer ek begin vasbrand het. Dankie dat jy nog altyd, in elke stap van my lewe, daar was vir my.
- My vriendinne, dankie vir julle motivering, ondersteuning en begrip wanneer ek agter die rekenaar moes sit in ons tye saam.
- My ouers, Marcia en Willie, Gerhard en Vernalyn, baie dankie vir julle finansiële en emosionele ondersteuning die afgelope paar jaar – sonder julle sou ek hierdie studie nie kon voltooi nie. Dankie vir die geleentheid om verder te kon studeer en myself te kwalifiseer. Julle is die beste ouers. Aan beide my ouers en skoonouers (Johan en Dalene), dankie vir julle gebede wat my deur die studie gedra het.
- My studieleier, prof George Lotter, baie dankie vir al die harde werk, moeite en vorming van hierdie studie. Dankie vir al die leiding en boodskappe van bemoediging en aanmoediging.
- My leiers en kollegas by Mosaïek Gemeente, dankie vir die finansiële ondersteuning, tyd wat afgestaan is sodat ek my studie kon voltooi en, bo alles, die inspirasie vir die tema van hierdie studie.
- Baie dankie aan elke deelnemer wat die tyd afgestaan het om aan die onderhoude deel te neem. Dankie vir julle vrymoedigheid en openheid om julle persoonlike lewens met my te deel. Julle het 'n waardevolle bydrae tot hierdie studie gemaak.
- Dankie aan Hester van der Walt wat die taalversorging gedoen het.
- Dankie aan Douline Minnaar wat gehelp het met die kodering van die data wat tydens die onderhoude ingesamel is.

# OPSOMMING

Die Millenniale Generasie is diegene wat tussen 1981 en 2000 gebore is; hulle staan ook as die hedendaagse jongmense bekend. Millenniale verlaat al hoe meer die kerk en toon groot wantroue in institusies. Alhoewel hulle die kerk verlaat, laat hulle nie hul geloof agter nie. Die gejaagdheid van die hedendaagse lewe dien as ‘n groot uitdaging vir hierdie generasie in hul soeke na betekenis en hul behoefte aan ‘n egte, outentieke en intieme verhouding met God.

In hierdie studie word daar gefokus op die waarde wat die beoefening van stilte en afsondering vir die Millenniale Generasie kan inhou. Die doel van die studie is om te bepaal of die geloofsdissiplines van stilte en afsondering die Millenniale Generasie kan begelei in hul soeke na betekenis en ‘n egte, intieme en outentieke geloof. Daar sal teen die einde van die studie ook praktiese riglyne voorgestel word waarvolgens hierdie generasie die geloofsdissiplines van stilte en afsondering in hul daaglikse lewens kan beoefen.

Om hierdie studie se doelwitte te bereik is die volgende vier take van Osmer se prakties-teologiese integrasiemodel gebruik, wat die volgende insluit:

- Beskrywend-empiriese taak – “Wat is besig om te gebeur?”
- Interpreterende taak – “Waarom gebeur dit?”
- Normatiewe taak – “Wat behoort te gebeur?”
- Pragmatiese taak – “Hoe kan ons reageer?”

Daar is ‘n empiriese kwalitatiewe studie met individue van die Millenniale Generasie gedoen deur middel van een-tot-een–onderhoude. Met behulp van data wat tydens die onderhoude ingesamel is, is daar vasgestel is dat Millenniale ‘n groot smagting na ‘n egte, outentieke en intieme verhouding met God het, dat hulle positiewe sowel as negatiewe sienings van die kerk het en dat hulle ‘n soeke na ‘n lewe en geloof van betekenis en aanvaarding het. Daar is ook vasgestel dat die gejaagdheid van die alledaagse lewe groot uitdagings vir hierdie generasie inhou met betrekking tot hul geestelike lewe.

Die uitkomste van hierdie studie het daarop gedui dat die inkorporasie van die geloofsdissiplines van stilte en afsondering van groot waarde vir die Millenniale Generasie kan wees rakende hul geloofslewe en soeke as jongmense.

Na aanleiding van die resultate van die vier take van Osmer (die beskrywend-empiriese taak, intepretatiewe taak, normatiewe taak en pragmatiese taak) kon daar ‘n praktiese begeleidingsmodel deur middel van ‘n kursus/seminaar ontwikkel word wat riglyne bied oor die wyse waarop die Millenniale Generasie bygestaan enbegelei kan word in die beoefening en gebruik van die geloofsdissiplines van stilte en afsondering.

**Sleutelterme**

- Stilte
- Afsondering
- Spiritualiteit
- Pastoraal
- Millenniale Generasie
- Geloofsdissiplines
- Generasie Y

# ABSTRACT

The Millennial Generation are those born between 1981 and 2000 and who are also known as today's young adults. More Millennials are leaving the church and show great distrust in institutions. Although they are leaving the church, they still show interest in their faith. The rush of everyday life is a big challenge for this generation in their search for meaning and their longing for a real, authentic and intimate relationship with God.

The value that the practice of silence and solitude can provide to the Millennial Generation is the focus of this study. The aim of the study is to determine whether the spiritual disciplines of silence and solitude can guide the Millennial Generation in their search for meaning and an authentic, intimate and real faith. At the end of this study, practical guidelines will be proposed for this generation to practise the spiritual disciplines of silence and solitude in their daily life.

In order to attain the goals set out in this study, the following four tasks of Osmer's practical theological integration model will be used, including the following:

- Descriptive empirical task – "What is going on?"
- Interpretive task – "Why is it going on?"
- Normative task – "What ought to happen?"
- Pragmatic task – "How might we respond?"

An empirical qualitative study has been done by means of one-on-one interviews with individuals who form part of the Millennial Generation. Through the data collected in the interviews, it has been established that Millennials have an earnest longing for an authentic, intimate and real relationship with God, that they hold positive as well as negative views of the church and that they search for meaning and acceptance in life and faith. It has also been established that the rush of everyday life posts great challenges to Millennials with regard to their spiritual life.

The outcomes of this study indicated that the incorporation of the spiritual disciplines of silence and solitude can be of great value for the Millennial Generation concerning their spiritual life and their longings as young adults.

Following the results of the four tasks of Osmer (the descriptive-empirical task, interpretive task, normative task and pragmatic task), a practical guiding model has been developed by means of a seminar or workshop to show how to assist and guide the Millennial Generation in practising the spiritual disciplines of silence and solitude.

**Key terms**

- Silence

- Solitude
- Spirituality
- Pastoral
- Millennial Generation
- Spiritual disciplines
- Generation Y

# INHOUDSOPGAWE


VOORWOORD EN BEDANKINGS ..... I

OPSOMMING ..... II

ABSTRACT ..... IV

HOOFSTUK 1 ..... 1

INLEIDING TOT DIE NAVORSINGSONTWERP ..... 1

1.1. Titel ..... 1

1.2. Probleemstelling en oriëntering ..... 1

1.2.1. Die Millenniale Generasie ..... 1
1.2.2. Geloofsdissiplines van stilte en afsondering ..... 3
1.2.3. Woestynouers ..... 4
1.2.4. ‘n Bybelse beginsel ..... 5

1.3. Leemte in bestaande navorsing ..... 6

1.4. Navorsingsvraag ..... 6

1.5. Doelstelling en doelwitte ..... 7

1.5.1. Doelstelling ..... 7
1.5.2. Doelwitte ..... 7

1.6. Sentrale teoretiese argument ..... 7

1.7. Navorsingsmetodologie ..... 8

1.7.1. Beskrywend-empiriese taak (Wat is besig om te gebeur?) ..... 8
1.7.1.1. Metodologie van Osmer se model rakende die beskrywend-empiriese taak ..... 8
1.7.1.2. Etiese aspekte ..... 9
1.7.2. Interpreterende taak (Waarom gebeur dit?) ..... 11
1.7.3. Normatiewe taak (Wat behoort te gebeur?) ..... 11
1.7.4. Pragmatiese taak (Hoe moet ons reageer?) ..... 12

1.8. Indeling van hoofstukke ..... 12

HOOFSTUK 2 ..... 14

BESKRYWEND-EMPIRIESE TAAK RAKENDE DIE WAARDE EN GEBRUIK VAN DIE GELOOFSDISSIPLINES VAN STILTE EN AFSONDERING VIR DIE MILLENNIALE GENERASIE ..... 14

2.1. Inleiding ..... 14

2.2. Navorsingsmetodologie ..... 14

2.3. Navorsingsontwerp ..... 16

2.4. Navorsingsdoel ..... 17

**2.5. Navorsingstrategie .......... 17**
2.5.1. Navorsingsmetode .......... 17
2.5.2. Navorsingsbenadering .......... 17
2.5.2.1. Kwantitatiewe benadering .......... 18
2.5.2.2. Gemengdemetodebenadering .......... 18
2.5.2.3. Kwalitatiewe benadering .......... 18
**2.6. Navorsingsplan .......... 19**
2.6.1. Bevolking en steekproef .......... 19
2.6.2. Data-insameling .......... 19
2.6.2.1. Onderhoude as data-insamelingsmetode .......... 20
2.6.3. Stappe in die gebruik van onderhoude as data-insamelingsproses in die navorsingsplan .......... 22
2.6.3.1. Werwing en selektering van deelnemers .......... 22
2.6.3.2. Aspekte tydens onderhoudvoering .......... 23
2.6.3.3. Dataverwerking en -analise .......... 24
2.6.4. Die navorsingspan .......... 25
2.6.4.1. Etiese aspekte .......... 25
2.6.4.2. Ingeligte toestemming en vrywillige deelname .......... 25
2.6.4.3. Reg tot privaatheid en vertroulikheid .......... 26
**2.7. Empiriese bevindings .......... 27**
2.7.1. Inleiding .......... 27
2.7.2. Inligting aangaande die steekproef .......... 27
2.7.3. Vraelyste wat in die onderhoude gebruik is .......... 27
2.7.4. Groepering van data .......... 28
2.7.4.1. Hooftema 1 .......... 28
2.7.4.2. Hooftema 2 .......... 28
2.7.4.3. Hooftema 3 .......... 29
**2.8. Resultate van empiriese studie .......... 29**
2.8.1. Hooftema 1: Die Millenniale Generasie se lewensoeke .......... 29
2.8.1.1. Subtema 1.1: Soeke na betekenis .......... 29
2.8.1.2. Subtema 1.2: Soeke na aanvaarding .......... 30
2.8.2. Hooftema 2: Die Millenniale Generasie se siening van die kerk .......... 31
2.8.2.1. Subtema 2.1: Negatiewe siening van die kerk .......... 31
2.8.2.2. Subtema 2.2: Positiewe siening van die kerk .......... 35
2.8.3. Hooftema 3: Die Millenniale Generasie se verhouding met God .......... 36
2.8.3.1. Subtema 3.1: Beoefening van geloofsdissiplines .......... 36
2.8.3.2. Subtema 3.2: Smagting na ‘n dieper, egte en intiemer verhouding met God .......... 39
2.8.3.3. Subtema 3.3: Struikelblokke in hulle verhouding met God .......... 40
**2.9. Samevatting .......... 43**

**HOOFSTUK 3 .......... 45**

**INTERPRETERENDE TAAK: LITERATUURSTUDIE MET BETREKKING TOT DIE GELOOFSDISSIPLINES VAN STILTE EN AFSONDERING .......... 45**

**3.1. Inleiding .......... 45**

**3.2. Metodologie .......... 46**

**3.3. Dissiplines** 47

3.3.1. Definisie van dissiplines 47
3.3.2. Dissiplines in ander godsdienste 48
3.3.2.1. Boeddhisme 48
3.3.2.2. Islam 49
3.3.3. Dissiplines in ander wetenskappe en hedendaagse gebruike 50
3.3.3.1. Psigologie 50
3.3.3.2. Stres in die soeke na betekenis 50
3.3.3.3. Waardevolle aspekte in psigologie 51
3.3.3.4. Bewustheid 52
3.3.4. Dissiplines in Christenskap 53

**3.4. Geloofsdissiplines** 54

3.4.1. Spiritualiteit as grondslag vir geloofsdissiplines 54
3.4.2. Definisie van geloofsdissiplines 56
3.4.3. Historiese oorsig van geloofsdissiplines 56
3.4.4. Waarde en noodsaaklikheid van geloofsdissiplines 57

**3.5. Stilte en afsondering as geloofsdissiplines** 59

3.5.1. Noodsaaklikheid van stilte en afsondering as geloofsdissiplines binne Christenskap 59
3.5.2. Stilte as geloofsdissipline 59
3.5.2.1. Verskillende tipes stilte 61
3.5.2.2. Stilte as middel tot bewustheid 63
3.5.3. Afsondering as geloofsdissipline 65
3.5.3.1. Afsondering teenoor eensaamheid 67

**3.6. Beoefening van stilte en afsondering in ander godsdienste** 67

3.6.1. Stilte en afsondering in Hindoeïsme 67
3.6.2. Stilte en afsondering in Boeddhisme 68
3.6.3. Stilte en afsondering in Islam 68

**3.7. Stilte en afsondering as riglyn vir die Millenniale Generasie** 68

**3.8. Samevatting** 69

**HOOFSTUK 4** 71

**INTERPRETERENDE TAAK: LITERATUURSTUDIE MET BETREKKING TOT DIE MILLENNIALE GENERASIE** 71

**4.1. Inleiding** 71

**4.2. Generasies** 72

4.2.1. Die Stil Generasie 72
4.2.2. Baby boomers 72
4.2.3. Generasie-X 73

**4.3. Millenniale Generasie** 74

4.3.1. Wie is die Millenniale Generasie? 74
4.3.2. Soeke van die Millenniale Generasie 76
4.3.2.1. Soeke na betekenis 76

4.3.2.2. Soeke na egtheid en outensiteit ... 76

**4.4. Wêreldbeskouing van die Millenniale Generasie ... 77**

4.4.1. In die werkplek ... 77
4.4.2. Institusionele instansies ... 78
4.4.3. Tegnologie ... 82
4.4.4. Godsdiens, kerk en geloof ... 85

**4.5. Vorige generasies se siening van die Millenniale Generasie ... 92**

**4.6. Die uitdaging vir die Millenniale Generasie: Kwartlewekrisis ... 94**

**4.7. Waarde van stilte en afsondering ... 96**

**4.8. Samevatting ... 96**

**HOOFSTUK 5 ... 99**

**NORMATIEWE TAAK: PERSPEKTIEWE RAKENDE DIE GELOOFSDISSIPLINES VAN STILTE EN AFSONDERING ... 99**

**5.1. Inleiding ... 99**

**5.2. Metodologie ... 99**

**5.3. Spiritualiteit ... 102**

**5.4. Geloofsdissiplines ... 103**

5.4.1. Geloofsdissiplines as oefening ... 104
5.4.2. Geloofsdissiplines en *sola gratia* ... 108
5.4.3. Geloofsdissiplines as hulpmiddel vir geestelike vorming en groei ... 110
5.4.4. Doel van geloofsdissiplines ... 111
5.4.5. Verskillende tipes geloofsdissiplines ... 113

**5.5. Stilte en afsondering as geloofsdissiplines in die Christelike konteks ... 115**

5.5.1. Stilte as geloofsdissipline in die Christelike konteks ... 115
5.5.2. Afsondering as geloofsdissipline in die Christelike konteks ... 116

**5.6. Inleidende Skriftuurlike perspektiewe rakende die waarde en gebruik van die geloofsdissiplines van stilte en afsondering ... 118**

5.6.1. Psalm 23:1-3 ... 119
5.6.1.1. Bepaal die plek van die perikoop in sy boek en in die Bybel ... 119
5.6.1.2. Bepaal die genre van die perikoop en die boek ... 120
5.6.1.3. Bepaal die perikoop se sosio-historiese konteks ... 120
5.6.1.4. Bepaling van kernvers ... 121
5.6.1.5. Doen woordstudie van belangrike begrippe in die kernvers ... 121
5.6.1.5.1. Herder ... 121
5.6.1.5.2. Rus ... 121
5.6.1.5.3. Verkwik ... 122
5.6.1.6. Bepaal die openbaringshistoriese plek en betekenis van die perikoop ... 122
5.6.1.7. Bepaal die openbaring oor God in die perikoop ... 124

5.6.1.8. Bepaal die openbaringsfeite in die perikoop, asook die oproepe op grond daarvan ..... 125
5.6.1.9. Bepaal die kommunikasiedoel van die perikoop ..... 125
5.6.1.10. Raadpleeg eksegetiese bronne ..... 125
5.6.1.11. Begryp die konteks van die hoorder ..... 126
**5.7. Beoefening van die geloofsdissiplines van stilte en afsondering in die Ou Testament ..... 127**
5.7.1.1. Raadpleeg eksegetiese bronne ..... 127
5.7.1.2. Begryp die konteks van die hoorder ..... 128
**5.8. Beoefening van die geloofsdissiplines van stilte en afsondering in die Ou Testament ..... 128**
5.8.1. Beoefening van stilte en afsondering in die lewe van Moses ..... 128
5.8.2. Eksodus 33:7-9 ..... 131
5.8.2.1. Bepaal die plek van die perikoop in sy boek en in die Bybel ..... 131
5.8.2.2. Bepaal die genre van die perikoop en die boek ..... 131
5.8.2.3. Bepaal die perikoop se sosio-historiese konteks ..... 132
5.8.2.4. Doen woordstudie van belangrike begrippe in die kernvers ..... 133
5.8.2.4.1. Buitekant ..... 133
5.8.2.4.2. Ver ..... 133
5.8.2.4.3. Samekoms ..... 133
5.8.2.4.4. Raadpleeg ..... 133
5.8.2.4.5. Spreek ..... 133
5.8.2.5. Bepaal die openbaringshistoriese plek en betekenis van die perikoop ..... 134
5.8.2.6. Bepaal die openbaring oor God in die perikoop ..... 136
5.8.2.7. Bepaal die openbaringsfeite in die perikoop en die oproepe op grond daarvan ..... 137
5.8.2.8. Bepaal die kommunikasiedoel van die perikoop ..... 137
5.8.2.9. Raadpleeg eksegetiese bronne ..... 138
5.8.2.10. Begryp die konteks van die hoorder ..... 139
5.8.3. Beoefening van stilte en afsondering in die lewe van Elia ..... 139
5.8.4. 1 Konings 19:8-12 ..... 140
5.8.4.1. Bepaal die plek van die perikoop in sy boek en in die Bybel ..... 140
5.8.4.2. Bepaal die genre van die perikoop en die boek ..... 141
5.8.4.3. Bepaal die perikoop se sosio-historiese konteks ..... 141
5.8.4.4. Bepaal die kernvers van die perikoop ..... 142
5.8.4.5. Doen woordstudie van belangrike begrippe in die kernvers ..... 142
5.8.4.5.1. Staan ..... 142
5.8.4.5.2. Aardbewing ..... 142
5.8.4.5.3. Fluistering ..... 142
5.8.3.5.4. Windstilte ..... 142
5.8.4.6. Bepaal die openbaringshistoriese plek en betekenis van die perikoop ..... 142
5.8.4.7. Bepaal die openbaring oor God in die perikoop ..... 144
5.8.4.8. Bepaal die openbaringsfeite in die perikoop en die oproepe op grond daarvan ..... 145
5.8.4.9. Bepaal die kommunikasiedoel van die perikoop ..... 146
5.8.4.10. Raadpleeg eksegetiese bronne ..... 146
5.8.4.11. Begryp die konteks van die hoorder ..... 148

**5.9. Beoefening van geloofsdissiplines van stilte en afsondering in die Nuwe Testament ........ 149**
5.9.1. Beoefening van stilte en afsondering in die lewe van Paulus ........ 149
5.9.2. Galasiërs 1:11-24 ........ 150
5.2.1.1. Bepaal die plek van die perikoop in sy boek en in die Bybel ........ 150
5.9.2.1. Bepaal die genre van die perikoop en die boek ........ 151
5.9.2.2. Bepaal die kernvers van die perikoop ........ 151
5.9.2.3. Bepaal die perikoop se sosio-historiese konteks ........ 151
5.9.2.4. Doen woordstudie van belangrike begrippe in die kernvers ........ 153
5.9.2.4.1. Arabië ........ 153
5.9.2.5. Bepaal die openbaringshistoriese plek en betekenis van die perikoop ... 153
5.9.2.6. Bepaal die openbaring oor God in die perikoop ........ 156
5.9.2.7. Bepaal die openbaringsfeite in die perikoop, asook die oproepe op grond daarvan ........ 157
5.9.2.8. Bepaal die kommunikasiedoel van die perikoop ........ 157
5.9.2.9. Raadpleeg eksegetiese bronne ........ 157
5.9.2.10. Begryp die konteks van die hoorder ........ 158
5.9.3. Beoefening van stilte en afsondering in die lewe van Jesus Christus ..... 159
**5.10. Beoefening van stilte en afsondering in die lewens van ander gelowiges in die kerkgeskiedenis ........ 162**
5.10.1. Teresa van Avila ........ 162
5.10.2. St. Ignatius van Loyola ........ 163
5.10.3. Die *Taize*-gemeenskap ........ 164
**5.11. Praktiese beoefening van stilte en afsondering ........ 165**
**5.12. Waarde van stilte en afsondering vir die Millenniale Generasie ....... 166**
**5.13. Samevatting ........ 167**
**HOOFSTUK 6 ........ 168**
**PRAGMATIESE TAAK MET BETREKKING TOT DIE GEBRUIK VAN DIE GELOOFSDISSIPLINES VAN STILTE EN AFSONDERING VIR DIE MILLENNIALE GENERASIE ........ 168**
**6.1. Inleiding ........ 168**
**6.2. Doelstelling ........ 169**
**6.3. Pastorale benadering ........ 169**
6.3.1. Pastoraat ........ 169
6.3.2. Pastorale berading ........ 169
6.3.3. Geestelike begeleiding ........ 170
**6.4. Voorgestelde praktiese riglyne vir die begeleiding van die Millenniale Generasie in die gebruik van die geloofsdissiplines van stilte en afsondering ........ 171**
6.4.1. Praktyk-teoretiese begeleidingsmodel ........ 172

6.4.1.1. Beoefening van geloofsdissiplines ... 172
6.4.2. Voorgestelde praktyk-teoretiese kursusmodel ... 173
6.4.2.1. Voorbereiding vir tyd in afsondering en stilte ... 173
6.4.2.1.1. Tyd en plek ... 173
6.4.2.1.2. Afleidings gedurende tye in stilte en afsondering ... 174
6.4.2.1.3. Gemaklike posisie ... 175
6.4.2.1.4. Doelstelling van tyd in stilte en afsondering ... 176
6.4.2.2. Praktiese gebruike tydens tye van stilte en afsondering ... 176
6.4.2.2.1. Metodes om die aandag op God te rig in stilte en afsondering ... 176
6.4.2.2.2. Langer periodes van stilte en afsondering ... 180

**6.5. Samevatting ... 184**

**HOOFSTUK 7 ... 185**

**SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING ... 185**

**7.1. Inleiding ... 185**

**7.2. Beskrywend-empiriese taak ... 185**

**7.3. Interpreterende taak rakende geloofsdissiplines ... 186**

**7.4. Interpreterende taak rakende die Millenniale Generasie ... 186**

**7.5. Normatiewe taak ... 187**

**7.6. Pragmatiese taak ... 188**

**7.7. Finale gevolgtrekking ... 188**

**7.8. Voorstelle vir verdere navorsing ... 189**

**BRONNELYS ... 190**

**BYLAE ... 221**

**WEERGAWE: 20 NOVEMBER 2017 ... 231**

# LYS VAN TABELLE


Tabel 1-1: Skematiese voorstelling van die in- en uitsluitingskriteria vir die selektering van die steekproef .................................................................. 9

Tabel 2-1: Skematiese voorstelling van die Millenniale se lewensoeke (Hooftema 1) ........................................................................................28

Tabel 5-1: Dissiplines van weerhouding en betrokkenheid (Willard, 1991:158)...113

## LYS VAN FIGURE


Figuur 2-1: Die vier take van Osmer se prakties-teologiese interpreterende model (Osmer, 2008:11)....15

Figuur 3-1: Die vier take van Osmer se prakties-teologiese interpreterende model (Osmer, 2008:11)....46

Figuur 4-1: Skematiese voorstelling van Osmer se prakties-teologiese model (Osmer, 2008:11)....71

Figuur 5-1: Vier take van Osmer se prakties-teoretiese model (Osmer, 2008:11)....100

Figuur 6-1: Die vier take van Osmer se prakties-teologiese model (Osmer, 2008:11)....169

# Hoofstuk 1

# INLEIDING TOT DIE NAVORSINGSONTWERP

## 1.1. Titel

Die waarde en gebruik van stilte en afsondering as geloofsdissiplines vir die Millenniale Generasie: 'n Pastorale studie

## 1.2. Probleemstelling en oriëntering

### 1.2.1. Die Millenniale Generasie

Die navorser, wat self deel van die Millenniale Generasie is, het bewus geword van die uitdagings van hierdie generasie se konteks en leefstyl. Die Millenniale is diegene wat tussen 1981 en 2000 gebore is (Boehme, 2013:95). Volgens Kim (2013:27) verlaat 59% van alle jongmense (Millenniale ingesluit) wat in Christelike huise grootgeword het, die kerk wanneer hulle met skool of universiteit klaarmaak. 'n Verdere skokkende bevinding is dat daar vandag ongeveer 25% van die Millenniale Generasie is wat weier om met enige georganiseerde godsdiens geaffilieer te word (PewResearchCenter, 2010:87). Millenniale verlaat die kerk of verkies om nie met godsdiens geaffilieer te wees nie omdat kerke as 'n institusionele instelling gesien word. Vanuit verskeie navorsingsbronne (Boehme, 2013:103; Guldalian, 2013:43; Kim, 2013:37) is daar vasgestel dat die Millenniale Generasie hul vertroue in institusies verloor het, veral wanneer daar na die geskiedenis van ons eie land gekyk word.

Tydens die apartheidsjare was die staat se besluite dikwels gesteun en goedgekeur deur die kerk (Carstens, 2015). Daar is teen mense gediskrimineer en op hierdie wyse is talle mense seergemaak, aangesien daar teen hulle op grond van ras gediskrimineer is (Sugarman, 1991:70). Hulle is uit belangrike verkiesings uitgesluit as gevolg van die Wet op die Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers (46/1951); hul menswaardigheid is gekwes, aangesien hulle volgens die Wet op Afsonderlike Geriewe (49/1953) nie dieselfde fasiliteite as blanke mense kon gebruik nie; en volgens die Naturellewet, ook bekend as die Paswet (67/1952), kon hulle selfs na 'n sekere tyd van die dag nie op straat gesien word sonder die nodige dokumentasie nie (Sugarman, 1991:92).

Dieselfde diskriminasie gebeur ook vandag met regstellende aksie–wetgewing, soos byvoorbeeld die Wet op Gelyke Indiensneming (55/1998), waardeur institusies soos die regering verseker dat persone teen wie daar voorheen gediskrimineer is, van werk verseker is en dat hulle gelykmatig en regverdig hanteer en in ag geneem word vir aanstellings in die werkplek. Een van die nadele hiervan is dat blanke mense diskriminasie ervaar omdat hulle volgens die Wet op

Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging (53/2003) nie die eerste keuse in werksgeleenthede is nie en anderskleurige mense voorkeur bo hulle geniet in blanke besighede..

Binne die Suid-Afrikaanse konteks, asook in die res van die wêreld, veroorsaak genoemde gebeure dat mense hul vertroue in institusies verloor. Rittenberry (2017) en Seeth (2017) is van mening dat die Suid-Afrikaanse regering die minste deur sy bevolking vertrou word – volgens die 2017 Edelman Trust Barometer toon slegs 15% van die land se burgers vertroue in die regering. Rittenberry reken dat hierdie wantroue in die regering- en institusionele stelsels, tesame met maatskaplike vrese, diensleweringstakings en die die styging van populistiese bewegings soos #FeesMustFall en #ZumaMustFall verduidelik. Dit is die rede waarom hierdie generasie institusies so wantrou en waarom die kerk as instelling moontlik vermy of verlaat word.

Die Millenniale het ‘n globale wantroue in godsdiens – slegs ‘n gemiddel van 9% van die Millenniale Generasie meen dat hulle hul geestelike leiers kan vertrou (Parliament Blog, 2013). Volgens die Parliament Blog het Viacom International ‘n studie gedoen rakende Millenniale, godsdiens en geloof; met betrekking tot vertroue in geestelike leiers, het die Suid-Afrikaanse Millenniale die hoogste syfer met ‘n persentasie van 29%, gevolg deur die VSA met 23% en Turkye met 17%. Die Suid-Afrikaanse syfer toon egter dat dit maar nog steeds ‘n klein persentasie van Millenniale is wat geestelike leiers vertrou.

Millenniale vind die hedendaagse Christene veroordelend, skynheilig en outyds (Guldalian, 2013:41). Volgens Kim (2013:49) beleef hulle Christene ook as onverdraagsaam, kultureel irrelevant en vyandig teenoor diegene met nie-tradisionele leefstyle. Die Millenniale Generasie is etnies baie uiteenlopend en progressief of liberaal in hul politieke oortuigings (Boehme, 2013:65). Millenniale in Suid-Afrika is baie meer uiteenlopend as in die res van die wêreld (Martins & Martins, 2012:153; Puybaraud, 2010:20). Dit is duidelik dat die Millenniale Generasie wegskram van kerklike denominasies of institusies weens die gebrek aan egte, onveroordelende en outentieke godsdiens of geloof.

Navorsers het bevind dat hoewel baie Millenniale van mening is dat godsdiens nie vir hulle belangrik is nie, amper die helfte van hulle daagliks bid. Meer as 60% van die Millenniale Generasie is daarvan seker dat God werklik bestaan (Boehme, 2013:96). Hierdie persentasie is ‘n goeie aanduiding dat baie persone van die Millenniale Generasie wel die kerk verlaat, maar nie hul geloof nie (Berger, 2013:12). Suid-Afrikaanse Millenniale is baie meer selfversekerd en glo dat hulle hul eie toekoms bepaal; dit is duidelik in hul mindere belangstelling in die kerk en affiliasie met ‘n godsdiens (GFK, 2017). Millenniale is op soek na ‘n egte, outentieke en dieper geloof – iets wat nie hul vertroue kan breek of deur mense gemanipuleer word nie. Volgens Kim (2013:51-53) het die Barna Group se navorsing bevind dat Millenniale nie noodwendig hul geloof wil verlaat nie, maar hulle is op soek na ‘n dieper geestelike verbintenis en het hulle die behoefte om hulself

en die wêreld te verander. Hulle verlaat dan die kerk omdat hulle voel dat daardie behoeftes nie deur die kerk voorsien word nie.

Dit is dus duidelik dat die Millenniale Generasie soekend van aard is; hulle is op soek na egtheid – veral in geloof (Vaughn, 2016:57). Hulle het baie vrae en onsekerhede ten opsigte van geloof en godsdiens, maar een ding bly staan: hulle is op soek na iets wat eg is in godsdiens en geloof en nie noodwendig iets wat nuut en relevant is nie (Barna Group, 2007:54; Olmstead, 2015). Tesame met hierdie soeke na egtheid en outensiteit is Millenniale op soek na betekenis in die lewe en wanneer dit nie in die kerk gevind word nie, gaan soek hulle dit op ander plekke (Kim, 2013:28). Die geloofsdissiplines van stilte en afsondering kan dus van groot waarde vir die Millenniale Generasie wees, want dit bring die mens in verbinding met die self en noop hom of haar om oop en eerlik te wees. So kan 'n diep en outentieke verhouding met God gebou word, asook betekenis in die lewe gevind word.

### 1.2.2. Geloofsdissiplines van stilte en afsondering

Die navorser het in die kringe waarin sy beweeg, bewus geword van dieselfde soeke onder die Millenniale Generasie waarvan daar tevore melding gemaak is en sy is daarvan oortuig dat die beoefening van stilte en afsondering as geloofsdissiplines van groot waarde vir hierdie generasie kan wees. Weens die tegnologiese versnelling in die hedendaagse lewe kan dit egter 'n groot uitdaging wees om die gebruik hiervan in die Millenniale se daaglikse lewe toe te pas. Hierdie generasie is in 'n tyd gebore waarin tegnologie en die versnelling van die lewe 'n algemene realiteit is. Rosa (2010:96) het reeds sewe jaar gelede hierdie versnelling bevestig: "There is a technological acceleration, an acceleration of social change and an acceleration of the pace of life." In die Millenniale se soeke na opregte, outentieke geloof en betekenis kan die gejaagdheid van die lewe 'n groot uitdaging inhou. Hierdie versnelling veroorsaak dat die mens nie tot stilstand kom nie en nie tyd in afsondering spandeer nie. Volgens Rosa veroorsaak dit dat 'n mens afgesny word van jouself, ander, die wêreld en ook van God. Heerens (2014:2) het die volgende oor stilte geskryf: "Vaak ver te zoeken in dezetijd. Auto's die langs razen, social media die voortdurend onze aandacht vragen en waar vind je nog een winkel zonder achtergrond muziek?" Daarin sien ons dat daar geen tyd geskep word waarin 'n mens tot stilstand kan kom en jouself van die eksterne stimuli en geraas van die wêreld kan onttrek nie. Daar word nie regtig tyd opsy gesit om 'n verhouding met God te bou of om 'n egte, outentieke belewenis van geloof en godsdiens te hê nie.

Geloofsdissiplines is daar sodat die mens God beter kan leer ken en in dankbaarheid en geloof kan groei – stilte en afsondering bied presies daardie geleentheid. Volgens Jones (2005:32) beteken geloofsdissiplines om minder op jouself gerig te wees sodat 'n mens meer bewus kan wees van wat God besig is om te doen. Die geloofsdissiplines van stilte en afsondering is noodsaaklik, omdat daar tyd uitgekoop behoort word om in God se teenwoordigheid te vertoef –

daar waar jy van alle pretensie, ander mense se geselskap en veroordeling gestroop is en jy jouself alleen voor jou Skepper bevind. In daardie ruimte kan God, geloof en godsdiens as eg en outentiek beleef word – dit waarna die Millenniale Generasie op soek is (Barna Group, 2007:54). Henri Nouwen (2003) het die volgende oor geloofsdissiplines gesê: “In the spiritual life, ‘discipline’ means ‘the effort to create some space in which God can act’. Discipline means to prevent everything in your life from being filled up.”

### 1.2.3. Woestynouers

Stilte en afsondering as geloofsdissiplines is nie ‘n nuwe begrip nie, maar het reeds in die vroeë kerkgeskiedenis ontstaan. Gedurende die vroeë eeue van die kerkgeskiedenis het mans en vroue vanuit die stede en dorpies van Sirië, Egipte en Palestina na woestyngebiede getrek om God daar in stilte en afsondering te ontmoet (Belisle, 2003:16). Hierdie mense, onder andere Pachomius, John Chrysostom en John Cassian, staan as die woestynvaders en -moeders van ouds bekend, diegene wat in stilte en afsondering gewoon het om op 'n eenvoudige lewe voor God te fokus. Die woestynouers wou eenkant wees omdat hulle van mening was dat die wêreld daar buite hulle van ‘n egte, outentieke verhouding met God weerhou het. Hulle het die meeste van hul tyd saam met die Here en met die mense in hul eenvoudige gemeenskap deurgebring. Hierdie woestynouers het gekies om ‘n lewe van eenvoud, selibaatskap, gebed, vas en afsondering te lei.

Die Ordo Cisterciensis Strictioris Observantiae (2010) noem dat Antonius die Grote, later bekend as St. Antonius (251-356 n.C.), die eerste bekende Christen was wat homself van die samelewing onttrek het om in die woestyn te gaan woon met die hoofdoel om God beter te leer ken. Die woestynvaders en -moeders van die 4de en 5de eeu wat later van tyd dieselfde begin doen het, word ook hierin genoem. Kidder (2007:63) beskryf hoe die vroeë woestyn-Christene geglo het dat dit onmoontlik was om ‘n ware Christelike lewe te lei in die sosiale, ekonomiese en teologiese omwenteling van die Romeinse heerskappy. Daar was teen 324 n.C. ongeveer 5 000 mense wat in afsondering begin woon het en op Saterdae en Sondae ontmoet het vir die bediening van die nagmaal. Van toe af het al hoe meer mense in afsondering begin leef, hierdie leefstyl van eenvoud aangeneem en mettertyd as die woestynvaders en -moeders bekend gestaan (Kidder, 2007:63-64). Justo L. Gonzales (2010:138) is van mening dat een van die hoofmotiverings van die eerste monnike die soeke na afsondering was. Hulle het geglo dat die samelewing, met al die geraas en aktiwiteite wat daarmee saamgaan, ‘n versoeking vir Christene was en hul aandag van die Christelike geloof en monastiese doel afgelei het. In die vroeë geskiedenis is die dissiplines van stilte en afsondering beklemtoon en diegene wat ‘n dieper verhouding met God gesoek het, het tot hierdie uiterstes oorgegaan om God te ontmoet..

### 1.2.4. ‘n Bybelse beginsel

Stilte en afsondering is ‘n Bybelse beginsel. Daar is talle mense in die Bybel wat ook hierdie dissiplines as baie waardevol beskou en dit in hul lewens gebruik het. In Psalm 46:11 sê die Koragiete: "Wees stil en weet Ek is God." In Psalm 62:2 staan daar geskryf: "Ja, my siel is stil tot God." Hierin is die uitnodiging aan mense om stil te word voor die Here en aan Hom die geleentheid te gee om tot hul gees te spreek, om weg te kom van alle eksterne stimuli en alle tyd en aandag op God te vestig, rustig by Hom te wees en op Hom te wag. Met verwysing na Psalm 62:2 is Spurgeon (2001) van mening dat slegs die teenwoordigheid van God Dawid se hart in verwondering kon lei na stilte, oorgawe en rus; wanneer hy dit beleef het, was daar nie ‘n enkele rebelse woord of gedagte wat die vreedsame stilte verbreek het nie. Daar is soveel geloofsreuse wat hierdie geestelike dissiplines uitgeleef het. Deur hul lewens kan daar gesien word watter waarde daar ook in stilte en afsondering is met betrekking tot egte geloof en hierdie soeke na betekenis waarna die Millenniale Generasie hunker. Moses, Elia, Paulus en Jesus Christus is maar enkele voorbeelde wat gebruik kan word wanneer ons na die waarde en gebruik van die geloofsdissiplines van afsondering en stilte kyk wat ook van toepassing gemaak kan word op die Millenniale, ‘n generasie wat so intens op soek is na ‘n egte, intieme en dieper belewenis van geloof en betekenis.

Om stil en alleen voor God te wees is 'n baie intieme en diep belewenis. ‘n Mens is dan by die Een wat jou liefhet en kan jouself wees sonder vooropgestelde idees, verwagtings, ander eksterne invloede, woorde en maskers. Dit is die tyd wanneer ‘n mens diep in jou gees inkyk en vind dat God daar teenwoordig is. In stilte en afsondering ontmoet almal wat na Hom soek, God in liefde, ongeag die Millenniale se negatiewe ervaring van die kerk, Christene of enige institusies. Pennington (cf. Ruth Haley Barton, 2010a:35) het geskryf: "If we invite Him...[,] opening the inner spaces, with silence, He will speak to our souls, not in words or concepts, but in the mysterious way that Love expresses itself – by presence.”

Die moeilike deel van stilte en afsondering is dat ‘n mens niks moet doen nie, niks moet forseer nie en niks moet verwag nie, behalwe om bloot by God te wees. Willard (1991:162) skryf oor stilte en afsondering dat ‘n mens jou moet besig hou met “...learning to stop doing, stop producing ...[,] stop doing anything except to simply be your naked self before God and be found by Him”.

Hierdie woorde het vrae by die navorser laat ontstaan oor watter waarde daar in *stilte* en *afsondering* opgesluit lê wat moontlik vir die Millenniale Generasie in hul gejaagde bestaan betekenis en sin kan ontsluit in hul soeke na geloof wat eg en outentiek is. Die navorser is daarvan oortuig dat Millenniale deur die gebruik van hierdie geloofsdissiplines groot waarde kan toevoeg tot hul siening van geloof en hulle ervaring van hul geestelike reis. Ná grondliggende navorsing oor die onderwerp sal daar in hierdie studie aangetoon word watter maniere/praktyke gevind kan

word waarop Millenniale individue hierdie geestelike dissiplines daagliks, weekliks en jaarliks as ritmes in hul lewens kan inkorporeer.

### 1.3. Leemte in bestaande navorsing

Daar is 'n uitgebreide biografiese soektog met behulp van die Ferdinand Postma Biblioteek en die Jan Lion-Cachet Biblioteek onderneem. Die volgende databasisse is gebruik: EBSCO host (Academic Search Elite Database), ATLA religion database, SABINET (SACat Publication), NEXUS databasis, RNT (Religious and Theological Abstracts), die Barna Group se navorsingsbevindings, en 'n uitgebreide soektog op google-webwerf. Die volgende sleutelterme is in hierdie soektog gebruik: Millenniale generasie, Generasie-Y, stilte, afsondering, meditasie, kontemplasie, kerk, betekenis, geloofsdissiplines, en die Engelse ekwivalente daarvan.

In die uitgebreide soektog is daar heelwat bronne gevind wat oor die Millenniale Generasie handel, sowel as artikels wat oor die Millenniale Generasie binne 'n Christelike konteks handel. Die bronne wat volgens die navorser die waardevolste vir die studierigting was, is die volgende twee artikels uit die *Missio Apostolica*-joernaal::

1. Boehme, A.J. 2013. The Church and the culture of the Millennials – the best or the worst of times? *Missio apostolica*, 21(1):95-124, May.
2. Guldalian, S. 2013. The Millennials: reflections on reaching a lost generation for Christ. *Missio apostolica*, 21(1):41-47, May.

Vanuit die genoemde bronne en bestaande literatuur blyk dit dat daar heelwat geskryf is oor die Millenniale Generasie, hul siening van die kerk en geloof, en ook hoe om hulle weer na die Here toe te lei. Tog blyk dit dat daar nie baie navorsing bestaan wat stilte en afsondering as 'n waardevolle gebruik beskou vir die Millenniale vanuit 'n pastoraal-teologiese perspektief nie. As gevolg van die gejaagdheid van die hedendaagse lewe, sowel as die sieninge van die Millenniale Generasie en hul soeke na betekenis en egte geloof, is die navorser van mening dat dit noodsaaklik is om pastorale riglyne te formuleer oor die wyse waarop hierdie generasie begelei kan word in die geloofsdissiplines van stilte en afsondering.

### 1.4. Navorsingsvraag

Wat is die waarde van stilte en afsondering as geloofsdissiplines vir die Millenniale en hoe kan hulle daarin begelei word?

Verdere vrae

1. Wat openbaar 'n empiriese studie oor die moontlike waarde wat stilte en afsondering vir die Millenniale Generasie kan hê? (Volgens Osmer [2008:4] se vraag: Wat is besig om te gebeur?)

2. Wat kommunikeer aangrensende wetenskappe aangaande die waarde van die geloofsdissiplines van stilte en afsondering? (Volgens Osmer [2008:4] se vraag: Waarom gebeur dit?)
3. Wat kommunikeer aangrensende wetenskappe aangaande die Millenniale Generasie en die moontlike waarde wat stilte en afsondering vir hulle inhou? (Volgens Osmer [2008:4] se vraag: Waarom gebeurdit?)
4. Watter Skrifperspektiewe gee rigting rakende die waarde en beoefening van stilte en afsondering as geloofsdissiplines? (Volgens Osmer [2008:4] se vraag: Wat behoort te gebeur?)
5. Hoe kan die Millenniale Generasie pastoraal begelei word om stilte en afsondering as geloofsdissiplines in hul lewe te inkorporeer en beoefen? (Volgens Osmer [2008:4] se vraag: Hoe behoort ons te reageer?)

## 1.5. Doelstelling en doelwitte

### 1.5.1. Doelstelling

Die doel van hierdie studie is om die waarde van stilte en afsondering as geloofsdissiplines in die lewens van die Millenniale te ondersoek en om aan te toon hoe hierdie generasie pastoraal begelei kan word om die geloofsdissiplines in hul alledaagse lewe te integreer en toe te pas.

### 1.5.2. Doelwitte

Die spesifieke doelwitte van hierdie studie is die volgende:

1. ‘n Beskrywend-empiriese studie oor die moontlike waarde wat stilte en afsondering vir die Millenniale Generasie kan hê.
2. ‘n Interpreterende studie vanuit aangrensende wetenskappe om aan te toon wat die waarde van stilte en afsondering is.
3. ‘n Interpreterende studie vanuit aangrensende wetenskappe om aan te toon wie die Millenniale Generasie is, asook die moontlike waarde wat stilte en afsondering vir hulle kan inhou.
4. ‘n Normatiewe studie om Skrifperspektiewe te ondersoek rakende die waarde van die beoefening van die geloofsdissiplines van stilte en afsondering.
5. ‘n Pragmatiese studie om praktykteoretiese riglyne daar te stel vir die pastorale begeleiding van die Millenniale Generasie vir die inkorporasie en beoefening van stilte en afsondering in hul lewens.

## 1.6. Sentrale teoretiese argument

Die sentrale teoretiese argument van hierdie studie is dat stilte en afsondering as geloofsdissiplines waarde tot die Millenniale se lewens kan toevoeg.

## 1.7. Navorsingsmetodologie

Die metodologie van navorsing word deur die navorser se spesifieke paradigma beïnvloed en die keuses wat daaruit gemaak word; dit is dus die navorser se taak om duidelik aan te toon wat sy/haar verwysingsraamwerk is waaruit hy/sy die lewe verstaan (Delport & Fouché, 2005:261). Die navorser se wêreldbeskouing is gevorm vanuit die raamwerk van die Gereformeerde tradisie wat glo en erken dat die Skrif deur die Heilige Gees geïnspireer is en volle gesag dra as die lewende Woord van God (Coetzee, 1990:17).

Die prakties-teologiese metode van hierdie navorsingstudie word vanuit Richard Osmer se model gedoen. Osmer (2008) is van mening dat die Praktiese Teologie 'n teologiese interpretasie van die akademiese beginsels moet vorm as 'n metode om oplossings te vind vir bedieningstekortkominge en -probleme. Osmer se benadering tot praktiese teologie is nie slegs teologies van aard nie, hy gebruik 'n interdissiplinêre benadering tot die oplossings van hierdie vier hooftake van die praktiese teologie. Hy verdeel dan ook sy werk in vier afdelings wat hierdie take uiteensit en hedendaagse voorbeelde gebruik wat demonstreer hoe bedieningspraktyke beter uitgevoer kan word (Espinoza, 2013:208). Hierdie vier take/vrae wat Osmer (2008) gestel het, is die *beskrywend-empiriese* taak; die *interpreterende* taak; die *normatiewe* taak; en die *pragmatiese* taak. Die navorsingsvrae van hierdie studie sal beantwoord word deur bogenoemde vier take van Osmer toe te pas.

### 1.7.1. Beskrywend-empiriese taak (Wat is besig om te gebeur?)

#### 1.7.1.1. Metodologie van Osmer se model rakende die beskrywend-empiriese taak

Osmer verwys na die beskrywend-empiriese taak as dié van *priesterlike luistervermoë.* Hierdie taak gaan nie slegs oor die insameling van feite en inligting rakende 'n spesifieke gebeurtenis/situasie nie; dit gaan oor die kwaliteit van gemeenteleiers se oplettendheid met betrekking tot mense en gebeurtenisse in hul daaglikse lewe (Osmer, 2008:33). In hierdie taak gaan dit daaroor om aandag te skenk aan wat besig is om te gebeur in individue, families en gemeenskappe se lewens (Osmer, 2008:34). Om dus aandag te kan skenk aan wat aan die gebeur is binne die konteks van hierdie studie, sal sekere navorsingsprosesse gevolg word met betrekking tot die beskrywend-empiriese taak. In hierdie taak word daar gefokus op priesterlike luistervermoë en om leiding te bied deur 'n spesifieke episode sodat die navorsingsproses beter verduidelik kan word (Espinoza, 2013:208). Osmer (2008:35) is van mening dat beskrywing, waarneming en onderhoudvoering sleutelkomponente is in die verkryging van die konteks van 'n sekere situasie.

In die studie sal daar gebruik gemaak word van 'n **kwalitatiewe navorsingsproses** wat gefokus is op begrip van 'n situasie (in plaas van om dit te verduidelik) deur natuurlike waarneming (in plaas van beheerbare meting) (Fouché & Schurink, 2011:308). Die data sal ingesamel word deur

middel van onderhoudvoering (Greeff, 2011:342). Daar word deurgaans in die studie na die persone wat aan die onderhoude deelneem as deelnemers verwys (sien 2.6.4). Vrae sal gevra word oor die deelnemer se siening van die kerk, geloof en sy/haar verhouding met die Here (sien Bylaag A, Deel 3). Daar sal ook vrae gerig word wat op die deelnemer as deel van die Millenniale Generasie gefokus is – om dus vir die deelnemers te vra waarna hulle in hul geestelike lewe smag, wat hul grootste stryd is, en hoe hulle hul geloofsdissiplines beoefen. Hierdie is bloot riglyne; daar sal meer en ook indringender vrae wees wat tydens die onderhoude gevra word (sien 2.8). Die doel van die onderhoude met die deelnemers is om agter te kom wat dit vir hulle moeilik maak om God te beleef en wat hulle grootste soeke in hul verhouding met God is, maar ook om vas te stel of stilte en afsondering ‘n fasiliterende rol kan speel en of dit waarde kan toevoeg tot hul verhouding met God. Daar word derhalwe bepaal of hierdie geloofsdissiplines daagliks toegepas kan word sodat hulle nader aan God kan groei.

#### 1.7.1.2. Etiese aspekte

Die navorser het etiekopleiding ondergaan waartydens daar ‘n sertifikaat verwerf is; dit dien as bewys dat die navorser bekend is met en ag slaan op die etiese aspekte en regte van deelnemers en die aanvaarding daarvan (sien Bylaag B: Deel 1). Goedkeuring is van die Etiekkomitee van die Fakulteit Teologie aan die Potchefstroomkampus, sowel as van die Navorsingsetiek Regulatoriese Komitee (NERK) van die Noordwes-Universiteit (North-West University Institutional Research Ethics Regulatory Committee [NWU-IRERC]), verkry om die studie aan te pak. Etieknommer NWU-00610-17-A6 is vir hierdie doeleindes toegeken (sien Bylaag B: Deel 2). Hierdie studie val ook onder ‘n lae risikovlak, aangesien dit lae (tot geen risiko nie) vir individue op fisieke, emosionele, sosiale, intellektuele of geestelike vlak inhou.

Die populasie wat vir hierdie studie gebruik gaan word is individue tussen die ouderdomme van 18 en 35 jaar wat dus uit die Millenniale Generasie kom. Hierdie individue sal ná ‘n weeklikse Sondagdiens lukraak geïdentifiseer word uit die navorser se direkte omgewing en gemeente, naamlik die Mosaïek Gemeente in Fairland (Johannesburg) en omliggende gebiede. Daar sal ook sekere kandidate genader word wat in vorige gesprekke belangstelling in hierdie navorsing getoon het. Met die identifisering van die kandidate is daar sekere groepe wat ingesluit en ander wat weer uitgesluit is weens die rigting en fokus van die studie. Die volgende in- en uitsluitingskriteria is vanuit hierdie waarnemings vasgestel:

**Tabel 1-1: Skematiese voorstelling van die in- en uitsluitingskriteria vir die selektering van die steekproef**

| Insluitingskriteria | Uitsluitingskriteria |
|---|---|

| | |
|---|---|
| Meestal Christene of mense wat belangstelling in die Christelike geloof toon, al is hulle nog nie Christene nie. Die navorser werk gereeld met hierdie generasie en het na vyf jaar se waarneming agtergekom dat spesifiek Christene, of dié wat belangstelling in die Christelike geloof toon, 'n soeke na 'n dieper verhouding met God het en dat hulle op soek is na maniere waarop hulle nader aan God kan groei. | Nie-Christelike mense sal uitgesluit word. Alhoewel ander godsdienstige groepe (soos die Hindoes en Boeddhiste) ook gebruik maak van 'n vorm van stilte en afsondering, sal hulle uitgesluit word, aangesien die fokus primêr op die Christelike benadering is. Alle godsdienstige groepe wat nie Christelik is nie, sal dus uitgesluit word. |
| Verskillende kultuurgroepe (wat verskillende rasse en tale insluit) sal by hierdie studie ingesluit word. Geprekke oor kerk en geloof met Millenniale vanuit verskillende agtergronde en kulture het die navorser gemotiveer om hierdie saak verder te ondersoek. | Daar is die moontlikheid dat kandidate genader kan word, maar verkies om nie betrokke te wees nie. Hulle het altyd die keuse, aangesien die studie vrywillige betrokkenheid vereis. Kandidate sal nooit forseer word om iets te doen waarmee hulle nie gemaklik is of waartoe hulle nie ingestem het nie – hulle sal daarom uitgesluit word indien hulle verkies om nie betrokke te raak nie. |
| Daar sal slegs onderhoude gevoer word met individue wat deel van die Millenniale generasie vorm;; geen ouer of jonger individue sal ingesluit word nie. Die navorser se waarneming en persoonlike ervaring binne die kerk en ouderdomsgroep het die noodsaaklikheid vir hierdie navorsing bevestig, aangesien hierdie generasie 'n ander perspektief op geloof en godsdiens het. Slegs mense bo die ouderdom van 18 jaar sal in hierdie studie ingesluit word. | Mense wat buite die Millenniale groep val – dus diegene wat nie tussen 1983 en 2000 gebore is nie – sal uitgesluit word. Die fokus van die studie is op die Millenniale Generasie. Die gebruik van mense buite hierdie generasie sal net 'n mors van tyd en moeite wees. Alle mense onder die ouderdom van 18 sal ook in hierdie studie uitgesluit word. |

Volgens die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting (4/2013), ook bekend as die Popi-wetgewing, sal sosiale media en die databasis van die kerk nie gebruik kan word om kandidate te identifiseer of om persoonlike inligting in te win nie. Kandidate is per e-pos deur die navorser

gekontak om beskikbaarheid en gewilligheid vas te stel – alle gesprekke is dus ook skriftelik. In hierdie e-pos is daar duidelik uiteengesit waaroor die studie gaan en wat van die kandidaat verwag word.

### 1.7.2. Interpreterende taak (Waarom gebeur dit?)

Die volgende stap in die studie is die interpreterende taak. Dit is die proses waarin daar gepoog word om die konteks van 'n spesifieke situasie te verstaan deur op verskeie teorieë en modelle te steun (Espinoza, 2013:209). Daar is 'n omvattende literatuurstudie gedoen om vorige en huidige sienings en studies oor hierdie tema te ondersoek en te evalueer. Vir Osmer (2008:82-85) is hierdie taak op *profetiese wysheid* gefokus – dit is die fase waarin daar redes gesoek word vir die probleem wat in die beskrywend-empiriese taak gestaaf is. Hierdie wysheid waarna Osmer verwys, bestaan uit die drie belangrike komponente van bedagsaamheid, teoretiese oorweging en wyse oordeel:

- Bedagsaamheid bestaan uit beide die houding van vriendelikheid en reflektiewe inagneming van diegene wat betrokke is in die verskeie situasies (Osmer, 2008:82-83).
- Teoretiese oorweging beteken om op verskeie perspektiewe van verskillende teorieë te steun om sodoende die probleem waarop daar gefokus word te verstaan (Osmer, 2008:83).
- Wyse oordeel gaan oor omsigtigheid en praktiese redenasie met betrekking tot die regte plan van aksie (Osmer, 2008:84-85).

Die doel van taak twee is egter om vanuit ander wetenskappe die relevante besonderhede van episodes te interpreteer deur middel van wyse oordeel, 'n morele sin, en 'n geldige begrip van die teorieë wat gebruik word (Osmer, 2008:85).

In hierdie navorsingstaak sal 'n literatuurstudie gedoen word oor geloofsdissiplines, stilte en afsondering as geloofsdissiplines, die Milleniale Generasie, en vaardighede en modelle van begeleiding in hierdie geloofsdissiplines. Die literatuur/bronne sal krities geëvalueer word en die waarde daarvan met betrekking tot die navorsingstudie sal bepaal word. In hierdie taak word die volgende vraag (cf. Osmer, 2008) gevra: Waarom gebeur dit?

### 1.7.3. Normatiewe taak (Wat behoort te gebeur?)

Volgens Osmer (2008:133) behels die normatiewe taak *profetiese onderskeiding,* wat hy beskryf as 'n wisselwerking van goddelike bekendmaking en menslike vorming. In hierdie taak word daar gepoog om vas te stel wat God se siening is, of wat Sy wil vir huidige situasies is. *Profetiese onderskeiding* het die volgende drie benaderings tot normatiwiteit wat in die navorsingstudie gebruik sal word:

- Teologiese interpretasie, wat op die interpretasie van huidige episodes, situasies en kontekste met teologiese konsepte fokus (Osmer, 2008:139).
- Etiese refleksie, waarvolgens morele gemeenskappe toegelaat word om hul huidige praktyke en normes teen universele etiese beginsels te toets. Daar word dus etiese beginsels en riglyne as deel van die normatiewe taak ontwikkel (Osmer, 2008:149).
- Die goeie praktyk, wat volgens Osmer (2008:152) tweevoudig van aard kan wees: Eerstens kan dit ‘n model van goeie praktyke vanuit die verlede of hede blootstel wat kan help in die hervorming van mense se huidige aksies. Tweedens kan dit nuwe begrippe van God, die Christelike lewe en sosiale waardes bied wat nie noodwendig deur tradisie oorgedra is nie.

Daar word in hierdie studie aandag gegee aan perspektiewe uit die Skrif vanuit verskeie karakters se lewens en beginsels deur God wat ‘n groot bydrae kan lewer in die soeke na die waarde en gebruik van stilte en afsondering as geloofsdissiplines. Pastorale berading vorm deel van Praktiese Teologie en word hoofsaaklik binne 'n handelingswetenskapsbenadering bedryf, met die verandering en verbetering van die praksis as hoofaktiwiteit (De Wet, 2006:59). Die beoefening van die vakgebied van Praktiese Teologie en ook ander relevante teologiese dissiplines sal dus ook in gedagte gehou word.

In hierdie taak word die volgende vraag, volgens Osmer (2008), gevra: Wat behoort te gebeur?

### 1.7.4. Pragmatiese taak (Hoe moet ons reageer?)

Osmer (2008:176) is van mening dat die pragmatiese taak verskeie karaktereienskappe van diensbare leierskap het omdat dit hierdie taak se doel is om verandering in te lei in ‘n gemeentelike omgewing. In die taak word daar oorgegaan na praktiese stappe. Daar sal pastorale riglyne ontwikkel word wat handel oor die waarde sowel as die gebruik van stilte en afsondering as geloofsdissiplines. Dit sal dan deur die pastorale berader geïmplementeer kan word in die begeleiding van individue wat as deel van die Millenniale Generasie gebore is. In hierdie taak word die volgende vraag, volgens Osmer (2008), gevra: Hoe moet ons reageer?

## 1.8. Indeling van hoofstukke

Hoofstuk 1: Inleiding tot die navorsingsonderwerp

Hoofstuk 2: Beskrywend-empiriese taak rakende die waarde en gebruik van die geloofsdissiplines van stilte en afsondering vir die Millenniale Generasie

Hoofstuk 3: Interpreterende taak: Literatuurstudie met betrekking tot die Millenniale Generasie

Hoofstuk 4: Interpreterende taak: Literatuurstudie met betrekking tot die geloofsdissiplines van stilte en afsondering

Hoofstuk 5: Normatiewe taak: Perspektiewe rakende die geloofsdissiplines van stilte en afsondering vir die Millenniale Generasie

Hoofstuk 6: Pragmatiese taak vir die waarde en gebruik van die geloofsdissiplines van stilte en afsondering vir die Millenniale Generasie

Hoofstuk 7: Samevatting en Gevolgtrekking

Bronnelys

# Hoofstuk 2

# BESKRYWEND-EMPIRIESE TAAK RAKENDE DIE WAARDE EN GEBRUIK VAN DIE GELOOFSDISSIPLINES VAN STILTE EN AFSONDERING VIR DIE MILLENNIALE GENERASIE

## 2.1. Inleiding

In hierdie hoofstuk word die beskrywend-empiriese taak van Osmer (2008:4) gebruik om op 'n kwalitatiewe manier tot sekere inligting en gevolgtrekkings te kom. Die empiriese data word geïnterpreteer met betrekking tot die geloofsdissiplines van stilte en afsondering vir die Millenniale Generasie. Daar word beoog om die vraag "Wat is besig om te gebeur?" in hierdie hoofstuk te beantwoord.

## 2.2. Navorsingsmetodologie

Die navorser se wêreldbeskouing is gevorm vanuit die raamwerk van die Gereformeerde tradisie wat glo en erken dat die Skrif deur die Heilige Gees geïnspireer is en volle gesag dra as die lewende Woord van God (Coetzee, 1990:17). Dit is op grond van hierdie verwysingsraamwerk dat die metodologie van die studie aangepak word.

Die metodologie wat in hierdie navorsingstudie gebruik word, het 'n hermeneutiese benadering tot die Praktiese Teologie en word deur Richard Osmer (2008:2-4) beskryf. Hierdie model van Osmer bestaan uit vier take wat tydens die studie nagevors word; hy stel vier moontlik vrae wat tydens die studie beantwoord behoort te word, naamlik:

- Beskrywend-empiriese taak: Hierdie taak behels die insameling van inligting om episodes, situasies en kontekste te interpreteer, met ander woorde om die tekste van kontemporêre lewens en praktyke te interpreteer (Osmer, 2008:32). Die volgende vraag moet beantwoord word: Wat is besig om te gebeur?

- Interpreterende taak: Hierdie taak behels die verkryging van redes vir die fenomene wat in die empiriese taak bevind is (Osmer, 2008:82). Die volgende vraag moet beantwoord word: Waarom gebeur dit?

- Normatiewe taak: Die normatiewe taak, volgens Osmer (2008:133), behels profetiese onderskeiding wat hy beskryf as 'n wisselwerking tussen goddelike bekendmaking en menslike vorming. Hierdie taak behels die vasstelling van God se wil vir huidige situasies. Die volgende vraag moet beantwoord word: Wat behoort te gebeur?

- Pragmatiese taak: Hierdie taak beoog om leiding te gee aan mense in die proses van verandering. In hierdie taak word daar na praktiese stappe toe oorgegaan. Daar sal pastorale riglyne ontwikkel word wat handel oor die waarde, sowel as die gebruik, van stilte en afsondering as geloofsdissiplines (Osmer, 2008:176). Die volgende vraag moet hier beantwoord word: Hoe moet ons reageer?

In hierdie hoofstuk word die beskrywend-empiriese taak nagevors:




**Figuur 2-1: Die vier take van Osmer se prakties-teologiese interpreterende model (Osmer, 2008:11)**

Die eerste taak van Osmer se model is die beskrywend-empiriese taak. Dit gaan daaroor om te bepaal wat in die lewens van individue, families en gemeentes gebeur (Osmer, 2008:34). Hierdie taak behels die ondersoek van spesifieke episodes, situasies en kontekste deur middel van empiriese navorsing (Osmer, 2008:38). Die taak gaan nie slegs oor die insameling van feite en inligting rakende 'n spesifieke gebeurtenis/situasie nie. Dit gaan oor die kwaliteit van gemeenteleiers se oplettendheid met betrekking tot mense en gebeurtenisse in hul daaglikse lewe (Osmer, 2008:33). In hierdie taak moet daar aandag geskenk word aan wat in individue, families en gemeenskappe se lewens gebeur (Osmer, 2008:34). Om binne die konteks van die studie aandag te kan skenk hieraan, sal daar sekere navorsingsprosesse gevolg word met betrekking tot die beskrywend-empiriese taak. In die taak word daar gefokus op *priesterlike luistervermoë* en om leiding te bied deur 'n spesifieke episode sodat die navorsingsproses beter verduidelik kan word (Espinoza, 2013:208). Osmer (2008:35) is van mening dat beskrywing, waarneming en onderhoudvoering sleutelkomponente is in die verkryging van die konteks van 'n

sekere situasie. Smith (2015:16) reken dat empiriese navorsing beskou kan word as ‘n gedissiplineerde werkswyse wat ten doel het om intensionele aandag aan ander te skenk deur die metodes van kwalitatiewe navorsing. Laasgenoemde navorsing word gedoen wanneer ‘n intensiewe studie nagevolg word en hierdie metode hanteer mense nie soos voorwerpe nie; dit is dus in ooreenstemming met Osmer se benadering tot Praktiese Teologie (2008:38). Dreyer (1991:229) is van opinie dat empiriese navorsing verband hou met ‘n spesifieke aktiwiteit of teorie waarmee die navorser besig is om sodoende op ‘n sorgvuldige en stelselmatige manier ‘n probleem op te los. Empiriese navorsing is van hulp vir die navorser om die individue met wie daar onderhoude gevoer word, sowel as die sosiale tendense wat ‘n groot invloed op die mense se lewens het, beter te verstaan en te interpreteer (Osmer, 2008:41). Hierdie studie word aangepak om sodoende ‘n teoretiese of praktiese begronding te verkry; die empiriese navorsing sal op ‘n kwalitatiewe wyse aangepak word.

Die navorsingsvraag wat in hierdie studie beantwoord word, is die volgende: Wat is die waarde wat die Millenniale Generasie aan stilte en afsondering heg? Die doel van hierdie beskrywend-empiriese taak is om deur middel van onderhoude met individue wat deel van die Millenniale Generasie is, ondersoek in te stel na wat die groot soeke in hul geestelike lewe is en watter waarde hulle aan stilte en afsondering heg. Deur die verwerking en interpretasie van die data wat ingesamel word, kan daar bepaal word watter vorm van begeleiding gebied kan word om die Millenniale Generasie te lei in die beoefening van stilte en afsondering om ‘n dieper, intiemer en outentieke verhouding met God te hê.

### 2.3. Navorsingsontwerp

Babbie en Mouton (2004:74) is van opinie dat die navorsingsontwerp vergelyk kan word met ‘n argitektoniese bloudruk wat gevolg word tydens die konstruksie van ‘n gebou. In navorsing verduidelik die navorsingsontwerp hoe die navorsing gedoen gaan word (Wagner, Kawulich & Garner, 2012:27). Osmer (2008:47-48) verduidelik ook hoe om empiriese navorsing te doen – die navorsingsontwerp wat hy voorstel, het vier sleutelelemente:

- Die navorsingsdoel: Hierdie gedeelte gaan oor die redes waarom die spesifieke navorsing gedoen word.
- Die navorsingstrategie: Dit is die metode waarvolgens die studie aangepak gaan word om ‘n spesifieke uitkoms te bereik.
- Die navorsingsplan: Dit is die manier waarop die projek uitgevoer sal word in terme van wie ondersoek sal word (bevolking en steekproef), die metodes om data in te samel, wie die navorsing sal doen, asook die volgorde van stappe in die uitvoering van die empiriese studie.
- Die refleksie op die metateoretiese aannames: Dit is die refleksie op die empiriese bevindings op grond van ontologie, epistemologie en wetenskap.

## 2.4. Navorsingsdoel

Osmer (2008:48) beklemtoon die belangrikheid daarvan om die primêre doel van die studie te kan weergee asook die identifisering van navorsingsvrae wat daarmee verband hou. Hierdie studie val onder die basiese navorsingskategorie wat ten doel het om 'n bydrae tot die fundamentele kennis en teorie te lewer (Osmer, 2008:49). Die doel van hierdie studie is om agter te kom wat dit vir Millenniale moeilik maak om God se teenwoordigheid te beleef, asook om vas te stel of stilte en afsondering 'n fasiliterende rol kan speel en of dit waarde kan toevoeg tot hul verhouding met God. 'n Verdere doel is om te bepaal of hierdie geloofsdissiplines daagliks toegepas kan word sodat die Millenniale Generasie nader aan God kan groei.

## 2.5. Navorsingstrategie

Osmer (2008:50-53) beskryf twee strategiese keuses in navorsingstrategie, naamlik die navorsingsmetode en die navorsingsbenadering.

### 2.5.1. Navorsingsmetode

Osmer (2008:51-53) beskryf die volgende ses spesifieke tipes navorsing:

- Narratiewe navorsing: Die doel hiervan is om individue se stories te vertel.
- Gevallestudie: Die diepgaande bestudering van 'n klein aantal gevalle.
- Etnografiese navorsing: Beskrywing van 'n kulturele of sosiale groep.
- Teoreties-gefundeerde navorsing: Die ontwikkeling van 'n teorie wat op die konteks van 'n fenomeen gebaseer is.
- Fenomenologiese navorsing: Die ondersoek na die kern van 'n aktiwiteit of ervaring vir 'n groep mense.
- Aanbevole navorsing: Bydrae tot sosiale verandering (met 'n eksplisiete politiese agenda).

Die navorsingsmetode wat in hierdie studie gebruik sal word, is die teoreties-gefundeerde navorsing. Corbin en Strauss (2015:23) meen dat gegronde teorie 'n goeie navorsingsmetode is om te volg, aangesien dit al vir jare gebruik word en 'n getoetste en ware prosedure het om teorie uit data te formuleer. Gegronde teorie as navorsingsmetode stel mense in staat om situasies te verander, verstaan, verduidelik en om aksie te neem (Corbin & Strauss, 2015:24).

### 2.5.2. Navorsingsbenadering

Daar is drie erkende navorsingsbenaderings, naamlik kwantitatiewe, kwalitatiewe en gemengdemetodenavorsing (De Vos, 2005:357; Osmer, 2008:49-50). Osmer is van mening dat die kwantitatiewe benadering ideaal is vir uitgebreide navorsing, terwyl kwalitatiewe navorsing ideaal is vir intensiewe navorsing. Die kombinasie van beide kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing in 'n enkele studie staan as gemengdemetodenavorsing bekend (Creswell *et al.*, 2003:212).

### 2.5.2.1. Kwantitatiewe benadering

In kwantitatiewe navorsing word numeriese data ingesamel en geanaliseer om die verhoudinge tussen veranderlikes te ondersoek (Osmer, 2008:49). Volgens Neuman (2006:14) is kwantitatiewe navorsing die meting van objektiewe feite wat onafhanklik van ‘n konteks is, terwyl die navorser ook los staan van die situasie. In kwantitatiewe navorsing word ‘n waardevrye houding ingeneem, baie gevalle/onderwerpe betrek en statistiese analise as die metode van keuse gebruik (Neuman, 2006:13; cf. Fouché & De Vos, 2005:102).

### 2.5.2.2. Gemengdemetodebenadering

Cresswell *et al.* (2003:212) definieer die gemengdemetodenavorsing as die insameling of analise van beide kwantitatiewe en kwalitatiewe data in ‘n enkele studie. Een van die grootste uitdagings van hierdie benadering is om beide die analise te doen en die resultate te integreer vanuit twee verskillende tipes data en verskillende analises sodat dit steeds sin maak en geldig is (Wagner, Kawulich & Garner, 2012:162).

### 2.5.2.3. Kwalitatiewe benadering

Kwalitatiewe navorsing is die manier waarop navorsing benader word om sodoende die aksies en praktyke waaraan individue of groepe daagliks deelneem, sowel as die betekenis wat hulle daaraan toeskryf, te verstaan (Osmer, 2008:49). Hierdie tipe navorsing is daarop gefokus om die prosesse, sowel as die sosiale en kulturele kontekste wat sekere gedragspatrone vorm, te verstaan (Wagner *et al.*, 2012:126). Kwalitatiewe navorsing is van waarde om noukeurig ondersoek in te stel aangaande ‘n spesifieke situasie/onderwerp deur middel van etnografiese werk, biografieë, fenomenologie, gegronde teorie, gevallestudies, fokusgroepe en onderhoude (Fouché, 2005:269; Harwell, 2011:148; Wagner *et al.*, 2012:127-133). Dit word op ‘n spesifieke paradigma gebaseer,– dit wil sê ‘n stel aannames of waardes oor fundamentele aspekte van die realiteit wat tot ‘n spesifieke wêreldbeskouing lei (Wagner *et al.*, 2012:126). Hierdie paradigma bespreek fundamentele aannames wat gewoonlik gepaardgaan met geloof, soos sekere geloofsisteme rakende die natuur van die realiteit (ontologie), die verhouding tussen die *kenner* en die *gekende* (epistemologie), en die aannames oor verskeie metodologieë (Nieuwenhuis, 2007:48). Weens hierdie redes en beskrywing van die kwalitatiewe benadering tot navorsing is dit die benadering wat vir hierdie studie gevolg is. Daar sal deur middel van onderhoude met individue van die Millenniale Generasie in gesprek getree word rakende hul persepsies en ondervindings rondom die waarde wat stilte en afsondering moontlik in hul lewens kan hê. In hierdie studie sal daar na die kandidate met wie daar onderhoude gevoer is, verwys word as “gespreksgenote” (cf. Fourie, 2010:17).

## 2.6. Navorsingsplan

Die navorsingsplan is die wyse waarop die projek uitgevoer sal word met betrekking tot wie ondersoek sal word (bevolking en steekproef), die metodes wat gebruik sal word om data in te samel (data-insameling), wie die navorsing sal doen (navorsingspan), en die volgorde van stappe wat gebruik sal word in die uitvoering van die empiriese studie.

In hierdie afdeling word die navorsingsplan wat in die studie gevolg gaan word, verduidelik en uiteengesit.

### 2.6.1. Bevolking en steekproef

Strydom (2005:193) is van opinie dat ‘n “bevolking” verwys na ‘n groter groep mense wat ‘n deelname aan die studie kan hê, waaruit daar dan gevolgtrekkings gemaak kan word. Wanneer navorsing gedoen word, is dit baie tydsaam, duur en onprakties om die hele bevolking wat die navorser wil bestudeer te nader; daarom word ‘n steekproef van individue wat deel van hierdie bevolking is, gekies (Laher & Botha, 2012:86).

‘n Steekproef is ‘n subgroep van ‘n bevolking en die data wat ingesamel word, word as navorsingsinligting gebruik (Frey *et al.,* 2000:125). Berinstein (2003:17) beskryf ‘n steekproef as ‘n verteenwoordigende voorsmaak van ‘n groep; hierdie steekproef moet dus ‘n verteenwoordiger wees in dié sin dat elke steekproefeenheid die karaktereienskappe van die hele bevolking moet verteenwoordig (Lohr, 1999:3). Weens die intense, deurtastende aard van kwalitatiewe navorsing is die steekproef oor die algemeen klein, aangesien daar omvattende en ryk navorsingsdata oor ‘n tydperk binne ‘n sekere konteks ingesamel word (Laher & Botha, 2012:88). ‘n Steekproef moet egter nie so klein wees dat daar nie ‘n dataversadigingspunt bereik kan word nie. Laasgenoemde beteken dat data ingesamel moet word tot op ‘n punt waar daar geen nuwe data te voorskyn kom nie, naamlik wanneer dataversadiging of datavoldoening bereik word. (Laher & Botha, 2012:88; Morse, 1995:147).

Die teikenbevolking vir hierdie studie was mans en vroue van verskillende rasse binne die Millenniale Generasie (gebore tussen 1981 en 2000 – cf. Boehme, 2013:95) wat tot die Christelike geloof behoort en in Johannesburg woonagtig is. Die steekproefgrootte kon nie vooraf bepaal word nie, aangesien daar nie verseker kon word wanneer ‘n versadigingspunt bereik sou word nie. Die grootte sal dus vasgestel word wanneer versadigingspunte vanuit die onderhoude bereik word, soos hierbo aangedui. Wanneer daar na die steekproef in hierdie studie verwys word, word daar na “deelnemers” verwys.

### 2.6.2. Data-insameling

Osmer (2008:53) verwys na ses metodes om data in te samel tydens empiriese navorsing, naamlik onderhoude, waarneming, artefakte, ruimtelike analise, demografiese analise en

fokusgroepe. Nieuwenhuis en Smit (2012:132) reken dat kwalitatiewe navorsingsdata op die volgende maniere ingesamel kan word: waarnemings, onderhoude en dokument- of artefakte-analise. Data-insameling moet gedoen word om inligting in te samel en daarom moet daar ‘n metode gekies word waarop die navorser te werk kan gaan om die empiriese data te verkry (Christensen *et al.,* 2011:54). Die meeste data wat in kwalitatiewe studies ingesamel en gebruik word, word deur middel van onderhoude verkry (Nieuwenhuis & Smit, 2012:133). In hierdie studie sal daar gebruik gemaak word van een-tot-een–onderhoude, aangesien hierdie onderhoude dit vir die navorser moontik maak om ryk, beskrywende data van die deelnemers te verkry wat help om die wêreld deur hul oë te sien wanneer daar intensionele vrae gevra word rakende hul idees, ervarings, oortuigings, perspektiewe, opinies en optrede (Nieuwenhuis & Smit, 2012:133).

#### 2.6.2.1. Onderhoude as data-insamelingsmetode

‘n Onderhoud is ‘n gesprek tussen twee mense waarin die een party inligting van die ander party verlang vir ‘n spesifieke doel (Gillham, 2000:1). ‘n Goeie onderhoudvoerder is ‘n aktiewe luisteraar wat noukeurig oplet na die verbale en nie-verbale reaksies van die persoon met wie daar ‘n onderhoud gevoer word, sonder om die gesprek te veel te beheer (Nieuwenhuis & Smit, 2012:135; Osmer, 2008:61-62). Dit is belangrik dat die deelnemers daarvan oortuig is dat die tema van die studie belangrik is en die onderhoudvoerder vertrou kan word, andersins sal daar nie waardevolle en akkurate data ingesamel kan word nie.

Osmer (2008:62) is van mening dat daar twee belangrike keuses is wat die vorm van die onderhoud bepaal en wat gemaak moet word voordat die gesprekke gevoer word, naamlik die hoeveelheid struktuur in die gesprekke en die tipe vrae wat gevra gaan word:

Wanneer onderhoude gevoer word, is daar ‘n gids wat die onderhoudvoerder lei in die wyse waarop die onderhoud gevoer moet word (Nieuwenhuis & Smit, 2012:133). Krauss *et al.* (2009:250) meen dat die gids op die navorsingsvraag en inligting rakende die onderwerp gebaseer moet wees, sowel as op enige vrae wat behulpsaam kan wees in die insameling van data; daar moet dus sekere tipe vrae gestel en ‘n sekere struktuur vir hierdie vrae ontwikkel word. Nieuwenhuis en Smit (2012:133) gee ‘n paar riglyne rakende die struktuur van onderhoudvrae:

- Vermy vrae waarop die deelnemers slegs “ja” of “nee” moet antwoord; vermy ook leidende vrae.
- Vermy lang en komplekse vrae; dit veroorsaak dat die gespreksgenoot fokus verloor.
- Bestuur die tyd waarin die onderhoud plaasvind.
- Wees ‘n noukeurige luisteraar.
- Vra vrae om mense se opinies te hoor.
- Vra verduidelikende vrae of vra vir verduidelikings van hul antwoorde.

- Vra vir meer inligting indien nodig.

Vrae kan gevra word oor ‘n wye reeks onderwerpe soos ervaring, gedrag, opinies, gevoelens, kennis en waarde (Nieuwenhuis & Smit, 2012:134).

Daar is gewoonlik drie verskillende maniere waarop onderhoude gestruktureer kan word, naamlik semi-gestruktureerde, gestruktureerde en ongestruktureerde onderhoude (Babbie & Mouton, 2004:302; Corbin & Strauss, 2015:50). Nieuwenhuis & Smit (2012:134-135) verduidelik die verskil tussen die drie soorte onderhoude:

- Semi-gestruktureerde onderhoude behels ‘n lys basiese vrae wat ‘n basiese lyn van ondersoek definieer. Die onderhoudvoerder stel gewoonlik basiese temas voor waaroor hy of sy wil praat, maar dit word nie in dieselfde volgorde geplaas nie. Die deelnemers het ook die vryheid om hul eie vrae en dinge waaroor hulle wonder aan die einde van die onderhoud te opper (Corbin & Strauss, 2015:50).
- Gestruktureerde onderhoude behels gewoonlik geslote vrae in dieselfde volgorde (Osmer, 2008:63). Hierdie struktuur word baie keer in groepsverband of gevallestudies gebruik en bestaan dikwels uit veelvuldigekeusevrae (Nieuwenhuis & Smit, 2012:135). In hierdie struktuur word dieselfde vrae aan al die deelnemers gevra (Corbin & Strauss, 2015:50).
- Ongestruktureerde onderhoude vind plaas wanneer die deelnemer en onderhoudvoerder in gesprek tree binne ‘n geskeduleerde tydperk. Die onderhoudvoerders het ‘n duidelike plan in verband met die doel en fokus van die onderhoud wat hulle in die gesprek sal begelei; hulle bou ook ‘n verhouding met die deelnemers op om sodoende hul vertroue te wen sodat hulle hul menings eerlik en gemaklik kan deel (Nieuwenhuis & Smit, 2012:135). Die onderhoud word dus nie volgens ‘n sekere struktuur met ‘n stel vrae geformuleer nie, maar die deelnemers het baie vryheid om hul eie menings te gee en het daarom meer beheer oor die gesprek (Corbin & Strauss, 2015:50).

In hierdie studie is daar gebruik gemaak van een-tot-een-onderhoude wat gestruktureerd is, aangesien hierdie onderhoude dit vir die navorser moontlik maak om ryk, beskrywende data van die deelnemers te verkry wat help om die wêreld deur hul oë te sien wanneer daar intensionele vrae gevra word rakende hul idees, ervarings, oortuigings, perpektiewe, opinies en optrede (Nieuwenhuis, 2012:133; Steyn & Lotter, 2006:107). Die voordele van gestruktureerde onderhoudvoering is die volgende (Mentz, 2012:102):

- Die navorser het beheer oor diegene wat reageer.
- Die navorser is in staat om enige misverstande rakende die vrae wat in die onderhoude gevra word, uit die weg te ruim en te beantwoord.

- Hierdie tipe onderhoude het ‘n hoër reaksie tot gevolg, aangesien mense eerder ‘n persoonlike onderhoud wil doen as om ‘n stel vrae in hul persoonlike tyd in te vul.

Daar is ook nadele aan hierdie struktuur verbonde (Huysamen, 1998; Mentz, 2012:102; Trochim, 2006):

- Dit kan lank duur, aangesien daar ‘n tyd vir die onderhoud geskeduleer moet word, vervoertyd in ag geneem moet word, en die ruimte waar die onderhoud plaasvind aan beskikbaarheidskwessies onderworpe is.
- Die anonimiteit van deelnemers is beperk weens die persoonlike kontak tydens hierdie onderhoude.
- Reaksie van die deelnemers kan vooroordelend wees weens die teenwoordigheid van die navorser.

### 2.6.3. Stappe in die gebruik van onderhoude as data-insamelingsproses in die navorsingsplan

Osmer (2008:55) verwys na die stappe wat gevolg moet word in die uitvoering van die navorsingsplan – dit behels dat al die besonderhede van die projek deurdink moet word. Dit behels ook die werwing en selektering van deelnemers, aspekte rakende onderhoudvoering (onder andere opnames en plek), en dataverwerking en -analise.

#### 2.6.3.1. Werwing en selektering van deelnemers

Die werwing en selektering van voornemende deelnemers is baie belangrik vir die navorsingstudie, aangesien die deelnemers die verlangde data versterk; die studie word dus op die bevindings gebou wat uit die onderhoude gemaak word (Greeff, 2011:304; Morgan, 1997:15). In hierdie studie word die deelnemers lukraak gekies ná ‘n gewone Sondagaanddiens by Mosaïek Gemeente; sekere ander individue word ook spesifiek gekies weens vorige gesprekke waarin hulle belangstelling in die saak getoon het. Alle deelnemers sal bo die ouderdom van 18 jaar wees. Volgens die Popi-wetgewing/Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting (4/2013) sal daar nie van sosiale media en kerke se databasisse gebruik gemaak word om inligting aangaande die deelnemers te verkry nie. Die deelnemers is dus per e-pos gekontak om hul beskikbaarheid en vrywillige deelname te verseker – die rede daarvoor is ook dat alle kommunikasie dan op skrif gestel is. Die e-pos het ‘n studie-inligtingsdokument ingesluit wat inligting rakende die navorsing en die verwagtinge van die deelnemer uiteengesit het; ‘n ingeligte toestemmingsvorm is ook aangeheg. Die spesifikasies van die deelnemers aan hierdie studie word in 2.6.1 en 2.7.2 uiteengesit. Al hierdie dokumentasie word veilig bewaar in ‘n brandkluis.

#### 2.6.3.2. Aspekte tydens onderhoudvoering

Daar is verskeie aspekte wat in ag geneem moet word en riglyne wat gevolg moet word met die beplanning vir en uitvoering van die onderhoude:

- Wanneer die deelnemers ingestem het om aan die onderhoude deel te neem, moet daar spesifieke reëlings getref word om die onderhoude moontlik te maak, onder andere die plek van ontmoeting, nodige toerusting, skryfbehoeftes en verversings. Daar moet seker gemaak word dat die vertrek stil is en dat daar nie ander mense is wat die gesprek kan hoor of die deelnemer ongemaklik en ontbloot kan laat voel nie; daar moet ook nie dinge wees wat die deelnemer se aandag kan aftrek en sy/haar fokus laat verloor nie (Shrimpton, 2013:2; Smith, 2015:26).
- Daar moet vooraf 'n lys van vrae opgestel word wat in die onderhoud gevolg kan word. Die formulering van vrae wat aan die deelnemers gestel word, speel 'n uiters belangrike rol (Nieuwenhuis & Smit, 2012:133). Daar is 'n stel riglyne aangaande vraagstrategieë in 2.6.2.1 neergelê. Smith (2015:26) meen dat die vrae baie goed geformuleer moet word, aangesien dit die doel van die navorsing moet bereik.
- Die fasiliteerder (m.a.w. die persoon wat die onderhoude voer) speel 'n baie belangrike rol tydens die onderhoude. In hierdie studie sal die navorser self die onderhoude met deelnemers voer. Die fasiliteerder moet verseker dat die persone met wie die onderhoude gevoer word, al die inligting rakende die studie en die verwagting wat op hulle rus in ontvangs neem, verstaan en aanvaar. (Nieuwenhuis & Smit, 2012:133). Die fasiliteerder moet die deelnemers se vertroue wen en hulle op hul gemak stel deur openheid te bied en ontvanklik te wees vir hul opinies, gevoelens en idees; hulle moet vry voel om hul persepsies te kommunikeer (Gibbs, 1997:5; Millward, 2012:427; Nieuwenhuis & Smit, 2012:133). Die fasiliteerder moet verseker dat die deelnemers hul ingeligte toestemming gee rakende die onderhoud en hulle moet bewus wees van hul vryheid om deelname te weier of te staak (Nieuwenhuis & Smit, 2012:133). Die fasiliteerder mag ook nooit sy/haar eie idees op die deelnemers afdwing nie en die deelnemers mag geensins gekritiseer of veroordeel word nie (Gibbs, 1997:5; Millward, 2012:427; Morgan, 1997:40-42; Nieuwenhuis & Smit, 2012:133).
- Die deelnemers moet ingelig word rakende die klankopnames wat tydens die onderhoude gemaak sal word vir latere gebruik en terugverwysing (Millward, 2012:425). Daar moet ook verseker word dat alle klanktoerusting in werkende toestand is en dat daar 'n alternatiewe plan is indien enige van die toerusting foutief sou wees, breek of faal (Shrimpton, 2013:4). Die fasiliteerder moet ook van veldnotas gebruik maak. Sutton en Austin (2015:228) meen dat veldnotas komplementerend tot klankopnames is – dit bied belangrike konteks vir die interpretasie van die klankopnames en kan die navorser aan

situasionele faktore herinner, soos byvoorbeeld omgewingskontekste, gedrag en nie-verbale tekens, wat belangrik is vir die data-analise, maar nie op die klankopname vasgevang is nie.

#### 2.6.3.3. Dataverwerking en -analise

In die proses van dataverwerking en -analise is daar verskeie belangrike komponente daaraan verbonde wat hieronder bespreek sal word:

Wanneer die onderhoude deur middel van 'n klankopname opgeneem is, is dit baie belangrik om die opnames ook woordeliks neer te skryf (Kawulich & Holland, 2012:228; Sutton & Austin, 2015:229). Wanneer die transkribering gedoen is, moet die navorser dit lees terwyl daar na die klankopname geluister word en die volgende moet in gedagte gehou word: maak alle spelfoute reg; verseker dat daar geen leidrade is wat die persoon se anonimiteit in gedrang bring nie; sit sekere notasies in vir pouses, lag en blikke van ongemak; sit ook enige leesteken in wat ontbreek, sowel as enige ander kontekstuele inligting wat die deelnemer tydens die gesprek kon affekteer (Sutton & Austin, 2015:129).

Wanneer die transkribering gedoen is, kan die navorser al die betrokke data (veldnotas, transkripsie en onderhoudnotas) deurgaan om herhalende taal, kwessies of temas raak te sien (Osmer, 2008:56). Die proses van analise behels dat die navorser sin maak uit al die ingesamelde data (Kawulich & Holland, 2012:229). Osmer reken dat die sleutel tot geldige data-analise gevind kan word in die onderskeiding van patrone en temas. Berg (2001) beskryf die proses van data-analise soos volg:

- Proses van datavermindering: Dit behels die proses waartydens die data gefokus, vereenvoudig en getransformeer word.
- Datavertoning: Dit behels die organisering van data in tabelle, opsommingstate of kerfstokvelle.
- Gevolgtrekking: Dit is evaluerings en besluite of gevolgtrekkings wat gemaak en bevestig word vanuit die data.

Hierdie proses waarin die groot hoeveelheid data vereenvoudig en spesifieke temas of patrone ontdek word, staan as kodering bekend (Kawulich & Holland, 2012:232). Daar is in hierdie studie ook gebruik gemaak van 'n kodeerder om konsensus te bereik rakende die temas wat uitgestaan het tydens die empiriese navorsing. Kawulich en Holland (2012:235) verskaf vyf vrae wat die navorser deurgaans tydens data-analise kan vra en wat sal help om 'n gevolgtrekking te maak. Hierdie vrae is soos volg:

- Watter belangrike aspekte word deur die data geopenbaar?

- Watter patrone of tendense word geïdentifiseer? Kan hulle verduidelik word?
- Tot watter mate vergelyk of kontrasteer die data van verskeie bronne met mekaar?
- Hoe pas die bevindings binne die breër konteks in?

### 2.6.4. Die navorsingspan

Osmer (2008:55) noem dat dit belangrik is om individuele persone of 'n navorsingspan te kies wat deel gaan wees in die uitvoer van die onderhoude. In hierdie studie het die navorsingspan hoofsaaklik bestaan uit die navorser wat hierdie studie aangepak het, die studieleier wat as hulp, ondersteuning en leiding beskikbaar was, die deelnemers wat gekies is en met wie daar onderhoude gevoer is, en laastens 'n kodeerder wat as hulpmiddel gedien het om konsensus te bereik rakende die gevolgtrekkings wat gemaak is van die uitslae van die onderhoude.

Die deelnemers word as 'n baie belangrike deel van die navorsingspan gesien, aangesien hul sieninge, perspektiewe, idees, opinies, persepsies en gevoelens die basis van die studie vorm. Dit is baie belangrik om met groot sorg met die deelnemers om te gaan en te verseker dat hulle te alle tye beskerm word. In afdeling 2.6.3 is meer inligting rakende die proses/stappe in die onderhoudvoering met die gespreksgenote gegee.

#### 2.6.4.1. Etiese aspekte

Etiese aspekte moet in ag geneem word met elke stap van die navorsingsontwerp en implementeringsproses, aangesien die deelnemers maklik psigies of emosioneel skade kan lei en die navorser ook skade kan lei indien die regte prosedures nie gevolg word nie (Ogletree & Kwaulich, 2012:62). Alle navorsing waarby mense betrokke is (insluitend menslike materiaal soos bloed, selle en urine), moet aan die Nasionale Etiekkomitee (NEK) se vereistes voldoen( voordat die studie 'n aanvang mag neem (NWU, 2016:24). Alle etiese aspekte vir hierdie studie is volgens die riglyne en beleid van die Etiekkomitee vir Navorsingsetiek van die Noordwes-Universiteit gevolg (NWU, 2016:24). Voordat die empiriese studie begin is, het die navorser voldoende en voorgeskrewe opleiding ontvang rakende die etiese aspekte van navorsing (sertifikaat aangeheg – sien Bylaag B: Deel 1). Voordat enige empiriese studie aangepak is, is goedkeuring van die Etiekkomitee van die Fakulteit Teologie aan die Potchefstroomkampus verkry om die studie aan te pak, sowel as van die Navorsingsetiek Regulatoriese Komitee (NERK) van die Noordwes-Universiteit (North-West University Institutional Research Ethics Regulatory Committee [NWU-IRERC]). Etieknommer NWU-00610-17-A6 is vir hierdie doeleindes toegeken (sien Bylaag B: Deel 2).

#### 2.6.4.2. Ingeligte toestemming en vrywillige deelname

Daar is aan alle deelnemers 'n ingeligte toestemmingsvorm gegee wat al die inligting rakende die studie en hul regte as gespreksgenote uiteensit. Hulle kon die vorm vooraf lees en teken as

manier om hul goedkeuring en vrywaring vir deelname aan hierdie studie te gee. Hierdie ingeligte toestemmingsvorm gee aan die deelnemers alle nodige inligting vir die studie, tesame met die studie-inligtingsdokument wat aan hulle voorsien is toe hulle vir die eerste keer in verband met die studie gekontak is (sien Bylaag A: Deel 1). Die ingeligte toestemmingsvorms gee die volgende inligting aan die deelnemer:

- Die duur van die onderhoud, die plek, sowel as die verwagting tydens die onderhoud.
- ‘n Verduideliking dat die onderhoud opgeneem word en slegs deur die navorser op ‘n vertroulike manier hanteer sal word om die privaatheid van die deelnemer te beskerm.
- Deelname aan die onderhoud is heeltemal vrywillig en daar is geen vergoeding by betrokke nie. Indien die persone verkies om nie deel te neem aan die studie nie, is hulle welkom om die uitnodiging van die hand te wys.
- Indien enige iets tydens die onderhoude gebeur wat hulle ongemaklik laat voel of wanneer hulle besluit om eerder te onttrek, is hulle welkom om te enige tyd te onttrek. Al die data en inligting van die betrokke deelnemer sal vernietig word en op geen manier gebruik word nie.

Belangelose getuies het ook geteken.

Ingeligte toestemmingsvorms van al die gespreksgenote kan nagegaan word in Bylaag A: Deel 2.

#### 2.6.4.3. Reg tot privaatheid en vertroulikheid

Etiek in navorsing sluit die beskerming van die deelnemers se identiteite in (Ogletree & Kawulich, 2012:70). Volgens Patton (2002:646) hou anonimiteit in dat die navorser nie die indentiteit van die deelnemers ken nie, terwyl vertroulikheid inhou dat die navorser hul identiteit ken, maar hul privaatheid respekteer en hulle as anonieme deelnemers hanteer. Privaatheid verwys na die deelnemer se persoonlike privaatheid wat tydens die studie gerespekteer word (Strydom, 2005:61). Vertroulikheid beteken dat die navorser skuilname gebruik in plaas van die deelnemers se regte name; Ogletree en Kawulich noem dat sekere karaktereienskappe soms wel aangedui kan word. In hierdie studie word die deelnemers se privaatheid gerespekteer deurdat die inligting wat tydens die onderhoude verkry is, slegs aan die navorser beskikbaar is vir verwerking en interpretasie. Die navorser sal al die inligting in die studierekords streng vertroulik hou; daar sal van skuilname gebruik gemaak word om sodoende die deelnemers se privaatheid te respekteer; en daar sal ook geen verwysing gemaak word in mondelinge of geskrewe berigte wat die deelnemers op enige manier met die studie kan verbind nie.

## 2.7. Empiriese bevindings

### 2.7.1. Inleiding

In hierdie afdeling word die resultate en bevindings bespreek van die empiriese navorsing wat gedoen is en die data wat uit die onderhoude verkry is. Dit word bespreek volgens die temas en subtemas wat in die data-analise/koderingsproses na vore gekom het.

### 2.7.2. Inligting aangaande die steekproef

Die deelnemers wat aan die onderhoude deelgeneem het, het voldoen aan die nodige seleksiekriteria, soos gemeld in 2.6.3.2. In die voer van die onderhoude is daar voorsorg getref dat die deelnemers vanuit hul persoonlike lewens, ervaring, persepsies en perspektiewe inligting verskaf wat ‘n bydrae tot die navorsing kon lewer. Dit is dus nodig om meer inligting aangaande die gekose steekproef vir hierdie studie te gee:

- Die gespreksgenote is in Johannesburg woonagtig.
- Die gespreksgenote vorm almal deel van die Millenniale Generasie, wat beteken dat hulle almal tussen die ouderdomme van 18 en 35 jaar is (17-jariges vorm deel van die generasie, maar weens sekere risiko’s is hulle in hierdie studie uitgesluit).
- Die gespreksgenote is beide Afrikaans- en Engelssprekend – die onderhoude is dus in die taal van hul voorkeur gevoer.
- Die gespreksgenote is beide blanke en gekleurde individue.
- Daar is in totaal met sewe gespreksgenote onderhoude gevoer, van wie drie manlike en vier vroulike gespreksgenote is. Die manlike gespreksgenote was almal in hul vroeë tot middel-dertigerjare, terwyl drie van die vroulike gespreksgenote in hul vroeë twintigerjare was en een in haar laat twintigerjare.
- Die gespreksgenote is almal Christene.

Daar is besluit om sewe deelnemers vir hierdie studie te gebruik omdat daar op daardie stadium dataversadiging bereik is, soos gemeld in 2.6.1.

### 2.7.3. Vraelyste wat in die onderhoude gebruik is

In hiedie studie is gestruktureerde vrae aan die deelnemers tydens ‘n een-tot-een-onderhoud gestel. Die vrae het uit drie dele bestaan: die eerste deel het oor die deelnemers se verhouding en siening van die kerk gehandel, die tweede deel oor die deelnemers se persoonlike geestelike lewe en die derde deel oor die deelnemers se persoonlike lewe rakende die pas van die lewe, dissiplines en hul soeke in die lewe. Die gestruktureerde vraelys wat tydens die onderhoude in hierdie studie gebruik is, is as Bylaag B: Deel 3 aangeheg.

#### 2.7.4. Groepering van data

Al die deelnemers se antwoorde is vraag-vir-vraag onder mekaar gegroepeer om sodoende 'n duidelike prentjie van die geheel te kry. Die proses vir dataverwerking en -analise is gevolg soos verduidelik in 2.6.3.3. Die navorser het deurgaans na die notas wat tydens die onderhoude gemaak is, terugverwys om sodoende geldige en akkurate resultate weer te gee en te kontroleer. Deur hierdie proses het die navorser, in samewerking met die kodeerder, hooftemas en subtemas waargeneem deur dit te meet aan die navorsingsvraag en doelwitte wat deur die studie bereik wou word. Die hooftemas wat in hierdie studie gevind is, is soos volg:

Hooftema 1: Die Millenniale Generasie se lewensoeke

Hooftema 2: Belewenis van die kerk

Hooftema 3: Die Millenniale Generasie se verhouding met God

Vervolgens word die hooftemas en verbandhoudende subtemas bespreek (soos uiteengesit in Tabel 2-1; Tabel 2-2 en Tabel 2-3).

##### 2.7.4.1. Hooftema 1

**Tabel 2-1: Skematiese voorstelling van die Millenniale se lewensoeke (Hooftema 1)**

| **Hooftema 1** | **Subtema** |
|---|---|
| Millenniale se lewensoeke | Soeke na betekenis |
| | Soeke na aanvaarding |

##### 2.7.4.2. Hooftema 2

**Tabel 2-2: Skematiese voorstelling van die Millenniale se siening van die kerk (Hooftema 2)**

| **Hooftema 2** | **Subtema** |
|---|---|
| Millenniale se siening van die kerk | Negatiewe siening |
| | Positiewe siening |

#### 2.7.4.3. Hooftema 3

**Tabel 2-3: Skematiese voorstelling van die Millenniale se verhouding met God (Hooftema 3)**

| **Hooftema 3** | **Subtema** |
|---|---|
| Millenniale se verhouding met God | Beoefening van geloofsdissiplines |
| | Smagting na ‘n dieper, egter en intiemer verhouding met God |
| | Struikelblokke in hul verhouding met God |

## 2.8. Resultate van empiriese studie

Hier volg die resultate wat in die empiriese studie bevind is volgens hooftemas, subtemas en die betrokke kategorieë:

### 2.8.1. Hooftema 1: Die Millenniale Generasie se lewensoeke

In die onderhoude wat met die deelnemers gevoer is, is daar vrae gevra wat verband hou met Millenniale se grootste soeke in die lewe. Die Millenniale is deurgaans herinner aan die tema van die studie om hulle gefokus te hou op die tipe behoefte waarna verwys word. Die eerste hooftema wat geïdentifiseer is, is die Millenniale se lewensoeke, aangesien daar uit die onderhoude herhalende temas in verband hiermee opgeduik het.

In die onderhoud is die volgende vraag aan die deelnemers gestel: “Wat is jou grootste soeke in jou lewe? Motiveer.” Vanuit die data wat ingesamel is, is dit duidelik dat daar twee spesifieke sake is waarna hierdie Millenniale deelnemers op soek is, naamlik *betekenis* en *aanvaarding*. Hierdie twee temas is as subtemas geïdentifiseer en word vervolgens bespreek.

#### 2.8.1.1. Subtema 1.1: Soeke na betekenis

Die Millenniale Generasie het ‘n groot soeke na betekenis in die lewe. Millenniale is gefokus daarop om ‘n verskil te maak; hulle is op soek na ‘n lewe van betekenis; en hulle word gedryf deur die gedagte van hoop en verandering en dat dit vir hulle betekenis sal bring (Kim, 2013:28-40; Smith & Aaker, 2013).

Uit die onderhoude het dit herhaaldelik geblyk  dat Millenniale wil voel dat hul lewens saak maak en dat hulle ‘n verskil in die lewe wil maak. Hierdie bevinding is gemaak uit onder andere die volgende reaksies van die deelnemers:

> "My grootste begeerte en soeke in die lewe is om belangrik te voel."
>
> "Ek wil net kan lewe. Baie mense wil eers werklik begin lewe wanneer hulle oud is en dan kan jy nie regtig meer doen wat jy graag wil doen nie. Ek wil lewe terwyl ek jonk is en wanneer ek oud is, kan ek terugdink en sien ek het 'n goeie lewe gehad."
>
> "My grootste soeke in die lewe is om 'purpose' te hê. Ek wil graag weet wat God se plan vir my lewe is sodat ek elke dag daaraan kan werk en bou."
>
> "Ek soek ook na 'n lewe van betekenis waarin ek voel dat my lewe saak maak."
>
> "Ek wil mense help om van hulle seer te kan genees en te wys dat deur Christus ons elkeen 'n nuwe begin en 'n tweede kans kan hê. Ek het hierdie groot behoefte om vir mense te wys dat hulle nie 'n fout is nie en God vir hulle 'n perfekte en baie spesiale plan het."

Dit is uit hierdie bevindinge duidelik dat die deelnemers as deel van die Millenniale Generasie op soek is na 'n lewe van betekenis. Hulle wil voel dat hul lewens saak maak en dat hulle 'n groter doel in die lewe het. Daar is ook 'n soeke na 'n lewe van betekenis; hulle wil 'n verskil maak in ander se lewens deur hulle op 'n Christelike wyse by te staan.

#### 2.8.1.2. Subtema 1.2: Soeke na aanvaarding

Millenniale heg baie waarde aan outensiteit, samehangendheid, verdraagsaamheid en aanvaarding (Kim, 2013:49). Hulle het 'n groot soeke na aanvaarding en dit het 'n massiewe impak op hul geloofslewe, aangesien dit een van die eienskappe is wat hulle nie in die kerk ervaar nie. Hul ervaring van Christene is baie keer dat hulle onverdraagsaam, eksklusief, kultureel irrelevant en vyandig is teenoor diegene wat nie-tradisionele leefstyle handhaaf (Kim, 2013:49). "Eksklusiwiteit" in die kerk verwys na wanneer die kerk doelbewus iemand onwelkom, geïsoleerd of weggestoot laat voel omdat hulle in hul sienings, oortuigings en waardestelsels verskil. Millenniale soek na aanvaarding en om almal te respekteer, selfs in die aangesig van verskille in gelowe, kulture, oortuigings, sosio-ekonomiese agtergronde of rasse (Vaughn, 2016:37). In hierdie onderhoudsvraag, soos genoem in 2.8.1, is die tweede subtema wat opgeduik het die Millenniale se soeke na *aanvaarding*. Dit is duidelik vanuit bogenoemde literatuur dat aanvaarding 'n groot behoefte in die Millenniale Generasie se lewe is – dit het dan ook duidelik geword in die empiriese navorsing met die volgende antwoorde van helfte van die deelnemers op die vraag:

> "[…] om te voel ek is genoeg. Ek voel so omrede ek dink mens wil nie alleen wees nie en wil nie die lewe alleen aanpak nie. Ek wil kan voel dat ek geliefd is vir wie ek is, dat ek kan voel ek 'belong' deur net myself te kan wees en te weet mense het my steeds lief."

> “[…] om intiem te ken en ook intiem geken te word en saam met dit ook ‘n aanvaarding.”

> “My grootste begeerte is om die skeiding tussen ons as Christene te breek. My droom is dat ons as Christene saam kan leef in aanvaarding en met geen oordeel, sodat ons na mekaar se stories kan luister om nader en dieper aan God te kan beweeg.”

### 2.8.2. Hooftema 2: Die Millenniale Generasie se siening van die kerk

Daar is in die empiriese navorsing probeer om te bepaal wat die Millenniale se siening van die kerk is. Die vrae wat rondom hierdie tema gevra is, is soos volg: a) “Gaan jy gereeld kerk toe? Motiveer.” b) “Wanneer jy aan die kerk dink, wat is die eerste prentjie wat in jou gedagtes opkom? Motiveer.” c) “Wat is jou grootste probleem met die kerk?”Die tweede hooftema is uit antwoorde hierop geïdentifiseer, naamlik wat die Millenniale se siening van die kerk is as gevolg van hul wye opinies, gevoelens en denke rondom die kerk. Daar is dus ook drie subtemas geïdentifiseer. Die twee subtemas bestaan uit die deelnemers se negatiewe en positiewe sieninge van die kerk. Hierdie subtemas met hul onderskeie kategorieë word vervolgens bespreek.

#### 2.8.2.1. Subtema 2.1: Negatiewe siening van die kerk

Die Millenniale Generasie blyk verskillende sienings van die kerk te hê. Soos bespreek in 5.3.4, voel die Millenniale onder andere dat die kerk nie na wense aan hul behoeftes aandag gee nie; dat die kerk veroordelend is; dat die kerk ‘n feilbare institusie is; en dat die kerkleiers nie vertrou kan word nie (Abdul-Alim, 2012:9; Kim, 2013:48; Kinnaman & Hawkins, 2011). Daar is in die voer van die onderhoude bevind dat ‘n groter meerderheid van die deelnemers ‘n negatiewe siening van die kerk het en dat daar verskeie redes vir hierdie siening en ervaring is. Verskeie vrae is gevra, wat die volgende reaksie ontlok het:

- Formele struktuur

Die volgende vraag is aan die deelnemers gestel: “Wat is die eerste prentjie wat in jou gedagtes opkom wanneer jy aan die kerk dink? Motiveer.” In die beantwoording van hierdie vraag was daar ‘n verdeelde antwoord tussen die deelnemers. Die oorgrote meerderheid van die deelnemers (57%) het spontaan die kerk as ‘n “gebou” of ‘n “formele struktuur” beskryf, terwyl die ander ‘n meer positiewe siening gehad het, soos gemeld in 2.8.2.2. Die volgende reaksies is van die deelnemers ontvang:

> “Ek sien ‘n gebou…”

> “Ek sien iets soos ‘n Rooms Katolieke of NG Kerk. Hierdie gebou met ‘n hoë dak en gekleurde vensters – ek sien eintlik as ek mooi daaraan dink, net ‘n gebou. Ek weet eintlik

nie hoekom dit my prentjie van die kerk is nie. As ek daaraan dink, dink ek dat die kerk vir my onpersoonlik is; dit is vir my aaklig om te sê, maar dit voel vir my of ek nie die Here in die kerk sien nie. Ek sien letterlik net die gebou en die outoriteit wanneer ek aan die kerk dink."

"Miskien is ek 'n rebel, maar ek dink eerste aan formele strukture wanneer ek aan die kerk dink. Ek dink aan die formaliteit van hoe die dienste verloop, ek dink aan leierskapstrukture en al die goed wat ek eintlik 'n interne rebellie teenoor het – dit is my eerste prentjie."

"Wanneer ek die woord 'kerk' hoor, dan dink ek aan 'n gebou waar daar godsdienstige praktyke beoefen word…"

"Ek sien dadelik 'n kerkgebou en 'n kruis. Ek is grootgemaak dat ons altyd moes kerk toe gaan en ek het nooit die kerk gesien as mense nie, maar as die gebou. Almal sê altyd: 'Ons gaan kerk toe' – met ander woorde, na die gebou toe. Ek dink ook aan 'n kruis omrede dit die simbool is wat ek altyd op die kerk se dak sien."

Vanuit hierdie antwoord van die kandidaat is dit opvallend hoe twee belangrike komponente van die Christelike lewe, naamlik die kerk en die kruis, as lewelose simbole gesien word en nie van veel betekenis vir die deelnemer is nie. Dit geld ook vir die ander deelnemers se antwoorde op die vraag; die kerk word bloot as 'n gebou of formele struktuur beskou, 'n plek waar daar nie baie warmte, liefde en mense is nie.

- Gebrek aan kerkbywoning by die deelnemers

Nog 'n vraag wat aan die deelnemers gerig is, is die volgende: "Woon jy gereeld kerk by? Motiveer." Daar was drie deelnemers; 'n persentasie van 42,8% van die studie het genoem dat hulle nie gereeld (of glad nie) kerk bywoon nie as gevolg van verskeie redes. Hul redes is die volgende:

"Ek gaan nie kerk toe nie. Ek het op 'n tyd kerk toe gegaan, baie lank terug. Ek het te betrokke geraak by die politiek en dit was moeilik gewees, so ek het 'n breek van my huidige kerk gevat. […] Ek het agtergekom dat die kerk skynheilig was teenoor vriende van my […] mense in die kerk baie skinder en dat hulle my laat sleg voel het met tonne vrae wanneer ek lank terug by die kerk was. Indien mens nie betrokke raak in die kerk nie, is jy net 'n nommer in die kerk."

"Ek gaan nie so baie kerk toe soos wat ek graag sou wou nie. Om eerlik te wees, ek mis dit nie eintlik om nie kerk toe te gaan nie. Ek voel wanneer ek self tyd saam met die Here spandeer en wanneer ek Bybel lees, voel ek meer *connected* aan die Here. [...] as ek

> sommige Sondae sou kerk toe gaan en dan is daar ‘n pastoor wat ‘n goeie boodskap lewer van die Here, maar die volgende Sondag wat ek gaan, is dit ‘n ander pastoor wat ‘n totaal ander styl het en ‘n boodskap gee wat heeltemal onverwant tot my lewe is [...] Dit voel soms asof die kerk my gemoed kan demper wanneer ek aan hierdie spesifieke dinge dink.”

> “Ek gaan soms kerk toe, maar is partykeer bietjie lui om te gaan. Ek voel ek kan eerder ‘n Christelike fliek by die huis kyk – ek kry baie keer ‘n beter boodskap uit die flieks as in die kerk.”

Vanuit bogenoemde reaksies van hierdie spesifieke deelnemers is dit duidelik dat hulle nie kerk bywoon nie weens ‘n negatiewe siening van die kerk rakende politiek binne die kerk tussen die mense, sowel as rakende leierskap. Daar is ook die gevoel dat die mense in die kerk skynheilig, veroordelend en onpersoonlik is; dat die kerk irrelevant is; en dat hulle deur middel van ander mediums die Woord van die Here kan hoor, maar dat dit nie noodwendig in die kerk is nie.

Dit is interessant dat slegs een uit die drie deelnemers genoem het dat hy/sy graag kerk toe sal wil gaan en dat daar ten spyte van die negatiewe dinge tog ‘n behoefte by die persoon is om te gaan. Hierdie deelnemer het die volgende gesê:

> “Op hierdie stadium wil ek weer kerk toe gaan, want ek besef dit is nie so erg nie, ek moet net uit die politiek uit bly.”

- Probleme met die kerk

Daar is ook die volgende vraag aan deelnemers gestel: “Wat is jou grootste probleem met die kerk? Motiveer.” Vanuit die beantwoording van hierdie vrae was daar deur die kandidate die volgende opinies gelewer rakende hul probleme met die kerk. Dit was hoofsaaklik op drie oorhoofse probleme gefokus, naamlik skynheiligheid, veroordeling en onpersoonlikheid.

Baie van die deelnemers is van mening dat die kerk, hetsy die kerkgangers of die leierskap van die kerk, **skynheilig** is. Skynheiligheid word bedoel in die sin dat hulle een ding sê en ‘n ander ding doen; en dat hulle die waardes van die kerk nie noodwendig uitvoer nie en daardeur mense seermaak en laat wegdryf. Dit is insiggewend dat skynheiligheid ‘n groot probleem vir hierdie Millenniale deelnemers is, veral as ‘n mens kyk na hul groot soeke na outensiteit, soos bespreek in 5.2.2 en 5.3.4. Die volgende antwoorde is gelewer met betrekking tot die ervaring van die kerk as skynheilig:

> “Uiteindelik is my grootste probleem met die kerk dat dit meer gaan oor mense as wat dit oor God gaan.”

> “[…] voel dit vir my soos ‘n plek waar mense baie keer skynheilig is. Dit is ‘n groot probleem wat ek met die kerk het; dit voel asof mense ‘n front voorsit vir ‘n uur wanneer hulle by die kerk is, maar die res van die tyd val hulle lewens ook maar uitmekaar uit. Hierdie mense maak net asof alles oukei is.”

> “As ek regtig moet eerlik wees, dink ek dat die kerk wil populêr wees en getalle bou eerder as egte verhoudings.”

> “[…] dat dit gaan oor die kinders, oor God, om die kinders meer van God te leer en nie dat hulle daar is om in die kollig te wees nie en die beste voetjie voor te sit en voor te gee nie.”

> “Ek glo dat die kerk soms vaskyk in goed van die wêreld en eerder die wêreld wil tevrede stel as God.”

‘n Tweede ervaring van hierdie deelnemers is dat die kerk **veroordelend** van aard is; dit is iets waarmee hulle ‘n groot probleem het. Dit is opmerklik dat daar in die literatuur ook bevind is dat dit ‘n groot probleem is wat Millenniale regoor die wêreld met die kerk en met Christenskap in die geheel het, soos bespreek in 5.3.4. Die deelnemers het die volgende antwoorde rakende hierdie probleem gegee:

> “Ek hoor dan van diegene wat probleme met mekaar het en ek wens net dat almal in eenheid met mekaar leef en werk. Ek wens mense kan saamkom en besef daar is ‘n groter prentjie.”

> “[…] voel dit baie keer vir my asof mens in die kerk veroordeel word – nie soseer deur die leiers van die gemeente nie, maar wel deur die mense in die kerk.”

> “My grootste probleem is dat die kerk nie inklusief is vir mense en hulle seksuele oriëntasie nie. Dit is veral onder ons jongmense wat soek na ‘n plek waar hulle aanvaar kan word, waar hulle Jesus se liefde wil ervaar. […] Dit dryf mense weg van God en dryf mense ook soms tot die dood. God is liefde, hoekom kan die kerk nie sy liefde weerspieël nie?”

‘n Derde probleem wat prominent was uit die onderhoude wat met die Millenniale deelnemers gevoer is, is dat die kerk **onpersoonlik** en selfs soms irrelevant en vervelig is en nie regtig omgee vir mense se lewens, hoe hulle voel en waar hulle in hul lewens is nie. Vervolgens het die deelnemers die volgende antwoorde gelewer:

> "My grootste probleem met die kerk is onpersoonlikheid."
>
> "[…] is die kerk baie keer vir my baie vervelig. Die pastore kan baie eentonig wees; ek raak dan moeg en wil slaap en tel dan eerder die ligte in die kerk."
>
> "My grootste probleem is ek voel […] daar is nie genoeg intimiteit nie. Dit voel baie onpersoonlik; dit voel of ek net tussen die massas wegraak, ek voel nie geken nie, niemand groet my by die naam en verwelkom my nie. Ek kry die idee van 'The show must go on', en of ek kom of nie kom nie – niemand gaan regtig weet of oplet nie. Ek dink dit is een van my groot probleme in die kerk. Ek hou meer daarvan wanneer iets meer warm en meer persoonlik is."
>
> "Ek dink kerk het al antwoorde gememoriseer en gebruik dit op elke moontlike geleentheid, sonder om die situasie te analiseer, te hoor wat God verwag en wat God wil hê."

Uit hierdie inligting is dit duidelik dat die Millenniale 'n negatiewe siening van die kerk het en talle probleme met die kerk ervaar; dit het 'n impak op hul kerkbywoning en hul siening van die kerk en Christenskap. Alhoewel die deelnemers almal iets negatiefs te sê gehad het, was daar wel ook positiewe sienings en ervarings rakende die kerk.

#### 2.8.2.2. Subtema 2.2: Positiewe siening van die kerk

Alhoewel die deelnemers aan die navorsing 'n negatiewe siening van die kerk as 'n institusionele instelling het, gee hulle nie hul geloof op nie en wanneer hulle soeke reg hanteer word, sal van hulle wel weer na die kerk toe wil terugkeer (Baker, 2016; Berger, 2013:12; Edwards, 2015:17). In die onderhoude met die deelnemers is die vraag aan hulle gestel: "Wat is die eerste prentjie wat in jou gedagtes opkom wanneer jy aan die kerk dink? Motiveer." Met die beantwoording van hierdie vraag was die aantal deelnemers se menings verdeeld. Die oorgrote meerderheid het 'n negatiewe siening gehad, terwyl 42,8% 'n positiewe siening gehad het. Die algehele samevatting van die deelnemers se antwoorde is dat die kerk 'n plek van liefde, gemeenskap en groei is. Die volgende antwoorde is op hierdie vraag gegee:

Die kerk word eerstens ervaar as 'n plek van liefde en waar mense in liefde teenoor mekaar optree, maar ook liefde vir ander wys.

> "[…] is dat dit 'n plek van liefde is."
>
> "Ek dink onmiddellik aan 'n uitgebreide familie, met ander woorde 'n plek wat vol mense is wat die liefde van God wil wys."

Die kerk word ook ervaar as ‘n plek van gemeenskap waar mense saam hul lewens kan deel en waar hulle saam hul geloof en liefde vir God kan uitleef en ‘n verskil maak in sy Koninkryk.

> “[…] ’n samekoms van mense wat dieselfde geloof deel en saam hulle geloof beoefen. Ek dink ook aan ‘n groep mense wat saam uitbeweeg om ‘n spesifieke taak of diens te gaan verrig. Ek dink aan ‘n bediening soos byvoorbeeld ‘n uitreik ensovoorts.”

> “Die kerk is ook ‘n plek waar mense tuis kan voel, want as *community* word dit van ons as kinders van die Koning verwag om ons harte en ‘n helpende hand oop te maak vir ons broers en susters.”

> “Ek sien die kerk as ‘n plek waar ek saam met ander mense bymekaar kan kom om God te aanbid. Vir my is die kerk ‘n plek van gemeenskap.”

Daar was ook ‘n siening dat die kerk ‘n plek van groei en toerusting is.

> “[…] ‘n plek waar mens kan groei in ons verstaan en kennis van wie God is. […] Die kerk is die plek wat ons toerus om die dinge van die Here te kan doen, soos om die siekes te genees, demone uit te dryf en die gevangenes vry te laat.”

Uit die deelnemers se antwoorde is dit duidelik dat baie van hulle wel ‘n positiewe siening van die kerk het en dat hul ervaring in die kerk spreek tot hierdie groot soeke in hul lewens na betekenis en aanvaarding, soos genoem in 2.8.1.1 en 2.8.1.2.

### 2.8.3. Hooftema 3: Die Millenniale Generasie se verhouding met God

‘n Derde hooftema is geïdentifiseer tydens die empiriese navorsing op die deelnemers vanuit die Millenniale Generasie. Hierdie hooftema handel oor die Millenniale se verhouding met God. Daar is verskeie vrae aan die deelnemers gevra en uit hul antwoorde is drie subtemas geïdentifiseer. Hierdie subtemas handel oor die Millenniale se beoefening van geloofsdissiplines, hul smagting na ‘n diep, egte en intieme verhouding met God, en hulle stryd in hul verhouding met God. Daar is onder elke subtema verskeie kategorieë geïdentifiseer wat hieronder bespreek word.

#### 2.8.3.1. Subtema 3.1: Beoefening van geloofsdissiplines

In Hoofstuk 3.3 is geloofsdissiplines bespreek; in 3.4.4 is die waarde van geloofsdissiplines bespreek; en in 5.12 is die waarde van die spesifieke geloofsdissiplines van stilte en afsondering vir die Millenniale Generasie bespreek. Tydens die empiriese navorsing is die volgende vraag aan die Millenniale gestel om te bepaal of hulle gebruik maak van geloofsdissiplines in hul lewe, asook watter geloofsdissiplines hulle beoefen: “Is daar enige dissiplines wat jy in jou verhouding met God inkorporeer? Met ander woorde, is daar spesifieke dinge wat jy doen wat jou nader aan God laat voel? Motiveer.”

Daar is in totaal vier dissiplines ontdek wat hierdie deelnemers graag in hul verhouding met God beoefen, naamlik *stiltetyd* (of dan ook stilte en afsondering); *aanbidding deur middel van musiek*; *lees van die Skrif*; en *gebed.*

Die eerste dissipline wat uit die onderhoude met die deelnemers geïdentifiseer is, is die dissipline van stiltetyd – dit is tye waarin hulle alleen tyd saam met God deurbring en waarin hulle probeer om stil te wees sodat hulle God kan hoor.

> "Ek probeer om in die oggende vroeg op te staan en tyd saam met die Here te spandeer voordat daar enige afleidings is, dinge wat my aandag aftrek of ek besig is met dinge wat gedoen moet word."
>
> "Deur tyd eenkant te sit en saam met die Here te spandeer laat my nader aan Hom voel."
>
> "Ek het ook gevind dat deur om soms net stil te bly en op te hou bid en net te probeer om die Here se stem te hoor sonder dat ek die heeltyd babbel […]"
>
> "Ek hou so dikwels as moontlik stiltetyd – ek steek gewoonlik 'n kers aan en sit dan vir 20 minute in stilte. Dit is wat ek doen om my verhouding met God te kweek. Dit is 'n intensionele praktyk wat ek in my lewe inbou."
>
> "Die eerste ding is wanneer ek tyd in die natuur spandeer. Dit sal nie noodwendig tyd wees wat ek Bybelstudie doen nie, maar tyd wat ek na 'n mooi sonsondergang staar, of na 'n mooi toneel uit die natuur staar […]"

'n Tweede dissipline wat in die onderhoude geïdentifiseer is, is die gewoonte om deur middel van musiek en sang te aanbid.

> "[…] deur na lof en aanbiddingsmusiek te luister en net God te aanbid en eer aan Hom te bring."
>
> "[…] ook deur Christelike musiek te luister."
>
> "Ek dink die ding wat my die naaste aan die Here laat voel, is om hom deur middel van musiek te aanbid."
>
> "Lofprysing en aanbidding laat my baie naby aan God voel. Deur sang en sulke *worship moments* kan ek God aanvoel en sy teenwoordigheid beleef. Ek sal graag van my gunstelingliedjies begin sing as ek in 'n spasie wil inbeweeg met God. Soms wanneer ek net in die kar ry en oorweldig word met dankbaarheid, vrees of ander emosies – dan help musiek my om naby aan God te voel."

> "Ek voel die naaste aan God wanneer ek in sang met Hom praat – daar is vir my 'n ongelooflike konneksie wat geen woorde kan beskryf nie. In daardie oomblikke voel ek of ek so naby aan God is."

Die derde dissipline wat geïdentifiseer is, is die lees van die Skrif.

> "Ek sal […] die Bybel lees."

> "[…] om meer tyd saam met die Here te spandeer soos terwyl ek Bybelstudie in die aande doen."

> "Ek lees graag die Bybel, maar ek lees nie sommer hoofstukke op een slag nie. Ek sal een hoofstuk of een teksgedeelte vat en diep daaroor nadink en wonder wat beteken dit, wat sê dit vir my?"

> "Dit help my om die dag gefokus te begin – op God se Woord, sy opdragte of sy beloftes. Hierdie daaglikse Bybelverse skep die rustigheid in my dat God elke dag by my is. Die maak ook dat ek geïnteresseerd bly in God se woord, wat weer vir my lewe gee."

> Uit hierdie antwoorde was dit opvallend dat drie deelnemers die gebruik van tegnologie met betrekking tot die lees van die Bybel genoem het. Hierdie kandidate maak gebruik van hul selfone en die programme wat op hul fone beskikbaar is om die Bybel te lees.

> "[…] van die Bybel App op my foon – ek probeer om minstens elke dag die vers vir die dag te lees."

> "Ek gebruik baie keer die Bible App en doen die uitdagings wat daarop beskikbaar is."

> "[…] is die Bybelvers wat ek elke oggend op my foon van die *YouVersion Bybel App* af kry."

Die vierde dissipline wat in die onderhoude geïdentifiseer is, is die gewoonte om te bid en met God te praat. Hierin is ook die Millenniale se soeke na outensiteit te siene, soos genoem in 5.2.1 en 5.3.4, aangesien hulle melding daarvan maak dat hul gebed met God meer soos 'n gesprek is en 'n tyd waarin hulle oop en eerlik kan wees.

> "Ek probeer ook om altyd weerloos en heeltemal eerlik met God te wees, so ek sien gebed as 'n gesprek met God en ek praat met Hom net soos wat ek gewoonlik met enige iemand anders sou praat. Dit is so maklik om in gebed net 'n klomp dinge te herhaal, maar ek probeer om net normaal met die Here te praat en dit laat my baie naby aan Hom voel."

> "Ek bid ook gereeld en spandeer tyd saam met God."

> "[…] sal ek met die Here praat en met Hom in die kar gesels, of wanneer ek êrens staan, sal ek met Hom praat en vertel waarmee ek sukkel."

> "Ek praat met God elke dag as ek kan […] Ek deel alles met God."

Dit is opvallend dat al hierdie geloofsdissiplines buite die kerk gebeur en dinge is wat die deelnemers uit hul eie, op hul eie tyd en in die gemak van hul eie gekose ruimte doen om nader aan God te voel. Dit word gesien wanneer die deelnemers verwys na:

> "in die natuur";

> "wanneer ek self saam met die Here tyd spandeer";

> "met Hom in die kar gesels";

> "eerder met God praat wanneer ek alleen is"; en

> "persoonlike tyd saam met God […] buite die kerkdienste".

#### 2.8.3.2. Subtema 3.2: Smagting na 'n dieper, egte en intiemer verhouding met God

Millenniale is op soek na egte aanbidding en 'n outentieke geloof met diepte, intimiteit, uitdagings en 'n ontmoeting met God (St John, 2013:71; Webber, 2001). Volgens die Barna Group (2007:51-53) se navorsing wil Millenniale nie noodwendig hul geloof verlaat nie; hulle is op soek na 'n *dieper geestelike verbintenis* en het die behoefte om hulself en die wêreld te verander. Olmstead (2015) meen dat Millenniale op soek is na iets wat relasioneel en proefondervindelik is (m.a.w. na 'n ervaring), iets wat gebaseer is op 'n teenwoordigheid van die geestelike self, die ander en die wêreld (in plaas van geloofstrukture en optredes), en wat nie deur tradisionele godsdienste gedikteer word nie. Daar is tydens die empiriese navorsing die volgende vraag aan die deelnemers gestel om te bepaal waarna hulle op soek is en wat hulle in hul verhouding met God wil hê. Hierdie vraag lui soos volg: "Wat wil jy graag hê in jou verhouding met God? Motiveer." Al die deelnemers het dieselfde antwoord gegee rakende hulle soeke in hul verhouding met God wat te doen het met 'n diep, egte, outentieke en intieme verhouding met God.

> "[…] 'n ontmoeting met Hom. In die fliek, *The Shack*, het McKensie 'n ontmoeting met God wat so eg en 'real' was. Ek sal graag so 'n ontmoeting met die Here wil hê. Ek smag daarna om die Vader, die Seun en die Heilige Gees op so 'n manier te ontmoet, of dit nou in my binnekamer, in die kerk of in die winkel is – ek wil net so graag so 'n tipe ontmoeting met die Here hê."

“Ek soek ‘n dieper en meer persoonlike verhouding met die Here. ‘n Verhouding waar God, Jesus en die Heilige Gees my persoonlike vriend is – dit is iets groot waarna ek smag.”

“Ek sal daarvan hou om die fisiese dinge van God te kan sien. [...] Ek [is] op soek na daardie meer persoonlike, regte verhouding met die Here, wat makliker gemaak kan word wanneer mens iemand fisies sien en fisies kan hoor.”

“Ek soek intimiteit in my verhouding met God, ‘n nabyheid en ‘n sekerheid dat Hy daar is.”

“Ek wil ‘n verhouding hê wat ‘real’ is, ‘n verhouding wat lewend is.”

“Ek wil graag nog nader en in ‘n dieper verhouding met God wees.”

“Iets wat ek die graagste in my verhouding met die Here wil hê, [is] ‘n intieme verhouding. ‘n Dieper pa-dogterverhouding, selfs dieper as die verhouding wat mens met ander mense kan hê. Ek dink aan ‘n verhouding waar jy weet wie jou onvoorwaardelik liefhet en in al jou behoeftes sal voorsien en nooit hoef te twyfel of die ander een daar sal wees deur alles nie.”

Uit hierdie antwoorde is dit duidelik dat daar ‘n groot smagting in die Millenniale deelnemers is na ‘n intieme, egte, diep en outentieke (“real”) verhouding met God.

#### 2.8.3.3. Subtema 3.3: Struikelblokke in hulle verhouding met God

Die laaste subtema wat uit die derde hooftema afgelei kon word, is die deelnemers se stryd in hul verhouding met God, of te wel hul geestelike lewe. Die volgende vraag is aan die deelnemers gevra: “Wat is die stryd wat jy in jou Christelike geloof het? Motiveer.” Die antwoorde wat gelewer is, word hieronder in kategorieë beskryf, naamlik om aan te hou glo ten spyte van twyfel en onsekerheid; om in ‘n nabye verhouding met God te bly; en om nie deur die gejaagdheid van die lewe meegesleur te word nie.

Een van die groot struikelblokke in die deelnemers se Christelike geloof en hul verhouding met God is om aan te hou glo ten spyte van twyfel en onsekerheid. In hierdie stryd om aan te hou glo was dit vir die deelnemers nog ‘n stryd om te kan onderskei tussen wat reg en verkeerd is en om te weet hoe om hul geloof te verdedig.

“Dit is vir my ‘n stryd om regtig te glo.”

“Ek dink tans is dit vir my ‘n groot geloofskrisis. […] Dit is vir my tans ‘n groot struikelblok om aan te hou glo ten spyte van my twyfel, want ek het nie altyd bewyse van waarom en waarin ek glo nie. Miskien transendeer dit my redenering op ‘n meer emosionele en

geestelike vlak oor waarom ek wil glo. Tans dink ek baie aan die Skrifgedeelte in die Evangelies waar die man sê: 'Here, ek wil glo, help my ongeloof.' Al hierdie dinge kom ongelukkig uit die seerkry in die kerk. Mense het 'n baie groter invloed op my geloofslewe gehad as wat ek gedink het hulle sou hê."

"[…] grootste stryd is die talle inligting van verskillende kerke, asook die verskille in Christenskap en hoe mense Christenskap beoefen. Ek sukkel om te onderskei wat regtig reg en verkeerd is as kerke nie 'n duidelike standpunt inneem nie. […] dink dit is net moeilik wanneer ek nie altyd weet wat om te doen nie."

"My stryd is […] voel soms dat ek nog nie die Heilige Gees ontvang het nie en dit laat my wonder of ek die regte dinge doen as 'n Christen."

'n Tweede struikelblok wat in die onderhoude uitgewys is, is die stryd om in 'n nabye verhouding met God te kan bly – om bewus te bly van God se teenwoordigheid in die alledaagse lewe. Daar is verskeie redes waarom hierdie deelnemers so gevoel het, onder andere as gevolg van sonde, afleidings, gebrek aan begeerte en kompromieë.

"Die grootste stryd wat ek in my geloof en in my lewe het, is sonde […] dan voel ek skuldig […] voel dan ver van die Here af en voel asof ek nie sommer dan met Hom kan praat nie, asof Hy kwaad gaan wees vir my."

"Een van die grootste struikelblokke in my lewe as 'n Christen is om konsekwent te kan wees. Dit sal vir een week baie goed gaan en waar ek baie naby aan die Here voel en dan gebeur die lewe […] dan geneig om weg van die Here af te beweeg, sonder dat ek dit agterkom."

"[…] ek nie 'n vaste tyd het wat ek uitsit om tyd saam met die Here te spandeer nie, byvoorbeeld om dit in my dagboek te sit en te merk as my tyd saam met die Here en my foon af te sit en die instelling te kan hê dat alles anders kan wag, want dit is nou my tyd saam met die Here, die een wat eintlik die heel belangrikste persoon van almal is en met wie ek eintlik moet tyd spandeer. Dit is baie keer baie moeilik en 'n groot stryd vir my."

"[…] om 'n vurige Christen te wees […] Ek het al baie gewens dat ek 'n groter lus het om 'n Christen te wees en die dinge van 'n Christen te doen, maar dit bly maar 'n stryd."

"[…] om nie enigsins 'n kompromie rakende my geloof aan te gaan nie, dit kan so maklik gebeur en dan beweeg mens net verder weg van God af."

Die derde struikelblok wat geïdentifiseer is rakende die Millenniale deelnemers se stryd in hul Christelike geloof het met die gejaagdheid van die lewe te doen; dit is opvallend hoe die gebrek

aan dissipline ‘n groot impak op hul belewenis van die lewe het. Selfone, rekenaars, sosiale media en onmiddellike bevrediging weens die bevordering van tegnologie is ‘n baie groot deel van die Millenniale se lewens. Hierdie voortdurende stroom van stimuli waarmee hulle te kampe het, bring ‘n nuwe uitdaging om te kan fokus en teenwoordig te wees by wat in die oomblik gebeur (Richtel, 2010). Tydens die onderhoude is die volgende vraag aan die deelnemers gevra: “Voel jy asof die lewe ‘n voortdurende gejaag is? Motiveer.”

Die antwoorde dui daarop dat dit ’n groot probleem is om nie deur ‘n gejaagde lewe meegesleur te word nie en dat die handhawing van die dissipline van stilte en afsondering ’n groot uitdaging is:

> “[…] lewe is ‘n konstante gejaag. […] dit is ‘n gejaag na niks […] ek sien is soveel tyd verby en ek het nie naastenby by die dinge uitgekom waarby ek graag sou wou nie. Dit voel asof ek soms verby myself leef – soos ek sê, mense kry nie eers regtig tyd vir hulself nie.”

> “Oor die algemeen voel ek definitief asof die lewe ‘n konstante gejaag is as ek kyk na die mense rondom my […] Dit is net ‘n gejaag na wind. Ek dink baie keer: Wat maak hierdie konstante gejaag na geld en werk eintlik saak in die einde? In my persoonlike lewe voel ek nie regtig dat die lewe so gejaagd is nie, maar ek besef dat die dinge wat ek doen eintlik ook tot niks kom nie […] daar is talle afleidings in my lewe wat my aandag van dít wat belangrik is, wegtrek.”

> “Die lewe is definitief ‘n gejaag. […] Dit is ‘n gejaag na wind.”

> “Oor die algemeen, wanneer ek baie besig is en wanneer ek werk, dan voel ek definitief so. Dan is alles dringend en ‘n konstante gejaag. Dan is daar nie genoeg tyd vir alles nie. Dan is my 20 minute [van] stilte ook baie korter, miskien eerder 5 minute. Ek voel dan ook so moeg en daardie moegheid lei na minder motivering toe en die dinge wat ek dan laat gaan is ongelukkig baie van my intensionele praktyke.”

> “[…] voel of daar elke dag minder en minder tyd is en meer en meer take wat gedoen moet word. Ek voel of elke dag se rus minder tevredenheid bring en daar net ‘n soeke na meer is. Ek voel asof die lewe baie keer ‘n gejaag na wind is. Ek ervaar dit van al die mense rondom my en ek voel hoe ek in die stroom saamsleur.”

> “[…] is ‘n gejaag, ons probeer om dinge beter en vinniger te doen. Ons maak nooit tyd vir mekaar nie […] die gejaag maak dat daar niks meer tyd is nie.”

> "[…] voel so met alles in my, die lewe voel soos 'n groot resies om van een deel na die volgende in die dag te gaan. […] hoekom dit vir my so belangrik is om in my besige skedule bietjie te onttrek en myself tot God te nader en aan die mense vir wie ek lief is."

Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat wanneer die deelnemers verstrik raak in die gejaagdheid van die lewe, hulle dít wat belangrik in hul lewe is, maklik afskeep. Daar is 'n algehele gevoel dat dit alles net 'n gejaag na wind is, wat duidelik daarop dui dat die deelnemers nie tevrede is met hierdie tipe leefstyl nie. Hul verhouding met God lei ook skade, aangesien daar dan nie meer tyd gemaak word vir die dinge wat waarlik belangrik is nie.

## 2.9. Samevatting

In hierdie hoofstuk is die beskrywend-empiriese navorsingsproses bespreek. Die navorsingsmetode en -benadering is bespreek. Daar is op 'n kwalitatiewe benadering besluit en derhalwe is daar een-tot-een-onderhoude met vrywillige deelnemers gevoer totdat daar 'n versadigingspunt bereik is. Belangrike aspekte rakende die deelnemers, insluitend die noodsaaklike etiese aspekte, is bestudeer. Die resultate wat deur die empiriese navorsing verkry is, is in hierdie hoofstuk weergegee.

Die data wat uit die onderhoude ingesamel is, is geanaliseer en drie hooftemas is uit die data geïdentifiseer, naamlik die lewensoeke van die Millenniale Generasie, die Millenniale Generasie se siening van die kerk en die Millenniale Generasie se verhouding met God. Die geanaliseerde, gekodeerde en getranskribeerde onderhoude en data uit die onderhoude is in hierdie hoofstuk onder hooftemas en subtemas (sien Tabel 2-1; Tabel 2-2 en Tabel 2-3) bespreek, sowel as onder kategorieë (waar van toepassing).

Die afleiding wat gemaak kan word, is dat die Millenniale Generasie 'n groot soeke na betekenis en aanvaarding in die lewe het. Dit is nie vir hulle altyd maklik om dit in die kerk te vind nie, aangesien daar soveel negatiewe sienings en ervarings rakende die kerk is (soos bespreek in 2.8.2.1), wat dan baie keer die rede is waarom Millenniale nie kerk toe gaan nie. Tog was daar ook positiewe sienings rondom die kerk. Uiteindelik is dit ook duidelik dat die Millenniale deelnemers 'n groot soeke na 'n diep, intieme, egte en outentieke verhouding met God koester; die gejaagdheid van die lewe, die stryd om te midde van twyfel aan te hou glo en ander faktore wat dit moeilik maak om in 'n nabye verhouding met God te leef, maak dit egter soms moeilik vir hierdie generasie. Die deelnemers het ook getoon dat hulle graag geloofsdissiplines beoefen, veral dié van stilte en afsondering, maar wanneer die lewe so gejaagd en besig raak, dit maklik is om dít wat belangrik is, eerste te laat gaan.

Die doel van hierdie empiriese navorsing was om die inligting wat uit die onderhoude met die Millenniale ingesamel is, in die samestelling van riglyne te gebruik wat as begeleiding vir die

Millenniale Generasie kan dien in die gebruik van die geloofsdissiplines van stilte en afsondering; dit kan vir hulle van groot waarde wees in hul soeke na ‘n egte, diep, outentieke en intieme verhouding met God. Hierdie praktiese riglyne sal eers in Hoofstuk 6 in die pragmatiese taak van Osmer bespreek word. Daar sal egter eers vooraf ‘n normatiewe studie gedoen word volgens Osmer se tweede taak (Hoofstuk 5), waarna ‘n interpreterende studie volgens Osmer se derde taak (Hoofstukke 3 & 4) gedoen sal word.

# Hoofstuk 3

# INTERPRETERENDE TAAK: LITERATUURSTUDIE MET BETREKKING TOT DIE GELOOFSDISSIPLINES VAN STILTE EN AFSONDERING

## 3.1. Inleiding

Soos daar reeds in vorige hoofstukke gemeld is, word daar in hierdie studie van Osmer (2008:4) se model gebruik gemaak. In hierdie hoofstuk sal die interpreterende taak behandel word wat die volgende vraag probeer antwoord: “Waarom gebeur dit?” Aspekte rakende die waarde en gebruik van stilte en afsondering as geloofsdissiplines vir die Millenniale Generasie sal ook deur middel van ‘n literatuurstudie ondersoek word.

Geloofsdissiplines is aktiwiteite wat beoefen word om ons nader aan God te bring en meer van Hom in ons lewens te beleef (Foster, 1999:1; Willard, 1991:156). Volgens Foster (1991:1) help geloofsdissiplines die mens om ‘n dieper verhouding met God te kan hê. In hierdie studie is die fokus op die waarde en gebruik van die spesifieke geloofsdissiplines van stilte en afsondering vir die Millenniale Generasie. Die New Oxford American Dictionary (2015) definieer “Millenniale” as persone wat jong volwassenheid bereik het rondom die jaar 2000. Kim (2013:49-50) is van mening dat Millenniale op soek is na ‘n egte, outentieke geloof waarin hulle betekenis kan vind.

Die Millenniale Generasie leef in ‘n tyd van tegnologiese versnelling wat betref die sosiale verandering en die pas van die lewe (Rosa, 2010:96). Hulle leef nie net in ‘n tyd van gejaagdheid en bedrywigheid nie, maar ook in ‘n tyd wat deur geraas gekenmerk word. Heerens (2014:2) is van mening dat ons in ‘n tyd leef waarin motors raas, sosiale media gedurig ons aandag verg en agtergrondmusiek in al die winkels gespeel word. In die Millenniale se soeke na ‘n opregte, outentieke geloof en betekenis bied die gejaagdheid van die lewe ‘n groot uitdaging. Alhoewel talle Millenniale die kerk verlaat, wil hulle nie afstand doen van hul verhouding met God nie en beoefen hulle dikwels nog Christelike praktyke (Boehme, 2013:96; Van Niekerk, 2017:11); hulle is tog op soek na ‘n egte, outentieke geloof in hierdie gejaagde tyd vol dinge wat hul aandag verg.

Die beoefening van die geloofsdissiplines van stilte en afsondering kan die Millenniale individu help om ‘n nabye verhouding met God te hê – ‘n egte en outentieke verhouding wat gekenmerk word deur tyd wat alleen saam met Hom deurgebring word en waarin al die eksterne stimuli stilgemaak word sodat daar werklik na God se stem geluister kan word. Deur hierdie geloofsdissiplines in hulle lewens toe te pas kan hul soeke vervul word en kan hulle ‘n lewe van betekenis lei.

### 3.2. Metodologie

In hierdie hoofstuk sal die fokus geplaas word op die interpreterende aspekte rakende die waarde en gebruik van die geloofsdissiplines van stilte en afsondering vir die Millenniale Generasie.

Die totale studie, soos gemeld in Hoofstuk 2, is geanker in Richard Osmer se prakties-teologiese interpreterende model wat uit vier afdelings/take bestaan:




**Figuur 3-1: Die vier take van Osmer se prakties-teologiese interpreterende model (Osmer, 2008:11)**

Die interpreterende taak is die proses waarin gepoog word om die grondslag van 'n spesifieke situasie te verstaan deur op verskeie teorieë en modelle te steun (Espinoza, 2013:209). Daarom sal daar in hierdie hoofstuk 'n literatuurstudie gedoen word om vorige en huidige sienings en studies oor die tema te ondersoek en te evalueer. Vir Osmer (2008:82-85) is hierdie taak op profetiese wysheid gefokus – dit is die fase waarin daar redes gesoek word vir die probleem wat in die beskrywend-empiriese taak gestaaf is, soos gesien in Hoofstuk 2; met ander woorde, die vraag wat beantwoord behoort te word is: "Waarom gebeur dit?"

Die doel van hierdie hoofstuk is om vanuit verskillende wetenskappe die relevante besonderhede van episodes te interpreteer sodat daar 'n duidelike prentjie van die realiteit geskep kan word (Schoeman, 2005:131). Alhoewel die studie in die Woord van God geanker is, is dit geldig om op ander bronne vanuit ander wetenskappe te steun ten einde 'n realistiese prent te vorm.

In hierdie hoofstuk sal daar eerstens gekyk word na die teorie oor dissiplines in die algemeen en die voorkoms daarvan in ander godsdienste, aangrensende wetenskappe soos psigologie, en gebruike in die hedendaagse kultuur. Daarna sal daar gefokus word op geloofsdissiplines en verskeie aspekte daarvan sal bespreek word. In hierdie navorsingstudie val die fokus op twee spesifieke geloofsdissiplines en uiteindelik sal die dissiplines van *stilte* en *afsondering* bespreek word. Die fokus sal deurgaans teruggebring word na die Millenniale Generasie omdat hulle die fokus van die totale studie is. In die opvolgende normatiewe benadering sal daar spesifiek na die Skrifperspektief op hierdie tema gekyk word; die wetenskaplike gebruik en enkele teologiese werke word dus in hierdie hoofstuk ingesluit. Uit hierdie navorsing behoort daar ‘n duideliker begrip te ontwikkel vir die rede waarom die geloofsdissiplines van stilte en afsondering van groot waarde vir die Millenniale Generasie is.

## 3.3. Dissiplines

### 3.3.1. Definisie van dissiplines

Die term “dissipline” is nie maklik verklaarbaar nie (Becher & Trowler, 2001:41). ‘n Dissipline kan verskeie dinge op dieselfde tyd beteken; daarom is dit belangrik om na die verskeie betekenisse van die woord te kyk om sodoende ‘n korrekte en verstaanbare betekenis van die woord te verkry.

Die woord “dissipline” vind sy wortels in die Latynse woorde *discipulus* (wat leerder beteken) en *disciplinae,* (wat onderrig/lering beteken). Volgens die Oxford English Dictionary (2016) beteken dissipline as werkwoord die volgende: “To train oneself to do something in a controlled and habitual way.” Hierdie betekenis hou dus in dat ‘n dissipline ‘n sekere gewoonte is wat ‘n mens aanleer en op ‘n gereelde basis beoefen om sodoende ‘n gewenste uitkoms te bereik. Daar is ook ‘n groot morele dimensie aan dissipline verbonde wat definieer hoe mense veronderstel is om op te tree of te dink.

Volgens Bryan Turner (2006:183) het die woord “dissipline” die volgende betekenisse in verskeie velde:

- As ‘n werkwoord beteken dissipline om iemand te leer om ‘n stel reëls te volg en sluit dit ook straf en die dwang van gehoorsaamheid in.
- Militêre dissipline verwys na die gebruik van wapens en die streng gehoorsaamheid aan militêre bevele.
- Kerklike dissipline verwys na die orde wat in die kerk uitgeoefen word.
- Die mediese betekenis van dissipline is die mediese bevele wat aan ‘n pasiënt deur ‘n dokter gegee word vir die pasiënt se eie welstand.
- Akademiese dissipline is ‘n spesifieke vorm van wetenskaplike opleiding wat praktisyns sal oplei wat deur hul eie dissipline gedissiplineer word vir hul eie beswil.
- Dissipline beteken ook om sekere gedrags- en denkpatrone aan te leer.

Dit is dus duidelik dat wanneer daar na die verskeie betekenisse van die term “dissipline” gekyk word, dit iets is wat van groot waarde vir ‘n individu kan wees indien dit op die regte en gesonde manier geïnisieer en geïnkorporeer word. In hierdie studie word daar op dissipline binne die geloofskonteks gefokus, spesifiek geloofsdissiplines binne die Christelike geloof. Daar sal nou eers gekyk word na dissiplines wat binne ander godsdienste en wetenskappe beoefen word.

### 3.3.2. Dissiplines in ander godsdienste

Daar is verskeie godsdienste wat dissiplines/aktiwiteite inkorporeer in die beoefening van hul geloof. In hierdie studie sal Boeddhisme en Islam kortliks nagevors word. Boeddhisme is gekies omdat die grootste deel van hierdie godsdiens uit verskeie dissiplines bestaan wat beoefen moet word om sodoende ‘n gewenste doel te bereik. Islam as godsdiens is ook in hierdie studie gekies, aangesien dit naas Christenskap die tweede grootste godsdiens in die wêreld is (Illsley, 2017).

#### 3.3.2.1. Boeddhisme

Boeddhisme is ‘n godsdiens of filosofie wat ontstaan het uit die lesse van Boeddha Shakyamuni wat in die noordelike dele van Indië, iewers tussen die 6de en 4de eeu v.C., geleef het. Hy het ‘n leerskool begin wat verduidelik het dat die rede vir alle menslike probleme en swaarkry verwarde en negatiewe gemoedstoestande is en dat alle geluk en blydskap weens vreedsame en positiewe gemoedstoestande ervaar word.

Boeddha het sekere metodes aan mense geleer om hul negatiewe gedagtes en emosies soos woede en jaloesie te oorkom en om positiewe gedagtes en emosies soos liefde, deernis en wysheid te ontwikkel (Gyatso, 2007). Boeddhiste glo dat hulle die swakker en slegte self deur middel van sekere dissiplines en oefeninge kan oorwin en oorkom en dit dan met positiewer en volhoubaarder eienskappe kan vervang om sodoende ware en volhoubare geluk te bekom. Vir Boeddhiste is die doel van die lewe om gelukkig te wees en dit in elke vorm en manier te beleef – hulle ontken die slegte en negatiewe aspekte van die lewe en skryf dit aan die swakheid van die mens toe. Daar is dus ‘n plan nodig sodat die mens getransformeer kan word.

Reynolds *et al.* (2017) verwys na die agtvoudige weg wat Boeddhiste volg om sodoende alle pyn en ongemak in die lewe te oorkom. Hierdie weg bestaan uit die regte vooruitsigte, aspirasies, spraak, gedrag, lewensbestaan, pogings, bewustheid, en die bereiking van die regte meditasie. Wanneer hierdie plan stap-vir-stap gevolg word, kan enige persoon sy/haar gemoedstoestand van sy/haar huidige verwarde en selfgesentreerde toestand transformeer in die salige gemoedstoestand van ‘n Boeddha (Gyatso, 2007). Dit is dus ook belangrik om daarop te let dat Boeddhisme as ‘n godsdiens gesien word, alhoewel hulle nie ‘n Boeddha aanbid nie; die Boeddha is die een wat Nirvana bereik het en hy is die voorbeeld wat nagevolg behoort te word. Wanneer

hy nagevolg word en die stappe wat hy uitgelê het van harte gevolg word, is daar die moontlikheid dat die mens ook ‘n Boeddha kan word deur dieselfde toestand van verligting in te gaan as hy.

Die doel van Boeddhisme is dus om deur die gebruik en implementering van hierdie dissiplines en oefeninge die aardse lewe te oorkom en ‘n toestand van verligting, naamlik Nirvana, te bereik. Laasgenoemde is die finale doel van Boeddhisme en word as ‘n volhoubare geluk geken, iets waarna Boeddhiste hul hele lewe lank streef. Gyatso (2007) het geskryf: “Having attained enlightenment, we shall have all the necessary qualities – universal love and compassion, omniscient wisdom and boundless spiritual power – to lead all living beings to the same exalted state.”

Dit is duidelik dat Boeddhisme gefokus is op die mens en hoe die mens hom of haarself kan help om in kontak te kom met die ware roeping in hul lewe, naamlik om te besef dat die bose en negatiewe oorwin kan word deur middel van meditasie, wat stilte en afsondering insluit. ‘n Belangrike saak om te besef is dat daar in die meditasie van Boeddhisme klem geplaas word op die self, om in kontak te kom met die kragte in jouself, maar dit is glad nie die gebruik binne die Christelike konteks nie.

**3.3.2.2. Islam**

In die Islam-geloof glo die Moslems dat Allah hulle enigste God is – hulle glo dat hy skepper, onderhouer en hersteller van die wêreld is (Schimmel *et al.,* 2017). Die mens moet te alle tye daarvan bewus wees dat Allah hulle enigste meester en allerhoogste god is en dat hulle sy welbehae moet nastreef en hom moet gehoorsaam (Maududi, 2017). Die wil van Allah word uitgebeeld in die Koran, wat hulle as hul heilige geskrifte sien. Mense moet in alles gewillig wees om hulle aan die wil van Allah te onderwerp en bereid wees om enige iets vir hom te doen.

Islamiete maak van vyf dissiplines in hul lewens gebruik om geestelike groei te beleef. Hierdie geloofsdissiplines bestaan uit die volgende (Maududi, 2017):

- Gebed: Islamiete beoefen die dissipline van gebed vyf keer per dag en dit help hulle om in gemeenskap met Allah te leef. Sommige van hierdie gebedstye moet in gemeenskap en saam met die ander gemeentelede deurgebring word.
- Vas: Islamiete gaan een keer per jaar op ‘n groot vas waartydens hulle vir ‘n hele maand vas. Die doel hiervan is om hulself as individue en ook as ‘n gemeenskap deur die belewenis van intense honger voor te berei vir die moeilike tye wat mag voorlê in hul soeke na die behae van Allah.
- Offerhande: Dit sluit monetêre offerhande, simpatie en samewerking onder Islamiete in. Die betekenis van hierdie offerhande is verkwikking en reiniging. Deur die hulp wat hulle

aan andere verleen, glo hulle dat hulle deur Allah se liefde gelei word en dus sal hul siele verkwik en gereinig word.

- Pelgrimstogte: Die doel van pelgrimstogte is om ‘n universele broederskap van gelowiges te vestig wat op die aanbidding van Allah gemik is. Talle Islamiete gaan om hierdie rede jaarliks op ‘n pelgrimstog na die stad Mekka om sodoende saam Allah te aanbid.
- Jihad: Die Jihad is om jouself te oefen in die verspreiding van die woord van Allah, om dit verhewe te maak en om alle struikelblokke vir Islam uit die weg te ruim deur die tong, pen of die swaard. Die doel hiervan is om ‘n lewe van totale oorgawe en toewyding aan Allah te leef en selfs bereid te wees om jou eie lewe vir sy missie op te offer.

Dit is duidelik dat daar in Islam gebruik gemaak word van verskeie dissiplines om sodoene geestelik te groei en ‘n gelukkige, vervulde en betekenisvolle lewe te lei.

### 3.3.3. Dissiplines in ander wetenskappe en hedendaagse gebruike

#### 3.3.3.1. Psigologie

In positiewe sielkunde word daar baie fokus geplaas op metodes om ‘n gelukkige, vervulde en gesonde lewe te lei. Positiewe sielkunde is die studie van toestande en prosesse wat bydra tot die bloeiende of optimale funksionering van mense, groepe of institusies (Gable & Haidt, 2005:103). Russo-Netzer *et al.* (2016:1) verduidelik wat Viktor Frankl jare gelede reeds beklemtoon het, naamlik dat alle mense op soek is na betekenis, maar dat die stres en probleme van die hedendaagse lewe hierdie soeke moeiliker maak. In die verlede sou mense na pastore, priesters of rabbi’s gedraai het op soek na antwoorde en betekenis, maar vandag word terapeute en klinieke met navrae oorval. Mense ontvang dan sekere dissiplines vanuit psigologie om hierdie probleem te hanteer en uiteindelik betekenis in hul lewe te vind.

#### 3.3.3.2. Stres in die soeke na betekenis

Stres in die alledaagse lewe lewer ‘n massiewe bydrae tot mense se ongesonde leefstyle, ongelukkigheid en onvervuldheid; dit het net so ‘n groot effek op mense se optimale funksionering. Folkman (2008:4) se transaksionele model stel voor dat stres voorkom wanneer omgewings- of interne eise te veel en groot is vir die individu om te hanteer. ‘n Leefstyl van gejaagdheid, luidrugtigheid en spoed kan baie stresvol van aard wees en kan baie spanning op ‘n individu plaas om by te hou by die eise en druk van hierdie gejaagde hedendaagse lewe. Alledaagse irritasies of probleme het ‘n baie groter invloed op die mens se welstand as groot, stresvolle lewensgebeure (Denovan & Macaskill, 2017:507). Stres in die alledaagse lewe neem die mens weg van die ideaal van ‘n gesonde en vervulde lewe – iets wat die Millenniale Generasie se grootste soeke is. In die psigologie word daar klem gelê op welstand en kan daar onderskei word tussen hedoniese en eudaimoniese welstand. Hedoniese welstand word verstaan as die

akkumulasie van positiewe ervarings van die individu, terwyl eudaïmoniese welstand die diep gevoel van 'n strewe na betekenis en 'n deugsame doel is (Friedman, 2012:40).

Eudaïmoniese welstand kan bereik word deur aktiwiteite na te streef wat in ooreenstemming is met die individu se persoonlike waardes, sterkpunte of persoonlikheidskenmerke (Russo-Netzer *et al.,* 2016:1). Die doel van welstand is om mense te lei om 'n betekenisvolle lewe te leef. Baie filosowe onderskei 'n betekenisvolle lewe van een waar die mens slegs 'n waarnemer is (Metz, 2016:28). Metz (meen ook dat betekenis in die lewe gesien moet word as 'n tydperk, om te leef op 'n manier wat sekere emosionele reaksies ontlont en betekenis voortbring, in plaas daarvan om spesifieke aspekte van die lewe as betekenisvol te beskou.) Dit is dus belangrik om sekere dissiplines in mens se lewe te inkorporeer sodat die reis na betekenis in mens se lewe kan begin, in plaas daarvan om enkele, geïsoleerde gebeure as betekenisvol te ervaar.

#### 3.3.3.3. Waardevolle aspekte in psigologie

In die veld van positiewe sielkunde (as deel van psigologie) is daar die basiese tema van die "goeie lewe". Hierdie goeie lewe is iets waarna die meeste mense soek en dit is afkomstig van die filosofiese bespiegeling van wat die grootste waarde in die lewe het of wat die aard van die grootste "goed" in die lewe is (Compton, 2005:6). Hier word geprojekteer op die soeke wat alle mense in hul diepste wese ervaar, naamlik die soeke na iets groter, iets wat eg en outentiek is. In positiewe sielkunde verwys die "goeie lewe" na die faktore wat tot 'n goeie, durige en vervulde lewe bydra (Compton, 2005:6). Collier (2012) meen dat die goeie lewe 'n gebalanseerde fokus op drie hoofareas van die lewe insluit, naamlik werk, plesier en liefde. Die volgende twee dissiplines/aktiwiteite is van die dinge wat beoefen of nagestreef kan word om sodoende die goeie lewe te kan lei:

- Ontspanning

  In 'n Time Warner CNN Poll (United way of America, 1992) het ongeveer 70% van die mense gesê dat hulle 'n bietjie rustiger wil lewe en 'n meer ontspanne lewe wil lei. Daarom is dit so belangrik om beplande tye van ontspanning in mense se daaglikse, weeklikse en jaarlike roetine in te werk. Compton (2005:69) is van mening dat hierdie ontspanningsaktiwiteite 'n sin van welstand moet bevorder waarvan die werking betekenisvol vir die persoon is, 'n sin van outonomie verseker, 'n breek van roetine is en gereelde positiewe ontmoetings met ander mense insluit. Ontspanning gaan in hierdie geval oor die fisiese ontspanning van die liggaam en sy spiere. Wanneer die mens fisies ontspan, word sekere impulse in verskeie senuwees geaktiveer en verander die aard van die boodskappe wat na die brein gestuur word (Positive Psychology, 2017).
- Vloei

Vloei ("flow") is die holistiese ervaring wat teenwoordig is wanneer ons met totale betrokkenheid aan iets deelneem – dit word ervaar as 'n opeenvolgende vloei van een oomblik na die volgende (Csikszentmihalyi, 1975:43; Engeser & Shiepe-Tiska, 2012:1; Fave & Bassi, 2016:3). Vloei vind plaas wanneer daar volle toewyding aan 'n saak of gebeurtenis is, wat weer 'n volhoubare gevoel van betrokkenheid en plesier veroorsaak (Collier, 2012). Mense beoefen vloei dus deur sekere bewustheidsoefeninge in hul lewe te inkorporeer. Csikszentmihalyi (1990) glo dat die kwaliteit van mense se lewens bepaal word deur hoe hulle in staat is om hul bewustheid te beheer.

'n Mens kan dus aflei dat vloei-ervarings in 'n mens se lewe jou help om ten volle teenwoordig en bewus te wees van alles wat in jou lewe aangaan en om nie net sommer alles as vanselfsprekend te aanvaar en te laat verbyglip nie. Nakamura *et al.* (2009:198) meen dat 'n mens nie vloei kan beleef wanneer daar ander afleidings is wat die ervaring onderbreek nie. Jy moet dus vir 'n oomblik wegkom van die dinge wat so vinnig jou aandag kan aflei in hierdie moderne en spoedgedrewe lewe. Die ervaring van vloei in die daaglikse lewe is 'n baie belangrike komponent van kreatiwiteit en welstand en is ook baie lonend – hoe meer dit beoefen word, hoe meer wil die mens hierdie ervarings herhaal, wat uiteindelik na 'n ten volle bewuste en gelukkige lewe lei (Oppland, 2016).

Die belangrikste kwessie rondom ontspanning en vloei is dat dit iets is wat nagestreef of gekweek moet word – dit is 'n leefstyl en bestaan uit verskeie dissiplines wat die mens in sy/haar lewe moet inbou om sodoende die resultate te ervaar.

#### 3.3.3.4. Bewustheid

Die fokus op bewustheid ("mindfullness") is 'n nuwe ontdekking in die psigologie. Dit is 'n beweging wat oorspronklik uit Boeddhistiese en Hindoe-tradisies ontstaan het, maar vandag baie wyer gebruik word in verskeie wetenskappe (Joaquin, 2016). Sommige teoretici is van mening dat die oorsprong van bewustheid ook wortels in Judaïsme en Christenskap het (Trousselard *et al.*, 2014). Marchant (2017) is van opinie dat bewustheid die bewustelike draai van ons aandag is na wat ons ookal besig is om te doen, te dink of te voel *op* 'n spesifieke oomblik. Dit is belangrik om die gedagtes of sensasies eers waar te neem voordat dit weer laat vaar word. Een van die grootste aktiwiteite/dissiplines in bewustheid is dié van meditasie, omdat bewustheid bereik word deur middel van meditasietegnieke en -oefeninge. 'n Groot doel van bewustheidsmeditasie (wat belangrik is om in hierdie studie te noem) is om jouself te desentraliseer ("decenter"). Bernstein *et al.* (2015) definieer desentralisasie soos volg: "Decentering reflects the capacity to shift experiential perspective from within one's subjective experience onto that experience." Volgens Bernstein *et al.* (2015) is desentralisering iets wat tans besondere aandag geniet en is dit 'n verskynsel wat deur die volgende drie verwante metakognitiewe prosesse uitgeleef word, naamlik

a) bewustheidsmeditasie, wat veronderstel is om metabewustheid voort te bring;
b) disidentifikasie van innerlike ervaring, wat uit a) voortgebring word; en
c) verlaging van die reaktiwiteit van gedagte-inhoud.

Desentralisering word in psigogedragsprosesse nagestreef en word geken as 'n sleutel tot aanpasbaarheid en welstand, insluitend emosionele ervaring, regulasie en ander geestesgesondheidsimptome (Fresco *et al.,* 2007:450; Teasdale *et al.*, 2002:281). In die psigologie word sekere waardevolle gesondheidsvoordele genoem om meditasie as metode van bewustheid te beoefen. Hierdie voordele is om die brein te leer om beter weerstand te bied en om aan te leer hoe om stres beter te hanteer. Nog 'n voordeel is dat bewustheid die brein fisies vergroot in areas wat met leer, geheue en emosie geassosieer word (Shoham *et al.*, 2017:124).

Die beoefening van joga is ook 'n vorm van meditasie in bewustheid. Navorsers het bevind dat mense wat joga intens beoefen, hoër vlakke van bewustheid het as mense wat joga tot 'n mindere mate beoefen of dit glad nie beoefen nie (Gaiswinkler & Unterrainer, 2016:124). Dit toon duidelik dat joga positief ooreenstem met vlakke van bewustheid en dat sommige vorme van joga en sommige vorme van bewustheid dieselfde doelwitte nastreef.

Dit is duidelik dat daar in verskeie gelowe en ander wetenskappe van sekere dissiplines gebruik gemaak word en dat daar parallelle tussen hierdie wetenskappe en Christelike spiritualiteit getrek kan word, aangesien hulle almal probeer om sekere vrae van die lewe te beantwoord (Joseph *et al.,* 2006; 210; Van Rooyen & Beukes, 2009:32) om sodoende 'n groter doel te bereik. Deur die beoefening van geloofsdissiplines (wat die fokus van hierdie studie is) is daar in die geestelike vorming van Christenskap wel verskille in die doel van die dissiplines se gebruik – die fokus is nie op die self en wat 'n mens deur die beoefening van sekere dissiplines kan bereik of in werking bring nie, maar is om jouself beskikbaar en oop te stel om sodoende 'n ruimte te skep sodat God in jou kan werk en jy Hom kan beleef. Mulholland (2016:36) skryf dat die fokus verander "from acting to bring about desired results in our lives to being acted upon by God and responding in ways that allow God to bring about God's purposes". Millenniale leef in 'n tyd wat gekenmerk word deur spoed, geraas, onmiddellike bevrediging ensovoorts. Daarom kan daar gesien word hoe al hoe meer Millenniale van hierdie tipe tegnieke en dissiplines gebruik maak om die Millenniaal se verhouding met God, andere en die self te verdiep (Foster, 1999:74-75).

### 3.3.4. Dissiplines in Christenskap

In Christenskap is daar ook verskeie belangrike dissiplines wat beoefen word om 'n gewenste doel te bereik, naamlik om ware betekenis en 'n dieper en egte verhouding met die Skepper te vind (Hawkins & Parkinson, 2007:171; St. John, 2013:2). Hierdie dissiplines staan as geloofsdissiplines bekend en sal nou verder gedefinieer en gemotiveer word (St. John, 2013:15).

## 3.4. Geloofsdissiplines

### 3.4.1. Spiritualiteit as grondslag vir geloofsdissiplines

Binne die veld van sielkunde is daar ‘n groeiende belangstelling in spiritualiteit; dit is duidelik wanneer daar na verskeie boeke gekyk word (bv. Balswick *et al.,* 2016:305 en Walker & Hathaway, 2012). Terselfdertyd is daar ook ‘n toenemende belangstelling binne godsdienstige kringe in die ontwikkelende aspekte van geestelike verandering (Augustyn *et al.*, 2016:197). Dit is in die eerste plek belangrik om te verstaan wat spiritualiteit is om sodoende die waarde daarvan as grondslag vir geloofsdissiplines te begryp.

Een van die faktore wat gekonseptualiseer word as iets wat vir individue ‘n groot sin van betekenis gee, is spiritualiteit (Steger & Frazier, 2005:579). Soos voorheen gestaaf, is betekenis een van die grootste soeke in Millenniale se lewe. Spiritualiteit bevorder dus betekenis, aangesien dit ‘n verbinding met iets groter as die self insluit (Steger, 2012:175). Daar kan afgelei word dat spiritualiteit te doen het met die ervaring van en verbinding aan iets groter as die mens self en iets wat aan die mens betekenis bring. Pulchaski *et al.* (2009:890) definieer spiritualiteit soos volg: Spiritualiteit is die aspek van menslikheid wat verwys na die manier waarop individue betekenis soek en uitdruk, asook die manier waarop hulle hul verbondenheid aan die oomblik, die self, ander, die natuur en aan die heilige uitdruk. ‘n Verdere definisie van spiritualiteit deur Beauregard *et al. (2009)* lui: “Spirituality means any experience that is thought to bring the experience into contact with the divine.” Dit verwys dus na die geestelike lewe van die mens in sy/haar verhouding tot God (Jonker, 1989:288; Oostenbrink & Lotter, 1999:369). ‘n Ander definisie vir spiritualiteit het te doen met die praktiese beoefening van godsdiens (Oostenbrink & Lotter, 1999:369). Thurston (1993:3) verwys daarna wanneer hy die volgende skryf: “What a person does with what a person believes is spirituality.” Dit verwys na die beoefening van geloofsdissiplines soos stilte, afsondering, meditasie, vas en gebed (cf. Foster, 1999:1). Spiritualiteit het ook te doen met die strewe na ‘n lewe wat gevorm word deur ‘n sin van betekenis, waardes en transendensie (Sheldrake, 2016:2). In stresvolle tye en problematiese omstandighede kan spiritualiteit ‘n beskikbare hulpbron wees om omstandighede te hanteer, selfs wanneer ander hulpbronne nie beskikbaar is nie (Park *et al.,* 2013:162).

Spiritualiteit is ‘n term wat baie keer verkeerd verstaan word. Vir baie mense gee die term die idee van iets paranormaals, misties, kerkerigs, buite-wêrelds of New Age – iets wat deur sekere individue gekies kan word as hulle wil en word dit nie gesien as ‘n belangrike en nie-onderhandelbare waarheid in die hart van die Christelike reis nie (Rohleiser, 2014:6). Rohleiser (2014:7) meen dat alle mense ‘n spiritualiteit het (omdat hulle geestelike wesens is), hetsy hulle daarvan bewus is of nie. Hy verduidelik dat ons almal ‘n vuur of brandende passie binne-in ons het en nog voordat ‘n mens enige godsdienstige praktyke aanpak, moet jy besluit wat jy met daardie vuur gaan doen. Wat mense dan met daardie vuur doen en hoe hulle dit uitleef, word hul

spiritualiteit. Laasgenoemde kan dus binne ‘n Christelike en teologiese konteks soos volg gedefinieer word: Spiritualiteit is wat ons met die vuur binne-in ons doen. Hoe ons dit dan uitleef, die dissiplines of gewoontes wat ons kies om by te leef, sal ons lei na óf groter integrasie óf disintegrasie van ons liggaam, siel en gees, en sal ons ook lei na ‘n groter integrasie of disintegrasie in die manier waarop ons aan God, ander en die wêreld verbind is (Rohleiser, 2014:11).

Die woord “spiritualiteit” is afgelei van die woord “gees” (*ruach* in Hebreeus, *pneuma* in Grieks en *spiritus* in Latyn) en beteken primêr “asem”. Daar is duidelik die konneksie met God se Gees, die derde Persoon van die Drie-eenheid, en dus ‘n groot verbintenis met die mens se verhouding met God. Die Heilige Gees is vir die mens as Helper gestuur (soos belowe in Johannes 14:16). Die Heilige Gees is die Een wat die mens help om sy spiritualiteit uit te leef en sekere dissiplines/gewoontes aan te leer wat die mens laat groei in sy geestelike reis saam met God. Jones (2005:26) definieer Christelike spiritualiteit as ‘n lewe wat geleef word deur God se Gees. Dit is nie iets wat enige persoon kan verdien nie, maar wat vrylik as ‘n geskenk deur God gegee word. Die mens het egter steeds ‘n rol te speel en het dus daarin ‘n geestelike verantwoordelikheid. Die geestelike lewe is geanker in verhouding – dit het te doen met God se manier om met die mens in verbinding te wees en ons manier om teenoor God te reageer (Thompson, 2014:7).

Les Harden (2012:219) verduidelik dat Bybelse/Christelike spiritualiteit gesien word as iets wat baie aards is en wat uitgedruk word op praktiese en tasbare maniere. Dit beteken egter dat Christelike spiritualiteit verweef is met elke deel van ons daaglike lewe en iets is wat in elke omstandigheid, situasie, verhouding en gedagte ‘n rol speel (Sheldrake, 2016:14); dit is om God te kan sien en Hom te kan ontdek in die algemeenste dinge van die lewe (De Caussade, 1966:64; Sheldrake, 2016:21). Bybelse spiritualiteit is inherent prakties van aard. Gebaseer op Bybelse bewyse en die ontwikkeling in Christelike geskiedenis, kan daar na spiritualiteit verwys word as ‘n praktiese vennootskap met die Heilige Gees (Harden, 2012:220).

Hierdie Christelike spiritualiteit kan uitgeleef word deur die beoefening en inkorporasie van geloofsdissiplines. Paulus praat van die atleet en die beoefening van dissiplines in 1 Kor. 9:24-27. Woorde soos oefening, dissipline en praktyke word baie keer as metafore vir geloofsverwante aktiwiteite gebruik (Tucker, 2016:167). ‘n Mens het geloofsdissiplines nodig omdat dit jou help om te fokus op wat waarlik belangrik is in die lewe, naamlik om deur God liefgehê te word en om Hom en ander te sien (Jones, 2005:30). Paulus verwys in 1 Kor. 9:34 na Christene wat die voorbeeld van atlete moet volg in die hardloop van die geestelike wedren om die prys te wen. Garland (2003:440) meen dat die Griekse spele slegs vir die Grieke was, maar dat hierdie Christelike wedren vir alle mense oop is en dat daar baie “wenners” kan wees. Hale (2007:627) meen dat die prys die volwassenheid in Jesus Christus is. Net soos wat atlete in die Griekse spele

op ‘n gedissiplineerde manier moes oefen en voorberei, moet Christene dissipline hê op hul geestelike reis en in hul strewe na die Ewige toekenning (Tucker, 2016:168). In enige sport groei en leer ‘n mens meer namate jy oefen en die sport self beoefen. Dit help nie om net boeke oor sport te lees nie, dit moet self beoefen word. Die mens se reis met God is dieselfde – daar kan na preke geluister en talle boeke gelees word, maar ware transformasie vind eers werklik plaas wanneer die mens die dissiplines beoefen wat aan die hart van die Christelike geloof lê (Jones, 2005:31). Die navorser is van mening dat Millenniale nodig het om bewus te raak en te bepaal wat hul spiritualiteit is en dit dan deur die beoefening van geloofsdissiplines uit te leef.

### 3.4.2. Definisie van geloofsdissiplines

Die term “geloofsdissiplines” word in hierdie studie gebruik en verwys na die geestelike praktyke wat elke Christen kan beoefen om ‘n dieper verhouding met God te beleef. Dallas Willard (1991:156) definieer geloofsdissiplines as ‘n aktiwiteit wat opgeneem word om ons in ‘n doeltreffende medewerking met Christus en sy Koninkryk te bring. Jones (2005:32) verduidelik dat geloofsdissiplines beteken om minder van onsself te maak sodat ons meer bewus kan wees van wat God besig is om te doen. Richard Foster (1999:1) meen dat geloofsdissiplines mense help om van ‘n oppervlakkige lewe na ‘n lewe van diepte te beweeg. Geloofsdissiplines is sekere aktiwiteite wat opgeneem en beoefen word om ‘n uiteindelike gewenste doel te bereik. Dit is ‘n middel wat die mens help om dieper en nader aan God te beweeg, om ‘n egte en outentieke verhouding met Hom te hê en om ook uiteindelik betekenis te kan vind. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat geloofsdissiplines mense begelei in geestelike vorming en groei ten einde ons te help om in ‘n egte en diep verhouding met God te leef.

### 3.4.3. Historiese oorsig van geloofsdissiplines

Stilte en afsondering as geestelike dissiplines is nie ‘n nuwe konsep nie, maar word reeds in die vroeë kerkgeskiedenis gevind. Gedurende die vroeë eeue van die kerkgeskiedenis het mans en vroue vanuit stede en dorpies in Sirië, Egipte en Palestina na woestyngebiede getrek om God daar in stilte en afsondering te ontmoet (Belisle, 2003:16). Hierdie mense staan as die woestynvaders en -moeders van ouds bekend en sluit onder andere Pachomius, John Chrysostom en John Cassian in – diegene wat in stilte en afsondering gewoon het om op 'n eenvoudige lewe voor God te fokus. Die kerkvaders is ‘n vorige generasie van gelowiges wat deur die voorbeeld van hul lewens vandag steeds voortgaan om hul geestelike afstammelinge in die Christelike kerk te lei (Litfin, 2007:17). Die woestynouers wou eenkant wees omdat hulle van mening was dat die wêreld daar buite hulle van ‘n egte, outentieke verhouding met God weerhou. Hulle het die meeste van hul tyd saam met die Here en met die mense in hul eenvoudige gemeenskap spandeer. Hierdie woestynouers het ‘n lewe van eenvoud, selibaatskap, gebed, vas en afsondering gekies.

Kidder (2007:63) beskryf hoe die vroeë woestyn-Christene wat in die voetstappe van St. Antonius gevolg het, geglo het dat dit onmoontlik was om ‘n vol Christelike lewe te lei in die sosiale, ekonomiese en teologiese omwenteling van die Romeinse heerskappy. Daar was teen 324 n.C. ongeveer 5 000 mense wat in afsondering begin woon het en op Saterdae en Sondae vir die bediening van die nagmaal ontmoet het. Van toe af het al hoe meer mense in afsondering begin leef en hierdie leefstyl van eenvoud aangeneem; so het hulle bekend geword as die woestynvaders en -moeders (Kidder, 2007:63-64).

Gonzales (2010:138) reken dat een van die hoofmotiverings van die eerste monnike die soeke na afsondering was. Hulle het geglo dat die samelewing met al die geraas en aktiwiteite ‘n versoeking vir en afleiding van die Christelike geloof en monastiese doel was. In die vroeë geskiedenis was die dissiplines van stilte en afsondering beklemtoon en diegene wat ‘n dieper verhouding met God gesoek het, het tot hierdie uiterstes gegaan om God te kan ontmoet. Antonius die Grote (251-356 n.C.) was die eerste bekende Christen wat homself onttrek het om in die woestyn te gaan woon met die hoofdoel om God beter te leer ken. Later van tyd het ander mense ook dieselfde begin doen en hulle staan as die woestynvaders en -moeders van die 4de en 5de eeu bekend (Ordo Cisterciensis Strictioris Observantiae, 2010). Hierdie mense wat so saam in afsondering en stilte gewoon het met die doel om in eenheid met God te leef, was die begin van die monastiese gemeenskappe waarmee ons vandag bekend is.

### 3.4.4. Waarde en noodsaaklikheid van geloofsdissiplines

Die hedendaagse wêreld is gevul met soveel dinge wat mense besig hou, hulle aandag aflei en hulle gedagtes met geraas en chaos besoedel. Dit maak dit soveel moeiliker om ‘n lewe van betekenis te kan lei en om dit wat eg en outentiek is, raak te sien en deel te maak van die mens se geestelike reis. Geloofsdissiplines is dus van groot waarde, aangesien daar soveel stemme en aktiwiteite is wat die mens oorweldig.

Die wêreld is gevul met geraas en bedrywigheid – ons leef in ‘n tyd van afleiding. Becker (2017) meen dat die wêreld ons voortdurend met inligting en vermaak voer. Mense neem hul fone oral waar hulle gaan, konnekteer tot die internet draadloos vanaf enige plek in die wêreld, word om elke hoek en draai met talle boodskappe van advertensies gevoer en word gedurig elke dag met nuus oor omwentelinge gebombardeer. Al hierdie inligting infiltreer die mens se brein met een spesifieke doel, naamlik om beheer van die mens se aandag en hulpbronne te verkry (Becker, 2017).

Millenniale leef in hierdie tyd en gejaagde lewe wat met afleidings gevul is en dit het ‘n groot invloed op hul lewens. Die impak van al hierdie afleidings in vandag se lewe en die moontlikheid om so vinnig, enige plek en enige tyd, konneksie te ervaar, dryf jongmense na die dors vir

onmiddellike bevrediging en om haastige besluite te neem; hulle het ook ‘n tekort aan geduld (Anderson & Rainie, 2012).

Richard Foster (1999:1) meen dat die vloek van ons tyd oppervlakkigheid is. Hy meen dat die grootste hedendaagse geestelike probleem die leerstelling van onmiddellike bevrediging is. Daar is nie noodwendig tyd of plek vir geloofsdissiplines nie omdat mense so besig met oppervlakkighede is dat daar nie tyd of plek geskep word om die binnewêreld te ondersoek en werklik tyd saam met God te spandeer nie. Mense is so besig met al hierdie afleiding, sonder om dit noodwendig eers agter te kom, dat hul aandag weggelei word van die eenvoudige, belangrike en egte dinge wat soveel waarde het.Becker (2017) reken dat die afleidings in die lewe mense daarvan kan weerhou om te besef watter tipe lewe hulle graag sal wil leef; hierdie afleidings het egter ‘n groot impak op ‘n onsigbare manier. Wanneer ‘n mens so vasgevang is in al die afleidings wat die samelewing vandag bied, begin jy, volgens Foster (1999:1), oppervlakkig te leef en is daar ‘n tekort aan diepte, egtheid en outensiteit – iets waarna die Millenniale Generasie so smag.

John Woolman is van mening dat die tyd waarin ons vandag leef, ‘n sameswering is teen die diep innerlike binnewêreld van die mens (cf. Rohleiser, 2005). Wat hy daarmee bedoel, is dat daar hedendaags ‘n klimaat geskep is wat dit nie net moeilik maak om aan God te dink of te bid nie, maar om selfs enige diepte te hê. Die kultuur waarin ons vandag leef is nie bevorderlik vir innerlike bewustheid en diepte nie (Rohleiser, 2014:32). Henri Nouwen (2013) skryf baie in sy boek *Reaching out* oor mense se sug na ondervindings en hul rusteloosheid, vyandigheid en fantasieë; hy meld ook hoe dit uiteindelik afsondering en stilte, gasvryheid en gebed in ons lewens uitblok. Die Millenniale leef in hierdie kultuur en spanning, maar weerstaan dit. Hulle stem nie saam met die oppervlakkigheid nie en ervaar kerk en geloof baie keer as sodanig, maar is op soek na ‘n diep en outentieke geloof en verhouding met God, ‘n verhouding wat nie deur onmiddellike bevrediging of oppervlakkigheid gekenmerk word nie.

In die post-modernisme begin mense die lewe in ‘n nuwe lig sien – hulle fokus op dinge waaraan daar nie aandag gegee is deur die modernisme nie (Lindas, 2013:4); dit is die dinge wat vergete is, naamlik die irrasionele, die onbelangrike, die onderdrukte, die heilige, die tradisionele en die essentriese. Post-modernisme hou in dat mense nou op wyer vlakke antwoorde soek en dieper in hul eie lewens inkyk vir betekenis. Dit het ook die pad oopgemaak vir die soeke na die meer mistieke aspekte van die lewe (Geyser, 2014:3). Wanneer ‘n mens na hierdie beskrywing van die post-modernistiese kultuur kyk, sien jy duidelik hoe Millenniale deel vorm van hierdie kultuur van vandag. Rice (1991:7) is van mening dat gewone godsdienstige praktyke nie meer vir die post-moderne mens genoeg is nie. Hulle is op soek na ‘n dieper verhouding met God en ‘n geloof wat gefundeer is in eerstehandse kennis.

Weens die gejaagdheid en oppervlakkigheid van mense se daaglikse roetine en leefstyl is geloofsdissiplines iets wat oor die algemeen baie afgeskeep word, maar tog is daar die soeke na iets dieper en outentiek. Om hierdie rede begin geloofsdissiplines en geestelike vorming bietjie meer aandag kry en begin mense dit weer beoefen in hul soeke na 'n dieper verhouding met God (MacFarlane, 2009:41; St. John, 2013:14). Baie mense word met verskeie geloofsisteme, tradisies, ervarings en insigte uit ander tradisies gekonfronteer. Volgens Geyser (2014:12) is dit juis die rede waarom daar 'n groei en bewustheid van mistieke spiritualiteit is en mense van byvoorbeeld die evangeliese tradisie skielik die behoefte het aan 'n plek van geestelike afsondering ("retreat"), stilte en meditasie wat nooit deel van hul tradisie was nie. Geloofsdissiplines doen 'n beroep op mense om van oppervlakkige leefstyle na 'n dieper, egte manier van leef te beweeg (Foster, 1999:1). Dit is iets wat in ons eie tyd en kultuur nog 'n vreemde konsep is, maar wat van uiterste belang is. Die beoefening van geloofsdissiplines (spesifiek stilte en afsondering) is vir die Millenniale Generasie, wie se lewe met afleiding, onmiddellike bevrediging, dreigende oppervlakkigheid ensovoorts gevul is, van groot waarde.

### 3.5. Stilte en afsondering as geloofsdissiplines

#### 3.5.1. Noodsaaklikheid van stilte en afsondering as geloofsdissiplines binne Christenskap

Die moderne lewe is deurspek met lawaai en afleidings; daar is selfs iets dreigends, gevaarliks en opruiend omtrent hierdie lewe van lawaai en gejaag (Aarnink *et al.,* 1995:3). Dit veroorsaak dat mense kontak met hulself en met God verloor, want hulle is so besig en daar is soveel eksterne stemme dat hulle soms nodig het om eenkant te gaan en stil te word om sodoende weer in kontak met hul innerlike wese te kom. Juis daarom het mense die gebruik van stilte en afsondering in hul lewe nodig.

#### 3.5.2. Stilte as geloofsdissipline

Die Merriam Webster Dictionary (2017) definieer "stilte" as die weerhouding van spraak of geraas, sowel as die afwesigheid daarvan. Stilte is egter nie net die afwesigheid van spraak of geluide nie – daar is soveel meer opgesluit daarin en in die beoefening daarvan. Sardello (2008:1) is van opinie dat stilte outonoom is; dit is groter as ons en ons taak is om ons wese in lyn te bring en te koördineer met die groter wese van stilte. Hy sê ook dat stilte nie iets is wat gedoen word nie; dit is ook nie iets in 'n persoonlike kapasiteit nie, maar wanneer die mens stil word, word die deur oopgemaak om die waarde van stilte te beleef. Stilte is bruikbaar, want dit is 'n spasie waarin 'n mens kalmte en rustigheid kan aankweek (Kenny, 2011:ix). Sardello is ook van mening dat stilte 'n baie belangrike plek in die mens se lewe moet hê, maar net soos wat dit moeilik is om mensgemaakte beligting in die nag te ontduik, het die mens lawaai en ononderbroke geluide aanvaar en vorm dit 'n groot deel van die lewe. Stilte kan help om die kakofonie van die

kontemporêre kultuur waarin die mens tans leef uit te balanseer (Lababidi, 2010:4). Stilte kan mense ook help om in kontak met hulself, hul omstandighede, die wêreld, en ‘n groter mag te kom (wat in die Christelike geloof God is). Lababidi is oortuig dat wanneer mense leef soos wat hulle tans doen (in die besige wêreld en met hul behoefte om in kontak met alles rondom hulle te wees), bevind hulle hulself in die ongesonde situasie waar innerlike stilte, sowel as die waarde wat dit vir hulle inhou, verlore raak. Stilte het nie net ‘n fisiese impak op die mens nie; wanneer ons onsself toelaat om stil te word, gebeur daar iets in die mens se siel en kom ons tot die besef van sekere belangrike dinge in ons lewens (Maitland, 2012:23):

- Kwesbaarheid: Wanneer mense stil word, word die meeste eksterne stimuli weggestroop en word hulle gekonfronteer met hulself en hul ware gedagtes en gevoelens; hulle kom dan tot die besef dat hulle kwesbaar en afhanklik van ander mense en genade is.

- Skaal: Mense begin sekere dinge teenoor ander op te weeg deur te besef dat daar soveel groter dinge is en soveel dinge wat belangriker en van groter waarde as net hul eie lewens is – hulle kom tot die bewustheid dat hulle eintlik baie klein is. Die lewe word objektief gesien en op ‘n metaforiese skaal geplaas om die belangrike van die onbelangrike te skei.

- Eenvoud: Wanneer ons stil word, word ons gestroop van baie dinge soos selfone, televisie en media; ons kan dan waarlik in kontak kom met wat innerlik aan die gang is en wat werklik belangrik is.

In stilte word mense gekonfronteer en word hulle meer bewus van dinge wat diep in die kern van hul menswees lê. Lababidi (2010:30) meen dat die kweek van stilte eintlik ook kan beteken om aandag te kweek sodat ons teenwoordig kan wees in onsself en die dieper lewe wat aanhoudend in en rondom ons ontvou. Die geraas en lawaai van die daaglikse lewe en die gebeure wat daarmee saamgaan, hou mense se aandag gevange en daarom leef ons meestal vanuit die oppervlak van ons wese. Sodra mense tot stilte oorgaan, begin daardie oppervlakkighede wegkwyn en begin die dieper, ernstiger, ware realiteit van ons menswees na die oppervlak styg, sodat ons geen ander keuse het as om dit te konfronteer nie. Dit is dikwels vir mense moeilik om hierdie dinge te konfronteer en hulle wil eerder die stilte vermy. Wanneer ‘n mens tye van stilte en afsondering wil beoefen, is daar gedurig sekere gedagtes, emosies of begeertes wat jou aandag aftrek, onder andere woede, honger, wellus, slaperigheid en selfs die angs van dinge wat gedoen moet word en die gevoel dat stilte en afsondering ‘n mors van tyd is (Cowen, 2017).

Die Franse filosoof, Blaise Pascal (Rilke, 2017), het gesê: “All of humanity’s problems stem from man’s inability to sit quietly in a room alone.” Mense is ongemaklik met stilte, want dit pas nie by ons besige lewens en die behoefte om iets te doen en te bereik nie (Sardello, 2008:7). Die vermyding van stilte in ons lewens het ‘n negatiewe impak op ons vermoë om dieper te kan dink

en voel en so deur die stortvloed van stimuli te sif wat van ons besit neem in ons besige lewens (Lababidi, 2010:5). Dit is so maklik om jou ware emosies, gedagtes en omstandighede te vermy en besig te bly. Soms verkies 'n mens dit om besig te bly, omdat dit wat diep in jou siel lê, 'n donker en vreesaanjaende plek is wat jy nie graag wil besoek nie. Henri Nouwen (2006:33) het die volgende gesê: "Silence is frightening because it strips us as nothing else does, throwing us upon the stark realities of our life." Daarom is dit baie keer vir 'n mens moeilik om stil te word en stilte te omhels, want dit vra iets van jou, naamlik om in kontak te kom met jou innerlike realiteit en om aandag daaraan te skenk. Dit daag jou uit om te groei, te leer en om soms stil te sit en tot aanvaarding te kom van wat aan die gebeur is in jou lewe. Blaise Pascal verwys ook na die diep leemte wat elke persoon in sy binnewêreld ervaar. Hy noem dit 'n Godgevormde vakuum en totdat daardie leemte nie gevul word nie, sal mense aanhou soek en dit met allerhande dinge probeer vul wat nie daarin pas nie. Sardello (2008:8) is van mening dat stilte die heelheid bevat waarna alle mense, soms selfs onwetend, op soek is. Wanneer 'n mens die stilte verwelkom, raak jy bewus van die uitnodiging na groei en na 'n dieper lewe om dit waarna jou siel so op soek is, te kan vind en jou dors te les. Sardello reken dat ons sonder stilte verlore is en nie sommer ons pad terug kan vind nie.

#### 3.5.2.1. Verskillende tipes stilte

Lababidi (2010:29) verwys na drie komponente van stilte, naamlik stilte as 'n taal (woordelose kommunikasie), stilte as 'n entiteit ('n fisiese teenwoordigheid in die natuur), en stilte as 'n tipe metafisiese portaal (vir oorpeinsing/kontemplasie, meditasie en transendensie).

- Stilte as taal

Stilte word as 'n woordelose kommunikasie gesien. Dit kan ook een ding én sy teenoorgestelde beteken. Stilte kan welsprekend of onbeholpe wees, wanhopig of rustig wees, beleefd wees, respek kommunikeer, empaties wees of selfs 'n vorm van weerhouding wees (Lababidi, 2010:30). Die skrywer meen ook dat stilte ongeskik, vol woede of vyandig kan wees, soos byvoorbeeld 'n nors, gegriefde stilte. Daar is soveel verskillende maniere waarop stilte as 'n taal uitgeleef kan word sonder dat daar enigsins woorde gebruik hoef te word en soos wat dit hier blyk, kan dit iets wees wat positief en opbouend is, maar ook iets wat negatief is en seer kan maak. Stilte as taal speel in ons daaglikse lewens uit, of 'n mens dit besef al dan nie. Op elke manier het dit ook 'n impak op jouself, die mense rondom jou en die wêreld waarin jy leef. Kenny (2011:6-12) verwys na verskeie tipes stilte wat vasgevang word in stilte as taal en dien hier as goeie verwysing. Hy verwys na die volgende tipes van stilte as taalvorm:

  - Wyse en deugsame stilte

Hierdie stilte word nie aangebring deur ‘n gevoel van meerderwaardigheid nie, maar eerder as een van die grootste tekens van deernis. Dit is wanneer die mens besef wanneer woorde oorbodig is en dit eerder nie geuiter moet word nie.

- Gestroopte stilte

Hierdie stilte verwys na die besluit om eerder stil te bly wanneer woorde skade kan berokken. Wanneer ‘n mens met emosie gevul is en omstandighede moeilik is, kan dit baie moeilik wees om stil te bly.

- Welsprekende stilte

Sommige emosies word nie so goed uitgedruk soos deur stilte nie, byvoorbeeld emosies van diepe dankbaarheid, opregte liefde of intense angs.

- Stomgeslane stilte

Baie keer gebeur daar dinge wat jou laat met ‘n gebrek aan woorde, met ander woorde dit laat jou stomgeslaan. Dit kan gebeur wanneer ons oorweldig is deur uitersteskoonheid, wysheid of selfs terreur.

Stilte as ‘n manier van woordelose kommunikasie dra iets oor wat woorde nie kan doen nie (Lababidi, 2010:32). Die digter Rainer Maria Rilke (2017) het geskryf: “Things aren’t always so tangible and sayable as people would usually have us believe; most experiences are unsayable, they happen in a space that no word has ever entered.” Hierdie woorde van die gedig vat saam wat die waarde van stilte as taal is.

- Stilte as entiteit

Stilte as entiteit is nie bloot net die afwesigheid van klank nie, maar kan as ‘n werklike fisiese teenwoordigheid beleef word. Hierdie is die tipe stilte wat gevind kan word in die natuur, hetsy relatief (in die geval van ‘n woud of selfs onder die water) of absoluut (soos wanneer die mens homself in die woestyn bevind, of voor ‘n storm ens.) (Lababidi, 2010:33). Daar is ‘n tasbare stilte wat beleef en ervaar kan word wanneer mense hulself in die natuur en te midde van sekere natuurtonele bevind. Die stilte word skielik tasbaar, maar dit is nie iets wat net woordeloos is nie. Wanneer hulle hulself in hierdie stilte bevind, word hulle geraak in hul binnewêreld en kan hulle fisies voel hoe iets gebeur deur ‘n gevoel van oorweldiging, vrede, vreugde, vrees ensovoorts. Krishnamurti (1999) beskryf hierdie stilte as entiteit akkuraat wanneer hy sê: “It is only where there is space and silence that something new can be that is untouched by time/thought. That may be the most holy, the most sacred – maybe. You cannot give it a name. It is perhaps the unnameable.”

- Stilte as portaal

Stilte as portaal dra die betekenis dat die mens vanuit hierdie toestand na vore kom asof dit ‘n werklike, fisiese gebied is (Lababidi, 2010:35). Wanneer jy jouself in sulke spasies bevind, dien dit as middel om in stilte te verkeer. Daar is verskeie plekke wat die mens help om stilte te bereik of binne te gaan. Daar is tempels van stilte, naamlik sekulêre plekke van aanbidding, lering en genesing waar stilte gekweek word, soos byvoorbeeld biblioteke, hospitale en begraafplase (Lababidi, 2010:35). Wanneer ‘n mens jouself in sulke plekke bevind, word dit makliker om stilte binne te gaan, aangesien daar ruimte vir stilte geskep is wat as ‘n portaal dien waardeur ‘n mens kan beweeg. Gebed is ook ‘n portaal wat jou inlei in stilte waar ‘n mens die gevoel van vreedsame stilte kan beleef. Om te lees kan ook as ‘n portaal vir stilte dien, aangesien dit jou toelaat om van een plek in jou siel na ‘n ander te kan gaan, aangesien die eksterne wêreld in ‘n mate wegval en jy in die leesstof opgeneem word.

Hierdie drie komponente van stilte, naamlik stilte as taal, entiteit en portaal, verskaf aan ons ‘n klein insig van hoe groot die wêreld van stilte werklik is. Stilte as geloofsdissipline (waarna daar in hierdie studie verwys word) bevat al drie hierdie komponente met die doel om tot God te nader, geestelik te groei, in kontak met jouself en jou innerlike werklikheid te kom en sodoende ‘n gesonde en vervulde lewe te kan lei (Vos, 2012:100).

#### 3.5.2.2. Stilte as middel tot bewustheid

Innerlike stilte word deur talle godsdienste beoefen en word as ‘n menslike dissipline en goddelike genade gesien – stilte verdiep die bewustheid, help die mens om in kontak te kom met die misterieuse dimensie van die Goddelike en resoneer met die goddelike teenwoordigheid in die wêreld (Painadath, 2015:33). Stilte help die mens om van die oppervlak, die ooglopende, die algemene na die onbekende, die diepte, die essensiële deel van die mens se wese te beweeg. In innerlike stilte sink die bewustheid van ‘n ekstrovertiese sintuiglike vlak na ‘n introvertiese hartsvlak. Painadath is van mening dat ‘n mens steeds dualiteit in die werking van die brein ervaar, maar in die intuïtiewe persepsie word die mens bewus van die salige eenheid van die realiteit. Dit beteken dat ‘n mens aan baie verskillende dinge op dieselfde tyd kan dink en aan verskeie dinge aandag kan skenk wanneer jy vanuit jou verstand leef, maar wanneer daar na bewustheid beweeg word, word die eksterne stemme stil en kan daar na ‘n gevoel van vrede en saligheid, ‘n dieper bewustheid, beweeg word. Lonergan (1983:117) skryf dat bewustheid in dade van aanvoeling en gevoelens, navrae en verstaan, beraadslaging, besluitneming en waarneming duidelik word. Wanneer ‘n mens innerlik stil word, word jy in staat gestel om ‘n toestand van bewustheid te bereik. Bewustheid maak lewende entiteite teenwoordig in hulself – dit is die kernervaring van die self (Secomb, 2015:69). Deur bewustheid besef ‘n mens wat die privaatste

en intiemste dinge binne-in jou is – die verborge kern van die mens se wese (Lonergan, 2001:240).

Painadath (2015:34-37) bespreek vier vlakke van bewustheid wat deur stilte bereik kan word, naamlik liggaamlike stilte, verstandelike stilte, mistiese stilte en kontemplatiewe stilte. Hierdie verskillende vlakke sal kortliks bespreek word:

- Liggaamlike stilte

  Die hoogste vlak van liggaamlike stilte word deur die vyf sintuie gekommunikeer; daar word aanbeveel dat die persoon stil moet sit om die sintuie terug te bring na hul innerlike oorsprong sodat hulle nie deur die eksterne wêreld oorweldig word nie (Painadath, 2015:34). Die doel van liggaamlike stilte is om die self liggaamlik van alle eksterne stimuli te onttrek en heeltemal op te hou om besig te wees sodat die persoon tot stilstand kan kom.

- Verstandelike stilte

  Daar word eerstens ‘n onderskeiding getref tussen die bewuste en die onbewuste in die mens se verstand. Hier word verskeie oefeninge aangebied om die rondswerf van gedagtes te beheer en dit op ‘n stilstaande punt te fokus, byvoorbeeld asemhalingsoefeninge of die herhaling van mantras wat die onderbewuste in die verstand tot kosmiese harmonie bring (Painadath, 2015:34). Om verstandelike stilte te beleef word verskeie meditasietegnieke ook gebruik sodat die individuele bewustheid in aanvoeling kan kom met die universele bewustheid.

- Mistiese stilte

  Die doel van mistiese stilte is om die beweging van die Goddelike te ervaar. Die hart is die *simbool* in alle godsdienstige tradisies wat die innerlike goddelike spasie verteenwoordig en beskryf – in die hart ervaar die mens die Goddelike as beweging (Painadath, 2015:36). Daar kan afgelei word dat die hart nie ‘n spesifieke plek is nie, maar ‘n simbool van ‘n dieper vlak van bewustheid. Painadath (2015:37) skryf dat daar in mistiese stilte ‘n bewuswording ontstaan van ‘n kosmiese bewustheid – die hart van die eindige/sterflike is ingestel op die ritme van die oneindige/onsterflike en die lig van die siel smelt saam met die Goddelike lig. Die mens word oorweldig deur die misterie van die Goddelike. Binne-in die hart word die heilige teenwoordigheid ervaar as mistiese stilte – die toegewyde interpersoonlike verhouding met God word verdiep deur die kontemplatiewe, transpersoonlike ervaring van die Goddelike (Rohr, 2009:16).

- Kontemplatiewe stilte

  In die Indiese tradisies word die *buddhi* beklemtoon – die *buddhi* is die intuïtiewe fakulteit van persepsie, die innerlike orgaan van insig (Painadath, 2015:36). Die navorser kan die afleiding maak dat daar hier verwys word na die siel of die gees van die mens – dit is dieper as net 'n verstandelike begrip. Dit gaan daaroor om dieper te kyk en dieper te wonder – om dít wat verstandelik beredeneer en beskryf kan word in 'n dieper sin te ervaar, te voel en te kontempleer om op hierdie wyse 'n groter betekenis te ontdek. 'n Belangrike beginsel van kontemplatiewe stilte is dat dit iets is wat nie verstaan nie, maar ervaar moet word – iets wat in die diepte van die siel beleef word.

Hierdie vlakke van bewustheid het almal ten doel om 'n mens van eksterne stimuli en afleidings te onttrek en dus in kontak te bring met die innerlike wêreld, die Goddelike wat diep in die mens se wese ervaar word. Daar word van 'n oppervlakkige wêreld van ervarings beweeg na 'n diep, egte ervaring van God en die self. Millenniale is vasgevang in hierdie besige, luidrugtige lewe; hulle word oorval met eksterne stimuli en afleidings en het 'n soeke na iets wat eg en outentiek is. Alhoewel hierdie genoemde vlakke van bewustheid wat in stilte ervaar word vanuit Indiese agtergronde geneem is, is die navorser van mening dat Millenniale 'n antwoord tot hul diep soeke sal vind in die beoefening van stilte en afsondering binne 'n Christelike konteks.

### 3.5.3. Afsondering as geloofsdissipline

Afsondering beteken om lang periodes van tyd alleen saam met God te spandeer en om doelbewus interaksie met ander mense te vermy (Vos, 2012:105). Henri Nouwen (1974:22) skryf dat die mens wat in afsondering gaan, ontdek dat dit belangriker is om te "wees" as wat dit is om te "hê" en dat die mens meer werd is as die resultate van ons moeite. Die mens kan in afsondering vlug van 'n samelewing wat individue en groepe probeer verander. Vos (2012:105) meen dat die mens in afsondering psigiese afstand vind, asook 'n perspektief om in die lig van die ewigheid die geskape dinge wat ons onderdruk, bekommer en gevange hou te kan sien. Afsondering bied ontvlugting hiervan; dit bied die geleentheid om terug te staan en objektief na die lewe te kyk.

Dictionary.com (2017) definieer "afsondering" as selfstandige naamwoord op die volgende drie maniere:

- Om alleen te wees of te woon
- Ver verwyder, van wonings of plekke; afwesigheid van menslike aktiwiteit
- 'n Eensame plek wat selde besoek word

In psigologie word "afsondering" gedefinieer as die ervaringstoestand van doelbewuste sosiale onttrekking, verlaagde sosiale inhibisie en toenemende vryheid om jou verstandelike en fisiese

aktiwiteite te kies (Long & Averill, 2003:21). Ons lewens is baie besig en ons word voortdurend met eksterne stimuli gebombardeer wat ons aandag verg en ons besig hou, maar afsondering bied ‘n toevlug wat ons wegneem van oortollige eksterne stimulasie en na ‘n groter sin van individuele kognitiewe vryheid bring (Hoover, 2011:2). Tydens afsondering weerhou mense hulself doelbewus van enige interaksie met ander mense om sodoende hulself enige geselskap te verbied – hulle neem dus hulself weg van die alledaagse en gaan na ‘n woestyn, die see of sluit hulself weg van ander mense.

Volgens Willard (1991:160) is afsondering ‘n keuse – die mens kies om alleen te wees. Afsondering kan ook vreesaanjaend wees, aangesien ons in ‘n wêreld leef waarin ons daaraan gewoond is om besig te wees, omring van mense en voortdurend vasgevang in ons eie gedagtes, emosies en omstandighede. Ons kry nie altyd tyd om stil te raak, te reflekteer en in kontak te kom met onsself, ons emosies, gedagtes en verhouding met God nie. Hoover (2011:8) is van opinie dat mense wat afsondering beoefen, in staat is om hul strewe na eksterne sekuriteit en hul onderliggende eensaamheid in die gesig te staar, en stadig maar seker hulself te verdiep in ‘n intieme verhouding met God of hulself. In afsondering konfronteer ‘n mens jou eie siel met sy duistere magte en konflikte wat jou so maklik ontgaan wanneer jy interaksie met ander mense het (Willard, 1991:160).

Kidder (2007:8) reken dat die beoefening van afsondering ongemak mag veroorsaak, omdatdit teen die voorskrifte van die Westerse kultuur is. Ons leef in ‘n tyd van konneksie, spoed en interaksie. In die Westerse kultuur word mense gekonfronteer met die media wat ons vermaan om in verbinding te bly, kontak te behou en meer doeltreffend te kommunikeer (Kidder, 2007:9). As ‘n mens na die internet, selfone, 24/7-dienste ensovoorts kyk, besef jy dat dit mense in staat stel om voortdurend in kontak te bly en dat dit die bewustheid skep dat mense enige tyd en enige plek in kontak met enige iemand en enige inligting kan kom. Alhoewel die beskikbaarheid van hierdie tegnologiese hulpbronne baie maklik en gerieflik is, hou dit mense verdoof en veilig verskans in die illusie dat hulle in harmonie en in kontak met die polsende vloei van die lewe is (Kidder, 2007:9). Dit weerhou mense ook daarvan om in kontak met hulself te kom, want hulle is so betrokke by ander mense met ander omstandighede dat hulle in die proses hulself heeltemal verloor. Vos (2012:110) skryf dat ‘n lewe sonder eensame plekke van afsondering maklik destruktief kan word, aangesien die wêreld sonder die mens voortgaan en die mens kontak met homself, ander en God verloor as resultaat van hierdie gejaagde lewe. Afsondering is dus ‘n dissipline wat uitgebou en ingeoefen behoort te word; dit is iets wat nagestreef en stelselmatig deel van die mens se alledaagse lewe moet word.

#### 3.5.3.1. Afsondering teenoor eensaamheid

Daar kan baie maklik verwarring ontstaan tussen afsondering en eensaamheid. Om alleen te wees en om eensaam te wees is nie dieselfde nie; dikwels verwar mense die een met die ander en daarom word afsondering deur baie mense ten alle koste vermy. Marano (2003) is van mening dat eensaamheid ‘n negatiewe toestand is wat gekenmerk word deur isolasie en die diepe gevoel dat iets of iemand gemis word. Afsondering, aan die ander kant, beteken om alleen te wees sonder om eensaam te voel – dit is ‘n positiewe en konstruktiewe toestand van eenheid en verbinding met die self.

Wanneer ons eensaam of vir ‘n tydperk alleen is en niemand het om mee te gesels of geen dinge het om te doen nie, kan die lewe donker en angswekkend raak; innerlike chaos kan dan na vore kom en dreig om ons in te sluk. Daarom probeer mense om hulself besig te hou en alles te doen sodat hulle net nie alleen moet wees nie. Ons skep aktiwiteite wat ander betrek, spandeer lang ure in vergaderings of klou aan ongesonde verhoudings vas omdat ons nie eensaamheid kan verdra nie – ons dryf onsself om die geselskap van ander mense op te soek (Bonhoeffer & Wells, 2015:76).

Afsondering lei tot ‘n groter en dieper verbinding met die self en ook met God. Mulholland (2016:158) meen dat afsondering meer as net die onttrekking van jouself van ander is. Dit is om net jouself by God te wees en om aan jouself en aan God te erken wie jy is. Afsondering help die mens om bewus te word van God se stem, dit moedig die mens aan om stil te word en om die eksterne en interne geraas (wat dit so moeilik maak om enige iets buite onsself te hoor) stil te maak (MacFarlane, 2009:40).

## 3.6. Beoefening van stilte en afsondering in ander godsdienste

### 3.6.1. Stilte en afsondering in Hindoeïsme

Stilte en afsondering word tegelykertyd in Hindoeïsme beoefen Tye van stilte gaan altyd met afsondering gepaard – die mens het nodig om weg te gaan en eenkant te kom om hierdie stilte te kan beleef. Die skriftelike grondslag van klassieke Hindoeïsme lê in die *Vedas,* die vier versamelings wat die eerste Indiese geskrifte gevorm het (Painadath, 2015:38). Dit het gebeur deurdat die vaders van Hindoeïsme in tye van stilte sekere goddelike vibrasies en stemme gehoor en toe die geskrifte geskryf het. Stilte en afsondering word op ‘n gereelde basis deur Hindoes beoefen. Hierdie stilte word beoefen deur middel van meditasie soos joga of die herhaling van die goddelike naam. Die mens maak ‘n belofte om in stilte in te gaan vir ‘n sekere tydperk – kort of lank – en in hierdie stilte word daar reiniging en verheffing van die self ervaar (Painadath, 2015:38).

### 3.6.2. Stilte en afsondering in Boeddhisme

Boeddhisme het vanuit Gautama Buddha se verligtingservaring ontstaan – hy het deur middel van ‘n diep stilte die dinamiese aard van die realiteit ervaar (Painadath, 2015:39). Buddha het geglo dat niks ‘n statiese realiteit is nie, maar dat alles in die lewe, afhangend van hul oorsprong, op een of ander manier aanmekaar verbind is. Tydens stilte resoneer die bewustheid met die bewegings van die realiteit en die doel is om uiteindelik ‘n toestand van Nirvana te bereik (Painadath, 2015:39). Gyatso (2007) skryf dat wanneer mense verligting bereik, hulle al die nodige kwaliteite sal hê wat alle mense tot dieselfde verhoogde toestand sal lei.

### 3.6.3. Stilte en afsondering in Islam

Islamiete wil graag verligting en ‘n dieper verbinding met die teenwoordigheid van hulle god bereik – een van die maniere om dit te doen is om die geestelike dissipline van *khalwa* (geestelike onttrekking) te beoefen (Alexander, 2013). Dit is ‘n dissipline wat Mohammed regdeur sy lewe beoefen het en daardeur het hy sy groot openbarings ontvang. *Khalwa* word in tye van intense meditasie en refleksie beoefen; die resultaat daarvan is die geleentheid om die illusie en valsheid van die self te oorskry en bewus te word van die waarheid – die ontdekking van die goddelike teenwoordigheid (Alexander, 2013). Die doel van hierdie geestelike dissipline is om op ‘n daaglikse basis geanker te bly en om die vaardigheid te ontwikkel om teenwoordig te wees in alles wat gedoen word.

## 3.7. Stilte en afsondering as riglyn vir die Millenniale Generasie

Die huidige kultuur en leefstylvoorkeure van die Millenniale Generasie beklemtoon gemeenskap en vermaaklikheid wat deur mense buite hierdie demografiese groep as “geraas” geklassifiseer word (St John, 2013:61). Die Millenniale is ‘n besige generasie; hulle aandag word voortdurend verdeel om by te bly by al die eksterne stimuli. Een van die grootste dinge wat die Millenniale van ander generasies onderskei, is tegnologie – dit was nog altyd deel van hul lewe (Nikirk, 2012:13). Selfone, rekenaars, sosiale media, onmiddellike bevrediging weens die bevordering van tegnologie ensovoorts is in ‘n groot mate deel van die Millenniale se lewens. Hierdie ononderbroke stroom van stimuli wat aan die Millenniale Generasie gebied word, bring ‘n nuwe uitdaging aan hulle om te kan fokus en teenwoordig te wees by wat op ’n gegewe moment gebeur (Richtel, 2010).

Tegnologiese versnelling, geraas, die spoed van die lewe, die gejaag, gerief van onmiddellike bevrediging en beskikbaarheid het ‘n massiewe impak op hoe Millenniale die lewe sien. Die breine van hierdie generasie is gewoond daaraan om vinnig en gereeld van een taak na die volgende te spring; dit maak dit vir hulle baie moeilik om hul aandag uitsluitlik op een ding te vestig (St John, 2013:90). Dit kan maklik veroorsaak dat die Millenniale oorweldig word deur die talle take en gebeurtenisse van die daaglikse lewe; hulle het dus nodig om eenkant te gaan en stil te word. Richtel (2010) meen dat Millenniale wel op digitale vermaaklikheid, die gelyktydige verrigting van

verskeie take (“multi-tasking”), virtuele speletjies ensovoorts floreer, maar dat hul breine nog steeds nodig het om af te skakel sodat hulle al die inligting waarmee hulle oorweldig word, kan verwerk en hulle sin kan maak van die lewe en wat om hulle gebeur.

Alhoewel die Millenniale Generasie dus in hierdie besige, luidrugtige leefstyl gedy, is dit van groot waarde vir hulle om die dissiplines van stilte en afsondering in hul lewe te inkorporeer. Hierdie versnelling van die lewe veroorsaak dat die mens nie tot stilstand kom nie. Dit veroorsaak dat jy afgesny word van jouself, ander, die wêreld en ook God (Rosa, 2010:96). Millenniale het dus nodig om eenkant te gaan en stil te word, weg van die oorweldigende eksterne stimuli.

Volgens Kim (2013:28) se navorsing is Millenniale se grootste soeke in die lewe die soeke na betekenis. Littman-Ovadia en Steger (2010) beskryf betekenis in die lewe as die persepsie van ‘n doel, betekenis of missie in die lewe. In ‘n lewe wat so gevul is met geraas, gejaagdheid en talle eksterne afleidings en stimuli kan dit baie moeilik wees vir Millenniale om betekenis in hul lewe te vind. Dit is opvallend hoe hierdie generasie nie soos die vorige generasies hulle tot godsdiens wend om betekenis en hul doel in die lewe te vind nie. Volgens die Barna Group (2007:51-53) se navorsing wil Millenniale nie noodwendig hul geloof verlaat nie, maar is hulle op soek na ‘n *dieper geestelike verbintenis* en het hulle die behoefte om hulself en die wêreld te verander. Hulle verlaat dan die kerk omdat hulle voel dat daardie behoeftes nie in die kerk vervul word nie en dat hul groot soeke in die lewe nie hanteer word nie.

Dit is duidelik dat die Millenniale Generasie soekend van aard is – hulle is op soek na egtheid, veral in geloof. Hulle het baie vrae en onsekerhede ten opsigte van geloof en godsdiens, maar een ding is seker: hulle is op soek na iets wat eg is in godsdiens en geloof en nie noodwendig iets wat nuut en relevant is nie (Barna Group, 2007:54). Webber (2001) meen ook dat Millenniale nie geïnteresseerd is in hul ouers se benadering tot die kerk nie – hulle verkies eerder die tradisies van die antieke tye, met ander woorde klassieke Christenskap. Die Millenniale generasie is op soek na outentieke aanbidding, ‘n outentieke geloof met diepte, uitdagings en ontmoeting (St John, 2013:71). Stilte en afsondering is dissiplines wat uit die antieke Christenskap ontstaan het; dit is eg en outentiek en kan van groot waarde vir die Millenniale wees.

### 3.8. Samevatting

In hierdie hoofstuk is die prakties-teologiese model van Osmer gevolg deur te fokus op die interpreterende taak wat die vraag “Waarom gebeur dit?” probeer beantwoord. Die doel van hierdie hoofstuk was om vanuit verskillende aangrensende wetenskappe die relevante besonderhede van episodes te interpreteer sodat daar ‘n duidelike prentjie rakende die veld van geloofsdissiplines geskep kan word (Schoeman, 2005:131).

Weens die gejaagdheid en luidrugtigheid van die hedendaagse samelewing word die Millenniale Generasie gekonfronteer met talle afleidings, tegnologie en die gerief van onmiddellike beskikbaarheid van bronne en bevrediging. Daar is bevind dat Millenniale ‘n groot soeke in hul lewe het. Hulle is op soek na betekenis en na ‘n egte en outentieke geloof. Navorsing wys dat al hoe meer Millenniale die kerk verlaat en aandui dat hulle nie noodwendig godsdienstig is nie, omdat hulle voel dat die kerk nie in hul behoeftes kan voorsien nie en dat die kerk nie vertrou kan word nie. Tog is daar bevind dat Millenniale wel aandui dat hulle geestelik is en dat hulle ‘n soeke na ‘n ware, egte en outentieke geloof het.

Die navorser het in hierdie hoofstuk ondersoek ingestel oor die wyse waarop geloofsdissiplines oor die algemeen in ander godsdienste, die psigologie en die hedendaagse kultuur voorkom. Dissiplines word beoefen sodat ‘n groter doel bereik kan word. Verskillende teoretiese benaderings wat van naderby beskou is, gee ‘n blik op die waarde van geloofsdissiplines, byvoorbeeld die invloed van spiritualiteit op geloofsdissiplines, die agtergrond en ontstaan van geloofsdissiplines, die waarde van geloofsdissiplines en ook die doel van geloofsdissiplines. Daar is ook nagevors hoe geloofsdissiplines die mens in geestelike vorming lei om sodoende nader aan God te kan groei en in groter kontak met die self en die innerlike wêreld te kom.

In hierdie studie word daar spesifiek gefokus op die geloofsdissiplines van stilte en afsondering en is daar gekyk hoe dit binne die Christelike godsdiens, ander godsdienste en in die hedendaagse samelewing lyk. Dit is duidelik dat stilte en afsondering in ‘n wye verskeidenheid van velde van groot waarde is en dat dit altyd ‘n positiewe impak maak. Daar is bepaal dat die mens tye van afsondering nodig het om eenkant te kan gaan en te onttrek van die wêreld en al die afleidings van die eksterne stimuli. In stilte kan mense in kontak kom met wat besig is om in hul binne-wêreld te gebeur, want dan is hulle in staat om alle ander stemme en geraas uit te skakel en na hul innerlike te luister. Dit is juis hier waar die mens gestroop word van alle pretensies, maskers, leuens en verworwe realiteite – hier word die mens gekonfronteer met die rou waarheid van wat werklik in die innerlike wêreld aan die gang is. Dit is ook in stilte wat die mens God se stem hoor en waar daar geleentheid geskep word om te wag en te luister.

Omdat die Millenniaal in ‘n samelewing en tyd leef wat deur tegnologiese versnelling, gejaag, lawaai en afleidings gekenmerk word, is die geloofsdissiplines van stilte en afsondering van groot waarde om sodoende ‘n egte en outentieke geloof te kan hê. In die volgende hoofstuk sal daar ‘n literatuurstudie gedoen word oor die Millenniale Generasie.

# Hoofstuk 4

# INTERPRETERENDE TAAK: LITERATUURSTUDIE MET BETREKKING TOT DIE MILLENNIALE GENERASIE

## 4.1. Inleiding

Hierdie hoofstuk vorm steeds deel van die interpreterende taak van Osmer (2008:4), wat behels dat ‘n proses gevolg word om die grondliggende aspekte van ‘n spesifieke situasie te verstaan deur op verskeie teorieë en modelle te steun (Espinoza, 2013:209). Die doel van hierdie hoofstuk en die interpreterende taak van Osmer is egter om vanuit *ander* wetenskappe die relevante besonderhede van episodes te interpreteer deur middel van wyse oordeel, morele sin en ‘n geldige begrip van die teorieë wat gebruik word (Osmer, 2008:85).




**Figuur 4-1: Skematiese voorstelling van Osmer se prakties-teologiese model (Osmer, 2008:11)**

In die vorige hoofstuk is daar ‘n interpreterende studie gedoen met betrekking tot *geloofsdissiplines* en ook die twee dissiplines waarop die studie gefokus is, naamlik stilte en afsondering. In hierdie hoofstuk word ondersoek ingestel na navorsing oor die identiteit, soeke, doel en ander tersaaklike inligting rakende die Millenniale Generasie. Die metodologie wat gevolg sal word, is soortgelyk aan die vorige hoofstuk, omdat dit steeds deel van die interpreterende taak vorm. Daar sal in hierdie studie gefokus word op verskeie wetenskappe en die navorsing en inligting daarvan oor die Millenniale. Dit is van groot waarde om soveel as moontlik kennis te hê

oor die gekose generasie om sodoende tot die korrekte en betekenisvolle gevolgtrekkings en pragmatiese stappe te kan kom. ‘n Grondige begrip van wie die Millenniale Generasie is, waarna hulle op soek is, hoe hul gedragspatrone lyk, hoe hulle deur die samelewing beleef word en ook wat hul groot geloofsoeke behels, is hier van belang.

## 4.2. Generasies

Generasies word gedefinieer volgens ouderdom (individue se ouderdom waarin lewensgebeure en oorgange plaasvind), tydperk (dít wat binne die leeftyd van ‘n individu gebeur) en gedeelde karaktereienskappe (individue wat in hul vormingsjare sekere gedeelde ervaringe en gebeure beleef wat tot soortgelyke eienskappe en gedragspatrone kan lei vir die duur van hul lewens) (DeVaney, 2015:1). In hierdie afdeling sal daar na vier generasies verwys word soos wat dit in die literatuur bespreek word, naamlik die Stil Generasie, die Baby Boomers, Generasie X en Generasie Y, wat ook as die Millenniale Generasie bekend staan (Troksa, 2016:8).

### 4.2.1. Die Stil Generasie

Die Stil Generasie (ook bekend as die Tradisionaliste) is diegene wat tussen 1930 en 1945 gebore is; die Groot Depressie en die Tweede Wêreldoorlog het ‘n groot impak op hierdie generasie gehad (DeVaney, 2015:11; Rainer & Rainer, 2011:10). Die generasie het in baie moeilike omstandighede grootgeword of is in baie moeilike omstandighede gebore, wat ‘n massiewe impak gehad het op hul ontwikkeling, wêreldbeskouing en, uiteindelik, hul totale lewensuitkyk. Tydens die Groot Depressie het talle Amerikaners van verskillende sosiale statusse hul huise en besittings verloor en hongersnood was ‘n groot werklikheid – ongeveer 24% van alle Amerikaners was werkloos in dié tyd (Williams, 2017). Hierdie omstandighede het ‘n groot rol gespeel in hoe die generasie beleef en ervaar word; dit is as gevolg van hul omstandighede dat hulle die naam ontvang het van die ”Stil Generasie”. Die term is vir die eerste keer in 1951 gebruik in *Time Magazine* se voorbladstorie, waarin geskryf is dat hierdie generasie gekenmerk word deur hul verbeeldingloosheid, teruggetrokkenheid en versigtigtigheid (Time Magazine, 1951). Die Stil Generasie het ‘n praktiese uitkyk op die lewe en dit is ook die wyse waarop hulle die lewe oor die algemeen benader. Clause (2017) meen dat oorlewing die grootste tema tydens hul ontwikkelingsjare gespeel het; volharding deur die beste te maak van wat jy het, was ‘n belangrike benadering tot die lewe en kenmerk vandag nog baie van hierdie mense se lewens. Teen die einde van die 1930’s was Suid-Afrikaners in dieselfde posisie as mense in ander lande van die wêreld; dit was die tyd van die Groot Depressie waartydens die lewe baie moeilik was en daar van kinders verwag is om te werk (Codrington, 2000:25).

### 4.2.2. Baby boomers

Die generasie wat op die Stil Generasie volg, is die Baby Boomers. Hulle is die mense wat vandag tussen die ouderdomme van 53 en 71 is en dus tussen 1946 en 1964 gebore is (De Lucia, 2015:10; DeVaney, 2010:11; Rainer & Rainer, 2011:8). Baby Boomers word gekenmerk as sterk

individualistiese persone (Huber & Skidmore, 2003). Anders as hulle ouers wat deel van die tradisionalistiese generasie is, was hul fokus nooit daarop gerig om bloot net te oorleef nie. Omdat hulle baie meer individualisties is, het hulle besluite gemaak en die soeke gehad na dinge in die lewe wat vir hulle betekenis en self-aktualisering inhou; hulle wou ook vorentoe beur uit hul armoede. Sally Kane (2017) meen dat hulle grootgeword het in die era van die reformasie en dat hulle dus met die geloof leef dat hulle die wêreld kan verander. Hulle bevraagteken bestaande outoriteitstelsels en daag die *status quo* uit. Hierdie generasie is ook nie bang vir konfrontasie nie en het groter opvoedkundige en finansiële geleenthede as die vorige generasie gehad. Hulle was ook meer prestasie-georiënteerd, toegewyd en gefokus op hul loopbane (Kane, 2007).

In Suid-Afrika was die Baby Boom-jare uitgebrei weens die beleid van apartheid wat probeer het om 'n samelewing sosiaal te bewerkstellig (Codrington, 2000:29). Tussen 1954 en 1964 was daar in Suid- Afrika ekonomiese vooruitgang toe die goudprys gestyg het en die Suid-Afrikaanse Rand sterker was as meeste ander geldeenhede in die wêreld – hierdie generasie het dus baie meer geld gehad as enige generasie voor hulle (Codrington, 2000:29). In 'n navorsingsverslag van Wong, Gardiner, Lang en Coulon (2008:887; cf. ook Van Niekerk, 2017:9) word daar bewys dat die grootste dryfveer van die Baby Boomer-generasie mag asook die moontlikheid van beïnvloeding en beheeruitoefening was.

### 4.2.3. Generasie-X

Die generasie wat op die Baby Boomers volg, staan as Generasie X bekend; hulle is diegene wat tussen 1965 en 1981 gebore is (De Lucia, 2015:10; DeVaney, 2010:11; Strauss & Howe, 2007). Hierdie generasie was aan groter egskeidingsyfers van ouers blootgestel weens moeders en ander vrouens wat hoër-onderwysgrade en werk nagejaag het – iets wat voorheen meer vir die manlike generasie gereserveer was (Vejar, 2008:3). As gevolg hiervan het hulle met minder ouersorg by die huis grootgeword en word daar dus ook na die Huissleutel-generasie ("Latchkey Generation") verwys (Riggs, 2017:6). Huissleutel-kinders is diegene wat gewoonlik buite skoolure aan hul eie sorg oorgelaat was (Codrington, 2000:37). Hierdie fenomeen was net so relevant in die Suid-Afrikaanse konteks. Studies toon aan dat naastenby 'n derde van Johannesburg se kinders (en bykans die helfte van Soweto se kinders) onder hierdie kategorie val, soos reeds in 1994 deur Van Zyl Slabbert (1994:76) berig is. Generasie X het as gevolg van lang ure waarin hulle alleen tuis was, ondersteuning by hul vriende gevind en het dus vriendskappe bo hul families verkies (Vejar, 2008:4). Omdat hulle aan werkverslaafde ouers blootgestel was, het hierdie generasie geleer om pragmaties, selfstandig en aanpasbaar vir verandering te wees (Patterson, 2007:19). Hulle probeer om die huissleutel-leefstyl van hul ouers te vermy en plaas dus groot fokus op familie en die kwaliteit van die lewe (Patterson, 2007:20). Generasie X het ook grootgeword tydens groot tegnologiese vordering – die internet het glad nie tydens hul opvoedingsjare bestaan nie, maar hulle het maklik en vinnig aangepas (Riggs, 2017:6).

In Suid-Afrika kan Generasie X gedefinieer word as al die mense wat oud genoeg is om apartheid te onthou en wat deur die geskiedenis veroordeel word omdat hulle in daardie tyd grootgeword het – tog was hulle nie oud genoeg om waarlik deel te wees van enige vorm van onderdrukking as gevolg van apartheid nie (Codrington, 2000:37; Van Niekerk, 2017:41). Codrington kom tot die slotsomdat hulle grootgeword het in die skadu van die gebeure tydens apartheid en as "deel van die probleem" gesien word, alhoewel dit glad nie die geval is nie. As gevolg van hierdie agtergrond en konteks waarin die generasie grootgeword het en waaraan hulle blootgestel was, is daar heelwat spesifieke kenmerke wat hulle van die vorige generasies onderskei. Riggs (2017:6) beskryf Generasie X as onafhanklik, vindingryk, selfbesturend, sinies, pragmaties en skepties teenoor outoriteit. Die generasie wat ná Generasie X gebore is, is Generasie Y, wat beter bekend staan as die Millenniale Generasie en wat ook die fokus van hierdie studie is.

## 4.3. Millenniale Generasie

### 4.3.1. Wie is die Millenniale Generasie?

Daar is verskeie menings rakende die geboortejare van diegene wat deel van die Millenniale Generasie vorm. Boehme (2013:95) meen dat Generasie Y (of die Millenniale Generasie) tussen 1981 en 2000 gebore is. Troksa (2016:56) is van opinie dat Millenniale tussen 1981 en 2003 gebore is. 'n Ander mening is dat Millenniale as groep tussen 1980 en 2000 gebore is (Milkman, 2014:55), terwyl Codrington (2000:40) reken dat hierdie generasie in Suid-Afrika uit diegene bestaan wat vanaf 1990 gebore is –die generasie het geen persoonlike herinnering aan die apartheidsjare nie (die ondemokratiese en onregverdige stelsel van die regering wat in 1994 offisieel geëindig het). Die navorser is van mening dat die Millenniale Generasie diegene is wat tussen 1981 en 2000 gebore is (cf. Boehme, 2013:95; Van Niekerk, 2017:66). Hulle word die Millenniale Generasie genoem omdat hulle het in die nuwe millennium grootgeword. Die oudste lede van hierdie generasie is ongeveer 30 jaar en die jongstes in hulle adolessensie (Boehme, 2013:95). Neil Howe het die term Millenniaal gemunt – hy was van mening dat 'n nuwe, moderne en opwindende naam gepas is om hierdie generasie te beskryf weens die veranderende wyse waarop hulle grootword (Troksa, 2016:56). Daar is verskeie name vir hierdie generasie voorgestel, naamlik "Generation Y (of Why?)", "Generation Tech", "Generation Next", "Generation.com", "Generation 2000", "Echo Boom", "Boomer Babies" en "Generation XX" (Howe & Strauss, 2000).

Howe en Strauss (2000:31) reken dat die era van die "beskermde kind" begin het ná die gebeurtenis in September 1982 toe daar spore van sianied (wat in spesifieke pynmedikasie gebruik word) in "Halloween"-lekkernye vir jong kinders gevind is. Hulle is van opinie dat hierdie gebeurtenis die begin van die Millenniale Generasie kenmerk. Volgens Troksa (2016:60) is die wêreld aan die Millenniale Generasie gebied, maar is hulle terselfdertyd teen alles daarin beskerm Millenniale het baie beskermd grootgeword, maar die negatiewe aspek daarvan is dat hulle nie

altyd toegelaat is om dinge op hul eie te doen nie, omdat ouers bang wat dat hulle sou seerkry en wou seker maak dat hul lewens minder onstuimig sou wees as toe húlle jonk was (Troksa, 2016:61). Een groot eienskap onderskei die Millenniale van vorige generasies, naamlik die beskikbaarheid van tegnologie. Waar dit vir vorige generasies bloot ‘n byvoeging was, was tegnologie nog altyd ‘n integrale deel van die Millenniale Generasie se lewens (Nikirk, 2012:13).

DeVaney (2015:12) skryf dat die volgende eienskappe aan Millenniale toegeskryf kan word: optimisme, eiegeregtigheid, gemeenskapsgerigtheid en nabye ouerbetrokkenheid; hulle heg waarde aan ’n balans tussen werk en lewe, is ongeduldig en ook spangeoriënteerd. Volgens Boehme (2013:65) is hulle etnies baie divers en progressief of liberaal in hul politieke oortuigings; in vergelyking met die res van die wêreld is Suid-Afrikaanse Millenniale baie meer divers (Martins & Martins, 2012:153; Puybaraud, 2010:20). Volgens die International Labour Organisation (ILO) se verslag in 2015 word daar gereken dat meer as 212 miljoen mense sonder werk sal wees teen 2019 (Allen, 2015). Een van die grootste bevindings was dat die wêreldwye werkloosheidsyfer tussen 15- en 24-jariges ongeveer 13% is (74 miljoen jongmense) en dat daar gemeen word dat die syfer nog gaan styg (Butler, 2015). In die Suid-Afrikaanse konteks is globalisering en werksekuriteit belangrike temas vir Millenniale (Van Niekerk, 2017:5). Die *Quarter 4 Labour Survey* in 2014 wat in die Suid-Afrikaanse *Government Gazette* gepubliseer is, toon dat jongmense se werkloosheidsyfer 67,4% is (South Africa, 2015).

Die Pew Research Center se studie deur Keeter en Taylor (2009) rakende die Millenniale Generasie het die volgende bevindings opgelewer:

- Millenniale is meer divers in etniese en rassekonsepte as vorige generasies.
- Hulle is meer polities progressief/liberaal as vorige generasies.
- Anders as vorige generasies, sien die Millenniale nuwe tegnologie soos Facebook, Google, YouTube, Twitter en teksboodskappe nie as nuwe innovasies nie, maar as iets wat deel is van hul daaglikse lewe.
- Hulle is die generasie wat die minste godsdienstig is – 25% van 18- tot 29-jariges is nie geaffilieer met enige godsdiens nie, maar tog woon 33% van die 40% stemmers godsdienstige dienste by en bid hulle net soveel soos die vorige generasies.
- Hierdie generasie sal die mees opgevoede generasie wees, omdat die grootste hoeveelheid van hulle aan tersiêre instansies gradueer.

Die Millenniale is baie uniek. Die lewe van hedendaagse jongmense is ‘n totaal verskillende ervaring van dié van vorige generasies se jongmense (Kim, 2013:20).

### 4.3.2. Soeke van die Millenniale Generasie

Die Millenniale Generasie het spesifieke dinge waarna hulle in die lewe soek. Dit bepaal hoe hulle dink, voel, optree en na die wêreld kyk. Millenniale is op soek na *betekenis* en *outensiteit* (Stanton, 2015). Vervolgens word daar op hierdie twee grootste soeke in die lewe van Millenniale gefokus.

#### 4.3.2.1. Soeke na betekenis

Kim (2013:28) skryf dat die Millenniale Generasie se grootste soeke in die lewe na *betekenis* is. Millenniale is meer daarop gefokus om 'n verskil te maak in die lewe as op finansiële sukses – die eerste faktor wat hulle in 'n loopbaan wil hê, is 'n sin van betekenis (Smith & Aaker, 2013). Sosiale psigoloë definieer die woord "betekenis" as 'n kognitiewe en emosionele assessering 'van die *doel, waarde* en *impak* in 'n persoon se lewe (Smith & Aaker, 2013). Smith en Aaker (2013) is van mening dat een van die mees beskrywende eienskappe van 'n lewe van betekenis die verbintenis aan iets groter as die self is. Volgens Moore (2014) het die Millenniale rigting en betekenis in hul lewe nodig, wat 'n interessante mengsel van altruïsme en eie belang is. 87% van die hedendaagse Millenniale Generasie wil 'n betekenisvolle lewe lei (Kim, 2013:27).

YOLO is die akroniem vir die woorde "you only live once". Dit is ook 'n akkurate beskrywing van die Millenniale se soeke na betekenis in die lewe en hoe hulle graag die beste wil maak van die een lewe wat hulle het (Kim, 2013:41). Kim sê dat hulle gedryf word deur die gedagte van hoop en verandering en dat dit vir hulle betekenis in die lewe sal bring.

#### 4.3.2.2. Soeke na egtheid en outensiteit

Die Millenniale Generasie se soeke na outensiteit is amper tasbaar; hulle is op soek na iets wat deur die eeue getoets en waar bewys is, na tradisie en 'n sin van geankerdheid (Stanton, 2015). Outensiteit is 'n fenomenologiese verteenwoordiging van die self wat in ooreenstemming is met die individu se emosies, gedagtes en/of optrede (Akin & Akin, 2014:65; Wood *et al.,* 2008:390). Die Millenniale Generasie is uiteindelik op soek na dít wat alle tye te bowe gaan en steeds eg bly in hierdie era van verandering (Stanton, 2015). Hulle soeke is na ervarings wat eg is (Guldalian, 2013:43). Millenniale sukkel om mense te vertrou; daar is baie dinge in die politiek, godsdiens en besigheid wat hul wantroue aanvuur en daarom is hulle op soek na iets wat eg en outentiek is, iets wat hulle kan vertrou (Baker, 2016). Outensiteit is die kenmerk waaraan Millenniale vashou wanneer hulle bepaal wat hul betrokkenheid sal wees in (of hoeveel tyd hulle sal spandeer aan) 'n gemeenskap, institusie of saak (Vaughn, 2016:57). Wanneer hulle sien dat die kern van 'n saak, onderneming, institusie of inisiatief waarde, egtheid en opregtheid ten doel het, sal hulle met volharding baie tyd en moeite bestee, mits dit ooreenstem met die doel wat hulle vir hul lewens stel. Outensiteit is die sleutel tot Millenniale se betrokkenheid in die kerk of die gebrek daaraan (Vaughn, 2016:57).

Die Millenniale Generasie se soeke na betekenis en outensiteit het 'n enorme impak op hul wêreldbeskouing en, uiteindelik, op hul algehele leefstyl.

### 4.4. Wêreldbeskouing van die Millenniale Generasie

Aangesien die Millenniale Generasie so uniek is in hul identiteit en soeke het dit in verskeie areas van hul lewe 'n bepalende impak op hul wêreldbeskouing.

#### 4.4.1. In die werkplek

Die Millenniale Generasie verskil daadwerklik van die vorige generasies en dus verskil die manier hoe hulle in die werkplek optree en hulle die werkplek sien.

Stephanie Armour (2005) het die Millenniale Generasie in die werkplek bestudeer en sy het 'n generasie gesien wat in hul eie waarde glo. Hierdie generasie is finansieel slim, verkies buigsame poste, floreer op verandering, verwag gereelde kommunikasie en is heeltemal gemaklik met tegnologie (St. John, 2013:85). Millenniale glo dat hulle in staat is om hul werk goed te doen en steur hulle nie sommer aan die klim van die (spreekwoordelike) korporatiewe leer nie (DeVaney, 2015:13). Caraher (2015:27) meen dat dit by 'n Millenniaal nie gaan oor die vraag of hy/sy die regte persoon vir die werk is nie, maar eerder of die werk reg vir hom/haar is.

Dit is duidelik dat Millenniale anders dink oor die werkplek as vorige generasies en 'n mens sien ook duidelik hoe hulle soeke na betekenis en outensiteit kop uitsteek – selfs in die werkplek (Meister & Willyerd, 2010:69; Van Niekerk, 2017:39). Die Millenniale Generasie sal moontlik verbonde bly aan en suksesvol wees in organisasies waar daar betekenis opgesluit is binne die organisatoriese model van die besigheid (Huyler *et al.*, 2015:117).

Millenniale is op soek na vervulling, ongeag of hulle in 'n konferensiekamer as deel van 'n span deelneem en of hulle in 'n klaskamer klasgee (Guerrier, 2017*).* Werknemers moet aan hul Millenniale werknemers die geleentheid gee om aan gemeenskaps- en diensprojekte deel te neem – dit gee aan hulle 'n sin van betekenis in hul dag-tot-dag werk. Guerrier meen ook dat Millenniale 'n werk-lewebalans wil handhaaf, asook die transformasie van werk-lewe-integrasie. Dit is vandag baie makliker, aangesien dit nie meer nodig is om heeldag op kantoor te wees nie, want alles wat nodig is om jou werk te beoefen, is enige tyd en plek toeganklik. Hulle plaas soveel klem op die werk-lewebalans omdat hulle voel dat hulle tog pret by die werk wil hê en dit geniet, maar hulle wil nie voel dat dit hul lewens domineer nie; dit moet eerder 'n bydrae tot hul genotvolle leefstyl lewer (Twenge, 2009:400).

Wanneer Millenniale gemotiveerd voel, sal hulle baie energie en dryf aan hul werk bestee (Kjaerstad, 2014). Die Millenniale Generasie soek duidelik gedefinieerde verwagtinge van hul rolle in die werkplek, asook hoe hul sukses gemeet sal word. Dit verskaf betekenis aan die individu, aangesien daar dan duidelike, oop en deursigtige kommunikasie tussen beide partye in

die werkplek is. Kjaerstad is ook van opinie dat hulle graag ‘n verskil in hul projekte sowel as in die wêreld wil maak en dus na onmiddellike bevrediging en vinnige terugvoer smag.

Die Millenniale het ‘n globale perspektief op die lewe en is op soek na betekenisvolle rolle in spanne wat uit hoogs toegewyde en gemotiveerde kollegas bestaan (Martin, 2005:41). Wanneer Millenniale die doel van wat hulle doen, verstaan, sal hulle dit met baie meer passie en moeite verrig (Twenge, 2009:402). Hulle skrik nie vir ‘n uitdaging nie en is gewillig om hard te werk. Kjaerstad (2014) skryf dat Millenniale graag uitdagende werk wil aanpak, deel van besluitnemingsprosesse wil wees en ‘n aktiewe rol in die werkplek wil speel.

Talle Millenniale verkies om in kleiner besighede te werk, aangesien hulle glo dat hulle in staat sal wees om ‘n groter rol te vervul en ‘n groter impak te maak (DeVaney, 2013:16). Hulle verander ook maklik van werk wanneer hulle voel dat wat hulle doen nie betekenisvol is en ‘n verskil maak nie (DeVaney, 2013:16; Helyer & Lee, 2012:568). Daar kan afgelei word dat Millenniale graag gelukkig in die werkplek wil wees en wil voel dat hulle ‘n verskil maak.

### 4.4.2. Institusionele instansies

Millenniale is van mening dat die meerderheid mense nie vertrou kan word nie. In ‘n wetenskaplike studie was die positiewe uitslag op die vraag of mense vertrou kan word slegs 19% (Drake, 2014). Hulle is veral agterdogtig oor groot korporatiewe ondernemings, aangesien hulle al talle oneffektiewe oorloë gesien het, asook mislukte veldtogte teen dwelmmisbruik, mislukte pogings om die ergste finansiële krisisse te stuit en so meer (Giridharadas, 2014). Silva (2014:146) meen dat Millenniale vasgevang is in die heersende ekonomiese onsekerheid; hulle voel eensaam en verraai en kan nie hul toekoms in die gesig staar, betekenisvolle verhoudings ontwikkel of ‘n toestand van emosionele welstand en selfrespek bereik nie. Daar is vele redes vir hul wantroue in mense, spesifiek in institusionele instellings.

- Politiek

Die Millenniale is relatief onverbonde aan politiek (Pew Research Center, 2014), maar staan tog uit as hoogs demokratiese kiesers en liberale denkers met betrekking tot politiek en sosiale kwessies (Pew Research Center, 2014). Kim (2013:42) het uit navorsing as deel van die Barna Group bevind dat politici groot beloftes gemaak het wat Millenniale gemotiveer het om vir hulle te stem, maar dat hierdie beloftes nooit verwesenlik is nie en dat die verwagte veranderinge nooit plaasgevind het nie (volgens Amerikaanse data). Tweederdes van Millenniale meen dat die mens vir wie hulle gestem het, hulle op die ou einde teleurgestel het (Kim, 2013:42). Die Frames-navorsing het die volgende statistieke verkry uit hul navorsing met betrekking tot Amerikaanse Millenniale en politiek (Kim, 2013:43):




**Figuur 4-2: Millenniale Generasie se siening van politiek (Osmer, 2008:11)**

Uit hierdie grafiek is dit duidelik dat Millenniale nie veel vertroue in politici het nie, maar dat hulle wel die hoop koester dat hulle self ‘n verskil sal kan maak. Tog is dit duidelik dat daar ‘n verdeelde betrokkenheid onder hierdie generasie ontstaan, aangesien 52% van die generasie verklaar dat hulle nie polities aktief is nie – dit dui op die resultaat en effek van hul wantroue weens die geskiedenis van politici. Millenniale het wel die hoop dat hulle ‘n verskil sal kan maak op een of ander manier en probeer sekere politieke aspekte in eie hande neem. Die kollektiewe getalle van gemeenskapsdiens en vrywillige werk is baie hoër as dié van vorige generasies (Hais & Winograd, 2013). Die Millenniale is ook daarvoor bekend dat hulle aanlynpetisies teken en aan ander politieke aktiwiteite deelneem wat aanlyn geskied en minder moeite vereis, byvoorbeeld om ‘n sosiale veldtog op Facebook te *like* (Gendron & Lienesch, 2015).

- Groot ondernemings

Die Millenniale Generasie se siening van groot ondernemings is ook geaffekteer deur hul wantroue daarin as gevolg van mislukte organisasies. Hierdie persepsie van groot ondernemings is beïnvloed deur korrupsieskandale in groot maatskappye, onetiese werkspraktyke en die wyse waarop ondernemings keer op keer geld en mag bo sosiale nood kies – dit het gelei tot ‘n groot verlies aan vertroue in groot ondernemings en die hoop dat hierdie ondernemings ‘n positiewe verandering in die wêreld sal bewerkstellig (Kim, 2013:44). Dit is interessant dat Millenniale wantroue in groot ondernemings toon, maar dat hulle tog nog steeds optimisties is oor die rol wat groot ondernemings in die samelewing kan speel (Kim, 2013:45). Ongeag die Millenniale se

wantroue in mense en hulle losmaking van tradisionele institusies het hulle nog steeds hoop vir groot ondernemings en die rol van die regering (Pew Research Center, 2014).

- Hoër onderwys

Die Millenniale Generasie is beter opgevoed as vorige generasies met betrekking tot tersiêre opleiding (Cramer, 2014). Hierdie stelling is duidelik wanneer daar na die statistiek gekyk word, waaruit dit blyk dat ongeveer 84% van vandag se 27-jariges iewers in hul lewe aan ‘n kollege of universiteit gestudeer het en dat 40% ‘n BA-graad het – hierdie syfers het met amper 50% gegroei van die vroeë 1980’s af (Cramer, 2014). Millenniale is ingelig dat die najaag van hoër onderwys tot groter loopbaangeleenthede en ekonomiese mobiliteit sou lei (Kim, 2013:45). Hulle het egter vinnig uitgevind dat dit nie die realiteit is nie. Volgens Cramer leef hierdie generasie in onsekerheid met betrekking tot die ekonomie wat nie genoeg werk aan ‘n opgeleide en gekwalifiseerde generasie kan voorsien nie. Die Millenniale kom tot die besef dat hul toekoms nie noodwendig so rooskleurig is nie en dat werksgeleenthede bitter skaars is. Hulle is die eerste generasie in die moderne era wat groter vlakke beleef van studenteleningskuld, armoede en werkloosheid, asook laer vlakke van rykdom en persoonlike inkomste, as vorige generasies (Pew Research Center, 2014). Die werkloosheidsyfer onder Millenniale in Amerika het van 7% in 2007 na 37% in 2012 gestyg (Fry, 2013). Van die grootste bekommernisse onder die Suid-Afrikaanse jeug is die skaarste aan werksgeleenthede (Kamper & Steyn, 2008:523; Van Niekerk, 2017:41). ‘n Groot rede hiervoor is die politieke transformasie wat in 1994 plaasgevind het, wat weer tot regstellende aksie gelei het en meestal deur rassevooroordeel gedryf is (Kamper & Steyn, 2007:523; Van Niekerk, 2017:41; Vorster, 2006:244). Die *Quarter 4 Labour Survey* van 2014 het in die Suid-Afrikaanse *Government Gazette* gemeld dat jongmense se werkloosheidsyfer 67,4% is (South Africa, 2015). Kim (2013:48) meen dat Millenniale, ten spyte van wat nou aan die gang is, steeds die hoop koester dat hulle eendag hul droomwerk sal kry en dat hul hoër-onderwyskwalifikasie tog van waarde sal wees. Sutherland (2013:212) reken dat die toekoms van Suid-Afrika van die jongmense (Millenniale) se bydrae tot die land afhang.

- Huwelik

Millenniale weerhou hulself van nog ‘n kerninstitusie in die samelewing, naamlik die huwelik (Pew Research Center, 2014). Die generasie het grootgeword in families waarin egskeiding baie algemeen was. Hierdie werklikheid het ‘n invloed op hoe hulle na hul eie verhoudings kyk weens die skynbare onstabiliteit van die huwelik as instelling (Kim, 2013:70). Huweliksyfers vir mense in hul twintigs is die laagste wat dit nog ooit was (Elliot, 2011). Gedurende die periode 2003 tot 2015 is die hoogste aantal huwelike in Suid-Afrika in 2008 aangeteken en die laagste aantal in 2015; daar is ‘n afname van 8,1% tussen 2014 en 2015 (Statistics South Africa, 2015:2). Millenniale verskil daadwerklik in hul siening van huwelike in vergelyking met die generasies voor hulle en

hul weerstand teen hierdie institusie kan duidelik gesien word. Die Pew Research Center (2013) het navorsing gedoen hieroor en die volgende resultate verkry:




**Figuur 4-3: Persentasie getroud teen die ouderdom van 18-32, per generasie (Pew Research Center, 2013).**

Cramer (2014) skryf dat die Millenniale Generasie minder geneig is om te trou as vorige generasies – dit word gesien uit die feit dat slegs 26% van Millenniale getroud is in vergelyking met 36% van die Generasie X voor hulle. Meer as agt uit tien Millenniale meen dat hulle graag eendag sou wou trou, maar dat hulle wil wag totdat hulle vooruitgang in hul loopbane ervaar, genoeg geld gespaar het, finansieel stabiel is en die wete het dat hul voorgenome huwelik sterk genoeg sal wees om te hou (Kim, 2013:69). Volgens die Pew Research Center voel baie Millenniale dat hulle wel eendag sal trou, maar dat hulle nie op hierdie stadium die belangrike voorvereiste tot 'n huwelik besit nie, naamlik 'n soliede ekonomiese basis. Weens hierdie realiteit trou Millenniale eers op 'n latere ouderdom. Cramer meld dat die algemene trou-ouderdom ongeveer vyf jaar ouer is as wat dit in die 1950's en 1960's was.

Vanuit hierdie navorsing is dit duidelik dat Millenniale nie teen huwelike gekant is nie, maar dat hulle versigtig is daarvoor. Die geskiedenis het gewys dat daar baie pyn, onsekerheid en verwoesting uit huwelike kan kom wat nie uitwerk nie. Daarom sal hulle eerder wag en seker maak voordat hulle in 'n huwelik tree. Millenniale is ook die eerste generasie vir wie saambly meer aanvaarbaar is as vir vorige generasies (Cramer, 2014). Ongeveer 60% van Millenniale dink dat dit 'n goeie idee is om eers saam te woon voordat daar in 'n huwelik getree word (Kim, 2013:71). Die hoofrede hiervoor is natuurlik die hoë egskeidingsyfers tydens hul opvoedingsjare. Kim reken

dat hulle ook bewus is van die emosionele en finansiële druk wat ontstaan as gevolg van mislukte huwelike. Zimmerman (2012) skryf dat Millenniale verkies om huwelike te vertraag en eers op hul persoonlike en professionele ontwikkeling te fokus, asook om eers langtermynverhoudings na te jaag om te verseker dat hulle mekaar baie goed ken.

### 4.4.3. Tegnologie

Die Pew Research Center (2010a) is van mening dat as daar vir ‘n Millenniaal gevra word wat hul generasie uniek maak, hul antwoord heel waarskynlik met tegnologie te doen sal hê. Tegnologie speel ‘n uitermate groot rol in die Millenniale Generasie se lewe en die navorser is van mening dat tegnologie nie oorgesien kan word wanneer daar na hierdie generasie verwys word nie. Millenniale kan hulself nie ‘n samelewing indink sonder die gebruik van tegnologie nie (Van Niekerk, 2017:40). Tegnologie in die Millenniale Generasie se lewens is ook ‘n groot fokuspunt van hierdie studie weens die impak wat dit op die individu se lewe het. Kim (2013:63) skryf dat tegnologie ‘n rewolusie veroorsaak het in die wyse waarop Millenniale met die wêreld omgaan.

- Tegnologiese versnelling en verandering

Die Millenniale Generasie leef in ‘n vinnig veranderende era (wat ook as die digitale era bekend staan) waarin tegnologie hul leefwyse vorm (Martin, 2005:42). Alhoewel tegnologie nog altyd deel van hul lewens was en algaande toegankliker en makliker geraak het om te gebruik, is Millenniale deel van hierdie vordering en ontwikkeling van tegnologie. Weens hierdie gedurig veranderende tegnologie leef die Millenniale Generasie in ‘n tyd van tegnologiese versnelling wat ‘n groot impak op sosiale verandering en die pas van die lewe het (Rosa, 2010:96). Millenniale is op soek na onmiddellike bevrediging en erkenning – hulle hou van vinnige verandering, hou nie aan ou dinge vas nie en hou van kitsoplossings (Van Niekerk, 2017:6).

Wanneer daar na die groot teenwoordigheid van tegnologie in die werkplek gekyk word en die Millenniaal se groot blootstelling aan die progressie en toepassing daarvan, is hierdie generasie baie meer bevoordeel as vorige generasies (Huyler *et al.,* 2015) en gebruik hulle tegnologie ook baie meer as vorige generasies. Die 2010 Pew Research Foundation Study het bevind dat 83% van Millenniale hul selfone langs hul bed los terwyl hulle slaap in vergelyking met 50% van die Baby Boomer Generasie (Pew Research Center, 2010a).

Hierdie voortdurende gebruik van en blootstelling aan tegnologie het die wyse waarop Millenniale hul daaglikse interaksies navigeer, beïnvloed en het die neurale kringloop van die Millenniale Generasie biologies verander (Hershatter & Epstein, 2010:216). Daar kan dus hieruit afgelei word dat die gebruik van tegnologie die Millenniale Generasie totaal van vorige generasies onderskei en dat hierdie gebruik van tegnologie hul manier van dink, leef, interaksie en uiteindelik elke deel van hul bestaan bepaal. Millenniale is gereeld besig om op dieselfde tydstip gebruik te maak van

mobiele toestelle, interaksie op sosiale media of om op die internet te snuffel (Huyler *et al.,* 2015:117).

Hershatter en Epstein (2010:217) meen dat tegnologie ‘n oorvloed van inligting onmiddellik beskikbaar stel en dat die Millenniale Generasie die vaardigheid aangeleer het om vinnig materiaal op te spoor en te filtreer om die gewenste inligting te verkry. Dit is die rede waarom hierdie generasie sulke groot verwagtinge het; hul tegnologiese gesofistikeerdheid laat hulle toe om die wêreld te sien as ‘n kleiner, meer diverse en hoogs genetwerkteomgewing met alles tot hulle beskikking (Patterson, 2007). Dit verwys weer na globalisering – die proses van interaksie en integrasie tussen mense, besighede en regerings van verskillende nasies (Globalization, 101:2016). Globalisering het die wêreld in ‘n wêrelddorp (“global village”) verander waarin globalisering en tegnologie ‘n groot impak op individue in verskeie aspekte van hul lewens het (Gill, 2013:110). Daardie impak is ook op die Millenniale in Suid-Afrika van toepassing, aangesien hulle dieselfde karaktereienskappe as dié in ander wêrelddele toon (Van der Walt, 2017:6; Van Niekerk, 2017:10).

- Sosiale media

Millenniale trek voordeel uit die nuwe platforms van die digitale era wat deur tegnologie moontlik gemaak is, onder andere die internet, mobiele tegnologie en sosiale media, om sodoende persoonlike netwerke van vriende en kollegas te ontwikkel (Pew Research Center, 2014). Hierdie generasie is digitale inboorlinge – hulle is die enigste generasie wat nie by die veranderende tegnologie moes aanpas nie, aangesien dit nog altyd deel van hul lewens was (Pew Research Center, 2014). Hulle is die generasie wat die meeste van hierdie tegnologiese platforms gebruik maak – 81% van Millenniale gebruik Facebook (Pew Research Center, 2014). Baie Millennale ontwikkel ‘n obsessie met sosiale mediaplatforms soos Facebook, Instagram en Twitter (Daley, 2014:3-4; Van Niekerk, 2017:40).

Sosiale medianetwerke maak dit vir hierdie generasie moontlik om hul opinies en dinge waarmee hulle sukkel, anoniem te deel, bekommernisse en probleme wat hulle nooit andersins aan hul vriende of familie bekend sou maak nie (Kim, 2013:68). Kim (2013:69) is ook van mening dat die internet Millenniale toelaat om meer outentiek te leef en die vryheid en veiligheid gee om eerlik te praat. Millenniale meen dat hulle nie ‘n “persoonlike instruksiegewer” nodig het nie – hulle vind al hul antwoorde op die internet deur die gebruik van hul selfone (Deitsch, 2012:23).

Sosiale media is baie voordelig vir hierdie generasie, maar daar is ook sekere negatiewe aspekte daaraan verbonde. Sosiale mediaplatforms soos Facebook, Twitter en Instagram het die Millenniale in staat gestel om hul vriendekringe te vergroot, maar die risiko daaraan verbonde is dat hulle die eerste generasie is wat aan kuberboelies en kuberagtervolging blootgestel word

(Kim, 2013:64). Die internet en sosiale media het 'n groot invloed op die Millenniale Generasie en kan baie keer 'n verslawing aan sosiale media veroorsaak (Cabral, 2011:11-12; Van Niekerk, 2017:40).

Ten opsigte van sosiale media en vriendskappe voel talle Millenniale versadig en versmoor deur gefragmenteerde en oppervlakkige vriendskappe – hulle beskik oor die wydte van vriendskap, maar nie die diepte nie (Kim, 2013:65). Baie Millenniale bevraagteken hierdie oppervlakkige vriendskappe wat hulle baie keer gefrustreerd, eensaam en sukkelend laat om op 'n dieper en emosioneel betekenisvoller manier te kommunikeer (Bonanno, 2017). Wanneer daar na Millenniale se soeke na outensiteit en betekenis gekyk word, is dit duidelik waarom sosiale media 'n negatiewe impak op hierdie soeke kan hê.

- Aanlynverhoudings

Die wyse waarop 'n mens iemand nader in wie jy belangstel, het heeltemal verander in vandag se tyd en dit is 'n groot werklikheid vir die Millenniale Generasie. Verhoudings begin nie met 'n gesprek nie, maar eerder met virtuele agtervolging: Dit behels dat daar gekyk word watter vriende hulle het, wie hul familie is, watter vorige verhoudings hulle gehad het, wat hul akademiese kwalifikasies en belangstellings is, moontlike foto's van hulle en so meer (Kim, 2013:67). Aanlyn verhoudingswebtuistes bied die volgende: toegang tot potensiële romantiese maats, kommunikasie met potensiële romantiese maats en passing met geskikte romantiese maats (Finkel *et al.,* 2012:4).

Aanlyn verhoudingswebtuistes soos Tinder, Match, ChristianMingle en eHarmony het dit vir die besige Millenniaal (wat nie tyd het om uit te gaan en nuwe mense te ontmoet nie) moontlik gemaak om sommer aanlyn in kontak te kom met ander enkellopende individue (Kim, 2013:67). Miljoene mense gebruik jaarliks hierdie webtuistes en betaal ook groot fooie vir die voorreg (Finkel *et al.,* 2012:4). Millenniale is baie optimisties oor die rol wat tegnologie in hul verhoudings speel, aangesien navorsing toon dat drie uit vier Millenniale glo dat tegnologie hul lewens makliker maak en 54% dink dat tegnologie mense nader aan mekaar bring (Kim, 2013:68).

- Sosiale bewustheid

Toegang tot inligting en netwerke het Millenniale 'n meer bewuste en verdraagsame generasie gemaak (Kim, 2013:63). Die Pew Research Center (2010b) meen dat Millenniale meer geneig is om rasse- en etniese diversiteit te vier, asook om homoseksuele leefstyle en nie-tradisionele saamleefooreenkomste te aanvaar. Kim skryf dat toegang tot al hierdie inligting veroorsaak dat die Millenniale Generasie 'n sosiaalbewuste generasie is. Tegnologie, soos sosiale mediaplatforms, verteenwoordig nie net maniere waarop mense met mekaar in verbinding kan tree nie, maar is ook die kern van die Millenniale se nuusverbruik (Anon., 2015). Millenniale is

van mening dat tegnologie en meer spesifiek, sosiale media, hulle aan verskillende opinies en sienings blootstel (Anon., 2015). Die verandering en groei van tegnologie help mense om meer bewus te wees van wat in die wêreld aan die gebeur is en gee uiteindelik aan Millenniale 'n groter sosiale bewustheid, aangesien hulle enige tyd en op enige plek in kontak kan kom met gebeurtenisse regoor die wêreld.

Weens die veranderinge en versnelling van tegnologie is die mens al hoe meer bewus van die waarde van stiltetyd en om een kant toe te kan gaan, weg van al die eksterne stimuli wat tegnologie meebring (Wade, 2015:36). In die empiriese navorsing (Hoofstuk 2) is daar bevind dat al die deelnemers van mening was dat die lewe 'n konstante gejaag is en dat dit hulle daarvan weerhou om te doen wat waarlik belangrik is. Hulle was ook van mening dat hulle nodig het om tye van rus, stilte en afsondering in hul lewens in te werk: "Dan is alles dringend en 'n konstante gejaag. Dan is daar nie genoeg tyd vir alles nie. Dan is my 20 minute stilte ook baie korter, miskien eerder 5 minute." (vgl onderhoude in Hoofstuk 2.8.3). Sommige kandidate het hul tye van stilte en afsondering hoog op prys gestel en dit as baie waardevol geag om soms uit hierdie gejaagde lewe te ontsnap: "Dit is hoekom dit vir my so belangrik is om in my besige skedule bietjie te onttrek en myself tot God te nader en aan die mense vir wie ek lief is."

### 4.4.4. Godsdiens, kerk en geloof

Die Millenniale Generasie is die generasie wat die minste gelowig/godsdienstig is (Boehme, 2013:95). Hulle het 'n groot weersin in die institusionele kerk van vandag (Cloeter, 2013:48; Fouts, 2013:63-64) Volgens Guldalian (2013:41-42) is Millenniale glad nie aangetrokke tot die kerk as 'n institusie nie en kom hulle voor as die mees ongekerkte ("unchurched") groep in die geskiedenis. Dieselfde bevindinge geld vir Suid-Afrikaanse Millenniale (Van Niekerk, 2017:40). Boehme is van mening dat hierdie generasie grootgeword het en leef in 'n era waar daar 'n groot botsing van kulture is en waar sekulêre en godsdienstige waardes teen mekaar afgespeel word. Daar bestaan 'n uiters negatiewe gevoel teenoor godsdiens, kerk en geloof onder Millenniale in die hedendaagse tyd. Abdul-Alim (2012:9) het in 'n opname aan Millenniale 'n reeks vrae gestel rakende kontemporêre Christenskap. Die resultate was soos volg:

- Is kontemporêre Christenskap relevant tot jou lewe?
- 58% het bevestigend geantwoord.
- 64% het gesê dat die Christelike godsdiens teen homoseksuele mense is.
- 62% het gesê dat Christene veroordelend is.
- 58% het gesê dat Christene skynheilig is (Adbul-Alim, 2012:9).

Uit boegenoemde statistieke is die bevindinge in Hoofstuk 2 se empiriese navorsing opvallend:

- Die kandidate het genoem dat die kerk baie keer onpersoonlik, irrelevant en onbehulpsaam is in hulle lewens – "…dis baie keer vervelig vir my" en "…'n boodskap gee wat heeltemal onverwant tot my lewe is."
- Daar was 'n kandidaat wat gevoel het die kerk is teen homoseksuele mense – "…is dat die kerk nie inklusief is vir mense en hulle seksuele oriëntasie nie."
- Kandidate het gemeen dat hulle Christene as veroordelend ervaar – "…voel dit baie keer vir my asof mens in die kerk veroordeel word."
- Daar is in die empiriese navorsing bevind dat talle kandidate van mening is dat die kerk skynheilig is – "…'n plek waar mense baie keer skynheilig is. Dit is 'n groot probleem wat ek met die kerk het; dit voel asof mense 'n front voorsit vir 'n uur wanneer hulle by die kerk is, maar die res van die tyd val hulle lewens ook maar uitmekaar uit."

- Godsdiens

Drake (2014) het uit navorsing getoon dat 29% van Millenniale nie *met enige godsdiens* geaffilieer word nie – hierdie getalle is die hoogste van enige generasie in die laaste kwarteeu. In die grafiek hier onder word daar aangedui hoeveel meer Millenniale in vergelyking met vorige generasies nie geaffilieer word met godsdiens nie. Hierin kan die afname duidelik gesien word.




**Figuur 4-4: Persentasie mense per generasie wat nie geaffilieer is met godsdiens nie (Pew Research Center, 2013).**

Volgens Abdul-Alim (2012:8) reken Mark Taylor, ‘n Millenniale kenner, dat die Millenniale Generasie godsdiens as moreel veroordelend sien en dat dit nie bereid is om verantwoordelikheid te aanvaar vir “werklike” godsdienstige missies soos om die armes en stemlose mense te help nie. Wanneer dit by godsdiens kom, handhaaf drie uit vier Millenniale ‘n negatiewe persepsie van Christenskap, aangesien hulle voel dat die hedendaagse Christene veroordelend, skynheilig en outyds is (Guldalian, 2013:42). Abdul-Alim meen ook dat daar verskeie faktore is wat ‘n rol speel waarom Millenniale nie met ‘n spesifieke godsdiens geïdentifiseer wil word nie; hy noem onder andere die seksskandale in die Rooms-Katolieke kerk, finansiële wanbestuur en die weelderige leefstyle van leraars, terwyl daar nie na behoeftiges uitgereik word nie.

Godsdiens in die algemeen en Christenskap spesifiek het nie ‘n goeie reputasie onder Millenniale nie. 24 miljoen Amerikaners tussen die ouderdomme van 16 en 41 jaar is buitestanders tot Christenskap – hierdie buitestanders sien Christene as veroordelend, bevooroordeeld, hatig en onsensitief teenoor diegene wat ander godsdienstige sienings as hulle het, veral homoseksuele mense (Boehme, 2013:96). Millenniale heg baie waarde aan outensiteit, samehangendheid en verdraagsaamheid, maar ervaar dat Christene nie hierdie waardes ten toon stel nie – hulle word gesien as onverdraagsaam, eksklusief, kultureel irrelevant en vyandig teenoor diegene wat nie-tradisionele leefstyle handhaaf (Kim, 2013:49). Millenniale se mening oor godsdiens gaan verder: Hulle sien godsdienstige institusies as slegs gerig op geld en mag en nie om ‘n outentieke en egte, doelgedrewe betekenis te bied nie (Reed, 2016). Christel Manning (2015:104) verduidelik hoe die wêreldbeskouing, waardes en tradisies waarin Millenniale opgevoed word, ‘n bepalende rol speel in hoe hulle gemeenskap, familie, godsdiens en die wêreld beleef. Godsdiens gaan nie bloot oor die behouding van sekere teologiese geloofsisteme of die bywoning van geörganiseerde dienste nie, maar oor identiteit en waardes (Manning, 2015:104). Aangesien soveel Millenniale die kerk en godsdiens verlaat en in opnames by “godsdienstige affiliasie” “geen” merk, word daar baie keer na hulle verwys as die “geen gelowiges” (“religious nones”). Hierdie identifikasie word deur Manning (2015:110) in vier verskillende kategorieë verdeel, naamlik:

- Ongekerktes

Ongekerkte gelowiges is diegene wat aan godsdienstige praktyke en tradisies deelneem en volhou dat hulle die geloofsisteem van Christenskap volg. Hierdie groep is ongeaffilieerd, maar meen dat hulle in God glo en dat hulle wel bid en ook sal Bybel lees. Dit is diegene wat uit gewoonte aan godsdienstige praktyke deelneem en nie uit ‘n egte behoefte om met godsdiens op ‘n persoonlike vlak te assosieer nie (Manning, 2015:37).

- Geestelike soekers

Manning (2015:39) reken dat hierdie groep ‘n pluralistiese godsdienstige oriëntasie het en aan verskillende tipes geestelike of godsdienstige tradisies deelneem. Dit is diegene wat sommer sekere waardes vanuit verskillende godsdienste sal neem en dit dan hul eie godsdiens en geloofsisteem maak. Voorbeelde hiervan is diegene wat meen dat alle godsdienste die waarheid is en dat alle paaie na die hemel lei.

- Filosofiese sekulariste

Die filosofiese sekulariste verwerp godsdiens blatant en vind meer aanklank by ‘n nie-godsdienstige filosofie van die lewe (Manning, 2015:41). Dit is diegene wat hulself as humaniste, ateïste, skeptici en so meer sal identifiseer. Hierdie groep vermy nie die gedagte van godsdiens nie, maar maak hul eie mening en opinie oor godsdiens baie duidelik: Hulle verwerp dit ten volle en wil glad nie daarmee geassosieer word nie.

- Onverskilliges

Hierdie groep toon totale onverskilligheid teenoor enige godsdiens of sekulêre wêreldbeskouing (Manning, 2015:43). Hulle kan maklik met die filosofiese sekulariste verwar word, maar verskil van hulle in die opsig dat hulle nie net godsdiens nie, maar ook talle sekulêre gebruike, praktyke en groepe in die wêreld verwerp; die sekulariste wat Humanisme najaag word byvoorbeeld deur hierdie groep verwerp.

Een van die grootste faktore wat tot hierdie verskillende kategorieë bydra, is die hedendaagse kultuur waarin Millenniale hulself bevind. Smith (2009) meen dat Millenniale vandag groter vryheid beleef en hulle word met talle opsies in die lewe gekonfronteer soos werk, die huwelik, seksualiteit, waar hulle wil woon, waar hulle wil skoolgaan en wat hulle wil studeer. Hierdie opsies maak die besluit om godsdienstige praktyke te beoefen moeilik en werk ook baie keer daarteen, omdat daar so baie ander dinge is wat hul aandag aflei. Smith (2009) is van opinie dat hulle opsies wil hê en dat hulle in hierdie tyd van hul lewe mal en vry wil wees op maniere wat deur meeste godsdienste afgekeur word. Hierdie faktore lei tot ‘n drastiese afname in ernstige toewyding aan godsdiens, kerk en geloof.

- Kerk

Die Christelike kerk in die Westerse wêreld ervaar ‘n duidelike afname in lidmaatskap (Boehme, 2013:96). Duin (2013) meen dat talle jongmense die kerk verlaat het omdathul behoeftes nooit aangespreek is nie. Volgens Boehme is een groep wat in die kerk afneem die Millenniale Generasie. Kerk is nie op die radar van baie Millenniale nie en hulle sal by godsdienstige voorkeur “geen” merk (Guldalian, 2013:42). Die bevordering van tegnologie het ‘n groot impak op kerkbywoning, aangesien Millenniale vandag net preke op hul selfone kan aflaai en daarna luister

in die gerief van hul eie huis, motor of selfs die gimnasium (Kim, 2013:50). Dit word ook gesien in die empiriese navorsing in Hoofstuk 2, waar van die kandidate gemeen het dat hulle veel eerder preke op die televisie of op hul selfone sal luister as om kerk toe te gaan.

Millenniale se siening van die kerk as ‘n institusie is glad nie positief nie; dit verduidelik ook waarom hulle nie kerk toe gaan nie. Hulle voel nie dat die kerk hul beste belange op die hart dra nie en daarom verlaat ses uit tien Millenniale wat in die kerk grootgeword het, die kerk na skool (Kim, 2013:49). In die verlede was die kerk altyd gesien as ‘n hawe van hoop en positiewe verandering, maar die Millenniale beleef dit nie so nie (Kim, 2013:48). Soos genoem in die gedeelte onder institusionele instansies, wantrou die Millenniale institusionele instansies. Kim (2013:48) skryf dat Millenniale die kerk as net nog ‘n feilbare institusie sien. Sekere faktore soos kerkskeurings, vriende wat in die kerk seerkry en leraars wat voorgee om iemand te wees wat hulle nie is nie, dra tot Millenniale se wantroue in die kerk by. Volgens Jones *et al.* (2016:2) voel Millenniale dat hulle nie die kerk kan vertrou nie, want hulle voel nie veilig om hul oortuigings rakende die regte probleme wat hulle in die gesig staar, te deel nie. Baie Millenniale voel dat die kerkleiers baie praat, maar nie volgens die voorbeeld van hul boodskap leef nie – hulle glo ‘n mens moet eerder jou geloof uitleef as om net daaroor te praat (Kinnaman & Hawkins, 2011). Hierdie generasie is op soek na ‘n geloof wat outentiek, liefhebbend en omhelsend is, maar hulle voel dat dit nie in die kerk te vinde is nie (Kim, 2013:50).

Dit is opvallend dat die meeste Millenniale wat die kerk verlaat, wel in godsdienstige huishoudings grootgeword het. Die Pew Research Center (2014) het bevind dat 74% van alle ongeaffilieerde Millenniale wel eens geaffilieerd was.

Daar is verskeie ander redes waarom Millenniale nie kerk toe wil gaan of met ‘n denominasie geassosieer wil word nie:

- Toewyding

Millenniale is geïnteresseerd in godsdienstige affiliasie met ‘n lae risiko (Vaughn, 2016:37). Dit verwys na die ideologie waarvolgens mense sekere beginsels van ‘n godsdiens, ideologie of teologiese geloofsoortuiging volgens hul eie persoonlike identiteit toepas en ander geloofsoortuigings waarmee hulle nie saamstem nie, uitsluit. Vaughn verduidelik dat hierdie ideologie hulle toelaat om in ‘n sisteem of ‘n stel ideale te glo sonder om te voel dat hulle moet verdedig waarom hulle daarin glo, of dat hulle ‘n hele geloofsisteem, soos Christenskap, moet verdedig. Hulle is van mening dat dit die minste skade kan aanrig en die meeste betekenis aan die lewe kan gee (Vaughn, 2016:38). Dit verduidelik waarom talle Millenniale die kerk verlaat, maar nie hul geloof afskryf nie en steeds ‘n verhouding met God najaag. Millenniale argumenteer dat dit beter is om as “geestelik” geïdentifiseer te word met die oogmerk om sekere oortuigings

van die Bybel aan te neem; dit elimineer die moontlikheid om as veroordelend en verkramp gesien te word en bied die geleentheid om ‘n geestelike lewe te lei sonder konfrontasie rakende hulle geloofsisteem. Hierdie argument bevestig die Pew Research Center (2010a) se bevindinge dat om bloot ‘n godsdienstige lewe te lei, nie ‘n groot prioriteit vir Millenniale is nie.

- Aanvaarding teenoor eksklusiwiteit

Millenniale vermy die kerk juis oor kwessies met betrekking tot die gebrek aan aanvaarding en die voorkoms van eksklusiwiteit in die kerk. Laasgenoemde verwys na wanneer die kerk doelbewus persone onwelkom, geïsoleerd of weggestoot laat voel omdat hulle in hul sienings, oortuigings en waardestelsels van die kerk verskil. Millenniale glo sterk daarin om ander te respekteer, selfs in die aangesig van verskille in gelowe, kulture, oortuigings, sosio-ekonomiese agtergronde of rasse; dit is vir hulle die grootse aanwyser of ‘n kerk ander mense aanvaar (Vaughn, 2016:37). Wanneer Millenniale wel op soek is na ‘n kerk, sal dit een van die grootste faktore wees waarna hulle kyk in hul besluitneming om die kerk by te woon en daar betrokke te raak.

- Outensiteit

Outensiteit is een ding waaraan Millenniale vashou wanneer hulle besluit of hulle betrokke wil raak in of tyd wil bestee aan ‘n gemeenskap, institusie of saak. Hulle wil weet dat die missie en kerngrondslag van die saak waarde het en eg is in sy doelstelling – eers dan sal hulle betrokke raak en hulself toewy (solank dit met hul eie doel in die lewe ooreenstem) (Vaughn, 2016:55). Vaughn is van mening dat outensiteit die sleutel tot Millenniale se betrokkenheid of onbetrokkenheid in die kerk is. Wanneer die Millenniale Generasie na kerke kyk, is hulle nie op soek na ‘n moderner koffiekroeg, meer kontemporêre aanbidding of beter kulturele verwysings tydens preke nie – hulle is op soek na diepte en geestelike relevansie wat verband hou met die wêreld waarin hulle leef (Kim, 2013:50). Millenniale voel dat kerke meer gefokus is op hoe die diens lyk as op die diepte en soliede basis wat die boodskappe moet inhou – dus bly Millenniale weg van kerke omdat die beeld wat hulle uitstuur ‘n gebrek aan egtheid en outensiteit het (Vaughn, 2016:56). Gelukkig gee Millenniale nie op wat hul geloof betref nie, maar soek hulle na maniere waarop hulle dit op ‘n outentieke en betekenisvolle manier kan uitleef. Kim (2013:49) skryf dan ook dat alhoewel Millenniale die kerk verlaat, hulle nie hul geloof agterlaat nie. Weens hierdie verskeie perspektiewe oor godsdiens, en spesifiek in die konteks van Christenskap, is dit duidelik waarom Millenniale nie geaffilieer wil word met ‘n godsdiens nie en ook nie kerk toe gaan nie. Edwards (2015:17) meen dat jongmense minder belangstel in geörganiseerde godsdiens, maar wel belangstelling toon in persoonlike godsdiens. Berger (2013:12) en Van Niekerk (2017:40) reken ook dat die Millenniale Generasie (insluitend Suid-Afrikaanse Millenniale) nie hul spiritualiteit in totaal verwerp het nie.

- Geloof

Dit is interessant hoe talle Millenniale meen dat hulle in God glo en geestelik is, maar dat hulle nie met 'n godsdiens (Christenskap) geaffilieer wil word nie (Boehme, 2013:96; Kim, 2013:49). Die Pew Research Center (2014) se Religion and Public Life Project Survey het die volgende resultate opgelewer:




**Figuur 4-5: Millenniale en God (% wat sê hulle glo/glo nie in God nie) (Pew Research Center, 2013).**

Hierdie generasie se godsdienstige sienings en optrede verskil baie van die vorige generasies; 86% meen dat hulle wel in God glo, maar slegs 58% is sonder twyfel daarvan oortuig (Pew Research Center, 2014). Alhoewel minder Millenniale sê dat godsdiens vir hulle belangrik is, bid ongeveer die helfte van hulle daagliks (Boehme, 2013:96). Dit dui duidelik aan dat alhoewel hulle negatief teenoor godsdiens en die kerk as institusie is, hulle nie hul geloof, geestelike lewe of hul verhouding met God opgee nie. Hulle is slegs op soek na iets wat outentiek en eg is. Die Millenniale Generasie het waardering vir dit wat proefondervindelik en eg is; alhoewel hulle institusies wantrou, is hulle nie noodwendig daarteen gekant om van Jesus te hoor en 'n geestelike lewe te lei nie (Guldalian, 2013:41). Millenniale is op soek na 'n geloof en spiritualiteit wat eg is en wat op 'n holistiese manier deel van hul lewe vorm (Kim, 2013:52). Hulle sien hulself as geestelik, maar nie godsdienstig nie (King, 2016). Hierdie generasie stel nie belang in hul ouers (Baby Boomers) se benadering tot die kerk nie, maar verkies die tradisies van die antieke tye (Webber, 2001). Die Millenniale is op soek na outentieke aanbidding met diepte, uitdagings en ontmoetings – hulle hou van antieke aanbidding met 'n kontemporêre gevoel (Webber, 2001).

Wat daarmee bedoel word, is dat hulle waarde sien in die simplistiese manier van aanbidding wat deur die woestynvaders begin is met die doel om in hul verhouding met God te groei. Olmstead (2015) is van opinie dat Millenniale op soek is na iets wat relasioneel en proefondervindelik is, iets wat gebaseer is op teenwoordigheid by die geestelike self, die ander en die wêreld in plaas van geloofstrukture en optredes wat deur tradisionele godsdienste gedikteer word.

### 4.5. Vorige generasies se siening van die Millenniale Generasie

Daar is baie verskillende sienings van die Millenniale Generasie deur vorige generasies omdat hulle so 'n diverse en modern generasie is wat so baie van vorige generasies verskil. Die dominante narratief rakende die Millenniale Generasie is dat hulle selfsugtig, lui, narsisties, eiegeregtig en polities onbetrokke is (Milkman, 2014:55). Van die sterkste opinies van ander generasies is dat die Millenniale narsisties en eiegeregtig is (Gallup, 2013). Alhoewel hierdie twee eienskappe teoreties baie dieselfde is, dra narsisisme en eiegeregtigheid op 'n unieke manier by tot toenemende vlakke van die mens se sin van self (Rose & Anastasio, 2014:52). Toenemende vlakke van eiegeregtigheid word direk aan selfsugtige, eienskaplike vooroordele gekoppel (Harvey & Martinko, 2009:465). In narsisme is daar die neiging om 'n opgeblase selfpersepsie te vorm of om jou eie vaardighede te oorskat (Grijalva & Zhang, 2016:5).

- Narsisties

Een van die belangrike menings van ander generasies oor die Millenniale is dat hulle narsisties van aard is. Narsiste sien hulself as intelligent, magtig, fisies aantreklik, uniek en geregtig op voordele van allerlei aard (Buffardi & Campbell, 2008:1308). Hulle word gekenmerk as diegene wat graag aandag soek en wat verduidelik waarom hulle aan aktiwiteite sal deelneem wat aan hulle geleentheid gee om aandag te kry (Carpenter, 2012:484). Van die ergste kritici wat hierdie generasie beskryf het, meen dat die meerderheid van hulle selfbehep is; dit kan gesien word deurdat narsismevlakke in vergelyking met vorige generasies met 30% gestyg het (Twenge, 2014:402; Twenge & Campbell, 2008:870). Hierdie generasie word as die "Ek, Ek, Ek"-generasie gesien (Kim, 2013:20). Baie mense is van mening dat die generasie so selfsugtig en bederf geraak het as gevolg van hul ouers wat hulle bedorwe grootgemaak het (Kjaerstad, 2014). Nog 'n mening is dat die ouers van Millenniale hulle voortdurend herinner aan hulle eie waarde en hul vaardigheid om enige iets te word wat hulle graag wil wees (Deitsch, 2012:12; Van Niekerk, 2017:73). Ouers wat hulle kinders so bederf en hul behoeftes op 'n oordadige wyse bevredig se kinders ontwikkel narsistiese eienskappe (Caruso, 2014). Narsisme kan groot negatiewe implikasies vir Millenniale inhou, omdat opgeblase ego's jongmense met onrealistiese verwagtinge laat; weens hul onvermoë om hierdie verwagtinge te bereik, lei dit dan tot gevoelens van depressie (Spinney, 2012:44).

Hoyle (2017) skryf dat daar twee ekstreme persoonlikhede onder die Millenniale teenwoordig is, naamlik narsisme en diegene met 'n kroniese lae selfbeeld. Sy meen dat hulle óf onwaardig voel weens hulle onwilligheid om hulself op hul selfone af te neem, óf hulle raak totaal obsessief met persoonlike handelsmerke en selfverheffing (Hoyle, 2017).

- Eiegeregtig

Behalwe vir narsisisme, is eiegeregtigheid die een ding waarvoor Millenniale die meeste bekend is (Stein & Sanburn, 2013:19). Die Millenniale Generasie se obsessie met sosiale media, hul behoefte aan onmiddellike bevrediging en die veranderende aard van die werksomgewing veroorsaak dat Millenniale 'n gevoel van (eie)geregtigheid ("entitlement"*)* koester (Hoyle, 2017). Nog 'n rede hiervoor is hul opvoeding; hulle is grootgemaak in 'n tyd waarin ouers se streng dissipline plekgemaak het vir ouers wat alles in hulle vermoë sou doen om in hul kinders se behoeftes en begeertes te voorsien. Dit het die Millenniale geleer om hulself eerste te plaas (Hoyle, 2017). Die Millenniale Generasie sien nie noodwendig eiegeregtigheid as 'n resultaat van oorbeskermde ontwikkelingsjare nie, maar as 'n aanpassing by 'n wêreld van oorvloed (Stein & Sanburn, 2013:19). Hierdie generasie voel dat hulle sekere dinge verdien sonder dat hulle noodwendig eers daarvoor gewerk het. Dit is definitief 'n resultaat van ouers wat die idee skep dat hierdie geslag enige iets kan doen of word wat hulle wil indien hulle net in hulself glo (Kjaerstad, 2014). 40% van Millenniale glo dat hulle ongeag hul optrede en prestasies elke twee jaar bevorder moet word (Stein & Sanburn, 2013:19). Hoyle (2017) is van mening dat Millenniale selfbehep en eiegeregtig is en dat hulle hul blote teenwoordigheid in 'n maatskappy as 'n voorreg vir die werkgewer sien. In die Suid-Afrikaanse konteks is hierdie eiegeregtigheid baie sigbaar, veral in die swart Millenniale groepe. As gevolg van apartheid en die ongeregtigheid wat daarmee gepaardgegaan het, is sekere swart Millenniale van mening dat hulle geregtig is op sekere dinge in die lewe, selfs sonder verdienste, op grond van die agterstand wat deur apartheid veroorsaak is (Seepe & Mthembu, 2011). Saul (2003:16) reken dat baie swart Millenniale vryheid misbruik in die naam van geregtigheid.

- Ander persepsies

Alhoewel beide hierdie persepsies van die Millenniale Generasie baie negatief van aard is, is daar ook heelwat positiewe perspektiewe op hierdie generasie. Millenniale is die generasie wat die meeste vrywilligers- en welsynswerk doen en hulle is baie bekommerder oor sosiale ongelykhede as die vorige generasies – daarom staan hulle ook as die "Generous Generation" bekend (Spinney, 2012:44). Millenniale glo dat hul tyd 'n unieke en betekenisvolle bydrae kan maak en dat hulle persoonlik daarvoor verantwoordelik is om die wêreld 'n beter plek te maak (McGlone, Spain & McGlone, 2011:196; Hais & Winograd, 2013). Dit is baie interessant dat Credo *et al.* (2016:192-195) van mening is dat Millenniale gedrewe voel om 'n betekenisvolle bydrae te lewer

en ‘n verskil te maak weens hulle narsisisme en eiegeregtigheid en nie ten spyte daarvan nie. Millenniale is ook baie meer verdraagsaam en aanvaar die verskille in mense rondom hulle baie makliker (Cramer, 2014).

Hierdie bevinding dui net weereens op die Millenniale Generasie se soeke na ‘n lewe van betekenis, verandering en outensiteit.

### 4.6. Die uitdaging vir die Millenniale Generasie: Kwartlewekrisis

Die Millenniale Generasie wat in hierdie uitdagende wêreld leef en wat oorweldig word deur tegnologiese veranderinge, wantroue in institusionele instansies, onsekerheid oor die kerk en godsdiens, tesame met hul soeke na betekenis en outensiteit, staan voor ‘n groot uitdaging om sin te maak uit hierdie wêreld en te besluit hoe hulle hul spiritualiteit wil uitleef; dit word die kwartlewekrisis genoem.

Die kwartlewekrisis beskryf die stryd waardeur sommige mense gaan tussen die ouderdom van adolessensie en volwassenheid, wanneer ‘n persoon struikel as gevolg van onsekerheid rakende fasette van hul lewe (soos identiteit, loopbaan, verhoudings, familie en vriende) in die tydperk waarin hulle sonder enige padkaart selfstandig moet word (Atwood & Scholtz, 2008:233). Volgens Schroeder (2016) affekteer die kwartlewekrisis ongeveer 86% van die Millenniale Generasie. Hierdie fase is ‘n baie belangrike deel van jongmense se lewens, al voel dit soms vir hulle asof dit ‘n baie negatiewe ding is. Schroeder (2016) is van mening dat hierdie krisis ‘n periode van intense selfondersoek en stres is waardeur mense tussen die ouderdomme van 20 en 30 jaar gaan. Dit is ‘n tydperk waarin Millenniale probeer sin maak van waar hul plek is en waar hulle in vandag se samelewing inpas – hierdie ontdekking is nie altyd maklik nie en kan in ‘n eksistensiële krisis ontaard, naamlik die kwartlewekrisis (Martin, 2016:8). Millenniale vorm deel van hierdie ouderdomsgroep en in die hedendaagse tyd is daar vele redes vir die aanbring van die krisis. Volgens Martin (2016:4) het die verskeie moderne en sosiale veranderinge (bv. hoër misdaad, sosiale media, ouerskapstyle, sosiale druk en voortdurende stimuli) ‘n groot impak op die Millenniale Generasie en het dit ‘n direkte invloed op die kwartlewekrisis wat talle van hulle ervaar. Algemene simptome van hierdie krisis is ‘n vrees vir die toekoms en die gevoel van hopeloosheid, verwarring en gebrek aan rigting (Martin, 2016:5).

Erik Erikson (1950) het in sy psigososiale teorie rakende ontwikkelingsfases die fase van identiteit en rolverwarring in adolessente ondersoek. Dit is in hierdie fase dat die persoon probeer om sy plek in die samelewing te vind, maar soms is dit moeilik en voel hulle onseker oor hul volwasse rolle in die toekoms en is daar ‘n afwesigheid van betekenisvolle rigting. Martin (2016:7) skryf dat die vorming van ‘n identiteit die belangrikste ontwikkelingsfase van die lewe is, aangesien dit die fase is waarin jy moet definieer wie jy is en jouself moet toewys aan sekere waardes, geloofsisteme en doelwitte. Arnett (2004) argumenteer dat hierdie identiteitskrisis waarna Erikson

verwys in die hedendaagse lewe meer in ontluikende volwassenes (Millenniale) as in adolessente voorkom. Jean Twenge en Stacy Campbell (2008), twee sosiale psigoloë, meen dat die Millenniale Generasie, ten spyte van hul selfvertroue, selfgelding en groter eiegeregtigheid as dié van vorige generasies, ongelukkiger as enige ander generasie voor hulle is. Dit is ‘n baie moeilike fase vir Millenniale, aangesien hulle op soek is na betekenis in die lewe en hul eie outentieke plek in die samelewing. Hierdie soeke word egter bemoeilik deur al die verskillende afleidings, negatiewe sienings van ander mense, die geskiedenis, hul verwagtinge en die manier waarop hulle grootgemaak is.

Tegnologie het ook ‘n groot impak op en bydrae tot die kwartlewekrisis van die Millenniale Generasie. Sosiale mediaplatforms soos Facebook en Instagram is die populêrste platforms vir Millenniale (Duggan *et al.,* 2015). Hierdie ononderbroke stroom van nuus, media en inligting kan hulle oorweldig met bekommernisse oor die wêreld (Bland *et al.,* 2012:364). Nog ‘n faktor wat tot die krisis bydra, is die eindelose geleentheid vir portuurvergelykings; Millenniale weeg gedurig hul eie lewe op teen dié van hul vriende of kennisse (Atwood & Scholtz, 2008:245). Dit laat hulle met onrealistiese sienings van ander en valse verwagtinge van hulself. Horan (2010:81) is van mening dat hierdie generasie so besig is om hul aanlyn-beeld af te rond en in stand te hou dat hulle vergeet om hul eie lewe te leef. Daar is ‘n voortdurende toutrekkery tussen die aanlyn-self (eksterne self) en die realistiese self, en daar is so baie druk op hulle weens sosiale media dat die Millenniale op ‘n plek kom waar hulle verward, onseker en sonder hoop vir hulself en hul lewe is. Hulle is op soek na outensiteit, maar volgens Horan sal hulle dit eers werklik kan vind as hulle ‘n tree terugneem van hul aanlyn-identiteite en dit op volhoubare plekke soek.

Die kwartlewekrisis is ‘n baie belangrike periode in die mens se lewe (Martin, 2016:37). Al hierdie frustrasies, onsekerhede en vrae waarmee die Millenniale te doen het, help hulle om met ‘n nuwe perspektief na hul lewens en die wêreld te kyk. Die gevoel dat hulle vasgevang is, sal die Millenniale dryf om te vra wat die betekenis van die lewe is en Martin is van opinie dat dit uiteindelik die dryfveer is wat deur die kwartlewekrisis veroorsaak word.

Kim (2013:82) is van mening dat die term “kwartlewekrisis” die hedendaagse weergawe is van ‘n frase wat deur vorige generasies, selfs van eeue gelede, die “gebrek aan ‘n kern” genoem is. Volgens Kim is een van die soeke in die Millenniale se lewe om hierdie kern te vind, aangesien dit die grondslag sal wees waarop hul lewe gebou word. Daar is soveel verskillende afleidings, stemme en invloede in vandag se lewe dat dit vir die Millenniale moeilik is om hul eie outentieke identiteit (kern) te ontwikkel. In die verlede sou wyse mense hulle aangeraai het om hul kern in die kerk te vind, maar weens Millenniale se negatiewe siening van die kerk is dit heel moontlik die laaste plek waarheen hulle sal gaan. Die gejaagdheid en vinnige pas van die lewe, tesame met die talle afleidings, kan dit baie moeilik maak om hierdie kern te vind. Kim (2013:83) skryf

egter dat ons almal sekere onveranderlike waardes in ons lewe nodig het– ‘n kern – en dit kan gevind word binne die narratiewe, praksis en tydlose tradisies van die kerk.

Dit is juis in bogenoemde opsig dat die navorser van mening is dat die geloofsdissiplines van stilte en afsondering van groot waarde vir die Millenniale Generasie kan wees en kan help in die soeke na die “kern” waarop hulle hul lewe kan bou. Dit gebeur wanneer daar by die kerk as institusie verby gekyk word, wanneer tegnologie nie die bepalende faktor in hul identiteit en wêreldbeskouing is nie en wanneer daar beweeg kan word na die diepte van ‘n egte en outentieke verhouding met God wat sy grondslag binne die kern van die Millenniale vind. Verskillende eksterne stimuli lei maklik mense se aandag af, maar sonder hierdie stimuli kan hulle hul kern vind – die plek waar Jesus Christus almal ontmoet te midde van hul onstuimighede, die onbekende en hul gevoel van hopeloosheid (Kim, 2013:86). Stilte en afsondering as geloofsdissiplines kan ‘n goeie instrument vir die Millenniale Generasie wees om hul kern te vind en te midde van hierdie kwartlewekrisis hul soeke na betekenis en outensiteit in die regte rigting te stuur.

### 4.7. Waarde van stilte en afsondering

Kim (2013:28) is van opinie dat sekere Millenniale tog ‘n diep band met die kerk vind, maar dat die groot soeke van die Millenniale Generasie ‘n lewe van betekenis is en wanneer die kerk dit nie bied nie, hulle dit op ander plekke sal gaan soek. Millenniale wend hulle tot enige iets wat hulle help om betekenis in die lewe te vind (Kim, 2013:50).

Alhoewel daar soveel negatiewe dinge in die samelewing is wat die lewe hopeloos kan laat lyk, het Millenniale nie hoop verloor nie. Hulle hoop steeds op verandering, maar waar hulle dit voorheen in institusies gevind het, draai hulle nou na individue, kleiner organisasies en groepe mense se diepere basiese beginsels van die lewe. Hulle glo dat hulle daarin betekenis sal vind (Kim, 2013:53).

Millenniale glo dat die beste manier om verandering in die wêreld te weeg te bring, is om die verandering *in jouself* te begin (Kim, 2013:53). Die gebruik van die geloofsdissiplines van stilte en afsondering kan dus van groot waarde vir die Millenniale wees in hul soeke na betekenis in hul lewe en ‘n egte en outentieke geloof; hulle het ‘n groot behoefte daaraan in hierdie hedendaagse kultuur wat gekenmerk word deur tegnologiese versnelling wat ‘n leefstyl van spoed, geraas en afleiding inhou.

### 4.8. Samevatting

In hierdie hoofstuk is die prakties-teologiese model van Osmer gevolg deur op die interpreterende taak te fokus wat die vraag “Waarom gebeur dit?” probeer beantwoord. Die doel van hierdie hoofstuk was om vanuit verskillende aangrensende wetenskappe die relevante besonderhede

van episodes te interpreteer sodat daar ‘n duidelike prentjie rakende die veld van die Millenniale Generasie geskep kan word.

Om ‘n beter begrip te verkry van hoe die Millenniale Generasie ontstaan het, is daar eerstens gekyk na wat ‘n generasie is. Daar is bepaal dat generasies gedefinieer kan word met betrekking tot ouderdom, tydperk en gedeelde karaktereienskappe. Daar is ook na drie ouer generasies gekyk, naamlik die Stil Generasie, die Baby boomers en Generasie X, en wat hul unieke eienskappe, waardes en identiteit in die samelewing is; daarin kon duidelik gesien word hoe daadwerklik die Millenniale Generasie van vorige generasies verskil.

Die fokus van hierdie hoofstuk was egter op die Millenniale Generasie, naamlik diegene wat tussen 1981 en 2000 gebore is. Hulle staan as die Millenniale Generasie bekend omdat hulle tydens die nuwe millennium grootgeword het. Hierdie generasie is baie uniek en besonders in hul identiteit; uit navorsing het dit geblyk dat daar twee prominente dinge is waarna hierdie generasie op soek is in hul lewe, naamlik betekenis en outensiteit. Millenniale wil graag voel dat hulle ‘n bydrae maak tot die samelewing, dat hul lewe iets beteken en dat hulle ‘n verskil maak. Hulle is ook op soek na die outentieke en egte dinge in die lewe. Millenniale het oor die algemeen ‘n groot wantroue in mense en dit speel ‘n groot rol in hul waardering vir dít wat outentiek en eg is. Hierdie soeke in die Millenniale Generasie se lewe het ‘n groot invloed op hul wêreldbeskouing.

Die Millenniale se wêreldbeskouing is bestudeer met betrekking tot die werkplek, institusionele instansies, tegnologie en godsdiens. Hierdie generasie is talle geleenthede gebied as kinders, met die versekering van ouers dat hulle enige iets kan doen wat hulle graag wil. Hulle het dus die werkplek binnegegaan met die verwagting van hoë posisies, asook gereelde verhogings en bevorderings. Millenniale vind wel betekenis in hul werk en sal dus die ekstra myl stap indien hulle voel dat die werk aan hul behoeftes voldoen.

Die Millenniale Generasie heg tot so ‘n mate ‘n negatiewe konnotasie aan institusionele instansies dat hulle hul heeltemal daarvan onttrek. Dit kan gesien word in hul siening van en onaktiewe deelname aan politiek, die wantroue in groot ondernemings, die teleurstelling in hoër onderwys weens min geleenthede om hul kwalifikasies uit te leef en in huwelike, aangesien Millenniale baie lank wag voordat hulle trou. Die tegnologie verander gedurig en is sekerlik die grootste faktor wat tot die gejaagdheid van die lewe bydra. Daar is ook na die effek van verskeie tegnologiese veranderinge op die Millenniale Generasie gekyk. Aspekte soos sosiale media, aanlyn-verhoudings en sosiale bewustheid is bespreek, sowel as die positiewe en negatiewe effekte daarvan op die Millenniaal.

Een van die grootste fokuspunte in hierdie studie is die Millenniale se siening van godsdiens, die kerk en geloof. Dit is duidelik dat hulle weens verskeie ervarings wat hulle al met godsdienstige

mense gehad het, spesifiek met Christene, nie met geïnstitusionaliseerde godsdiens geaffilieer wil word nie. Millenniale se kerkbywoningsgetalle is dan ook drasties aan die afneem, aangesien hulle vertroue in die kerk verloor het. Hulle is van mening dat die kerk nie noodwendig hul beste belange op die hart dra nie en dat dit nie 'n veilige plek is om jou lewe met ander te deel nie. Alhoewel hierdie generasie se siening van godsdiens en die kerk so negatief is, is dit opvallend dat hulle nie ophou om 'n persoonlike verhouding met God na te streef nie. Hulle beskou hulself as *geestelik* eerder as godsdienstig en vind baie meer aanklank by simplistiese, egte en betekenisvolle maniere om hul geloof uit te leef.

Millenniale word deur ander generasies as narsisties en eiegeregtig beleef, maar dit is duidelik dat hul optrede teenoor vorige generasies en hulle uniekheid net 'n spieëlbeeld is van hul diepste soeke na betekenis, naamlik outensiteit. Die kwartlewekrisis speel 'n groot rol in die Millenniale se lewe en dien as 'n groot uitdaging in hierdie fase van hul lewe. Indien hierdie kwartlewekrisis op 'n holistiese en gesonde manier benader word, is die Millenniale in staat om 'n sterk identiteit te vorm en 'n grondslag te lê waarop hul lewe gebou kan word. Hierdie grondslag kan in tydlose, eenvoudige en egte beginsels in die Christelike geloof gevind word. Die navorser is van mening dat die geloofsdissiplines van stilte en afsondering van groot waarde vir die Millenniale Generasie kan wees in hierdie onbekende, onsekere en veranderende tyd waarin hulle hulself bevind.

In die volgende hoofstuk sal daar na die *normatiewe* aspekte gekyk word rakende die gebruik en waarde van die geloofsdissiplines van stilte en afsondering in die Millenniale Generasie se lewe.

# Hoofstuk 5

# NORMATIEWE TAAK: PERSPEKTIEWE RAKENDE DIE GELOOFSDISSIPLINES VAN STILTE EN AFSONDERING

## 5.1. Inleiding

In die studie word daar van Osmer (2008:4) se model gebruik gemaak en in hierdie hoofstuk sal die normatiewe taak behandel word wat die volgende vraag probeer antwoord: Wat behoort aan te gaan? Aspekte rakende die navorsingsvraag sal teologies ondersoek word deur hoofsaaklik van die Skrif gebruik te maak om sodoende Skriftuurlike perspektiewe te vind vir die waarde en gebruik van die geloofsdissiplines van stilte en afsondering wat spesifiek op die Millenniale Generasie gefokus is.

## 5.2. Metodologie

Volgens Osmer (2008:133) behels die normatiewe taak profetiese onderskeiding wat hy as ‘n wisselwerking tussen goddelike bekendmaking en menslike vorming beskryf. In hierdie taak word daar gepoog om vas te stel wat God se wil vir huidige situasies is. Profetiese onderskeiding het drie benaderings tot normatiwiteit wat in hierdie navorsingstudie gebruik sal word. Hierdie drie benaderings is die volgende:

- Teologiese interpretasie, wat op die interpretasie van huidige episodes, situasies en kontekste met teologiese konsepte fokus (Osmer, 2008:139).
- Etiese refleksie, waarin morele gemeenskappe toegelaat word om hul huidige praktyke en normes teen universele etiese beginsels te toets. Etiese beginsels en riglyne word dus as deel van die normatiewe taak ontwikkel (Osmer, 2008:149).
- Die goeie praktyk, wat volgens Osmer (2008:152) tweevoudig van aard kan wees: Eerstens kan dit ‘n model van goeie praktyke vanuit die verlede of hede bekendstel wat in die hervorming van mense se huidige aksies kan help. Tweedens kan dit nuwe begrippe van God, die Christelike lewe en sosiale waardes bied wat nie noodwendig deur tradisie oorgedra is nie.




**Figuur 5-2: Vier take van Osmer se prakties-teoretiese model (Osmer, 2008:11)**

In hierdie hoofstuk sal daar aandag gegee word aan perspektiewe uit die Skrif vanuit verskeie karakters se lewens waarin die beoefening van stilte en afsondering 'n belangrike rol gespeel het. Daar sal ook gekyk word na watter impak stilte en afsondering op hierdie Bybelfigure se lewens gehad het en wat die belangrikheid daarvan is. Ou- en Nuwe Testamentiese narratiewe, asook enkele Bybelfigure, sal ondersoek word. Geloofsdissiplines en perspektiewe wat die Skrif daarop bied, sal nagevors word. Daar sal te werk gegaan word met die openbaringshistoriese metode soos wat dit deur Van der Walt (2007:23) verduidelik word; dit bestaan uit twee basiese benaderings tot openbaringsgeskiedenis en word soos volg beskryf:

- 'n Vertikale lyn, wat die openbaringsgedeelte behels. Dit is die tematiese benadering – daar word na die lyn van God na mense toe gekyk. Van der Walt (2007:23) skryf: "Sake word sistematies gegroepeer, fasette wat bymekaar hoort, word saam behandel." In hierdie studie sal die fokus val op wat daar in die Skrif geskryf word rakende stilte en afsondering en wat die waarde daarvan is.

- 'n Horisontale lyn, wat die historiese gedeelte behels. Dit gaan oor die verloop van die geskiedenis oor die jare heen (Van der Walt, 2007:23). In hierdie studie sal die fokus op die lewens van verskeie karakters in die Skrif val.

Hierdie metode sal saam met Richard Osmer se prakties-teoretiese model gebruik word as metodologiese raamwerk, want, soos Van der Walt (2007:23) rakende die openbaringshistoriese metode geskryf het, "dit is 'n middel ter bereiking van 'n doel […] om die Skrif beter te verstaan".

Verskeie karakters en Skrifgedeeltes in die Bybel is van toepassing op hierdie studie oor die beoefening van stilte en afsondering (bv. Jes. 30:15; Ps. 46:10), maar daar gaan slegs van ’n paar gebruikgemaak word sodat daar diepgaande verduidelikings van die Skrifgedeeltes verkry kan word. Die Skrifgedeeltes wat as inleidende Skriftuurlike perspektiewe dien en gebruik gaan word, is Psalm 23:1-4. Die Bybelkarakters wie se lewens ondersoek gaan word, is Moses (Eks. 33:7-9), Elia (1 Kon. 19:8-12), Paulus (Gal. 1:11-24) en Jesus Christus (verskeie teksgedeeltes, o.a. Mark. 6:31; Matt. 4:1-11; en Matt. 14:17-23). Daar sal ook verduidelikings vanuit die literatuur gebied word rakende hierdie Bybelfigure se lewens, maar daar sal op enkele Skrifgedeeltes eksegese uitgevoer word (volgens die Skrifgedeeltes hierbo genoem); deur die verloop van die hoofstuk word daar wel na ander Skrifgedeeltes verwys met die doel om ’n meer diepgaande verduideliking te verskaf.

Nadat daar ’n oorsigtelike teologiese verduideliking van die geloofsdissiplines gegee is, sal daar van Janse van Rensburg (2011:33-263) se *Preekgeboorte* gebruikgemaak word om diepgaande verduidelikings van die Skrifgedeeltes te verkry. Die stappe sal nie presies gevolg word soos wat dit in Janse van Rensburg (2011:33-263) uiteengesit word nie, omdat baie van hierdie stappe spesifiek op die maak van ’n preek gerig is en nie van toepassing op hierdie studie is nie. Die metode gee egter ’n goeie teoretiese raamwerk waarbinne die Skrif hanteer en toegepas kan word. Die eerste stap sal ook nie genoem word nie, aangesien die perikoop vir hierdie studie vanselfsprekend reeds gekies is. Die stappe wat dus gevolg sal word, is die volgende:

- Bepaal die plek van die perikoop in sy boek en in die Bybel.
- Bepaal die genre van die perikoop en die boek.
- Bepaal die kernvers van die perikoop.
- Bepaal die perikoop se sosio-historiese konteks.
- Doen woordstudie van belangrike begrippe in die kernvers.
- Bepaal die openbaringshistoriese plek en betekenis van die perikoop.
- Bepaal die openbaring oor God in die perikoop.
- Bepaal die openbaringsfeite in die perikoop en die oproepe op grond daarvan.
- Bepaal die kommunikasiedoel van die perikoop.
- Raadpleeg eksegetiese bronne.
- Begryp die konteks van die hoorder.

Hierdie Skrifperspektiewe sal ‘n belangrike bydrae lewer tot die beantwoording van die navorsingsvraag wat handel oor die soeke na die waarde en gebruik van stilte en afsondering as geloofsdissiplines vir die Millenniale Generasie. Alhoewel daar nie na die Millenniale in die Skrif verwys word nie, is dit duidelik dat hierdie geloofsdissiplines dwarsdeur die Skrif dat ‘n uiters belangrike rol speel. Regdeur die Ou en Nuwe Testament is die dissiplines te vinde; dit spreek van die relevansie vir alle generasies (en spesifiek die Millenniale Generasie) wat op soek is na ‘n egte geloof en verhouding met God (cf. 2.8.3.2 en 5.7). Pastorale berading vorm deel van Praktiese Teologie en word hoofsaaklik binne 'n handelingswetenskaplike benadering bedryf, met die verandering en verbetering van die praksis as hoofaktiwiteit (De Wet, 2006:59). Die studie in pastoraal word binne die dissipline van Praktiese Teologie nagevors. Hierdie normatiewe studie sal saam met die interpreterende studie (Hoofstukke 4 & 5) en die resultate van die empiriese studie (Hoofstuk 2) gebruik word om die pragmatiese deel te vorm wat kan dien as ‘n prakties-teoretiese model vir die gebruik van stilte en afsondering in die Milenniaal se lewe.

### 5.3. Spiritualiteit

Regdeur die geskiedenis van die mensdom kan daar een universele eienskap in mense se lewens gesien word, naamlik ‘n fundamentele ongemak ofonuitblusbare vuur in elke mens wat dit moeilik maak om tot rus te kom – dit lê aan die kern van ons lewens en in die dieptes van ons siel (Benner, 2011:16; Rohleiser, 2014:3). Ons het almal ‘n diep verlange in ons lewens – Blaise Pascal (2015:75) verwys ook daarna wanneer hy van die God-gevormde *vakuum* praat wat daar in elke mens is, ‘n smagting na iets groter. Hy vertel hoe mense hierdie leemte in hulself probeer vul met enige iets rondom hulle, dinge wat die leemte moet vul, maar dit nooit doen nie. Benner (2011:18) meen dat hierdie soeke die mens na egte intimiteit roep, na vervulling of heelheid, ‘n plek van groter hoogtes en meer diepte. Volgens Benner vorm die wyse waarop die mens op hierdie soeke en verlange reageer, sy/haar spiritualiteit.

Spiritualiteit is dan hoe mense uiteindelik reageer op hierdie soeke en verlange wat diep in hul binneste geanker is (Rohleiser, 2014:5). Benner (2011:17) is van opinie dat spiritualiteit (en die beofening daarvan) die mens se reaksie op die diepste soeke van die siel is. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat Christelike spiritualiteit daarop gefokus is om hierdie verlange diep binne-in ons te vul met ’n verhouding met God en deur nader aan Hom te groei. Alister McGrath (1999:2) definieer Christelike spiritualiteit soos volg: Christelike spiritualiteit gaan oor die soeke na ‘n vervulde en outentieke Christelike ervaring – dit sluit die samekoms van fundamentele idees oor Christenskap in, asook die totale ervaring om binne die grense van die Christelike geloof te leef.

Godsdiens en spiritualiteit word diep met mekaar verbind, want godsdiens is die gemeenskaplike en belydeniswaardige uitdrukking van spiritualiteit wat die mens ten opsigte van die Goddelike en die heilige oriënteer (Benner, 2011:67). Benner skryf dat godsdiens nie net ‘n uitdrukking van

spiritualiteit is nie, maar dat dit die houer is waarin spiritualiteit bewaar word. Tacey (2003:38) definieer spiritualiteit as ‘n innerlike werklikheid – die ontdekking van die innerlike/ware self waar die werklikheid van God aangevoel kan word. Die verbinding van die innerlike en uiterlike wêrelde is dikwels deel van ‘n geestelike ervaring en gee aan die mens betekenis (Gardner, 2011:22). Die Millenniale Generasie is soekend van aard; hulle is op soek na egtheid, veral in geloof en die betekenis van die lewe (Stanton, 2015). Kim (2013:54) meen ook dat hulle baie vrae en onsekerhede ten opsigte van geloof en godsdiens het, maar dat hulle in godsdiens en geloof op soek is na iets wat eg is en nie noodwendig iets wat nuut en anders is nie. Hierdie soeke na iets eg en outentiek het in ‘n groot mate met spiritualiteit te doen. Topper (2003:91) is daarvan oortuig dat geestelike versorging nie primêr gaan oor die aanleer van nuwe tegnologie, tegnieke en vaardighede nie, maar eerder oor ‘n manier van leef, om die mens te respekteer as ‘n geestelike wese met geestelike behoeftes. Die wyse waarop Christelike gelowiges, spesifiek Millenniale wat op soek is na ‘n egte en outentieke geloof, hul spiritualiteit kan uitdruk, is deur van geloofsdissiplines gebruik te maak. Die twee geloofsdissiplines waarop ons in hierdie studie fokus, is die dissiplines van stilte en afsondering.

### 5.4. Geloofsdissiplines

Soos in Hoofstuk 3 aangetoon, is geloofsdissiplines volgens Willard (1991:156) die aktiwiteite wat onderneem word om in ‘n intiemer verhouding met Jesus Christus en sy koninkryk te staan. In sy verdere verduideliking noem Willard die dissiplines “excercises unto godliness”; vir Christene is hul roeping om Jesus Christus te volg en in hul verhouding met Hom te groei. Curran (2010:4) skryf dat Christelike geloofsdissiplines spesifieke, intensionele aksies is, soos byvoorbeeld aanbidding, gebed, meditasie, afsondering, gemeenskap en gasvryheid wat mense op die ware God rig en weg van die valse self, geloofsisteme, houdings en praktyke van die wêreld. Die beoefening van geloofsdissiplines is ‘n manier waarop Christene geestelik kan groei, in hul verhouding met God verdiep kan word, al nader aan Jesus Christus kan kom en in sy voetstappe kan volg. Die doel van geloofsdissipline is dus om mense in heiligmaking te laat groei, beide as individuele Christelike mense en as gemeenskappe (Curran, 2010:4). Baab (2012:173) het die volgende geskryf oor die waarde in die beoefening van geloofsdissiplines:

- Geloofsdissiplines help die mens om God se Woord te hoor en beter te verstaan sodat daar groei in Christus se beeld kan plaasvind.
- Geloofsdissiplines help die mens om ‘n ontmoeting met God te hê, die God wat reeds in en met ons praat.
- Geloofsdissiplines, met die fokus op dissipline, help die mens om die strukture en gewoontes te omhels wat help om die mens se karakter in die beeld van Christus te vorm.
- Geloofsdissiplines help die mens om op God se roeping te reageer en help ons ook om oop te wees vir God se verdere aksie in ons lewe.

Mulholland (2016:154) beklemtoon dat God deur middel van geloofsdissiplines mense in Sy groot liefde vashou tydens die proses waarin hulle na sy beeld gevorm word, ook in hul optrede teenoor ander, en dat hy hulle help om van gebrokenheid na heelheid te beweeg. Millenniale se grootste soeke in die lewe is na *outensiteit* en *betekenis* (Stanton, 2015). Wanneer geloofsdissiplines beoefen word, kan dit die Millenniale Generasie in hierdie soeke help.

### 5.4.1. Geloofsdissiplines as oefening

Geestelike dissiplines, soos bespreek in Hoofstuk 3.4, is aktiwiteite wat die mens help om in 'n dieper verhouding met God te leef, veral die dissiplines van stilte en afsondering waarop daar in hierdie studie gefokus word. Johnson (2012:8) meen dat geestelike dissiplines mense help om God te ontmoet. Die mens het geloofsdissiplines nodig om van die oppervlak van die lewe na die dieptes van 'n verhouding met God te kan beweeg (Curran, 2010:4). Barteau (2011) sluit daarby aan wanneer hy skryf dat geloofsdissipline die mens se gemoed oopmaak om naby en in kontak met God te kan leef en bewus te wees van ontmoetings met God wat 'n mens deur die loop van die lewe maklik kan mis. Foster (1999:7) verduidelik dat God aan mense die geloofsdissiplines gee as 'n manier om sy genade te ontvang – dit laat hulle toe om hulself voor God te plaas sodat Hy transformasie in hul lewens kan bewerkstellig. Dit beteken egter nie dat geloofsdissiplines die mag het om genade te gee nie, aangesien dit slegs deur die dood en opstanding van Jesus Christus en sy Middelaarswerk kan gebeur. Geloofsdissiplines help die mens om met 'n dieper bewustheid te leef van hierdie genade wat so vrylik beskikbaar is, om dit meer gereeld raak te sien en om dit in die daaglikse lewe te ervaar. Curran (2010:8) is van opinie dat geloofsdissiplines genadegawes van 'n transformerende lewe in Jesus Christus is.

In 1 Kor. 9:24-27 skryf Paulus die volgende:

> Onthou, daar hardloop baie atlete op die baan, maar net een ontvang die prys. Hardloop so dat julle die prys sal ontvang. Al die deelnemers pas absolute selfdissipline toe. Hulle doen dit om 'n prys te wen wat heel gou sal vergaan. Maar ons doen dit vir 'n ewige prys. Daarom pyl ek reguit op die wenpaal af, doelgerig met elke tree wat ek gee. Ek is soos 'n bokser wat met elke hou tref. Ek brei my liggaam en dissiplineer dit om werklik bruikbaar te wees. Ek wil tog nie, terwyl ek vir ander gepreek het, self deur God gediskwalifiseer word nie." (Bybel, 2011).

Paulus beveel in hierdie Skrifgedeelte aan dat Christene die voorbeeld van atlete moet volg wanneer hulle in die geestelike wedren hardloop om die prys te wen (1 Kor. 9:24-25). Garland (2003:440) verduidelik dat die Griekse spele slegs vir die Grieke was, maar dat hierdie Christelike wedren vir alle mense oopgestel is en dat daar baie "wenners" kan wees. Paulus het hierdie voorbeeld gebruik omdat die Grieke in daardie tyd bekend was met die spele en dit sou dus vir hulle maklik verstaanbaar wees (Exell *et al.,* 1897). Hale (2007:627) meen dat die prys die

volwassenheid in Jesus Christus is. Net soos wat atlete in die Griekse spele op ‘n gedissiplineerde manier moes oefen en voorberei, net so moet Christene dissipline in hul geestelike reis en strewe na die Ewige toekenning beoefen (Tucker, 2016:168)

In 1 Korintiërs 9:24-27 maan Paulus dat mense die geestelike reis moet hardloop sodat die prys gewen kan word. Die vraag van geloof teenoor werke ontstaan maklik wanneer hierdie Skrifgedeelte gelees word (Donovan, 2017). Paulus skryf egter in Romeine telkemale dat die mens slegs gered kan word deur die genade wat aan die mens gegee is deur die verlossing in Christus (Rom. 3:24-25; Rom. 5:1-5; Rom. 6:14). In hierdie Skrif uit Korintiërs beklemtoon Paulus dat die manier waarop mense hul geestelike lewe leef, belangrik is (Donovan, 2017; Sampley, 2002). In vers 25a skryf Paulus: “Al die deelnemers pas absolute selfdissipline toe.” Paulus skryf dit om aan te dui dat alle deelnemers aan enige sport, ook die Griekse spele, se groot voorbereiding en oefening voor die offisiële wedstryd plaasvind (Donovan, 2017; Nash, 2009:396; Sampley, 2002). Hierdie voorbereiding verg dissipline wat met verskillende aspekte te doen het soos slaap, dieet, bestudering van die kompetisie, strategiese ontwikkeling ensovoorts. Genoemde voorbeeld is net so van toepassing op die mens se geestelike lewe en dit is wat Paulus met hierdie Skrifgedeelte aan die Korintiërs probeer verduidelik – mense het nodig om seker dissiplines in hul lewe te beoefen om die geestelike wedren goed te hardloop, maar om ook in alles hul afhanklikheid van God se genade te erken (Donovan, 2017; Nash, 2009:396; Soards, 1999:300). Hierdie geloofsdissipline bring ’n mens nader aan God en help jou om die persoon te word wat God jou bestem het om te wees (Donovan, 2007).

Om dissiplines toe te pas moet die liggaam ingeoefen en onder beheer gebring word. Paulus verwys in hierdie gedeelte nie noodwendig na sy fisiese liggaam nie, maar gebruik dit as metafoor. Wat hy met hierdie Skrifgedeelte probeer sê, is dat hy nie vasgevang wil word in die bevrediging van sy eie begeertes en die nastrewing van sy eie wiltot sy eie beswil nie, aangesien dit baie keer nie in lyn is met God se wil nie (Poole, 1985:250). Om God se wil na te volg het Paulus, volgens genoemde kommentaar, gebruik gemaak van sekere eksterne dissiplines soos om te vas en te bid; hierdie dissiplines het hom gehelp om in sy verhouding met God te groei. Wanneer mense geloofsdissiplines in hul lewens wil inkorporeer, is daar, net soos met oefening, talle redes waarom hulle dit nie regtig wil (of hoef) te doen nie; tog is dit nodig en goed vir die mens en noodsaaklik vir gelowiges.

Alhoewel die woord “geloofsdissipline” nie direk in die Bybel voorkom nie, is daar talle voorbeelde in die Skrif waarin die aktiwiteite van geloofsdissiplines aanbeveel word (St. John, 2013:19). Paulus beskryf geloofsdissiplines in die vorm van oefening. In 1 Timoteus 4:7-8 staan daar geskryf: “Moenie tyd verkwis met redenasies oor goddelose idees en ouvroustories nie. Bestee jou tyd en energie daaraan om jouself te oefen tot geestelike fiksheid. Liggaamlike oefening het

wel waarde, maar geestelike oefening is baie belangriker, want dit hou die belofte in van beloning, sowel in hierdie lewe as in die volgende een." (Bybel, 2011).

Guzik (2013) lewer kommentaar op hierdie Skrifgedeelte en meen eerstens dat gelowiges se prioriteit God se Woord moet wees en nie mense s'n nie (cf. 1 Tim. 4:7); daar is so baie dinge in die lewe wat die mens se aandag en fokus vra, maar die uitnodiging in hierdie gedeelte is dat die mens sy aandag op God moet hou. In die parafrase van die Boodskap-vertaling gebruik Peterson (2011) ander woorde in 1 Timoteus 4:8: "Jy moet oefen om dit te doen soos 'n atleet oefen om fiks te bly. 'n Atleet wat oefen om fiks te bly doen goed, maar dit help nie vir alles nie. Om egter geestelik te oefen om fiks te bly deur God te dien, is regtig die moeite werd. Dit help 'n mens op alle maniere, vir die lewe hier op aarde en die lewe wat vir ons wag in die toekoms." Om mens se aandag op God te kan hou en nader aan Hom te groei meen Paulus dat die mens moet oefen om geestelike fiksheid te verwerf (1 Tim. 4:8).

Die antieke Grieke en Romeine was baie aktiewe en fikse mense en het fisiese oefening hoog op prys gestel. Paulus skryf aan Timoteus en moedig hom aan deur te meld dat dieselfde moeite wat in fisiese oefening gesit word, ook in geestelike oefening gesit moet word (Guzik, 2013). In Engelse vertalings van hierdie Skrifgedeelte gebruik Paulus die woord "godliness": "[...] and exercise yourself toward godliness" (NKJV) (Nelson, 2014). Volgens Guzik is die woord "godliness" afkomstig van die ou Engelse woord "Godlikeness"; dit beteken om die karakter en houding van God in te neem, met ander woorde om te leef volgens die beeld van God waarin ons geskape is. In die Skrifgedeelte wil Paulus Christene aanmoedig om te oefen en hulself te dissiplineer in 'n lewe wat vir God geleef word – 'n lewe met geloofsdissiplines (St. John, 2013:20). Hierdie oefening het 'n letterlike betekenis: Amper soos om in 'n gimnasium te oefen moet 'n mens oefen deur sekere dissiplines wat van geloofswaarde is, in jou lewe te inkorporeer en moet jy nie vasgevang raak in die oefeninge van valse leraars nie (Jamieson, Fausset & Brown, 1961).

Benedictus was van mening dat mense se heiligmaking gerealiseer word in hul daaglikse keuses en gewoontes (Wilson, 2005:48). Daar kan dus afgelei word dat die beoefening van geloofsdissiplines van groot geestelike waarde vir 'n mens kan wees en dat dit jou nader aan God kan lei. Wilson (2005:3) meen dat die mens se innerlike geestelike lewe vlamvat deur middel van geloofsdissiplines en dat die beoefening daarvan na groter intimiteit met God lei.

Volgens Longman (2010) help geloofsdissiplines 'n mens om elke deel van jou lewe (en spesifieke manier van leef) na God toe te draai. Hy skryf verder dat wanneer dit getrou en gereeld beoefen word, geloofsdissiplines gewoontes of patrone in 'n mens se lewe word wat as hulp dien om jou herhaaldelik na God toe terug te draai en jou oop te laat wees vir wat God aan jou wil sê.

Ons sien regdeur die Skrif en die Christelike geskiedenis hoe talle mense geloofsdissiplines beoefen het (sien 4.7 en 4.8), veral wanneer daar gekyk word na die lewe van Moses (Eks. 3; Eks. 19:3; Eks. 24:15-18), Jakob (Gen. 32:24-30), Elia (1 Kon. 18-19), Johannes die Doper (Luk. 1:80) en Jesus Christus in sy lewe op aarde (Luk. 5:16; 6:12; Mark. 1:35; 6:31; Matt. 4:1-4; 14:13, 23; 17:1-9; 26:36-40). Daarom is geloofsdissiplines vandag nog steeds van groot belang indien iemand in ‘n nabye en diep verhouding met God wil leef – dit is ook die soeke van die Millenniale Generasie, naamlik om in ’n nabye, diep, egte en outentieke verhouding met God te leef (Kim, 2013:52; Vaughn, 2016:55).

In die konteks waarin die navorser haar bevind, naamlik in Johannesburg, is spoed en geraas ‘n groot deel van die meerderheid mense se lewens – van alarms wat in die oggende skree, musiek in ons oorfone wanneer ons oefen, die geluide van motors se remme en toeters en agtergrondmusiek tot die vinnige bediening van kitskos by wegneemeetplekke (Heerens, 2014). Tegnologie verander voortdurend sodat alles vinniger kan gebeur en op sosiale netwerke kan daar kitsboodskappe gestuur word wat binne ‘n oogwenk ontvang kan word. Baie keer verwys ons na die lewe as ‘n “rat race", ‘n gejaag na wind en ‘n eindelose geskarrel (cf. 2.8.3.3). Ons het gewoond geraak aan 'n lewe waarin alles baie vinnig gebeur en dat daar nie sommer vir iets gewag hoef te word nie; daar word ook nie noodwendig stilte beleef nie. Vroeër is daar na Foster (1999:1) verwys wat skryf: “Superficiality is the curse of our age.” Met hierdie gejaagdheid, die geskarrel van die lewe en besige programme wat ons oorneem, is dit baie maklik om ‘n oppervlakkige lewe te lei. Die groot behoefte van talle individue van die Millenniale Generasie (soos ook bevind in die empiriese studie – cf. 2.8.1) is om teen hierdie tipe lewe te rebelleer en hul soeke is na ’n dieper, betekenisvolle lewe, asook ‘n egte en outentieke verhouding met God (Kim, 2013:49-50).

Stilte en afsondering is ‘n belangrike geestelike dissipline wat al in die vroeë kerk deel van die Christelike tradisie was, soos beskryf in 3.3.2. Weens die veranderinge in kerke het hierdie dissipline met verloop van tyd verlore gegaan. Jones (2005:20) verduidelik dat alle Christene voor 1054 Katoliek/Ortodoks was, want daar was slegs een kerk. Na die groot verdeeldheid in 1054 het beide die Katolieke en Ortdokse kerke die beoefening van geloofsdissiplines volgehou, maar gedurende die Reformasie het die Evangeliese kerk nie gedink dat die gebruik van geloofsdissiplines belangrik was in hul protes nie (St. John, 2013:37). Die Evangeliese kerke het ook ‘n baie negatiewe siening van die geloofsdissiplines gehad, omdat dit as net *nog* ‘n vorm van geregtigheid deur dade gesien is (Galli, 2008). Galli meld wel dat geloofsdissiplines in die laaste paar dekades al hoe meer populêr begin word het in die Evangeliese kerke.

Dit is belangrik om hierdie gebruik deel van ’n mens se daaglikse lewe te maak om sodoende in ‘n wêreld wat deur voordurende versnelling, lawaai en oppervlakkigheid gekenmerk word rus te vind en steeds in kontak te bly met wie jy is en waar ’n mens in jou verhouding met God staan.

Jones (2005:31) is oortuig dat geloofsdissipline as hulp dien om die bewustheid van die individu na God te verskuif en dat hierdie bewustheid ‘n verhoudings- en temporale ruimte vir God skep in die Christen se lewe.

Stilte en afsondering help om “tyd uit te koop” om by God te wees, Hom beter te leer ken en jou geestelike lewe te verdiep; Belisle (2003:17) stel dit soos volg: “The religious person seeks solitude in order to seek God, to listen to and speak with God.” Wanneer ‘n mens in hierdie gejaagde lewe is, is dit belangrik om spesiaal tyd eenkant te sit om stil te word en jouself van alle eksterne stimuli te onttrek sodat jy tyd saam met God kan deurbring en Hom waarlik kan leer ken. Barton (2009a:18) meen dat stilte en afsondering ‘n uitnodiging is om in ‘n dieper intimiteit en verhouding met God te tree – dit is ‘n uitnodiging vir kommunikasie en gemeenskap met die Een wat altyd teenwoordig is, selfs wanneer die mens se lewe vol afleidings is.

Volgens Maitland (2009:3) word vandag se lewe deur geraas en bedrywigheid gekenmerk – die meerderheid mense het hul selfone *nodig,* verkies om daagliks musiek in hul oorfone, motors, huise en selfs werksplekke te speel en voel dikwels ongemaklik by die gedagte dat hulle met regte stilte gekonfronteer mag word. Maitland reken dat die woorde “alleen” en “eensaam” amper sinonieme van mekaar geword het en dat mense dus baie keer daarvan wegskram; dit kan die rede wees waarom mense nie altyd positief ingestel is op die geloofsdissiplines van stilte en afsondering nie. Tog is daar hierdie groot soeke na rus en vrede, iets wat wel in stilte en afsondering gevind kan word. Die skrywer is van mening dat mense op soek is na rus en vrede – privaatheid word waardeer en eensame en stil mense word as egter gesien as diegene in ‘n sosiale groep. Tog word die geleenthede om stilte en afsondering te beoefen die meeste van die tyd nie nagejaag nie, hoewel hierdie geestelike dissiplines net so noodsaaklik as fisiese oefening is, omdat dit na ‘n dieper lewe met God en ‘n egte en outentieke geloof lei.

### 5.4.2. Geloofsdissiplines en *sola gratia*

Die vraag ontstaan egter wat van *sola gratia* word wanneer dit by geloofsdissiplines kom? Die beoefening van laasgenoemde kan maklik verstaan word as sekere werke wat die mens moet doen om geregtigheid deur werke te verdien.

Die bekende slagspreuk *sola gratia* is bekend in die Lutherse tradisie en word as die hoofbeginsel gesien van Lutherane se lering, preke en geloof (Stjerna, 2015:262), alhoewel dit na die latere Reformasie toe oorgedra is en in alle refomatoriese kringe aanvaar word.

*Sola gratia* beteken “slegs genade” (alleen deur genade) en dra die betekenis dat die mens slegs deur die genade van God gered kan word. Hierdie uitgangspunt word gerig deur wat in Romeine 5:8-9 geskryf staan: “God laat blyk sy liefde vir ons egter daarin dat Christus vir ons kom sterf het ten spyte daarvan dat ons nog sondaars was. Ons is nou vrygespreek deur Jesus se dood.”

(Bybel, 2011). Die teenoorgestelde van geregtigheid uit God se genade deur geloof is eiegeregtigheid – dit is juis hierdie selfvoldaanheidsmentaliteit waarteenoor die Reformasie die evangelie van genade gestel het, naamlik *sola gratia* (Peters, 2016:137).

Soos reeds genoem, kangeloofsdissiplines baie keer verwar word met dade en werke wat beoefen moet word om sodoende verlossing te ontvang en van God saligheid te verdien, maar dit is glad nie die geval nie. Dit gebeur wanneer mense slegs op die dissipline fokus; Foster (1999:9) probeer dit verhoed deur te waarsku dat "law-bound disciplines breathe death". Geloofsdissiplines het niks met redding of verlossing te make nie, maar weens Christus se dood en opstanding kan ons nou in 'n verhouding met Hom leef (Read, 2013:70).

Die Bybel gebruik nie die woord "heiligmaking" nie, maar beskryf wel die mens as 'n aktiewe wese wat vrugte van verlossing en heiligmaking dra (Kim, 1999:33). Die geregtigheid van geloof is op die verlossingswerk gebaseer wat Jesus Christus aan die kruis voltooi het, maar geregtigheid in die daaglikse lewe is op "samewerking" met die Heilige Gees gebaseer (Baxter, 2016:120). Die Heilige Gees lei mense om die voorbeeld van Jesus na te volg en vorm hulle na die beeld van Christus (Lotter, 2005:495; cf. ook Heb. 12:14). Die mens is nie medeverlossers in die lig wat deur die verlossing verkry word nie, maar is wel 'n medewerker in die lig van die reeds verwerfde verlossing (Kim, 1999:32). Daarmee word bedoel dat die Heilige Gees die mens begelei om die verlossing wat deur Christus ontvang word, in hul daaglikse lewens uit te leef (cf. Joh. 16:13-14). Hierdie werklikheid hou in dat gelowiges nou 'n besondere openheid teenoor God kan hê omdat God nie meer ver voel nie, maar naby is – sy Gees woon in die mens (Lotter, 2005:495; cf. ook 1 Kor. 6:19). Aangesien die mens 'n medewerker in die lig van die *reeds verworwe verlossing* deur Christus is (Kim, 1999:32), bring dit 'n groter bewustheid en betrokkenheid in gelowiges se lewens teweeg wat hulle daartoe lei om God beter te ken, Hom as Verlosser te bely en Hom lief te hê (Lotter, 2005:495). In Johannes 15:8 skryf Johannes dat die vrug in gelowiges se lewens die bewys en resultaat van ware dissipelskap is (Bybel, 2011).

As gevolg van die geraas, lawaai, bedrywigheid en talle afleidings van vandag raak dit baie moeilik om hierdie verhouding wat so vrylik aan die mens gegee is te versorg en te bou (sien 3.4.1). Daarom kan geloofsdissiplines van groot waarde wees en die mens help om intimiteit met God te ervaar. Geloofsdissiplines word in samewerking met die Heilige Gees beoefen en is nooit pogings wat die mens self wil nastreef nie. Lotter (2005:501) meen dat gelowiges deur middel van die werking van die Heilige Gees in 'n intieme en unieke verhouding met God kan leef omdat daar 'n herstelde verhouding en oop kommunikasie is. In Psalm 37:4 skryf die digter dat hy sy blydskap in God wil vind (Bybel, 2011). Dit is presies wat die Heilige Gees doen – Hy is die Een wat die ervaring van God in gelowige mense laat plaasvind met die doel om nie 'n menslike ervaring te hê nie, maar 'n diep, God-geïnisieerde belewenis van die allerhoogste, lewende God (Lotter, 2005:502).

Christene wat geloofsdissiplines beoefen, vind dat dit vir die mens se eie beswil is en dat die oorvloed van God se liefde in ‘n groter mate ervaar word (St. John, 2013:26). St. John (2013:27) is ook van mening dat geloofsdissiplines God se manier kan wees om Christene te help om ‘n nabye, persoonlike en intieme verhouding met Hom te hê. In hierdie studie word daar spesifiek gefokus op die geloofsdissiplines van *stilte* en *afsondering*. Barton (2009b:18) is van opinie dat die beoefening van stilte en afsondering ‘n uitnodiging is na geestelike transformasie in mense se innerlike lewens wat na groter vryheid, egtheid en oorgawe aan God sal lei.

### 5.4.3. Geloofsdissiplines as hulpmiddel vir geestelike vorming en groei

Wilson (2005:13) definieer geloofsdissiplines as persoonlike en korporatiewe gewoontes van toewyding en ervaring in Christenskap wat geestelike groei en vorming aanmoedig. Dit is belangrik om te verstaan wat ‘n geloofsdissipline is om sodoende te verstaan hoe dit as hulpmiddel tot hierdie geestelike groei en vorming kan dien. Eerstens is die woord *geestelik* ‘n herinnering daaraan dat die bewustheid van die realiteit van die Gees van God, beide in mense en in die geskape wêreld, een van die funksies van Christelike handeling is (Curran, 2010:5). Curran (2010:5) verduidelik dat geloofsdissiplines ‘n karakterhandeling van ‘n geestelike mens is, ‘n oefening wat die mens in kontak met God se Gees bring en die mens help om te kan komtempleer (dieper nadink) oor God. Thomas Merton (2007:1) is van mening dat die kontemplasie van God die hoogste uitdrukking van die mens se intellektuele en geestelike lewe is – kontemplasie is “bewustheid”, “wonder”, “ontsag”, “dankbaarheid”, “ontwaking” en die “reaksie op ‘n roeping”. Dit is waarom geloofsdissiplines so ‘n groot rol kan speel in geestelike vorming, aangesien dit die mens begelei in die bou van ‘n verhouding met God.

Volgens Gardner (2015:8) is geestelike vorming die persoonlike reis na heelheid en ‘n Christus-gesentreerde karakter. Nouwen (2010:xv) glo dat geestelike vorming nie sekere stappe of vlakke op die weg na perfeksie is nie, maar eerder die beweging van die kop na die hart deur middel van gebed in verskeie vorms wat ons in eenheid met God, mekaar en die mens se ware self bring. Christene beoefen die geloofsdissiplines op hul eie individuele wyse; wanneer hierdie unieke betrokkenheid tussen God en mens plaasvind, begin Christene verander in die persone wat God hulle bestem het om te wees (St. John, 2013:28). Daar kan dus verstaan word dat God deur middel van geloofsdissiplines met elke mens op ‘n unieke en besondere manier werk; deur middel van die beoefening van hierdie geloofsdissiplines groei die individu dan al nader aan God (Gardner, 2015:25). Geloofsdissiplines is die meganisme wat God gebruik om mense te help groei in Christelike heelheid (Gardner, 2015:24; St. John, 2013:28). Barton (2010b:15) lê ook weer klem op die feit dat God met mense individueel werk en dat Hy genot daarin vind. Die geloofsdissiplines help ons om agter te kom hoe God met elkeen van ons werk en praat. ’n Ander dimensie daarvan word deur Ortberg (2009:53) belig in sy mening dat die mens die vryheid moet

hê om te ontdek hoe God wil hê dat elkeen moet groei, want sy ontwerp vir elke persoon lyk nie dieselfde nie.

### 5.4.4. Doel van geloofsdissiplines

Die doel van geloofsdissiplines is om geestelike vorming in die mens se lewe te bewerkstellig om sodoende in ’n intieme, diepe en egte verhouding met God te kan leef (May, 2009:6; Robinson, 2005; Whitney, 1991:180).

In vandag se tyd staar mense die probleme van die verlies aan betekenis, waarde en doel in die gesig wat onder andere teweeg gebring word deur ‘n materialistiese, hedonistiese en verbruikersgedrewe samelewing (Mulholland, 2016:14). Dieselfde skrywer is ook van mening dat mense se harte na dieper realiteite verlang waardeur hul gefragmenteerde lewens ‘n mate van heelheid en integrasie asook ‘n dieper verbintenis met God kan vind sodat hulle betekenis, waarde, identiteit en ‘n doel daarin kan beleef. Ons sien hier dus die soeke van mense na ‘n dieper konneksie in hul lewe, alhoewel dit deur oppervlakkigheid gekenmerk word.

Foster (1999:1) begin sy boek deur te skryf: “Superficiality is the curse of our age.” Hy meen dat een van die grootste probleme van die huidige tyd die soeke na onmiddellike bevrediging is en dat dit tot ‘n lewe van oppervlakkigheid lei, terwyl die hart terselftertyd na ‘n dieper konneksie smag. ‘n Verhouding verg dus meer as onmiddellike bevrediging, dit behels kommunikasie, tyd, saamwees ensovoorts (Goldsmith, 2013). Die doel van geloofsdissiplines is dus om geestelike vorming te bewerkstellig. “Geestelike vorming” is die algemene term wat verwys na pogings, maniere, instruksies en dissiplines wat gebruik word met die doel om die mens se geloof te verdiep en geestelike groei te bevorder (May, 2009:6).

Mulholland (2016:20) verduidelik dat geestelike vorming‘n breë uiteengesette definisie verg:

a) ‘n Proses

Aangesien ons in hierdie onmiddellike bevredigingskultuur leef, is mense se verwagting dat hul geestelike reis met God in ‘n oogwenk sal verdiep deur van sekere tegnieke of metodes gebruik te maak. Die realiteit is egter dat geestelike vorming ‘n proses is, ‘n reis wat die mens se hele lewe lank duur. Dit is ‘n proses van betrokkenheid in God se werk en word gesien as iets wat teen die grein beweeg van ‘n onmiddellike bevredigingskultuur en die besitlikheid van ons materialistiese samelewing (Mulholland, 2016:14). Hall (2014:211) waarsku dat geestelike vorming‘n tydsame proses is, dat dit lank duur en dat daar nie sommer net vinnige oplossings is nie. Ons kan dus aflei dat geestelike vormingnie ‘n enkele gebeurtenis in die mens se lewe is nie, maar ‘n volhoubare, aanhoudende reeks van gebeurtenisse wat uiteindelik bydra tot die vorming en groei van die geestelike lewe. Naidoo (2008:130) skryf die volgende daaroor: “Spiritual formation is a lifelong process of becoming, of being formed and

developed in the likeness of Christ." As ‘n mens dus sê dat geloofsdissiplines ten doel het om geestelike vorming teweeg te bring, kan ‘n mens aflei dat hierdie geloofsdissiplines op ‘n gereelde basis beoefen behoort te word en nie net ‘n enkele gebeurtenis kan wees nie (Reed, 2013:89).

b) Deur gevorm te word na Jesus Christus se beeld

Wanneer daar gesê word dat geestelike vorming ‘n proses is, beteken dit dat dit ‘n proses is waardeur ‘n mens in Jesus se beeld omvorm word om meer soos Hy te word en te leef (Mulholland, 2016:32). ’n Blik op Jesus Christus se lewe toon aan ons dat Hy verskeie geloofsdissiplines in sy lewe gehad en gereeld beoefen het. Die mens word dus uitgenooi om deur sy/haar lewe gevorm te word en geestelik te groei deur ook hierdie dissiplines van Jesus te beoefen.

Geestelike vorming is die Gees-bekragtigde en direkte proses van omvorming van die gebroke, gekraakte en geliefde mens na die beeld van Jesus Christus (Hall, 2014:211). Die uitdaging hiervan is dat ‘n mens nie na Jesus se beeld gevorm kan word deur jou eie pogings, soos wat die wêreld baie keer vra, nie. Geloofsdissiplines en geestelike vorming vra oorgawe, vertroue en geloof sodat jy jou lewe in God se hande kan oorlaat en vertrou dat jy al hoe nader aan Hom sal groei soos wat Jesus gedoen het. Geestelike vorming is dus ‘n groot ommekeer – in plaas daarvan dat ’n mens optree om sodoende gewenste resultate in jou lewe teweeg te bring, moet jy God toelaat om op te tree en moet jy besef dat jy bloot moet reageer om God se wil in jou lewe tot verwesenliking te laat kom (Mulholland, 2016:37); hiervoor moet jy tot God bid. Dit is dus duidelik dat ‘n groot doel van geestelike vorming daaruit bestaan dat mense na die beeld van Christus gevorm word.

Willard (2013:152) skryf dat geestelike vorming in Christus die proses is waartydens dissipels of volgelinge van Jesus sekere eienskappe van Jesus Christus, in die dimensie van sy menslike persoonlikheid, aanneem. Dit sluit die algehele oriëntasie in van hul wil, die tipe gedagtes en gevoelens wat hulle het, asook hul houding teenoor ander, die wêreld en die heelheid van hul siele. Geloofsdissiplines is ‘n middel van genade deurdat dit ons help om nader aan God te groei en om geestelike vorming en groei te ondergaan. Mulholland (2016:47) is oortuig dat geloofsdissiplines die daad van aanhoudende oorgee van onsself aan God is deur deure op ‘n algemene manier te open en sodoende God se transformatiewe werk in ons lewens toe te laat.

Ons kom dus tot die gevolgtrekking dat geestelike vorming ‘n proses is waardeur ’n mens na die beeld van Christus gevorm word en dat wyses waarop dit kan plaasvind die beoefening van geloofsdissiplines as intensionele prosesse is om sodoende ‘n egte en outentieke geestelike lewe

en verhouding met God te kan hê. Die World Council of Churches (Naidoo, 2008:131) het in een van hul publikasies die volgende oor geestelike vorming gesê: "[It is] the intentional processes by which the marks of an authentic Christian spirituality are formed and integrated." Die doel van geloofsdissiplines is om individue in hul geestelike vorming te begelei sodat hulle verdiep kan word in hul geestelike reis en op hierdie wyse 'n egte en outentieke verhouding met God kan bou waardeur hulle uiteindelik betekenis vir hul lewens kan ontdek. In hierdie studie word daar dus op twee geloofsdissiplines gefokus, naamlik stilte en afsondering, en die waarde en gebruik daarvan in die Millenniale Generasie se lewens.

### 5.4.5. Verskillende tipes geloofsdissiplines

Soos hierbo genoem, werk God op verskillende maniere met mense en is daar dus verskillende geloofsdissiplines. Barton (2010b:29-145) noem **sewe** geloofsdissiplines, naamlik afsondering en stilte, Skriflesing, gebed, selfondersoek, onderskeiding, die Sabbat en eerbied vir die liggaam. Mulholland (2016:119-139) verwys weer na **nege** geloofsdissiplines, naamlik gebed, die lees van geestelike geskrifte, Lectio Divina, liturgie, aanbidding, daaglikse tye van gebed, afsondering en stilte, vas en studie. Jones (2005:33-189) verwys na twee verskillende stelle geloofsdissiplines, naamlik *Via Contemplativa* en *Via Activa.* Die volgende dissiplines val onder hierdie twee stelle:

*Via Contemplativa:* Stilte en afsondering, die lees van heilige geskrifte, die Jesus-gebed, die sentreringsgebed, meditasie, die Ignatius-ondersoek, ikone, geestelike begeleiding en daaglikse tye van gebed.

*Via Activa:* Die labirint, stasies van die kruis, pelgrimstogte, vas, die teken van die kruis en ander liggaamlike gebede, die Sabbat en diensbaarheid.

Dallas Willard (2009:158) verwys ook na verskeie geloofsdissiplines en hulle kan hoofsaaklik in twee afdelings ingedeel word: Die eerste afdeling is die dissiplines van weerhouding en behels die beoefening van sekere dissiplines met die doel om jouself vir 'n sekere tydperk te weerhou ter wille van geestelike groei. Die tweede afdeling is die dissiplines van betrokkenheid en behels die beoefening van sekere dissiplines ter wille van geestelike vorming en groei. Willard (2009:158) verdeel die hoofdissiplines soos volg:

**Tabel 5-1: Dissiplines van weerhouding en betrokkenheid (Willard, 1991:158)**

| Dissiplines van weerhouding | Dissiplines van betrokkenheid |
|---|---|
| Afsondering: Om jouself doelbewus te weerhou van die interaksie met ander mense. | Studie: Om doelbewus betrokke te wees met die self in jou studie van die geskrewe en gesproke Woord van God. |

| | |
|---|---|
| Stilte: Om jouself doelbewus te weerhou van klanke wat geraas, musiek en selfs woorde insluit. | Aanbidding: Om betrokke te wees in die uitdrukking van die goedheid, grootheid en skoonheid van God deur gedagtes en die gebruik van woorde, rituele, musiek en simbole. |
| Vas: Om jouself op 'n betekenisvolle manier van kos (en moontlik drinkgoed ook) te weerhou. | Viering: Om die lewe te kan geniet en fees te vier – om te erken dat ons lewens God se werk is en 'n geskenk is wat Hy aan ons gegee het. Dit is die doelbewuste dankbaarheid teenoor God. |
| Matigheid: Om jouself daarvan te weerhou om geld of goedere te gebruik wat jou behoefte na status, eer en luuksheid bevredig. | Diensbaarheid: Om jou goedere en krag in die aktiewe bevordering van ander se beswil en die werk van God in die wêreld beskikbaar te stel. |
| Kuisheid: Om jouself doelbewus te weerhou van enige seksuele dimensies in jou verhouding met ander, insluitend jou huweliksmaat. | Gebed: Om doelbewus in gesprek met God te tree. |
| Opoffering: Om jouself te weerhou van enige besittings of genot van die lewe. Dit is 'n totale oorgawe en erkenning van jou afhanklikheid van God. | Gemeenskap: Om betrokke te wees in algemene aktiwiteite soos aanbidding, studie, gebed, viering en diensbaarheid saam met ander gelowiges. |
| Geheimhouding: Om jouself daarvan te weerhouom jou goeie dade en kwaliteite bekend te maak. | Belydenis: Om jou sondes en foute teenoor God en jou medegelowiges te erken. |
| | Oorgawe: Dit is die hoogste vorm van gemeenskap – om weerloos, oop en eerlik oor jouself en die dinge in jou lewe te wees teenoor God en ander mense. |

In hierdie studie word daar egter op twee geloofsdissiplines van weerhouding gefokus, naamlik stilte en afsondering en die waarde en gebruik daarvan vir die Millenniale Generasie.

## 5.5. Stilte en afsondering as geloofsdissiplines in die Christelike konteks

Stilte en afsondering is geloofsdissiplines van onthouding – dit is die onthouding van blootstelling aan mense en geraas vir geestelike doeleindes (Johnson, 2012:13). Hierdie twee geloofsdissiplines word gewoonlik saam gevind, soos gemerk kan word in die saamgroepering daarvan deur verskeie outeurs (sien 5.4.5). Alhoewel hulle twee verskillende dissiplines is wat van mekaar onderskei kan word, funksioneer hulle meestal saam en komplementeer hulle mekaar (St. John, 2013:61; Vos, 2012:106). Foster (1999:98) demonstreer die interaksie tussen stilte en afsondering soos volg: "Without silence there is no solitude. Though silence sometimes involves the absence of speech, it always involves the act of listening. Simply to refrain from talking, without a heart listening to God, is not silence." Hierdie twee geloofsdissiplines is ook breedvoerig bespreek in 3.5. Swindoll (2009:41) meen dat 'n lewe van diepte slegs gekweek kan word deur gereelde tye van afsondering en stilte.

### 5.5.1. Stilte as geloofsdissipline in die Christelike konteks

Whitney (1991:181) verduidelik dat die dissipline van stilte behels om vrywillig en tydelik jouself daarvan te weerhou om te praat sodat sekere geestelike doelwitte bereik kan word. Hierdie stilte is tweeledig – dit kan na uiterlike of innerlike stilte verwys.

Uiterlike stilte verwys daarna dat daar geen uiterlike gesprekke is nie, maar dat daar wel innerlike dialoog tussen die self en God plaasvind. Om hierdie stilte te kan beleef moet eksterne geraas weggeneem word, met ander woorde 'n mens moet jou selfoon, rekenaar, radio, alarms, televisie, musiek ensovoorts afsit om uiterlike stilte te beleef (Cowen, 2017). Volgens Cowen is die eerste stap tot uiterlike stilte om bewus te raak van die geraas waarmee 'n mens saamleef, wat die impak daarvan is en om dan daarvan weg te kom.

Innerlike stilte beteken om uiterlik sowel as innerlik stil te wees sodat 'n mens God se stem duideliker kan hoor (Whitney, 1991:183). Innerlike stilte is baie moeiliker, want dit behels dat 'n mens die stemme in jou hart en gedagtes moet stilmaak (Cowen, 2017). Foster (1999:3) skryf hoe moeilik dit is om waarlik innerlik stil te word sonder om aan die slaap te raak, aangesien mense in die hedendaagse kultuur óf besig óf aan die slaap is; hulle weet nie noodwendig hoe om terselfdertyd paraat én ontspanne te wees nie. Wanneer daar in innerlike stilte verkeer word, kan die mens 'n vreedsame, verfrissende en ontspanne tyd in God se teenwoordigheid ervaar (Cowen, 2017).

Om tye van stilte, innerlik en uiterlik, in die lewe te inkorporeer beteken nie dat 'n mens afgeslote hoef te wees van mense en die wêreld rondom jou nie. Jy kan innerlik 'n manier ontwikkel wat dit vir jou moontlik maak om in stilte in te gaan en steeds ten volle teenwoordig te wees in die wêreld en bewus te bly van wat jy doen (Sardello, 2008:71). Innerlike en uiterlike stilte is baie keer die

voorvereiste om God se Woord te hoor, om bewus te wees van sy teenwoordigheid en teenwoordig te wees in die self om sodoende God, wat in en rondom die mens is, te beleef (Hall, 2007:26). Gedurende tye van stilte sluit ‘n mens jouself af van klanke, hetsy dit klanke van geraas, musiek of woorde is – totale stilte is egter byna onmoontlik en daarom verwys stilte meestal na “minder geraas” (Willard, 2009:163). Pascal (2015:25) het genoem dat die mens se grootste probleem die “inability to sit still in a room” is. Benner (2011:146) skryf dat die mens se lewe te vol is om waarlik stil te kan word – die lewe is vol afleidings, bekommernisse, planne, besorgdhede, verwyte, dinge wat geoefen moet word en dinge wat hersien moet word. Die lewe is dus ‘n drukkende kookpot – vol eindelose beweging en geraas. Volgens Sardello (2008:7) leef ‘n mens onbewustelik in die aanhoudende geraas van emosies en gedagtes, maar is jy ongemaklik met stilte omdat dit nie by jou besige lewe inpas nie; daar is te veel dinge wat daagliks gedoen moet word en ’n dringende behoefte om iets te bereik. Tye van stilte herinner ‘n mens daaraan dat die kern van jou wese afgeskeep is en daarom word dit baie keer vermy, aangesien dit moeilik is om hierdie werklikheid in die gesig te staar (Sardello, 2008:8). Weens die gejaagdheid van die lewe is dit moeilik om alleen stil te word om persoonlike gemeenskap met God te beoefen (Nicol, 1990:3). Hall (2007:26) meen egter dat dit in die vrugbare, reflektiewe en biddende stilte is dat ‘n mens tot ‘n mate van egte diepte, duidelikheid en samehorigheid kom. Soos bevind in Hoofstuk 2 met die empiriese navorsing, is die grootste soeke van die Millenniale Generasie die soeke na intimiteit. St John (2013:61) reken dat Christene God alleen in stilte kan ontmoet, ongeag die lengte van hierdie periode, aangesien slegs die doelbewuste draai na God toe al van belang is. Arnold (1985:12) skryf oor stilte en noem dat mense wat vir mekaar lief is, saam stil kan wees. Willard (2009:165) brei op hierdie gedagte van Arnold uit wanneer hy skryf dat wanneer ons saam met diegene is by wie ‘n mens onseker voel, woorde gebruik word om jou beeld aan te pas en so mense se aanvaarding te verkry. Wanneer ‘n mens saam met God is, is dit nie nodig om voor te gee dat jy iemand anders is om aanvaar te word nie – jy kan in stilte net jouself wees by God. Die doel van stilte is om ‘n mens nader te trek in jou belewenis van God se teenwoordigheid (Clemons, 2000:28). Nouwen (2009:3) meen dat stilte die manier is om afsondering ‘n realiteit te maak.

### 5.5.2. Afsondering as geloofsdissipline in die Christelike konteks

Afsondering is vrywillige en tydelike onttrekking van jouself in privaatheid as gevolg van geestelike redes (Whitney, 1991:190). Carter (2015:744) beskryf afsondering as ‘n dissipline wat ‘n mens roep om doelbewus van alles in die lewe te onttrek, insluitend die geselskap van ander mense, sodat jy jou volle en onverdeelde aandag aan God kan gee. Afsondering word beoefen sodat daar geen onderbreking tussen die mens en God is nie en sodat die mens en God tyd alleen saam kan spandeer. Dit is om in intimiteit met God te verkeer en is soos om te vas –nie van kos nie, maar van menslike verhoudings (Cowen, 2017).

Mulholland (2016:158) is van mening dat afsondering nie slegs gebruik word om van ander te onttrek of om alleen saam met God te wees nie, maar om te wees *wie jy werklik is* by God en om aan die self en aan God te erken wie jy werklik is. Richard Foster *et al.* (2005:531) het die volgende oor afsondering gesê: “Solitude is the creation of an open, empty space in our lives by purposely abstaining from interaction with other human beings, so that, freed from competing loyalties, we can be found by God.” Afsondering is nie noodwendig ‘n permanente onttrekking van die samelewing nie, maar wel ’n tydelike een. Kidder (2007:61) skryf dat nie die Hebreeuse Bybel (Ou Testament) óf die Nuwe Testament ‘n uitgebreide lewe van afsondering aanmoedig nie. God wil nie hê mense moet in eensaamheid leef nie; dit word so duidelik gesien in die begin toe God vir Adam geskape het en Hy die volgende in Genesis 2:18 gesê het: “Dit is nie goed dat die mens alleen is nie…” Afsondering en eensaamheid is egter nie dieselfde ding nie, want wanneer ‘n mens in afsondering gaan, draai jy weg van eensaamheid na alleen wees toe (Belisle, 2003:16). Volgens Belisle help afsonderingdie hart wat gereed is om ‘n ontmoeting met God te hê.

Afsondering moet vir spesifieke doeleindes beoefen word, soos om vir ‘n beperkte tyd alleen te bid (Barbour, 2004:12-13). Ware afsondering is ‘n positiewe ervaring in die soeke na betekenis, teenwoordigheid en God (Belisle, 2003:16). Hierdie afsondering word deur verskillende tipe mense verskillend beleef: Afsondering is baie moeiliker vir ekstroverte as vir introverte, maar dit beteken nie dat die ekstrovert nie afsondering kan beoefen nie (Cowen, 2017). God aanvaar mense net soos hulle is en mense moet God dan ook nader net soos hulle is. Cowen is van opinie dat wanneer ‘n mens eerlik met God is en jou lewe openlik met Hom deel, jy die naaste aan Hom voel. Afsondering kan vir introverte net so uitdagend wees, aangesien dit vir hulle maklik is om tyd alleen deur te bring en nie noodwendig op God gefokus te wees nie, maar die beoefening daarvan verbeter mettertyd en kan moontlik ‘n lewensveranderende ervaring vir mense wees.

Whitney (1991:187-200) noem ‘n paar maniere waarop die geloofsdissiplines van stilte en afsondering van groot waarde vir die soekende gelowige kan wees:

- Stilte en afsondering help ons om die Vader se stem te hoor.
- Stilte en afsondering help ons om God te aanbid en ons geloof in Hom te vind.
- Stilte en afsondering help ons om fisies en emosioneel te herstel.
- Stilte en afsondering help ons om weer geestelike perspektief te vind.
- Stilte en afsondering laat ons in ons verhouding met God groei.

Barton (2009a:32) beskryf stilte en afsondering as twee dissiplines wat die Christen posisioneer om in God te rus en na sy stem te luister. MacFarlane (2009:42) hou vol dat stilte en afsondering dissiplines is waarin ‘n bewustheid van God se stem gekoester word en die dissiplines moedig die mens aan om stil te word en eksterne sowel as interne geraas, wat dit moeilik maak om enige

iets buite jouself te hoor, te verminder. Hierdie dissiplines is nie genotsugtige oefeninge vir tye wanneer die oorweldigde siel tyd alleen nodig het nie – dit is eerder konkrete maniere om die self vir die teenwoordigheid van God oop te maak, by menslike pogings en menslike strukture wat nie die Goddelike ten volle kan begryp nie, verby (Barton, 2009a:31). Barton is ook van mening dat die dissipline van stilte en afsondering radikaal van aard is, aangesien dit die mens op elke vlak van sy bestaan uitdaag. Hy noem onder andere hierdie voorbeelde:

- Kultureel: In die Westerse kultuur is daar nie ondersteuning vir die gedagte om in “onproduktiewe” tyd in te beweeg om net te “wees” en te luister nie.
- Menslike verhoudings: Hierdie dissiplines roep die mens vir ‘n sekere tydperk weg van menslike verhoudings af sodat onverdeelde aandag aan God gegee kan word.
- Siel: In stilte en afsondering raak die mens bewus van die innerlike dinamika en realiteit, wat maklik vermy kan word deur geraas en bedrywigheid.

Wanneer Christene stilte en afsondering beoefen, help dit hulle om God te kan hoor (St. John, 2013:63). Afsondering is die mees fundamentele dissipline, aangesien dit mense vir ’n tydperk wegneem van die afleidings en ambisies van die wêreld en ons na die teenwoordigheid van God neem (Boa, 2001:83). Boa (2001:27) en Gardner (2015:28) meen dat stilte die katalis van afsondering is, angesien dit die pad na innerlike afsondering voorberei en die mens in staat stel om na die stem van die Heilige Gees te luister. Hierdie dissiplines word beoefen om in gemeenskap met God te kan leef en daardeur ’n intieme verhouding met Hom te bou (Gardner, 2015:28).

### 5.6. Inleidende Skriftuurlike perspektiewe rakende die waarde en gebruik van die geloofsdissiplines van stilte en afsondering

Buiten die narratiewe van verskillende karakters se lewens in die Bybel, is daar gedurig verwysings in die Bybel na die belangrikheid daarvan om in stilte eenkant en afgesonder saam met God te wees (sien Jes. 30:15; Ps. 46:10). In Psalm 46:11 staan daar geskrywe: "Wees stil en weet Ek is God." Michael Hyatt (2012) verwys na hierdie Skrifgedeelte wanneer hy die volgende sê: “Doing nothing is being still, quieting your mind and just being.” Hierdie woorde van hom laat ons besef dat wanneer ons stil by God is, ons gestroop is van alle maskers, ander se menings en opinies, en ander stemme in ons lewe; ons kry die geleentheid om net in God se teenwoordigheid te wees en Hom te erken en ervaar vir wie Hy is, naamlik God. Daar is ook die vertroosting wat Dawid in Psalm 62:2 uitspreek: "Ja, my siel is stil tot God." Hierin is die uitnodiging van die Skrif om stil te word voor die Here en om Hom die geleentheid te gee om tot ‘n mens se gees te spreek. Ons moet eenkant kom, weg van alle eksterne stimuli, alle tyd en aandag op God vestig, rustig by Hom wees en op Hom wag. MacLaren (2008:512) lewer kommentaar op hierdie Skrifgedeelte en meen dat die mens sy hart en gedagtes stil moet maak.

Hy verduidelik dat die soet stemme van ons dreigende hartstogte, harde roep van die mens se begeertes en instinkte, en knaende klagtes van teleurgestelde hoop waarmee elke mens soms moet sit, gesmoor en gedwing moet word na ’n toestand van stilte. Daar is ook die stilte van gedagtes – die mens se gedagtes moet nie so oorweldig word deur ander dinge dat ons nie stil voor God kan word nie. MacLaren skryf dat mense so besig en gejaagd is en dat daar soveel afleiding is dat stilte en afsondering byna onmoontlik is; daarom is dit nodig virt ‘n mens om te beplan om tyd in die lewe in te ruim waarin jy stil kan wees en tyd saam met God spandeer. Hier word daar verwys na die innerlike stilte waarna Barton (2009a:35) ook verwys het – om innerlik stil te wees sodat God se stem *gehoor* kan word. Spurgeon (2001) meen met verwysing na Psalm 62:2 dat die teenwoordigheid van God alleen Dawid se hart in verwondering kon lei na stilte, oorgawe en rus; wanneer hy dit gevoel het, was daar nie ‘n enkel rebelse woord of gedagte wat die vreedsame stilte verbreek het nie. Abba Poeman, een van die antieke woestynvaders, het vir sy dissipels geleer dat wanneer jy stil is, jy in vrede sal lewe, waar jy ookal is (Hyatt, 2012).

As inleiding tot die Skriftuurlike perspektiewe rakende die waarde en gebruik van die geloofsdissiplines van stilte en afsondering sal daar in meer diepte gekyk word na Psalm 23:1-3.

### 5.6.1. Psalm 23:1-3

#### 5.6.1.1. Bepaal die plek van die perikoop in sy boek en in die Bybel

Ten eerste word daar na die plek van die perikoop in die boek gekyk. Psalms word in vyf boeke verdeel en toon baie ooreenkomste met die boeke van die Pentateug (Bybel in Praktyk, 2001:752; Hill & Walton, 2009:342). Die eerste boek (1:1-41:14) toon ooreenkomste met Genesis, aangesien dit beskryf hoe God die mens geskape het, die mens in sonde verval het en dan weer deur God verlos word; die tweede boek (42:1-72:20) het baie ooreenkomste met Eksodus, aangesien dit die verval en herstel van God se volk impliseer; die derde boek (73:1-89:53) toon ooreenkomste met Levitikus weens die fokus op die tempel en God se verhewenheid; die vierde boek (90:1-106:48) toon ooreenkomste met Numeri weens die verhouding tussen God en sy volk; die vyfde boek (107:1-150:6) stem ooreen met Deuteronomium weens die lof en dank aan God vir sy Woord. Die struktuur van die boek is soos volg (Hill & Walton, 2009:346):

| |
|---|
| Inleiding (1-2) |
| Dawid se konflik met Saul (3-41) |
| **Die gekose perikoop (Psalm 23) val onder hierdie gedeelte van die struktuur van Psalms.** |
| Dawid se koningskap (42-72) |

| |
|---|
| Die Assiriese krisis (73-89) |
| Introspeksie rondom die verwoesting van die tempel en die uittog (90-106) |
| Lofprysing en refleksie op die intog en die nuwe era (107-145) |
| Eindlofsange (146-150) |

Die perikoop Psalm 23:1-3 val in die eerste boek van Psalms onder die gedeelte wat op Dawid se konflik met Saul fokus.

As onderdeel van die totale Skrif vorm die boek Psalms deel van die Ou Testament en in die besonder deel van die digterlike en wysheidsliteratuur.

**5.6.1.2. Bepaal die genre van die perikoop en die boek**

Die boek Psalms is, met uitsluiting van Hooglied, die enigste digbundel in die Skrif en bied klassieke voorbeelde van Hebreeuse poësie (Dillard & Longman, 2006:246). Omdat Psalms 'n bundel is, is dit belangrik om 'n analise van die verskillende dele van die boek te doen. Die boek bestaan uit 150 poëtiese komposisies wat in sewe basiese genres verdeel kan word (Longman III, 1988:19-36). Die verskeie genres is nie sistemasies of chronologies georden nie – dit is heeltemal arbitrêr. Volgens Dillard en Longman vorm beide Psalm 23 en 62 deel van die genre "Psalms van vertroue" (sien ook Longman III, 1988:31-32). Die psalms van vertroue word herken aan die vertroue wat die digter in God as beskermer uitspreek. Die skrywers noem ook dat hierdie tipe genre bekend is vir die gebruik van treffende metafore vir God as die mens se toevlug, spesifiek in Psalm 23, waar daar na God as die Herder verwys word en in Psalm 62, waar daar na God as 'n rots verwys word.

**5.6.1.3. Bepaal die perikoop se sosio-historiese konteks**

Daar is verskeie outeurs wat die bundel van die Psalms geskryf het. Die titels van die Psalms gee 'n aanduiding van die spesifieke individuele skrywers, naamlik Dawid, Asaf, seuns van Kora, Absalom, Salomo, Jedutan, Heman, Etan en Moses (Dillard & Longman, 2006:242). Dawid se naam word 73 keer as outeur van die Psalms genoem. In die twee Psalms wat in hierdie studie gebruik word, was Dawid die outeur van beide Skrifgedeeltes en dit word aan die begin van elke Psalm gesien: "'n Psalm van Dawid" (Ps. 23:1) en "'n Psalm van Dawid" (Ps. 62:1). Die ontstaantyd van die Psalms is moeilik om presies te bepaal, aangesien al die gedigte nie op een slag geskryf is nie, maar oor 'n lang periode (Dillard & Longman, 2006:239). Daar kan dus afgelei word dat die historiese agtergrond van die Psalms oor die geskiedenis van die volk van Israel handel.

Hill en Walton (2009:346) is van mening dat dit moeilik is om vas te stel waarom die Psalms geskryf is en aan wie hulle gerig was, aangesien dit nie in een bepaalde tyd van die geskiedenis geskryf is nie. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat dit om verskeie redes was, naamlik weens historiese gebeure, vir verskeie liturgiese geleenthede en selfs as persoonlike gedagtes van die skrywers (Hill & Walton, 2009:347).

#### 5.6.1.4. Bepaling van kernvers

In die gekose perikoop word daar nie 'n kernvers gekies nie; die fokus word op die hele perikoop geplaas wat uit verse 1 tot 3 bestaan.

#### 5.6.1.5. Doen woordstudie van belangrike begrippe in die kernvers

Aangesien daar nie 'n spesifieke vers gekies is nie, het die navorser sekere woorde uit die perikoop geïdentifiseer:

> 'n Psalm van Dawid. Die Here is my **herder**; niks sal my ontbreek nie. Hy laat my neerlê in groen weivelde; na waters waar **rus** is, lei Hy my heen. Hy **verkwik** my siel, Hy lei my in die spore van geregtigheid, om sy Naam ontwil. (1953-vertaling)

Daar is gebruik gemaak van verskeie bronne, aangesien die navorser nie gekwalifiseerd is in en vertroud is met antieke tale nie.

5.6.1.5.1. Herder

Die Hebreeuse woord vir "herder" is *râ'âh* en die betekenis daarvan is "iemand met wie daar geassosieer kan word, soos 'n vriend" (Strong, 2004:H7462). Die gedagte van God wat so na aan die mens soos 'n vriend is, word hier geskep; daar is die aanduiding van 'n nabye verhouding soos wat daar tussen die skaap en die herder is.

5.6.1.5.2. Rus

Gardner (2015:44) meen dat stilte nie noodwendig die afwesigheid van klank is nie, maar eerder die teenwoordigheid van sekuriteit soos wat dit in die Hebreeuse woord *menuwach* gereflekteer word, wat in Psalm 23 as "stil" vertaal word. Die Hebreeuse grondteks *nûah* hou verband met die afwesigheid van ruimtelike aktiwiteit en die teenwoordigheid van sekuriteit (Harris, 2003:1322). In die Strong Leksikon (2004:H4495) word die woord "rus" beskryf as "stilte", "stil wees", "plek van rus".

5.6.1.5.3. Verkwik

Die Hebreeuse wortel van die woord "verkwik" is *shuv* en die letterlike betekenis daarvan is "om te draai" of "om terug te draai" (Gardner, 2015:45; Harris, 2003:1322). Die Strong Leksikon (2004:H7725) verwys na die betekenis van hierdie woord as "om terug te draai", maar gee ook die betekenis van "om af te sonder", "om te herstel" en "om te verfris".

#### 5.6.1.6. Bepaal die openbaringshistoriese plek en betekenis van die perikoop

Die openbaringshistoriese plek en betekenis van Psalm 23:1-3 word in hierdie onderafdeling uiteengesit (en is deur die navorser geformuleer). Aangesien daar hierna gekyk word, is dit noodsaaklik om na God se openbaring dwarsdeur die geskiedenis te kyk. Een van die grootste openbaringe is Jesus Christus en daarom is dit relevant om ook teksgedeeltes uit die Nuwe Testament te gebruik wanneer die openbaringshistoriese plek en betekenis van die perikoop ondersoek word:

| | **Skrifverwysing** | **Relevansie en plek in die openbaringsgeskiedenis** |
|---|---|---|
| **Tema:** **Die Here bring die gelowige na rus en vrede** | Matt. 11:28: "Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee." | **Relevansie:** Hierdie vers fokus op die feit dat Jesus mense uitnooi om na Hom toe te kom en dat daar by Hom rus te vinde is.<br>**Plek in openbaringsgeskiedenis:**<br>Hierdie vers vorm deel van die Nuwe Testament tydens Jesus se openbare optrede. Die fokus is op Jesus wat omgee vir mense en selfs deur moeilike tye van die lewe by hulle staan. |
| | Joh. 14:27: "Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie. Laat julle | **Relevansie:** Hierdie vers beklemtoon dat Jesus die |

| | | |
|---|---|---|
| | harte nie ontsteld word en bang wees nie." | een is wat vrede aan gelowiges gee.<br><br>**Plek in openbaringsgeskiedenis:** Hierdie vers vorm deel van die Nuwe Testament tydens Jesus se openbare optrede. Die fokus is op Jesus Christus wat omgee vir mense en selfs deur moeilike tye van die lewe by hulle staan. |
| | Joh. 16:33: "Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê. In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin." | **Relevansie:** Die fokus van hierdie Skrif is dat die mens vrede kan vind in Jesus Christus omdat Hy reeds die wêreld oorwin het.<br><br>**Plek in openbaringsgeskiedenis:** Hierdie vers vorm deel van die Nuwe Testament tydens Jesus se openbare optrede en ook God se finale openbaring. Die fokus is op Jesus Christus wat reeds die wêreld oorwin het en daarom kan daar vrede in Hom gevind word. |
| | Mark. 6:31-32: "En Hy sê vir hulle: 'Kom julle self in die eensaamheid na 'n verlate plek en rus 'n bietjie.' Want daar was baie wat kom en gaan, en hulle het selfs geen geskikte tyd gehad om te eet | **Relevansie:** Jesus nooi mense om eenkant toe te gaan en te rus. Hierin sien mens die waarde wat Jesus Christus daaraan heg om te rus en stil te word. |

| | | |
|---|---|---|
| | nie. En hulle het met die skuit vertrek na 'n verlate plek in die eensaamheid." | **Plek in openbaringsgeskiedenis:** Hierdie vers vorm deel van die Nuwe Testament tydens Jesus Christus se openbare optrede. Die fokus is op Jesus Christus wat sy dissipels leer dat dit belangrik is om soms eenkant toe te gaan en stil te word. |

**Gevolgtrekking:** Die bostaande Skrifgedeeltes hou elkeen verband met die perikoop, Psalm 23:1-3. Die Skrifgedeeltes wys hoe Jesus Christus mense uitnooi en na rus en vrede lei. Daar kan gesien word dat vrede en rus in Jesus Christus gevind kan word en dat Hy ook die gewer daarvan is. Die openbaringshistoriese betekenis van Psalm 23:1-3 kan dus opgesom word daarin dat alhoewel die tye verander het en dit eeue later is, mense vandag nog steeds deur moeilike tye gaan, besig en gejaagd is en daar talle afleidings is wat veroorsaak dat hulle nie rus en vrede kan beleef nie. Die uitnodiging bly egter steeds staan dat daar by Jesus Christus en in ons verhouding met Hom rus en ook vrede ervaar kan word.

### 5.6.1.7. Bepaal die openbaring oor God in die perikoop

| | Vader | Seun | Heilige Gees |
|---|---|---|---|
| Eksplisiet | | | |
| Wie is Hy? | God is die Herder (Ps. 23:1). | Nie eksplisiet nie | Nie eksplisiet nie |
| Wat doen Hy? | God laat mense neerlê by groen weivelde; Hy lei hulle na waters waar daar rus is; Hy verkwik hulle siel; Hy lei hullein die geregtigheid in. | Nie eksplisiet nie | Nie eksplisiet nie |
| Wat sê Hy? | Nie eksplisiet nie | Nie eksplisiet nie | Nie eksplisiet nie |

| Implisiet | | | |
|---|---|---|---|
| Wie is Hy? | Hy is ‘n liefdevolle God wat omgee en vir sy skape sorg. | Nie implisiet nie | Nie implisiet nie |
| Wat doen Hy? | Nie implisiet nie | Nie implisiet nie | Nie implisiet nie |
| Wat sê Hy? | Nie implisiet nie | Nie implisiet nie | Nie implisiet nie |

#### 5.6.1.8. Bepaal die openbaringsfeite in die perikoop, asook die oproepe op grond daarvan

Verlossingsfeite: Die Here is die mens se Herder. Dit spreek van die nabye verhouding wat daar tussen God en mens is as gevolg van die verlossingswerk van Jesus Christus. Die Heilige Gees leef in en deur ons en help die mens om op God se stem en leiding te reageer.

Oproep: In hierdie perikoop is daar die die uitnodiging om bewus te raak van wat God doen, hoe Hy sy mense lei en wat Hy vir hulle doen. Wanneer ons op moeilike plekke is, kan hierdie Skrif ‘n herinnering wees aan God wat ons na Hom toe lei. Die uitnodiging is om te reageer op God wat die mens na stilte en rus lei, omdat dit baie keer is wat die mens nodig het in hierdie besige en gejaagde lewe (Cowen, 2017).

#### 5.6.1.9. Bepaal die kommunikasiedoel van die perikoop

Die kommunikasiedoel van die perikoop is om mense daaraan te herinner dat God weet wat hulle nodig het en hulle daarmee help. Hulle word daaraan herinner dat God die Herder is en dat Hy nie ver nie, maar by sy skape is; daar is dus ‘n nabye verhouding tussen hulle. Die Herder weet ook wat die skape nodig het en lei hulle daarheen om sodoende in ‘n dieper, intiemer verhouding met Hom te wees.

#### 5.6.1.10. Raadpleeg eksegetiese bronne

Die volgende inskrywings in verskeie kommentare staan in besonder uit en dien as waardevolle bydrae tot hierdie studie:

Guzik (2011) is van mening dat Dawid hierdie metafoor van die herder op ‘n unieke manier geken het, aangesien hy self ook ‘n herder was. Wanneer Dawid se metafoor van God as Herder met ander metafore soos “rots” en “skild” vergelyk word, kom ons tot die besef dat hy die intiemste en

omvattendste metafoor gebruik om na God te verwys, aangesien ’n herder saam met sy skape woon en alles wat hulle nodig het, aan hulle kan gee (Kidner, 2008:50).

Daar word in verdere verduidelikings van Dawid se intieme verhouding met God klem gelê op sy verwysing na God as *sy* Herder – hy verwys nie na *ander* of na die *volk* nie, maar na homself (Guzik, 2011). In die Ou Testament word daar baie keer na God verwys as die Herder en na God se mense as die skape (Gardner, 2015:43; cf. Gen. 48:15; Jes. 40:11; Ps. 28:9). In die Nuwe Testament verwys Jesus na Homself as die “goeie Herder” wie se stem bekend is aan sy skape (Joh. 3:3-4). Cohen (1992:67) skryf dat deur na die stem van die Herder te luister, die skape gelei word na die stilte en waters waar daar rus is.

In Ps. 23:2 skryf Dawid dat die Herder hom lei na waters waar rus is. Guzik (2011) is van oortuiging dat hierdie gedeelte van die Skrif verwys na God se wete van wat die mens nodig het en het baie te doen met die beelde van omgee, rus en vertroosting. Jamieson, Fausset en Brown (1961) se kommentaar is dat “waters van rus” letterlik “water van stilte” beteken. Dit word gebruik as teenstelling tussen die onstuimige water aan die een kant en die rustige, vreedsame poel aan die ander kant. Spurgeon reken dat ‘n verdere verduideliking van hierdie Skrifgedeelte te doen het met die Christelike lewe wat uit twee elemente bestaan, naamlik die kontemplatiewe en die aktiewe (Blue Letter Bible, s.a.). In die hedendaagse tyd bestaan mense se lewens uit vele aktiwiteite en die lewe word gekenmerk deur gejaagdheid en bedrywigheid. Dit is moeilik om tye van stilte en afsondering in ons lewens in te werk sodat ons kan rus en tyd saam met God kan deurbring. Hierdie Skrifgedeelte dui op God wat die mens na hierdie waters van rus lei, na die stilte en afsondering wat ons so nodig het in ons besige lewens (Blue Letter Bible, s.a.). Spurgeon verwys na hierdie Skrifgedeelte en skryf die volgende: “In sacred silence of the mind. My heaven, and there my God I find...” (Blue Letter Bible, s.a.).

In Ps. 23:3 staan daar: “Hy verkwik my siel...”. Hierdie beeld hou die gedagte in dat iemand wat verlore is, opgespoor word (Guzik, 2011); dit kan ‘n metafoor wees vir die verhouding van die mens met God (Kidner, 2008:50). Die betekenis van die gedeelte in Psalm 23 waarin gestel word dat God die mens se siel verkwik, beteken letterlik om die mens se siel na God toe te draai (Gardner, 2015:45). Dit is presies wat stilte en afsondering doen, want dit bring die mens nader aan God deurdat die mens deur die gereelde beoefening van hierdie dissiplines die stem van die Herder volg, wat hulle dan na hierdie waters lei en hulle uiteindelik na God toe terugdraai (Gardner, 2015:45).

#### 5.6.1.11. Begryp die konteks van die hoorder

Die konteks van die hoorder in hierdie studie is reeds in die beskrywend-empiriese taak bespreek (2.7.2). Die fokus is egter op die Millenniale Generasie en die waarde wat die gebruik van die

geloofsdissiplines van stilte en afsondering vir hulle kan inhou. Dit is wel waardevol om op die volgende te let:

- 100% van die deelnemers het genoem dat hulle ‘n persoonlike, intieme verhouding met God wil hê.
- 100% van die deelnemers was van mening dat die lewe gejaagd is en dat dit ‘n massiewe impak op hulle geestelike lewe het.

## 5.7. Beoefening van die geloofsdissiplines van stilte en afsondering in die Ou Testament

Die Ou Testament bied aan die leser diepgaande insig oor die geloofsdissiplines van stilte en afsondering wanneer mens na die lewens van Moses en Elia kyk.

### 5.7.1. Raadpleeg eksegetiese bronne

Die volgende inskrywings in verskeie kommentare staan in besonder uit en dien as waardevolle bydrae tot hierdie studie:

Guzik (2011) is van mening dat Dawid hierdie metafoor van die herder op ‘n unieke manier geken het, aangesien hy self ook ‘n herder was. Wanneer Dawid se metafoor van God as Herder met ander metafore soos “rots” en “skild” vergelyk word, kom ons tot die besef dat hy die intiemste en omvattendste metafoor gebruik om na God te verwys, aangesien ’n herder saam met sy skape woon en alles wat hulle nodig het, aan hulle kan gee (Kidner, 2008:50).

Daar word in verdere verduidelikings van Dawid se intieme verhouding met God klem gelê op sy verwysing na God as *sy* Herder – hy verwys nie na *ander* of na die *volk* nie, maar na homself (Guzik, 2011). In die Ou Testament word daar baie keer na God verwys as die Herder en na God se mense as die skape (Gardner, 2015:43; cf. Gen. 48:15; Jes. 40:11; Ps. 28:9). In die Nuwe Testament verwys Jesus na Homself as die “goeie Herder” wie se stem bekend is aan sy skape (Joh. 3:3-4). Cohen (1992:67) skryf dat deur na die stem van die Herder te luister, die skape gelei word na die stilte en waters waar daar rus is.

In Ps. 23:2 skryf Dawid dat die Herder hom lei na waters waar rus is. Guzik (2011) is van oortuiging dat hierdie gedeelte van die Skrif verwys na God se wete van wat die mens nodig het en het baie te doen met die beelde van omgee, rus en vertroosting. Jamieson, Fausset en Brown (1961) se kommentaar is dat “waters van rus” letterlik “water van stilte” beteken. Dit word gebruik as teenstelling tussen die onstuimige water aan die een kant en die rustige, vreedsame poel aan die ander kant. Spurgeon reken dat ‘n verdere verduideliking van hierdie Skrifgedeelte te doen het met die Christelike lewe wat uit twee elemente bestaan, naamlik die kontemplatiewe en die aktiewe (Blue Letter Bible, s.a.). In die hedendaagse tyd bestaan mense se lewens uit vele

aktiwiteite en die lewe word gekenmerk deur gejaagdheid en bedrywigheid. Dit is moeilik om tye van stilte en afsondering in ons lewens in te werk sodat ons kan rus en tyd saam met God kan deurbring. Hierdie Skrifgedeelte dui op God wat die mens na hierdie waters van rus lei, na die stilte en afsondering wat ons so nodig het in ons besige lewens (Blue Letter Bible, s.a.). Spurgeon verwys na hierdie Skrifgedeelte en skryf die volgende: "In sacred silence of the mind. My heaven, and there my God I find..." (Blue Letter Bible, s.a.).

In Ps. 23:3 staan daar: "Hy verkwik my siel...". Hierdie beeld hou die gedagte in dat iemand wat verlore is, opgespoor word (Guzik, 2011); dit kan 'n metafoor wees vir die verhouding van die mens met God (Kidner, 2008:50). Die betekenis van die gedeelte in Psalm 23 waarin gestel word dat God die mens se siel verkwik, beteken letterlik om die mens se siel na God toe te draai (Gardner, 2015:45). Dit is presies wat stilte en afsondering doen, want dit bring die mens nader aan God deurdat die mens deur die gereelde beoefening van hierdie dissiplines die stem van die Herder volg, wat hulle dan na hierdie waters lei en hulle uiteindelik na God toe terugdraai (Gardner, 2015:45).

### 5.7.2. Begryp die konteks van die hoorder

Die konteks van die hoorder in hierdie studie is reeds in die beskrywend-empiriese taak bespreek (2.7.2). Die fokus is egter op die Millenniale Generasie en die waarde wat die gebruik van die geloofsdissiplines van stilte en afsondering vir hulle kan inhou. Dit is wel waardevol om op die volgende te let:

- 100% van die deelnemers het genoem dat hulle 'n persoonlike, intieme verhouding met God wil hê.
- 100% van die deelnemers was van mening dat die lewe gejaagd is en dat dit 'n massiewe impak op hulle geestelike lewe het.

## 5.8. Beoefening van die geloofsdissiplines van stilte en afsondering in die Ou Testament

Die Ou Testament bied aan die leser diepgaande insig oor die geloofsdissiplines van stilte en afsondering wanneer mens na die lewens van Moses en Elia kyk.

### 5.8.1. Beoefening van stilte en afsondering in die lewe van Moses

Moses is in 'n baie gevaarlike en hartseer tyd vir die Israeliete gebore (sien Eks. 2:1-10). Dit was 'n tyd waarin die Farao beveel het dat alle Israelitiese seuns in die Nyl gegooi moes word. Moses se ma het Moses toegedraai, in 'n gevlegte mandjie gesit en in die Nyl laat dryf waar Farao se dogter hom gevind en aangeneem het. Hy is deur Farao se dogter grootgemaak, is dus geleer om ander gode te dien en het nie die God van Abraham, Isak en Jakob geken nie.

In Eksodus 3:1-6 word daar gelees hoe Moses sy eerste ontmoeting met God gehad het toe hy ondersoek ingestel het na ‘n brandende bos wat nie uitbrand nie. Vuur is ‘n algemene Bybelse simbool van God se teenwoordigheid – hierdie brandende bos is ‘n simbool van die goddelike, ‘n wesenlike of sakramentele venster op God se teenwoordigheid wat beide onthullend en onthoudend van aard is (Olsen, 2008). Moses het hierdie ontmoeting met God gehad terwyl hy besig was om Jetro se skape op te pas; hy was heel moontlik alleen en in stilte. Ons lees verder in Eksodus 3:7-22 hoe God hom roep om ‘n leier vir sy volk te wees en hulle uit slawerny te lei.

Moses se geloofspad begin met die ontmoeting by die brandende bos by Horeb, die berg van God. God het al lankal ‘n pad saam met Moses gestap, maar dit was in ‘n tyd van stilte en afsondering dat Moses vir die eerste keer bewus geword het van God toe hy die brandende bos gewaar het (Knecht, 2003:xxxi). Ons lees in Eksodus 3:1 dat Moses sy skoonpa, Jetro, se skape opgepas het en toe hy dieper in die woestyn inbeweeg het, hy by Horeb aangekom het. Cadenhead (2005:35) skryf dat God al talle kere voorheen met Moses kon gepraat het, maar Hy het die geleentheid gekies toe Moses alleen en in stilte in die woestyn was, weg van alle onderbrekings en verantwoordelikhede en gestroop van alle invloed en status. Dit was net hy alleen in die stilte van die woestyn.

Dit is moontlik dat God al talle kere voorheen met Moses gepraat het, maar Moses het waarskynlik vir die eerste keer hier God se stem gehoor. Barton (2007) vertel ook van Moses wat vir 40 jaar in afsondering geleef het en daarom in sy binneste kon stil word. Op hierdie dag, soos beskryf in Eksodus 3, het Moses ‘n bietjie verder gestap as gewoonlik en by die berg Horeb uitgekom. Barton meen dat dit amper is asof God vir daardie oomblik gewag het, die oomblik toe Moses stil genoeg was sodat Hy hom direk kon aanspreek. Al die ander stemme was stil sodat Moses kon onderskei dat daar ‘n Nuwe Stem is wat hom vanuit die brandende bos roep. As Moses nie stil geword het en eenkant was nie, sou hy moontlik nooit die stem van God gehoor het nie.

Hierdie gebeurtenis was slegs die begin van Moses se reis met die geloofsdissiplines van stilte en afsondering. ’n Mens lees gereeld in die geskiedenis van Moses dat daar tye was waarin hy homself onttrek het om alleen tyd saam met God te spandeer, weg van alle mense en eksterne stimuli en in stilte saam met God. Elke keer wanneer God met Moses wou praat, het Hy hom na die piek van die berg toe geroep (Larrañaga, 1992:219). In Eksodus 19:3 word daar beskryf hoe Moses teen die berg opgeklim het en daar tyd alleen saam met God spandeer het.. Volgens Larrañaga het God totale stilte vereis. Een van die mees prominente gedeeltes in die Skrif waar Moses in stilte en afsondering verkeer, is in Eksodus 24:15-18. Ons lees daar dat Moses vir altesaam 40 dae en 40 nagte op die berg saam met God was. Sy hele lewe word eintlik gekenmerk deur hierdie spesiale tye in afsondering en stilte – hy het op ‘n gereelde basis van die groep mense onttrek na die berg Horeb toe en dan daar in stilte tyd saam met God deurgebring.

Ons lees in Deuteronomium 34:5-6 dat Moses gesterf het en dat niemand sy liggaam ooit kon vind nie, omdat God hom begrawe het.

Belisle (2003:25) meen ook dat Moses talle kere in sy lewe op ‘n natuurlike wyse na afsondering en stilte gelei is, waar hy dan in ‘n egte, intieme en outentieke verhouding met God verkeer het. Aangesien Moses so baie tyd alleen saam met God deurgebring het, verwys Eksodus 33:11 na ‘n spesiale verhouding (“vriendskap”) wat tussen God en Moses ontstaan het (Bybel, 1983): “Binne-in die tent het die Here met Moses gepraat soos vriende wat gesels en mekaar in die oë kyk.” Die verwysing na God wat met Moses gesels asof hulle mekaar in die oë kyk soos vriende, spreek van ‘n nabyheid en intimiteit tussen Moses en God. Dit hou in dat hulle vrylik, openlik en onmiddellik met mekaar kon gesels (Benson Commentary, 2017). Dit beteken ook dat God met Hom gepraat het soos met iemand vir wie Hy lief is en in wie se lewe Hy belangstel (Benson Commentary, 2017).

- Ons sien dat Moses in sy alleentye in die woestyn verwyder was van alle eksterne stimuli; daar was nie ander stemme en ander mense wat sy aandag kon aflei nie. Dit het aan hom die geleentheid gegee om ‘n nuwe stem te hoor en in daardie oomblik het hy God vir die eerste keer ontmoet. Hall (2007:66) meen die oomblik toe Moses stil geword het, sy eie ego agtergelaat het en totaal teenoor God oopgemaak het, , het hy ‘n ontmoeting met God gehad.
- In hierdie tye van afsondering en stilte saam met God het Hy baie dinge met Moses gedeel en daardeur het daar ‘n vertrouensverhouding tussen hulle gevorm. In hierdie tyd het daar dan ook 'n baie noue band tussen God en Moses ontwikkel; daar het ‘n verandering en transformasie in Moses se verhouding met God plaasgevind. Die eerste keer toe Moses die brandende bos gewaar het, was hy op homself en sy eie tekortkominge, vrese en foute gefokus, maar later, toe God toegelaat het dat Moses sy teenwoordigheid sien verbybeweeg, was daar by hom die vrymoedigheid om openlik met God te praat en Hom vir sy seën oor die volk te vra (Hall, 2007:66).
- As gevolg van hierdie tye in stilte en afsondering saam met God, sien ons hoe Hy altyd in Moses se lewe teenwoordig was. Ons lees van verskeie kere in die lewe van Moses dat die Here tot so ’n mate by hom teenwoordig was dat sy gesig geblink het van die heerlikheid van God (Eks. 34:29-31). Daar is 'n ander geval waar Moses vir God gevra het of hy Hom mag sien en God hom agter 'n rots laat skuil het sodat hy die heerlikheid van God van agter af gesien het toe Hy verbygegaan het (Eks. 33:18-24). Dit alles het Moses ervaar in 'n tyd toe hy alleen, afgesonder en in stilte by God was. Dit is dus duidelik dat hierdie alleentye saam met God ’n mens begelei om ‘n egte en intieme verhouding met Hom te bou en bewus te wees van sy teenwoordigheid in jou lewe.

### 5.8.2. Eksodus 33:7-9

Na aanleiding van bogenoemde is daar ’n omvattende studie oor Eksodus 33:7-9 gedoen.

#### 5.8.2.1. Bepaal die plek van die perikoop in sy boek en in die Bybel

Ten eerste word daar gekyk na die perikoop se plek in die boek Eksodus. Laasgenoemde dek die gebeurtenisse van die geboorte van Moses tot en met die voltooiing en toewyding van die tabernakel in Sinaï in die tweede jaar na die uittog uit Egipte (cf. Eks. 1:1 en Eks 40:17). Dillard en Longman (2006:70), Durham (1987) en Hill en Walton (2009:89) verdeel die struktuur van hierdie boek soos volg:

| |
|---|
| Israel in Egipte (1:1-13:16) |
| Israel se trek deur die woestyn (13:7-18:27) |
| Israel in Sinaï (19:1-40:38) |
| **Die gekose perikoop, Eks. 33:7-9, val onder hierdie gedeelte van die uitleg van Eksodus** |

Die perikoop word geplaas tussen die verbondsverbreking deur Israel in Eksodus 32 en die verbondsvernuwing in Eksodus 34 (Vosloo & Van Rensburg, 2007:139).

Die boek Eksodus vorm deel van die Pentateug, wat die eerste vyf boeke van die Ou Testament is. Hierdie boek volg op die storie wat in Genesis begin is (Fokkelman, 1987:56-65). Die betekenis van die boek se naam is van die Griekse Ou Testamentiese titel afgelei en beteken “om uit te gaan” of “om te vertrek” (Hill & Walton, 2009:81). Hill en Walton meld dat Moses die primêre menslike karakter in hierdie boek is en dat die groot fokus die verlossingswerk van God is, wat sy volk uit gevangeskap uit Egipte gelei het en ‘n unieke verbondsverhouding met hulle gevestig het.

#### 5.8.2.2. Bepaal die genre van die perikoop en die boek

Eksodus bestaan uit verskillende tipes literatuur/genres, insluitend narratiewe, wetlike en digterlike literatuur; daar is dus ‘n generiese genre gevorm, naamlik profetiese of teologiese geskiedenis (Dillard & Longman, 2006:72). Die oogmerk van die boek is om die lesers in te lig rakende God se groot dade in die geskiedenis. Laasgenoemde word teologies of *profeties* genoem om te erken dat dit geskiedenis is met die doel om God se aard deur sy dade bekend te stel (Dillard & Longman, 2006:72; Provan, Long & Longman, 2003).

#### 5.8.2.3. Bepaal die perikoop se sosio-historiese konteks

Die boek Eksodus beskryf die gebeure van die geboorte van Moses tot en met die inhuldiging van die Tabernakel in Sinaï in die eerste maand van die tweede jaar van die uittog (Hill & Walton, 2009:83). Groot vrae rondom die datering van die boek het te doen met die probleem om te bepaal wanneer die uittog uit Egipte presies plaasgevind het. Volgens Hill en Walton het daar twee menings ontstaan rakende die datering van hierdie boek, naamlik die vroeë datering en die latere datering. Aangesien slegs twee faraos vir meer as 40 jaar in Egipte geregeer het, word hul regering as fokuspunt in die vroeë datering gebring. Tutmoses III (1504-1450) was die farao van die verdrukking, terwyl Amenofis II (1450-1425) die farao tydens die uittog was – beide van hulle het geregeer in die 18de dinastie van die Egiptiese geskiedenis, bekend as die Nuwe Koninkryksera, en word gedateer as behorende tot die laat bronstydperk van die antieke Nabye-Oosterse geskiedenis (Hill & Walton, 2009:83).

Die latere datering identifiseer Rameses I (1320-1318) en Seti (1318-1314) as die faraos van die Hebreeuse verdrukking en Rameses II (1304-1237) as die farao tydens die uittog – beide het in die 19de dinastie van die Egiptiese Nuwe Koninkryksera geregeer. Hulle het waarskynlik in die eeu gelewe wat gekenmerk is deur die oorgang tussen die laat brons- en vroeë ystertydperk van die antieke Nabye-Oosterse geskiedenis (Hill & Walton, 2009:83-83). Volgens Vosloo en Van Rensburg (2007:94) het die boek sy finale beslag tydens die ballingskap gekry.

Die vraag rondom die outeurskap van Eksodus kan nie beantwoord word sonder om na die outeurskap van die totale Pentateug te kyk nie (Dillard & Longman, 2006:41). Daar is talle kundiges wat van mening is dat Moses die outeur van die Pentateug was, maar hierdie siening lewer baie debatte en vrae op (Dillard & Longman, 2006:41; Hill & Walton, 2009:82). Daar is ook ander Bybelse kundiges wat Eksodus se outeurskap aan veelvuldige outeurs koppel, die samestelling van die Pentateug met die dokumentêre hipotese assosieer en Eksodus in drie groot bronne verdeel, naamlik:

- J-bron: Hierdie bron word geïdentifiseer deur die verwysing na God as Jahweh.
- E-bron: Hierdie bron word geïdentifiseer deur die verwysing na God as Elohim.
- P-bron (Priesterlik): Hierdie bron weerspieël die orde van die priesterskap ná die ballingskap en ook daardie tyd se besorgdheid oor die wet (Dillard & Longman, 2006:41; Hill & Walton, 2009:82).

Hierdie perikoop is ’n vermenging van die J-bron, E-bron en P-bron (Hill & Walton, 2009:82). Dillard en Longman (2006:42) en Hill en Walton (2009:83) kom tot die gevolgtrekking dat die boek van Eksodus die literêre produk van Moses is.

### 5.8.2.4. Doen woordstudie van belangrike begrippe in die kernvers

Aangesien daar nie ‘n spesifieke vers gekies is nie, het die navorser sekere woorde uit die perikoop geïdentifiseer:

> En Moses het elke keer ‘n tent geneem en dit vir hom **buitekant** die laer opgeslaan, **ver** van die laer af; en hy het dit genoem die tent van **samekoms**. En elkeen wat die Here wou **raadpleeg**, het uitgegaan na die tent van samekoms wat buitekant die laer was. En as Moses uitgaan na die tent, staan die hele volk op en gaan elkeen aan die ingang van sy tent staan. Dan kyk hulle Moses agterna tot hy in die tent ingegaan het. En as Moses in die tent ingaan, kom die wolkkolom af en gaan by die ingang van die tent staan, en dan **spreek** Hy met Moses. (1953-vertaling)

Daar is gebruik gemaak van verskeie bronne, aangesien die navorser nie gekwalifiseerd en vertroud is met antieke tale nie.

#### 5.8.2.4.1. Buitekant

Die Hebreeuse woord wat vir “buitekant” gebruik word, is die woord *min*. Volgens die Blue Letter Bible (s.a.) is die woord ‘n voorsetsel wat die woord “van” is en beteken dit “om afsondering uit te druk”. In die Strong Leksikon (2004:H4482) beteken die woord “om uit te beweeg”.

#### 5.8.2.4.2. Ver

Die Hebreeuse woord wat vir die woord “ver” gebruik word, is *râchaq*. Die betekenis in die Strong Leksikon (2004:H7368) is “onttrek”, “weerhou” of “verwyder” (hetsy letterlik of figuurlik). ‘n Verdere verduideliking van die woord is “afgeleë” (Gesenius & Tregelles, 1954:H7368; Blue Letter Bible, s.a.).

#### 5.8.2.4.3. Samekoms

Die woord in die Hebreeus vir “samekoms” is *môw‘êd* en beteken “vasgestelde plek” of “vasgestelde tyd” (Blue Letter Bible, s.a.). Die Strong Leksikon (2004:H3259) definieer die woord as “’n vaste tyd of seisoen”, “fees” of “byeengeroep vir ‘n spesifieke doel”.

#### 5.8.2.4.4. Raadpleeg

Die Hebreeuse woord vir “raadpleeg” is *bâqash*. Die betekenis in die Blue Letter Bible (s.a.) is “om te soek”, “begeerte” of “versoek”. Die woord kan ook vertaal word met “om uit te soek” (spesifiek in aanbidding en gebed) (Strong, 2004:H1245).

#### 5.8.2.4.5. Spreek

Die woord “spreek” is *dâbar* in Hebreeus. Die betekenis is “gesprek”, “om te belowe” of “om met mekaar te praat” (Blue Letter Bible, s.a.). Strong (2004:H1696) definieer die woord as “om te praat” (maar nie in ‘n verwoestende of negatiewe manier nie), “beantwoord” of “uiter”.

### 5.8.2.5. Bepaal die openbaringshistoriese plek en betekenis van die perikoop

| **Tema:** God ontmoet sy mense wanneer hulle Hom waarlik soek | **Skrifverwysing** | **Relevansie en plek in die openbaringsgeskiedenis** |
|---|---|---|
| | Spreuke 8:17: "Ek het die lief wat my liefhet, en die wat my soek, sal my vind." | **Relevansie:** Beide hierdie Skrifgedeelte en die perikoop handel oor God wat gevind word wanneer die mens na Hom soek.<br><br>**Plek in die openbaringsgeskiedenis:** Hierdie Skrifgedeelte is deel van die Ou Testament in die tyd van Salomo. Dieselfde waarheid van daardie tyd bly vandag steeds staan, naamlik dat God gevind sal word deur wie Hom soek. Vandag, as gevolg van Jesus Christus se verlossingswerk, kan die mens in verhouding met God leef en kan Hy altyd gevind word. |
| | Jer. 29:13: "En julle sal My soek en vind as julle na My vra met julle hele hart." | **Relevansie:** Beide hierdie Skrifgedeelte en die perikoop handel oor God wat gevind word wanneer die mens Hom soek.<br><br>**Plek in die openbaringsgeskiedenis:** Hierdie Skrifgedeelte is deel van die Ou Testament in die tyd waarin Jeremia as profeet opgetree het. Dieselfde |

| | | |
|---|---|---|
| | | waarheid van daardie tyd bly vandag steeds staan, naamlik dat God gevind sal word deur wie Hom soek. Vandag, as gevolg van Jesus Christus se verlossingswerk, kan die mens in verhouding met God leef en kan Hy altyd gevind word. |
| | Jak. 4:8: "Nader tot God, en Hy sal tot julle nader…" | **Relevansie:** In die perikoop word daar gesien hoe Moses uit sy eie tot God nader en God hom daar ontmoet. Hierdie Skrifgedeelte stem ooreen met die perikoop in die sin dat wanneer die mens tot God nader, Hy tot hulle sal nader.<br><br>**Plek in die openbaringsgeskiedenis:** Beide hierdie Skrifgedeelte en die perikoop handel oor God wat gevind word wanneer die mens Hom soek. Vandag, as gevolg van Jesus Christus se verlossingswerk, kan die mens in verhouding met God leef en kan Hy altyd gevind word. |
| | Luk. 11:9-10: "En Ek sê vir julle: Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word. Want | **Relevansie:** In die perikoop word daar gesien hoe Moses uit sy eie tot God nader en God hom daar ontmoet. Hierdie Skrifgedeelte stem |

| | | |
|---|---|---|
| | elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word.” | ooreen met die perikoop in die sin dat wanneer die mens tot God nader, Hy tot hulle sal nader.<br><br>**Plek in die openbaringsgeskiedenis:** Beide hierdie Skrifgedeelte en die perikoop handel oor God wat gevind word wanneer die mens Hom soek. Vandag, as gevolg van Jesus Christus se verlossingswerk, kan die mens in verhouding met God leef en kan Hy altyd gevind word. |

**Gevolgtrekking:** Die bostaande Skrifgedeeltes hou almal verband met die perikoop, Eksodus 33:7-9 en handel oor die versekering dat God gevind sal word wanneer daar waarlik na Hom gesoek word. As gevolg van Jesus Christus se verlossingswerk aan die kruis en sy oorwinning oor die dood, tesame met die Heilige Gees wat in elke persoon leef, is hierdie waarhede vandag nog steeds van toepassing en ’n groot werklikheid. Die openbaringshistoriese boodskap van Eks. 33:7-9 is dus dat God waarlik gevind sal word wanneer daar tot Hom genader word en Hy in opregtheid gesoek word.

**5.8.2.6. Bepaal die openbaring oor God in die perikoop**

| | Vader | Seun | Heilige Gees |
|---|---|---|---|
| Eksplisiet | | | |
| Wie is Hy? | Nie eksplisiet nie | Nie eksplisiet nie | Nie eksplisiet nie |
| Wat doen Hy? | God praat en maak Sy teenwoordigheid bekend. | Nie eksplisiet nie | Nie eksplisiet nie |
| Wat sê Hy? | Nie eksplisiet nie | Nie eksplisiet nie | Nie eksplisiet nie |

| Implisiet | | | |
|---|---|---|---|
| Wie is Hy? | Hy is die God wat by sy mense is en in ‘n verhouding met hulle leef. | Nie implisiet nie | Die Heilige Gees is die teenwoordigheid van God. |
| Wat doen Hy? | Hy verskyn aan sy mense. | Nie implisiet nie | Die Heilige Gees is deur middel van ‘n wolkkolom teenwoordig. |
| Wat sê Hy? | Nie implisiet nie | Nie implisiet nie | Nie implisiet nie |

#### 5.8.2.7. Bepaal die openbaringsfeite in die perikoop en die oproepe op grond daarvan

Verlossingsfeite: God is ’n God wat in ‘n verhouding met sy mense wil wees en met hulle praat. As gevolg van Jesus se verlossingsdaad aan die kruis en sy opstanding kan die mens in ‘n verhouding met God wees. Wanneer die Here gesoek word, word Hy gevind (cf. Jer. 29:12).

Oproep: Die uitnodiging in hierdie perikoop is na ‘n intieme verhouding met God. Wanneer ‘n mens eenkant toe gaan met die doel om tyd saam met God deur te bring, sal Hy met ons praat. Dit herinnering ’n mens aan Jesus se woorde in Matteus 6:6 waar Hy sê ons moet eenkant na ons kamer toe gaan en die deur toemaak wanneer ons bid. Die uitnodiging is om tot God te nader en wanneer die mens dit doen, sal Hy tot sy mense nader (cf. Jak. 4:8).

#### 5.8.2.8. Bepaal die kommunikasiedoel van die perikoop

Die kommunikasiedoel van die perikoop kan nie buite die konteks van die totale gedeelte geneem word nie. Die perikoop bevind homself in die boek Eksodus, wat ’n profetiese of teologiese geskiedenis is. Die oogmerk van die boek is om die lesers in te lig rakende God se groot dade in die geskiedenis. Laasgenoemde word teologies of *profeties* genoem om die feit te erken dat dit geskiedenis is met die doel om God se aard deur sy dade bekend te stel (Dillard & Longman, 2006:72; Provan, Long & Longman, 2003). Die kommunikasiedoel van hierdie gedeelte is dus om inligting te verskaf rakende die wyse waarop God met sy mense werk en hoe Hy in verhouding met sy mense staan. Daar word ook aangetoon hoe God se mense teenoor Hom reageer en gemeenskap met Hom nastreef en ervaar.

#### 5.8.2.9. Raadpleeg eksegetiese bronne

Die volgende inskrywings in verskeie kommentare staan in besonder uit en dien as waardevolle bydrae tot hierdie studie:

Die eerste opmerking is in verband met die tent wat Moses buite die kamp opgeslaan het en wat hy die “tent van samekoms” of die “tent van ontmoeting” genoem het. Nadat die Israeliete weer hulle harte na God gedraai het en hul beelde verwyder het, het Moses die eerste stap geneem om God te soek deur sy eie tent van ontmoeting te maak (Guzik, 2011). Hierdie tabernakel/tent van ontmoeting is nie dieselfde Tabernakel wat later deur Moses op God se bevel (sien Eks. 25-28) gebou is nie (Dake, 2010:98; Guzik, 2011; Jamieson, Fausset & Brown, 1961). Volgens Guzik was hierdie ‘n spontane daad van Moses in sy radikale en spontane soeke na God en was dit juis as gevolg daarvan dat God inderdaad sy mense se harte aangeraak het.

Hierdie tent van ontmoeting was buite die kamp geleë, soos in vers 7 gelees kan word: “…elke keer ‘n tent geneem en dit vir hom **buitekant** die laer opgeslaan, **ver** van die laer af...” Die betekenis hiervan is tweeledig: In die eerste sin beeld dit die skeiding (as gevolg van hul sonde) tussen God en sy volk uit. Cole (2015:201) meen dat heiligdomme gewoonlik ‘n entjie van die dorpe gebou was in die antieke wêreld – Israel het hul uniekheid verloor as ‘n nasie wie se God in hulle midde woon. Dake (2010:98) glo dat die plasing van die tent buite die kamp op die onsekerheid dui van die verhouding tussen God en sy volk en of God steeds in hulle midde sou wandel. In die tweede sin word daar in sommige kommentare geskryf dat Moses hierdie tent met ‘n spesifieke doel buite die kamp geplaas het. Deur die tent van ontmoeting daarbuite te plaas, het Moses ‘n duidelike lyn getrek om aan te dui wie werklik tot die Here wou nader, aangesien almal wat die Here gesoek het, buite die kamp na die tent van ontmoeting moes gaan (Guzik, 2011; cf. ook Eks. 33:7).

Die plasing van die tent buite die kamp het beteken dat elkeen wat die Here gesoek het en tot Hom wou nader, hulself moes afsonder (Guzik, 2011). Lloyd-Jones (Blue Letter Bible, s.a.) meen dat wanneer die Heilige Gees met mense werk, daar altyd tye van onttrekking en afsondering sal wees – tyd wat spesifiek eenkant gesit word om God se aangesig te soek en tot Hom te nader. Cole (2015:201) skryf oor ‘n algemene gebruik in die woestynperiodes: *Almal wat God soek, moet uitgaan*. Wanneer ‘n mens die teenwoordigheid van God soek (vir gebed, leiding, aanbidding ens.), moet jy jouself van ander mense onttrek. Wanneer jy dit doen en jouself *buite die kamp* bevind, is daar die moontlikheid van ‘n ontmoeting met God op ‘n unieke en intieme manier (sien die voorbeeld van Moses in Eksodus 33:11 waar God met hom soos met ‘n vriend gepraat het).

God se teenwoordigheid kon in die tent van ontmoeting beleef word. Guzik (2011) reken dat die tent nie die tent van ontmoeting geword het omdat Moses dit so genoem het nie, maar omdat

God in werklikheid daarheen gegaan het om Moses deur middel van ‘n wolkkolom te ontmoet. Hierdie wolkkolom word letterlik as ‘n “staande ding” beskryf en het die teenwoordigheid van God geïmpliseer (Cole, 2015:202). Volgens Guzik kon alle mense die wolkkolom gewaar en het hulle geweet dat Moses God daar aanbid en Hom ontmoet; dit was vir die volk ‘n groot troos. Vosloo en Van Resnburg (2007:139) reken dat hierdie Skrifgedeelte handel oor die probleem rondom God se teenwoordigheid. Die Israeliete het met die volgende vraag geworstel: Kan God ook op ander plekke as Sinaï teenwoordig wees? Hierdie perikoop toon dat God alomteenwoordig is en nie tot een spesifieke plek beperk is nie. Tydens Moses se tyd in afsondering in die tent van ontmoeting het God met Hom op ‘n persoonlike manier gepraat soos wat vriende met mekaar gesels (Eks. 33:11; Guzik, 2011). Dit toon die persoonlike en intieme verhouding tussen Moses en God wat eerstens moontlik gemaak is deur God se genade en tweedens deur Moses se nimmereindigende soeke na God se teenwoordigheid.

#### 5.8.2.10. Begryp die konteks van die hoorder

Die konteks van die hoorder in hierdie studie is reeds in die beskrywend-empiriese taak bespreek (2.7.2). Die fokus is egter op die Millenniale Generasie en die waarde wat die gebruik van die geloofsdissiplines van stilte en afsondering vir hulle kan inhou. Dit is wel waardevol om op die volgende te let:

- 100% van die deelnemers het genoem dat hulle ‘n persoonlike, intieme verhouding met God wil hê.
- Die deelnemers het genoem dat hulle sekere gewoontes in hul verhouding met God toepas om tot Hom te nader.
- Die deelnemers het ook genoem dat dit vir hulle moeilik is om in ‘n verhouding met God te bly, aangesien die gejaagdheid van die lewe en die baie afleidings ‘n negatiewe impak daarop het.

Die afleiding wat gemaak kan word, is dat die konteks van die hoorder in hierdie studie insluit dat daar steeds ‘n intieme, egte verhouding met God kan wees wanneer die mens tot Hom nader, al is daar in hierdie besige en gejaagde lewe verskillende struikelblokke met betrekking tot ons verhouding met Hom.

### 5.8.3. Beoefening van stilte en afsondering in die lewe van Elia

Elia was ‘n groot profeet in die Ou-Testamentiese tyd. Daar word van hom in 1 Konings 17 gelees waar hy dadelik bekendgestel word as ‘n profeet wat aan koning Agab ‘n boodskap van die Here bring. Hierdie boodskap handel oor ‘n droogte wat Israel gaan tref (1 Kon. 17:1). Ons sien dat Elia baie gehoorsaam aan God was, want hy het gedoen wat die Here hom beveel het (Castleman, 2011:2). Daar was ‘n tydperk van drie jaar waartydens Elia vir Agab weggekruip het

omdat die koning kwaad was oor die nuus wat Elia van die Here af gebring het. Ons sien dan weer in 1 Konings 18:1 hoe God voorsien en hom na Agab toe terugstuur met die nuus dat die reën weer sou val: “Gaan na Agab toe. Moenie langer vir hom wegkruip nie. Ek wil dit weer in die land laat reën...” (Bybel, 2011).

In daardie tyd het die Israeliete weer begin om Baäl te aanbid en Elia het hulle voor die keuse gebring om te kies watter God hulle wil dien. Hy het daar ‘n wonderwerk gedoen wat bewys het dat God die ware en enigste God is. In 1 Konings 18:39 word dit beskryf: “Toe die hele volk dit sien, het hulle op hulle knieë geval en uitgeroep: Die Here is God…” (Bybel, 2011). Elia het die profete van Baäl laat vang en hulle doodgemaak. ‘n Tyd later het Elia gehoor dat Isebel, wat die nuus ontvang het oor die moord op die profete, hom om die lewe wou bring. Die Skrif sê dat Elia baie bang geword het en ter wille van sy lewe gevlug het (1 Kon. 19:3). Dit is hier waar Elia se tyd in stilte en afsondering begin het (Barton, 2009a:32).

#### 5.8.4. 1 Konings 19:8-12

Na aanleiding hiervan is daar ‘n omvattende studie van 1 Konings 19:8-12 gedoen.

##### 5.8.4.1. Bepaal die plek van die perikoop in sy boek en in die Bybel

Daar word eerstens gekyk na die perikoop se plek binne sy boek, 1 Konings. Dit is belangrik om daarop te let dat 1 en 2 Konings saam ’n geheel vorm. Hierdie boeke vertel van die tragiese afname van Israel se goue era, vanaf die heerskappy van Salomo tot en met die uittog vier eeue later onder die heerskappy van Jojagin en Sedekia (Waltke, 2007:702). In Die Bybel in Praktyk verdeel Vosloo en Van Rensburg (2007:465) die struktuur van 1 Konings soos volg:

| |
|---|
| Die einde van die troonopvolging (1:1-2:47) |
| Salomo se bewind (3:1-11:43) |
| Die twee koninkryke (12:1-16:34) |
| Die Elia-tydperk (17:1-22:54) |
| **Die gekose perikoop, 1 Konings 19:8-12, val onder hierdie deel van die boek.** |

1 Konings vorm deel van die Ou Testament. Die Hebreeuse Bybel volg verskillende stelsels van klassifisering en is in drie afdelings verdeel, naamlik die Wet, die Profete en die Geskrifte (Dillard & Longman, 2006:167). Die Profete word verder onderverdeel in die vroeëre en latere profete (Dillard & Longman, 2006:167). Die boeke 1 en 2 Konings vorm deel van die vroeëre profete en bestaan uit die Israelitiese geskiedskrywings; laasgenoemde stel ’n teologiese interpretasie van die Hebreeuse geskiedenis bekend (Hill & Walton, 2009:227).

#### 5.8.4.2. Bepaal die genre van die perikoop en die boek

Die genre van 1 Konings 19:1-8 is die' van die historiese narratief (Hill & Walton, 2009:236; Mitch *et al*., 2017:14). Volgens Hill en Walton fokus die narratief op die figure wat primêr verantwoordelik was vir die verbondsbewaring van Israel, naamlik die konings en profete.

#### 5.8.4.3. Bepaal die perikoop se sosio-historiese konteks

Soos baie van die Ou-Testamentiese historiese boeke is die outeurs van die konings se annale onbekend (Hill & Walton, 2009:228). Die Joodse tradisie wat die Babiloniese Talmud behou het, skryf die outeur van Konings aan die profeet Jeremia toe (Dillard & Longman, 2006:172; Hill & Walton, 2009:228). ’n Ander siening van die outeurskap van Konings is volgens Hill en Walton dat dit moontlik ’n enkele outeur was wat ’n ooggetuie was van die val van Jerusalem. Nog ’n siening van Bybelse navorsers is dat beide Konings 1 en 2’n produk van die sogenaamde Deuteronomiese skool is wat in die laat 18de en vroeë 17de eeu v.C. ontstaan het en nou verbonde was aan die suidelike monargie (Dillard & Longman, 2006:173; Hill & Walton, 2009:228). Die siening van hierdie skool is dat die eerste draers van die tradisie ’n basiese historiese dokument voortgebring het; dat ’n latere generasie met dieselfde geskiedenisfilosofie stories oor die profete bygelas het; en dat nog ’n latere generasie materiaal bygelas het wat ingestel was op kwessies rakende die behoud van die wet (Jones, 1984:42-43).
Weens die onsekerheid by navorsers oor die boek van Konings, is die waarskynlikste outeur ’n anonieme samesteller-outeur van die 16de eeu v.C. Dit is onbekend of hy ’n profeet was al dan nie, maar dit is duidelik dat hy die verbondsaard van Isael se verhouding met Jahweh, sowel as die implikasies daarvan vir die Hebreeuse geskiedenis, verstaan het (Hill & Walton, 2009:230).

Die boek is waarskynlik in Palestina saamgestel, êrens tussen die val van Jerusalem (587-856 v.C.) en die dekreet van Koning Kores van Persië wat die Hebreërs toegelaat het om na hul tuisland toe terug te keer (moontlik in 539 v.C.) (Hill & Walton, 2009:230). Daar word gespekuleer dat die boek van Konings in twee fases saamgestel is. Volgens Hill en Walton kon die groter gedeelte van die geskiedenis rakende die Hebreeuse koningskap saamgestel gewees het tussen die val van Jerusalem en die Babiloniese vergelding vir die sluipmoord op die goewerneur Gedalia. Die skrywers reken dat die finale weergawe van die werk moontlik gepubliseer is ná Koning Jojagin se vrylating uit die tronk in Babilon deur Nebukadneser se opvolger, Ewil-Merodak (562/562 v.C.).

Die boeke van Konings verteenwoordig die selektiewe geskiedenis van Israel, van die laaste dae van Koning Dawid se heerskappy tot die Babiloniese verowering van Jerusalem (Hill & Walton, 2009:230).

#### 5.8.4.4. Bepaal die kernvers van die perikoop

Die kernverse van die perikoop wat vir hierdie studie gekies is, is 1 Konings 19:11-12.

#### 5.8.4.5. Doen woordstudie van belangrike begrippe in die kernvers

Vanuit die spesifieke kernverse het die navorser sekere woorde uit die perikoop geïdentifiseer rakende Elia se ontmoeting met die Here:

> Maar die Here sê vir hom: “Kom uit, en gaan **staan** op die berg voor My, die Here, Ek wil verbygaan.” Skielik was daar ’n baie sterk wind wat die berg stukkend geruk en die rotse gebreek het voor die Here. Maar in die wind was die Here nie. Na die wind was daar ’n aardbewing. Maar in die **aardbewing** was die Here nie. Na die aardbewing was daar ’n vuur. Maar in die vuur was die Here nie. En na die vuur was daar ’n **fluistering** in die **windstilte**.

5.8.4.5.1. Staan

Die Hebreeuse woord vir “staan” is *âmad*. Die KJV verstaan hierdie woord 17 keer as die woord “om te bly”, 15 keer as “stil” en 5 keer as “wagtend”. Die Blue Letter Bible (s.a.) meen dat die woord beteken “om stil te staan; om te stop (te beweeg of te doen)”. Strong (2004:H5975) gee die betekenis van die woord in sy primitiewe wortel as “stil”, “bly” of “woon” (“dwell”) binne ‘n letterlike of figuurlike konteks. Gesenius en Tregelles (1954:H5975) vertaal hierdie woord as “om stil te staan” of “om te stop”, met ander woorde die teenoorgestelde as om te jaag.

5.8.4.5.2. Aardbewing

Die Hebreeuse woord vir “aardbewing” is *ra‘ash* en beteken “oproer”, “verwarde geraas”, “gejaagdheid” of “geskud” (Strong, 2004:H7493).

5.8.4.5.3. Fluistering

Die Hebreeuse woord vir “fluistering” is *daq* en beteken “klein”, “dun” of maer” (Strong, 2004:H1854).

5.8.3.5.4. Windstilte

Die Hebreeuse woord vir “windstilte” is *d$^{e}$mâmâh* en beteken “stil”, “stilte” of “kalm” (Strong, 2004:H1826).

#### 5.8.4.6. Bepaal die openbaringshistoriese plek en betekenis van die perikoop

| Tema: God praat | Skrifverwysing | Relevansie en plek in die openbaringsgeskiedenis |
|---|---|---|

| | | |
|---|---|---|
| | Job 4:16: “Die gees het stil gaan staan. Hoe hy lyk, kon ek nie sien nie, daar was net ‘n gedaante voor my. Dit was stil en toe hoor ek ‘n stem.” | **Relevansie:** Hierdie Skrifgedeelte sluit aan by die perikoop, aangesien daar ook vanuit die stilte ‘n stem was wat met Job gepraat het. Die fokus is egter op die feit dat daar stilte was en ‘n stem toe gepraat het.<br><br>**Plek in openbaringsgeskiedenis:** Hierdie Skrifgedeelte is deel van die Ou Testament en is duisende jare gelede geskryf. Tog is dit vandag steeds van toepassing in die sin dat God steeds in stilte en afsondering sy mense ontmoet en met hulle praat, veral weens die verlossingswerk van Jesus Christus en die Heilige Gees wat in die gelowige woon. |
| | Eks. 3:2: “Daarop verskyn die Engel van die Here aan hom in ‘n vuurvlam uit ‘n doringbos. En toe hy weer sien, brand die doringbos in die vuur, maar die doringbos word nie verteer nie. En Moses sê: ‘Laat ek tog nader gaan en hierdie groot verskynsel bekyk, waarom die doringbos nie verbrand nie.’ Toe die Here sien dat hy nuuskierig nader kom, roep God na hom uit die doringbos en sê: ‘Moses, Moses!’ En hy antwoord: ‘Hier is ek.’” | **Relevansie:** Net soos met die perikoop was Moses, soos Elia, in stilte en afsondering toe God vir die eerste keer aan hom verskyn en met hom gepraat het. Dit is relevant, aangesien dit wys hoe God met mense praat en tot hulle nader wanneer daar tyd in stilte en afsondering deurgebring word.<br><br>**Plek in openbaringsgeskiedenis:** Hierdie Skrifgedeelte is deel van die Ou Testament en is duisende jare gelede geskryf. Tog is dit vandag steeds van toepassing in die sin dat God steeds in stilte en afsondering sy mense ontmoet en met hulle praat, veral weens die verlossingswerk van Jesus Christus en die Heilige Gees wat in die gelowige woon. |

| | | |
|---|---|---|
| | Hand. 10:9-11: "Die volgende dag teen twaalfuur die middag, toe hulle op hulle reis al naby die dorp was, het Petrus opgegaan na die dakstoep van die huis om te bid. Hy het later honger geword en hy wou iets hê om te eet. Terwyl die mense die ete klaargemaak het, het hy in geesvervoering geraak. Hy het die hemel oop gesien en iets soos 'n groot doek wat aan sy vier punte neergelaat word, sien afkom grond toe." | **Relevansie:** Beide hierdie Skrifgedeelte en die perikoop wys hoe daar 'n kragtige verskynsel was wanneer daar tyd in afsondering spandeer is – die grootste werklikheid is dat God sy teenwoordigheid aan sy mense bekend maak en in verhouding met hulle wil leef deur met hulle te praat.<br><br>**Plek in openbaringsgeskiedenis:** Hierdie Skrifgedeelte is deel van die Nuwe Testament en is duisende jare gelede geskryf. Tog is dit vandag steeds van toepassing in die sin dat God steeds in stilte en afsondering sy mense ontmoet en met hulle praat, veral weens die verlossingswerk van Jesus Christus en die Heilige Gees wat in die gelowige woon. |

**Gevolgtrekking:** Die bostaande Skrifgedeeltes hou elkeen verband met die perikoop, 1 Kon. 19:8-12. Al die Skrifgedeeltes beskryf hoe God sy teenwoordigheid aan mense bekend gemaak het wanneer hulle in stilte en afsondering was. Alhoewel dit duisende jare gelede was, is dit steeds vandag van toepassing. Die openbaringshistoriese betekenis van 1 Kon. 19:8-12 is dus dat God in stilte en afsondering te vinde is en dat Hy daardeur in 'n verhouding met mense wil wees.

### 5.8.4.7. Bepaal die openbaring oor God in die perikoop

| | Vader | Seun | Heilige Gees |
|---|---|---|---|
| Eksplisiet | | | |
| Wie is Hy? | Nie eksplisiet nie | Nie eksplisiet nie | Nie eksplisiet nie |
| Wat doen Hy? | Hy laat verskeie natuurverskynsels gebeur. | Nie eksplisiet nie | Nie eksplisiet nie |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Wat sê Hy? | Nie eksplisiet nie | Nie eksplisiet nie | Nie eksplisiet nie |
| Implisiet | | | |
| Wie is Hy? | Hy is ‘n groot, kragtige God wat magtige dinge kan doen (soos om rotse te laat oopskeur). | Nie implisiet nie | Nie implisiet nie |
| Wat doen Hy? | Hy maak sy teenwoordigheid aan sy mense bekend in die stilte. | Nie implisiet nie | Nie implisiet nie |
| Wat sê Hy? | God wil sy teenwoordigheid aan sy mense bekend maak en in ‘n persoonlike verhouding met hulle wees.<br><br>God is te vind in die stilte en nie noodwendig in die geraas van die lewe nie. | Nie implisiet nie | Nie implisiet nie |

#### 5.8.4.8. Bepaal die openbaringsfeite in die perikoop en die oproepe op grond daarvan

Verlossingsfeite: Daar word weereens gesien hoe God in verhouding met sy mense staan en dat Hy ’n God van liefde is wat sy mense in hulle swaarkry ontmoet. Elia was op ’n baie moeilike plek in sy lewe en steeds het God Homself aan Elia bekendgemaak en hom verseker dat Hy by hom is.

Oproep: Die oproep vanuit hierdie perikoop is die uitnodiging na stilte en afsondering. Tydens stilte en afsondering het Elia God se teenwoordigheid ervaar, omdat hy van die lawaai en mense in sy lewe onttrek het – in tye van stilte en afsondering kan ‘n mens jou aan

desperaatheid en begeertes oorgee totdat God na jou toe kom en doen wat jy glad nie vir jouself kan doen nie (Barton, 2010a:33). God se teenwoordigheid kan in die stilte beleef word en daarom het die mens nodig om tyd in stilte en afsondering deur te bring om so ook gemeenskap met God te kan beleef.

#### 5.8.4.9. Bepaal die kommunikasiedoel van die perikoop

Om die kommunikasiedoel te bepaal is dit belangrik om die perikoop (1 Kon. 19:1-18), sowel as die totale geheel van die gedeelte, in ag te neem. Die kommunikasiedoel van die totale gedeelte is tweeledig: eerstens is dit om inligting te gee rakende die historiese gebeure in Elia se lewe in daardie tyd; tweedens is dit om te getuig hoe God met Elia werk, hom in 'n tyd van nood red en nuwe hoop en krag gee.
Die kommunikasiedoel van die betrokke perikoop is om vir die gelowige te leer dat God by tye nie in die geraas, lawaai en "magtige dade" te vinde is nie, maar in die stilte. Elia het 'n fluistering in die windstilte gehoor en in daardie oomblik die Here se stem gehoor wat vir hom leiding gee; hieruit kan daar gesien word dat die gelowige moet stil word en na God se sagte fluistering luister. Die kommunikasiedoel kan dus soos volg opgesom word: *God praat baie keer in die stil oomblikke en die gelowige het dus nodig om stil te word om sy stem te hoor.*

#### 5.8.4.10. Raadpleeg eksegetiese bronne

Die volgende inskrywings in verskeie kommentare staan in besonder uit en dien as waardevolle bydrae tot hierdie studie:

Die eerste opmerking waarop daar gelet moet word, gaan oor Elia se emosionele toestand in daardie tyd; hy het 'n dag se reis in die woestyn ingegaan en gebid dat die Here sy lewe moes neem (Guzik, 2011). Elia se reis van 40 dae na die Berg Horeb is betekenisvol in die sin dat God nie van hom verwag het om onmiddellik beter te voel nie, maar dat Hy hom tyd gegee het om van sy geestelike depressie te herstel (Guzik, 2011). Hierdie reis is baie simbolies, aangesien die volk van Israel vir 40 jaar in die woestyn moes wandel (Blue Letter Bible, s.a.).

Die grot waarin Elia gaan woon het toe hy by Berg Horeb gearriveer het, is dieselfde rotskloof waar God aan Moses verskyn het (Guzik, 2011). Guzik is daarvan oortuig dat God geweet het wat Elia op daardie oomblik nodig gehad het, naamlik 'n persoonlike ontmoeting met Hom – daarom het God hom uitgenooi om op die berg voor Hom te kom staan. Die manier waarop God aan Elia verskyn het, het eers begin met verskynsels waarin Hy nie te vinde was nie (die wind, die aardbewing en die vuur). Elia het heel moontlik na 'n dramatiese manifestasie van God gesoek, maar hier sien 'n mens dat God baie keer in minder dramatiese toestande sy verskyning maak. Die finale verskynsel was in teenstelling met die voriges – God het Elia in die

stil fluistering van ‘n stem ontmoet. Spurgeon verwys in die Blue Letter Bible (s.a.) na hierdie gedeelte wanneer hy sê dat dit eers na die verdwyning van die donderweer en blitse was (en die aarde en wind stil geword het) dat daar kalmte en rus neergedaal het waarin ‘n stem van stilte gehoor kon word – dit is asof die stilte hoorbaar was. Hierdie gebeurtenis wys dat die stil, fluisterende stem van God wat met die mens se hart praat baie magtiger is as uiterlike vertonings van God se oordeel (Guzik, 2011).

In Kon. 18:4 word die volgende oor Elia geskryf: “Hy self het egter ‘n dagreis ver die woestyn ingegaan.” Elia het moedeloos en sonder hoop onder ‘n besembos gaan sit en gebid dat die Here eerder sy lewe moes neem. Barton (2010a:42) meen dat Elia in hierdie tyd van stilte en afsondering homself in die gesig moes staar; hy moes beheer oorgee en uiteindelik het hy weer leiding van die Here ontvang vir sy volgende stappe. ‘n Mens is nie altyd seker wat in stilte en afsondering gaan gebeur nie, totdat jy self daar is, net soos in Elia se lewe (MacLaren, 2013:88). Hy het in hierdie tyd op reis gegaan, waar hy vir 40 dae en nagte geloop het tot byHoreb, die berg van God, waar hy in stilte en totale afsondering’n ontmoeting met God gehad het. Dit was ‘n lang tyd in stilte en afsondering, 40 dae en 40 nagte, waarin hy alleen en in stilte – soms innerlike en ander kere uiterlike stilte – verkeer het. Elia was eintlik in stilte en afsondering ingedwing weens die omstandighede van sy lewensituasie (Barton, 2010a:43).

Tydens hierdie tye van stilte en afsondering het Elia die intieme tyd saam met God geniet en dit het hom onderhou - selfs letterlik by tye toe die Here vir hom kos gestuur het en hom ook fisies onderhou het (Belisle, 2003:28). Toe Elia by Berg Horeb aangekom het, het God met hom gepraat. Ons sien hoe daar verskeie natuurverskynsels plaasgevind het en hoe God nie te vinde was in een van hierdie harde, duidelike tekens nie. Daar was ‘n sterk wind wat die rotse gebreek het, daarna was daar ‘n aardbewing en na die aardbewing was daar ‘n vuur. Ons lees in 1 Konings 19:12 die volgende: “Na die vuur was daar ‘n fluistering in die windstilte.” God was in die stilte en kalmte en Hy het met Elia in ’n sagte stem gepraat. God roep ons baie keer na stilte en afsondering toe. Soms kan ons nie bruikbaar wees nie, maar moet ons geduldig wees; ons kan nie iets doen nie, maar moet stil sit en op Hom wag, nes Elia (Matthew Henry’s Concise Commentary, 2017). Elia het tot die besef gekom dat God dikwels nie met ‘n harde, duidelike stem praat nie, maar met ’n sagte stem (St. John, 2013:63). St. John is van opinie dat die manier waarop God gehoor word, selfs belangriker is as die manier waarop God praat. Reardon (2011:25) beskryf hoe kinders klein stemmetjies gebruik wanneer hulle weerloos is of wanneer hulle iets vertel wat vir hulle intiem is. Hy glo dat ‘n mens op dieselfde manier na God moet luister as wat jy na hierdie kind met die klein stemmetjie sou luister wat iets belangrik het om met jou te deel.

Dit is duidelik dat Elia hierdie groot ontmoeting met God gehad het en sy geloof sterker geword het in ‘n tyd in sy lewe waarin hy in afsondering was en stil voor God geword het. Hy was van

alles gestroop; waar hy voorheen aktief opgetree het as profeet, wonderwerke gedoen het en besig was met die dinge van die Here, was hy nou op ‘n plek waar hy net homself kon wees, en dit is hier waar God hom ontmoet het. Wanneer daar na Elia se lewe gekyk word, kan daar gesien word hoe sy gewilligheid om in stilte en afsondering te gaan, ruimte vir God gegee het om hom te bedien op maniere wat hy nog nooit voorheen ervaar het nie (Barton, 2010a:32). Elia het ‘n egte, outentieke geloof en verhouding met God gehad. Die tyd in afsondering het hom baie nader aan God gebring en het hulle verhouding verdiep. Hierdie verhouding tussen God en Elia is so intiem dat hy nie op die normale wyse doodgegaan het nie, maar deur God in die hemel opgeneem is; in 2 Konings 2:11 lees ons die volgende: “…en Elia is in ‘n stormwind op, die hemel in.”

Daar kan duidelik gesien word wat die effek van die geloofsdissiplines van stilte en afsondering op die lewe van Elia gehad het en hoe dit sy verhouding met God beïnvloed het.

- Nadat Elia in 1 Konings 19:11-13 vir 40 dae en 40 nagte tyd in stilte en afsondering deurgebring het terwyl hy tot by Berg Horeb gestap het, kan daar gesien word hoe hy opnuut bewus geword het van die wyse waarop God praat. Elia het gedink dat God in die groot, lawaaierige natuurverskynsels te vinde was, maar het tot die besef gekom dat God in stilte te vinde is. Hy het daar iets nuuts geleer van die wyse waarop God praat. Cutri (2011:76) reken dat wat Elia in die stilte gehoor het, nie die gebrek aan klank was nie, maar die klank van stilte. Daar is dus ‘n klank in stilte; dit is nie die klankgolwe wat ‘n mens se oordromme raak nie, maar God se geluidlose aanraking van ‘n mens se hart (Cutri, 2011:77). Dit beteken dus dat wanneer ‘n mens stil word en toelaat dat al die stemme en geraas in jou lewe stil word, dit moontlik is om die klank van stilte te hoor, naamlik God se aanraking van jou hart.
- Uit Elia se lewe kan daar gesien word dat die mens se gewilligheid om stilte en afsondering te beoefen van groot waarde is in die soeke na God (Barton, 2010a:88). Dan Allender (1999:53) skryf die volgende oor Elia se ervaring in die woestyn tydens stilte en afsondering: “It is in the silence of the desert that we hear our dependence on noise. It is in the poverty of the desert that we see clearly our attachments to the trinkets and baubles we cling to for security and pleasure. The desert shatters the soul’s arrogance and leaves body and soul crying out in thirst and hunger.”

#### 5.8.4.11. Begryp die konteks van die hoorder

Die konteks van die hoorder in hierdie studie is reeds in die beskrywend-empiriese taak (2.7.2) bespreek. Die fokus is egter op die Millenniale Generasie en die waarde wat die gebruik van die geloofsdissiplines van stilte en afsondering vir hulle kan inhou. Daar kan ook verwys word na 5.8.2.10, wat in ooreenstemming is met hierdie afdeling.

## 5.9. Beoefening van geloofsdissiplines van stilte en afsondering in die Nuwe Testament

Die Nuwe Testament bied baie insig oor die geloofsdissiplines van stilte en afsondering wanneer ‘n mens die narratiewe van mense wat in die Nuwe Testament beskryf is, bestudeer. In hierdie afdeling sal daar na Paulus se lewe gekyk word, asook na Jesus Christus se beoefening van stilte en afsondering.

### 5.9.1. Beoefening van stilte en afsondering in die lewe van Paulus

Paulus word in Handelinge 7:58-60 vir die eerste keer bekendgestel – daar was sy naam nog Saulus en word daar gesien hoe hy die marteling van Stefanus aanmoedig. Saulus se lewe was voor sy bekering vol boosheid (Condensed Biblical Encyclopedia, 2017). Hy het erken dat hy ‘n vervolger (1 Kor. 15:9), ‘n lasteraar, ‘n wreedaardige man, ‘n ongelowige (1 Tim. 1:13) en die leier van sondaars (1 Tim. 1:12-15) was. Saulus, wat as ‘n Jood met ‘n monoteïstiese Godsbeskouing grootgemaak is, het ‘n moorddadige haat teenoor Christene gekoester omdat hy nie geglo het dat Jesus Christus waarlik God was nie (Williams, 2010:9). Paulus verskaf ‘n biografie van homself in Hand. 22:3-4 (Nuwe Lewende Vertaling, 2011):

> Ek is ‘n Jood wat in Tarsus in Silisië gebore is, en hier in Jerusalem het ek grootgeword en my opvoeding by Gamaliël gekry. Aan sy voete het ek geleer om ons Joodse wet streng na te kom. Ek het ‘n kampvegter vir God geword, net soos julle almal vandag is. Ek het jag gemaak op “die pad” na die dood toe. Mans en vroue het ek gearresteer en in tronke laat stop.

Saulus was ‘n trotse Jood wat opgestaan en geveg het vir sy geloof, en eers toe hy ‘n ontmoeting met God gehad het, het sy lewe werklik verander en kon hy ‘n verhouding met God hê deur Jesus Christus (sien Gal. 1:15).

In Hand. 9:1-5 (Bybel, 1953) word daar gelees van Saulus se bekering. Hy het met elke asemteug haat teenoor Christene uitgespreek en planne beraam om hulle dood te maak (Hand. 9:1). Paulus was op een van sy togte op pad na Damaskus toe om hulp aan te vra om Christene op te sluit toe die Here magtig in sy lewe ingegryp het (Hand. 9:4). Daar het ‘n helder lig uit die hemel op hom gestraal wat hom onmiddellik verblind het. Hy het op die grond neergeval en ‘n stem uit die hemel het met hom gepraat (Hand. 9:3-4). Dit was Jesus wat op hierdie oomblik met Saulus gepraat het en daar vind toe ‘n onmiddellike bekering plaas waarin Paulus gereageer het deur vir die Here te vra: “Wat kan ek vir U doen?” (Hand. 9:6.). Williams (2010:34) wys daarop dat Saulus onmiddellik aan Jesus oorgegee het toe hy besef wie met hom praat – dit spreek van sy opregte toewyding aan die Here.

In Gal. 1:15-16 skryf Paulus dat hy na sy bekering tyd in stilte en afsondering spandeer het (Bybel, 2011; cf. ook Swindoll, 2009:41):

> Maar toe het God besluit – Hy wat my al voor my geboorte gekies het en my deur sy genade geroep het – om sy Seun bekend te maak. Dit het gebeur sodat ek Hom aan die nie-Joodse nasies kan verkondig. *Ek het nie dadelik met mense gepraat nie.* Ek het ook nie Jerusalem toe gegaan na hulle wat reeds voor my apostels was nie. *Nee, ek het Arabië toe gegaan* en van daar af teruggekom Damaskus toe. (Nuwe Lewende Vertaling - Beklemtoning is deur die navorser aangebring.)

Paulus noem duidelik dat hy na sy bekering geen mense genader het of met mense gepraat het nie, maar tog het hy soveel duidelike insig oor die aard van God se roeping en die realiteit van die Evangelie gehad – hy moes daardie insig verkry het tydens sy tyd in stilte en afsondering in Arabië (Swindoll, 2009:42).

Daar word later in Paulus se lewe ook gesien hoe die dissiplines van stilte en afsondering 'n groot rol speel, veral in sy lering aan ander Christene. Alhoewel dit nie duidelik is wie die skrywer van die Nuwe Testamentiese boek Hebreërs was nie, het baie skoliere die afleiding gemaak dat dit Paulus was (Bible.org, 2017). In Hebreërs word daar telkens gesien hoe mense uitgenooi word om tot God te nader en om tyd opsy te sit om met God deur te bring. Hebreërs 4:16 nooi mense uit om met vrymoedigheid na God te gaan met die versekering dat Hy hulle sal ontmoet. Hebreërs 11:6 meen dat iemand wat tot God wil nader, moet glo dat God werklik bestaan en dat die wat na Hom soek, Hom sal vind.

Die wyse waarop 'n mens tot God nader, is deur stilte en afsondering, wanneer alle eksterne stimuli verwyder word sodat daar intieme tyd saam met God spandeer kan word (Carter, 2015:1331).

#### 5.9.2. Galasiërs 1:11-24

#### 5.2.1.1. Bepaal die plek van die perikoop in sy boek en in die Bybel

Galasiërs is die 48ste boek in die Bybel as deel van die Kanon en die negende boek in die Nuwe Testament. Galasiërs is die vierde brief in die Nuwe Testament. Daar word eerstens na die perikoop se plek in die boek Galasiërs gekyk. Vosloo en Van Rensburg (2007) verdeel die struktuur van Galasiërs soos volg:

| |
|---|
| Briefaanhef (1:1-5) |
| Inleiding: Daar is geen ander evangelie nie (1:6-10). |
| Paulus se evangelie is nie deur 'n mens uitgedink nie (1:11-2:21). |
| **Die gekose perikoop, Gal. 1:11-24, val onder hierdie gedeelte van die uitleg van Galasiërs.** |

| |
|---|
| Vryspraak deur die geloof uit verskillende hoeke verdedig (3:1-4:31) |
| Die nuwe lewe deur die Gees in praktyk (5:1-6:10) |
| Laaste opmerkings en waarskuwings (6:11-17) |
| Briefslot (6:18) |

Soos hierbo uiteengesit, kan daar gesien word dat die gekose perikoop deel uitmaak van Paulus se evangelie wat nie deur ‘n mens uitgedink is nie. Hierdie stelling word soos volg verduidelik:

| |
|---|
| **Inleidende basiese stelling: Die herkoms van Paulus se evangelie (1:11-12)** |
| **Bewyse uit Paulus se lewensgeskiedenis dat sy evangelie nie deur ‘n mens uitgedink is nie (1:13-2:14)** |
| Slotsom: Paulus se evangelie is die ware evangelie (2:15-21) |

Daar kan dus gesien word dat die perikoop eerstens deel vorm van die herkoms van Paulus se evangelie (verse 11 en 12) en daarna van die bewyse uit sy lewensgeskiedenis.

#### 5.9.2.1. Bepaal die genre van die perikoop en die boek

Die genre van die boek word gesien as ’n brief; meer spesifiek vorm hierdie brief deel van Paulus se hoofbriewe. Laasgenoemde word nie so genoem weens hul lengte of belangrikheid nie, maar omdat hulle ’n geheeloorsig gee van Paulus se prediking en lering (Van der Walt, 2007:101).

#### 5.9.2.2. Bepaal die kernvers van die perikoop

Die kernverse van die perikoop is Galasiërs 1:15-17.

#### 5.9.2.3. Bepaal die perikoop se sosio-historiese konteks

Galasiërs is die oudste brief van Paulus wat behoue gebly het en ook sy direkste brief, aangesien dit die enigste brief is waarin hy nie begin deur God te dank nie, maar waarin hy die lesers direk aanspreek oor sy verbasing dat die mense in Galasië van sy evangelie kon wegdraai en een volg van werke en nie van genade nie (Van der Walt, 2007:106). Die datering van die brief word deur sommige kenners beskou as die tydperk tussen 48 en 49 n.C., kort nadat Paulus van sy eerste sendingreis na Antiogië teruggekeer het (Dunnet, 1993:59). Vosloo en Van Rensburg (2007) meld dat daar twee moontlikhede vir die datering van die brief is: Die

eerste moontlikheid is tussen 50 en 52 n.C., waar Paulus dit vanuit Korinte aan die einde van sy tweede sendingreis kon geskryf het; die tweede moontlikheid is 55 n.C., ook vanuit Korinte. De Boer (2011:5) is van mening dat Galasiërs se datering ongeveer 30 n.C. is weens sy gereelde verwysing na Jesus se kruisiging en dood (sien 3:1; 13). Die skrywer (2011:6-11) verwys na verskeie gebeure in Paulus se lewe wat as merkers kan dien vir die kronologie wat tot hierdie datering lei:

- Paulus as vervolger: Paulus verwys verskeie kere na homself as ’n vervolger van Christene en die Kerk van Christus (Gal. 1:13; Hand. 8:1-3; 9:4-5). Hierdie gebeure het moontlik in die vroeë 30er jare n.C. plaasgevind.
- Paulus se bekering en roeping: Paulus skryf oor die gebeure wat tot sy bekering gelei het en ook wat daarna gebeur het (in of naby Damaskus). Hierdie gebeure was heel moontlik 35 of 36 n.C.
- Paulus se eerste besoek aan Jerusalem *na drie jaar:* “Eers drie jaar later het ek Jerusalem toe gegaan om met Sefas kennis te maak...” (Gal. 1:18). Dit is nie duidelik hoe lank hy in Damaskus of Arabië was nie, maar wat wel bekend is, is dat dit na drie jaar was dat hy Jerusalem toe gegaan het. Paulus verwys in 2 Korintiërs 11:32-33 na Koning Aretas as die heerser in Damaskus en buite-Bybelse verwysings dui daarop dat hierdie koning beheer in Damaskus uitgeoefen het in die tydperk tussen 37 en 39 n.C. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat Paulus ongeveer 38 n.C. van Damaskus af vertrek het.
- Paulus se besoek aan Sirië en Silisië: Paulus se besoek hierheen (1:21) was kort na sy eerste besoek aan Jerusalem.
- Paulus se tweede besoek aan Jerusalem *na veertien jaar*: “Veertien jaar later het ek weer Jerusalem toe gegaan...” (2:1). Dit is nie duidelik of Paulus na die tydperk ná sy eerste besoek aan Jerusalem of die tydperk ná sy bekering en roeping verwys nie. Die gevolgtrekking word dus gemaak dat hierdie tweede besoek ongeveer 11 jaar na sy eerste besoek aan Jerusalem was. Die tweede besoek was ongeveer 48 n.C.
- Paulus stig die kerke in Galasië: Dit het in ongeveer 49 n.C. in die noorde van Galasië plaasgevind (sien ook Hand. 16:6).
- Paulus se brief aan die Galasiërs: Paulus het heel moontlik 1 Tessalonisense vanuit Korinte geskryf voordat hy aan die Galasiërs geskryf het en die datering van 1 Tessalonisense is 50 n.C. Daar word dus volgens die kronologie van Paulus se eie weergawes beweer dat die brief aan Galasiërs in 51 n.C. geskryf is.

Schreiner (2010:31) meen dat die brief heel moontlik tussen 50 en 57 n.C. geskryf is.
Dit is baie duidelik dat die brief aan die gemeentes in Galasië gerig is, aangesien Paulus dit in 1:2 noem. Galasië was een van die Romeinse provinsies. Dit is moeilik om al die kerke te identifiseer na wie Paulus verwys het, maar daar kan afgelei word dat dit ’n groot streek was en

dat die brief aan mense gerig was wat in die noordelike streek van Galasië gewoon het en deel van die etniese groep was (De Boer, 2011:3).

### 5.9.2.4. Doen woordstudie van belangrike begrippe in die kernvers

Vanuit die spesifieke kernverse het die navorser ‘n woord uit die perikoop geïdentifiseer:

> Maar toe het God besluit – Hy wat my al voor my geboorte gekies het en my deur sy genade geroep het – om sy Seun aan my bekend te maak. Dit het gebeur sodat ek Hom aan die nie-Joodse nasies kan verkondig. Ek het nie dadelik met mense gepraat nie. Ek het ook nie dadelik Jerusalem toe gegaan na hulle wat reeds voor my apostels was nie. Nee, ek het **Arabië** toe gegaan en van daar af teruggekom Damaskus toe. (Gal. 1:15-17 - Nuwe Lewende Vertaling)

5.9.2.4.1. Arabië

Arabië is ’n streek in Asië (Strong, 2004:H6152). Dit is ’n welbekende skiereiland in Asië naby Afrika en grens aan Egipte, Palestina, Sirië, Mesopotamië en Babilonië. Arabië is ’n groot woestyn in hierdie gebied (Blue Letter Bible, s.a.).

### 5.9.2.5. Bepaal die openbaringshistoriese plek en betekenis van die perikoop

| **Tema:** **God is ‘ n God van verhouding en kies om met mense in verhouding te leef, selfs nog voor hul geboorte** | **Skrifverwysing** | **Relevansie en plek in die openbaringsgeskiedenis** |
|---|---|---|
| | Jer. 1:5: “Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken; en voordat jy uit die liggaam voortgekom het, het Ek jou geheilig; Ek het jou tot ’n profeet vir die nasies gemaak.” | **Relevansie:** Beide die Skrifgedeelte en die perikoop verwys na God wat die mens selfs nog voor sy/haar geboorte uitverkies en ken. **Plek in openbaringsgeskiedenis:** Hierdie Skrifgedeelte is deel van die Ou Testament. Dieselfde waarheid van daardie tyd bly vandag steeds staan, naamlik dat God in verhouding met mense wil wees en dat Hy van die heel begin af mense |

| | | |
|---|---|---|
| | | geroep en uitverkies het, dat Hy mense ken en dat Hy naby aan hulle wil leef. Deur Jesus is hierdie verhouding moontlik gemaak. As gevolg van Jesus Christus se verlossingswerk kan die mens vandag in verhouding met God leef en kan Hy altyd gevind word. |
| | Ef. 1:4-5: "...soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees, deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil…" | **Relevansie:** Beide die Skrifgedeelte en die perikoop verwys na God wat die mens selfs nog voor sy/haar geboorte uitverkies het en dat Hy deur Jesus Christus in verhouding met die mens wil leef – tot so 'n mate dat Hy na mense as sy kinders verwys.<br><br>**Plek in openbaringsgeskiedenis:** Hierdie Skrifgedeelte is deel van die Nuwe Testament en is deur Paulus aan die gemeente in Efese geskryf. Dieselfde waarheid van daardie tyd bly vandag steeds staan, naamlik dat God in verhouding met mense wil wees en dat Hy van die heel begin af mense geroep en uitverkies het, dat Hy mense ken en dat Hy naby aan hulle wil leef. Deur Jesus is hierdie verhouding |

| | | |
|---|---|---|
| | | moontlik gemaak. As gevolg van Jesus Christus se verlossingswerk kan die mens vandag in verhouding met God leef en kan Hy altyd gevind word. |
| | 1 Kor. 1:9: "God is getrou, deur wie julle geroep is tot die gemeenskap met sy Seun Jesus Christus, onse Here." | **Relevansie:** Hierdie Skrifgedeelte en die perikoop stem ooreen in die sin dat God sy mense geroep en uitverkies het sodat ons in verhouding met Hom kan leef deur Jesus Christus.<br><br>**Plek in openbaringsgeskiedenis:** Hierdie Skrifgedeelte is deel van die Nuwe Testament en is deur Paulus aan die gemeente in Korinte geskryf. Dieselfde waarheid van daardie tyd bly vandag steeds staan, naamlik dat God in verhouding met mense wil wees en dat Hy van die heel begin af mense geroep en uitverkies het, dat Hy mense ken en dat Hy naby aan hulle wil leef. Deur Jesus is hierdie verhouding moontlik gemaak. As gevolg van Jesus Christus se verlossingswerk kan die mens vandag in verhouding |

| | | |
|---|---|---|
| | | met God leef en kan Hy altyd gevind word. |

**Gevolgtrekking:** Die bostaande Skrifgedeeltes hou elkeen verband met die perikoop, Gal. 1:11-24. Elke Skrifgedeelte hou verband met God wat die mens van die heel begin af geroep en uitverkies het. Hierdie is ’n aanduiding dat God ’n persoonlike verhouding met die mens soek, aangesien daar verwys word na God wat die mens ken en self uitverkies. Hierdie verhouding is moontlik as gevolg van die verlossingswerk van Jesus Christus aan die kruis en die oorwinning oor die dood. Alhoewel dit duisende jare gelede gebeur het, is dit vandag steeds van toepassing en ’n groot realiteit. Die openbaringshistoriese betekenis van Gal. 1:11-24 is dat God mense roep en uitverkies, en dat daar as gevolg van Jesus Christus se verlossing en die inwoning van die Heilige Gees vandag nog steeds ’n persoonlike verhouding met God kan wees.

#### 5.9.2.6. Bepaal die openbaring oor God in die perikoop

| | Vader | Seun | Heilige Gees |
|---|---|---|---|
| Eksplisiet | | | |
| Wie is Hy? | God is goed. | Nie eksplisiet nie | Nie eksplisiet nie |
| Wat doen Hy? | God kies mense selfs nog voor hulle geboorte.<br><br>Hy openbaar sy Seun aan mense. | Jesus Christus openbaar sy evangelie aan mense. | Nie eksplisiet nie |
| Wat sê Hy? | Nie eksplisiet nie | Nie eksplisiet nie | Nie eksplisiet nie |
| Implisiet | | | |
| Wie is Hy? | Nie implisiet nie | Nie implisiet nie | Nie implisiet nie |
| Wat doen Hy? | Hy roep mense om die evangelie aan die nasies te versprei. | Nie implisiet nie | Nie implisiet nie |
| Wat sê Hy? | Nie implisiet nie | Nie implisiet nie | Nie implisiet nie |

### 5.9.2.7. Bepaal die openbaringsfeite in die perikoop, asook die oproepe op grond daarvan

Verlossingsfeite: Paulus beskryf hoe hy Christene en die Kerk vervolg het en mense doodgemaak het, maar dat God hom selfs nog voor sy geboorte uit sy groot genade geroep het (1:13-15). Hier kan iets gesien word van die *missio Dei* – dat God die Een is wat na sy mense toe uitreik en hulle na Hom toe trek (Arthur, 2013). God het ’n plan en ’n roeping vir almal se lewens en Hy roep mense al voor hul geboorte (sien ook Jer. 1:5; Ps. 139:13). Die Heilige Gees openbaar die groot verlossingswerk van Jesus Christus aan mense sodat ons in verhouding met Hom kan leef en ons roeping wat Hy vir ons gegee het, kan uitleef.

Oproep: Die uitnodiging is hier om te reageer op die werk wat Jesus Christus reeds gedoen het, sodat die mens in verhouding met God kan leef en die roeping wat God op elkeen se lewe geplaas het, kan uitleef.

### 5.9.2.8. Bepaal die kommunikasiedoel van die perikoop

Die kommunikasiedoel van die perikoop is tweeledig: Eerstens is dit om inligting te verskaf aangaande Paulus se bekering, die wyse waarop hy die evangelie ontvang het en hoe hy daarop gereageer het deur dit aan mense bekend te stel met die doel om vertroue te wek vir die res van die briewe, wat van groot waarde vir gelowiges is. Tweedens word God se groot genade in hierdie perikoop gesien en gekommunikeer deurdat gelowiges kan sien hoe God selfs mense wat foute maak, roep en in Sy koninkryk gebruik. God is ’n God van verhouding; in die frases “...Jesus Christus het dit in ’n openbaring aan my gegee...” (1:12) en “Maar God het my al voor geboorte vir Hom afgesonder...” (1:15) kan daar gesien word hoe God ’n persoonlike verhouding met sy mense wil hê deurdat Hy persoonlik met hulle praat en hulle selfs voor hul geboorte vir Homself afsonder en roep – daar is ’n baie persoonlike element hieraan verbonde. Hierdie boodskap word dan aan die lesers gekommunikeer en dien as motivering om te volhard in die geloof en in ons verhouding met God.

### 5.9.2.9. Raadpleeg eksegetiese bronne

Die volgende inskrywings in verskeie kommentare staan in besonder uit en dien as waardevolle bydrae tot hierdie studie:

Die eerste opmerking is aangaande Paulus, wat noem dat hy na sy bekering nie dadelik met mense gepraat het nie. Hierdie gedeelte is ‘n letterlike vertaling van die Hebreeuse begrip *basar vedam*, wat “vlees en bloed” beteken. Dit is ‘n perifrase vir “mens”, “enige mens”, “‘n menslike wese” of “wesens van enige soort” (Clarke, 2013:234). Guzik (2011) is van mening dat Paulus dit noem omdat hy nie dadelik met ander mense of die ander apostels gepraat het om sodoende die

inhoud van die evangelie te ontdek nie – die evangelie is direk aan hom bekend gemaak. Clarke (2013:235) en Barnes (1962:826) reken dat hierdie gedeelte inhou dat Paulus tevrede en verseker was dat sy roeping van God af gekom het en dat hy nie nodig gehad het om mense te raadpleeg nie. Paulus noem duidelik dat hy na sy bekering geen mense genader het of met mense gepraat het nie, maar tog het hy soveel duidelikheid en insig oor die aard van God se roeping en die realiteit van die Evangelie gehad dat dit duidelik is dat hy daardie insig verkry het tydens sy tyd in stilte en afsondering in Arabië (Swindoll, 2009:42).

Paulus noem dat hy vir ’n tyd na sy bekering eers na Arabië toe gegaan het. In die Engelse vertalings kan daar gesien word hoe Paulus skryf dat hy “opgegaan” het na Arabië en van die oudste manuskripte meen dat dit “weggegaan het” beteken; dit kan ’n aanduiding wees van ’n tipe van afsondering (Jamieson, Fausset & Brown, 1961). Arabië was ‘n leë en onvrugbare woestyn (Swindoll, 2009:42) wat suid van Damaskus was en daar is tot die gevolgtrekking gekom dat Arabië ’n ruim deel van die groot Siriese woestyn uitgemaak het (Barnes, 1962:826). Guzik (2011) dink dat Paulus moontlik vir ’n tydperk in ’n stil woestyn net buite Damaskus gewoon het.

Die rede vir Paulus se besoek aan Arabië word nie in die Skrif gegee nie, maar hy het heel moontlik ‘n soeke na afsondering gehad omdat hy ‘n seisoen van kontemplasie, gebed en meditasie nodig gehad om hom vir die groot roeping in sy lewe voor te berei (Classics Commentary, 2017). Dit was ‘n algemene gebruik van die groot Bybelfigure voor hom: Moses het jare in die woestyn van Midian geleef waar hy voorberei is vir sy werk om God se mense te verlos; Elia het vir lank in die woestyn tyd deurgebring voordat hy sy groot werk gedoen het; Johannes die Doper was in die woestyn tot die dag dat hy sy eerste openbare verskyning gemaak het; en selfs Jesus Christus was die woestyn ingelei deur die Heilige Gees voordat Hy sy openbare bediening begin het (Classics Commentary, 2017). Die Cambridge Bible for Schools and Colleges (2017) is ook van opinie dat Paulus heel moontlik na Arabië toe gegaan het vir ‘n tyd van stilte en afsondering – dit is ook nie toevallig dat dit presies dieselfde plek is waar God aan Moses die wet gegee het nie. Daarin kan gesien word dat Paulus tyd saam met God deurgebring het, net soos Moses, en hier is hy geleer dat Christus die prys kom betaal het, dat die mens uit genade gered word en dat Jesus self ’n verhouding met God gebou het (Barnes, 1962:826; Jamieson, Fausset & Brown, 1961). Paulus het n hierdie tyd van stilte en afsondering in die woestyn in Arabië sy teologie ontwikkel en dit is hier waar hy God ontmoet het en ’n diep en intieme verhouding met Hom aangeknoop het (Swindoll, 2009:43).

#### 5.9.2.10. Begryp die konteks van die hoorder

Die konteks van die hoorder in hierdie studie is reeds in die beskrywend-empiriese taak bespreek (2.7.2). Die fokus is egter op die Millenniale Generasie en die waarde wat die gebruik van die

geloofsdissiplines van stilte en afsondering vir hulle kan inhou. Die volgende is van waarde om in ag te neem:

- Die deelnemers het genoem dat dit vir hulle moeilik is om in ‘n verhouding met God te bly weens skuldgevoelens en die weifeling tussen geloof en twyfel met betrekking tot hul verhouding met God.
- 100% van die deelnemers het genoem dat hulle ‘n persoonlike, intieme verhouding met God wil hê.
- Die deelnemers het genoem dat hulle sekere gewoontes in hul verhouding met God toepas om tot Hom te nader.

Daar kan dus afgelei word dat die konteks van die hoorder uit Millenniale bestaan wat op soek is na ‘n egte en outentieke verhouding met God en dat hulle sekere gewoontes in hul verhouding met God toepas om tot Hom te nader. In hierdie groot soeke is daar die uitdaging om in ‘n nabye verhouding met God te bly weens die uitdaging om aan te hou glo te midde van twyfel en skuldgevoelens van sonde in hul lewens.

### 5.9.3. Beoefening van stilte en afsondering in die lewe van Jesus Christus

Wanneer ons na Jesus se lewe op aarde kyk, is daar gereelde tye waartydens Jesus Homself van die groepe mense onttrek en in stilte en afsondering verkeer het (sien bv. Luk. 5:16; 6:12; Markus 1:35; 6:31; Matt. 4:1-4; 14:13,23; 17:1-9; 26:36-40). Waller (2016) sê dat Jesus om verskeie redes na tye van afsondering en stilte onttrek het, waaronder die volgende:

- Hy wou tyd met die Vader spandeer (Luk. 5:16).
- Hy wou die stem van God hoor; ‘n mens sien dit duidelik op die berg van verheerliking (Matt. 17:5).
- Jesus se innerlike krag en afhanklikheid van en vertroue in God word gedemonstreer in tye van afsondering – dit word gesien in die tuin van Getsemane gedurende sy lyding (Matt. 26:36-46).

Daar is verskeie tye in Jesus se lewe waartydens Hy onttrek het en tye van stilte en afsondering gehad het. In Mattheus 4:1-11 lees ons dat Jesus deur die Heilige Gees die woestyn ingelei is. Jesus was alleen daar vir 40 dae en 40 nagte, bo en behalwe die tyd toe die duiwel Hom probeer versoek het. Nadat Jesus uit afsondering en stilte uitgekom het, het Hy met sy openbare bediening begin (Matt. 4:12-17). Hierdie is ’n bekende periode van afsondering in die Bybel, net soos met Noag en gedurende Israel se tyd in die woestyn (Guzik, 2011). Die tyd in die woestyn het as voorbereiding gedien vir Jesus se groot taak waarvoor Hy geroep is (St. John, 2013:62). Dit was ’n tydperk van totale afhanklikheid van God die Vader (Guzik, 2011). Belisle (2003:39)

meen dat Jesus eers sy unieke roeping verstaan het, sowel as sy verhouding met God, na tye in stilte en afsondering waartydens hy gefokus was op die Vader en om tyd met Hom deur te bring.

In Matteus 14:17-23 lees ons van die wonderwerk waar Jesus Christus die brood en vis vermeerder het. Genoemde wonderwerk wys Jesus se totale outoriteit oor die skepping – Hy kon die wonderwerk self doen, maar dit is opvallend hoe hy verkies het om dit deur die dissipels te doen (Guzik, 2011). Guzik meld dat hierdie storie in die evangelie daarop wys dat Jesus die mense van God kan versorg en voed, net soos in die geval van die Israeliete in die woestyn. In Matteus 14:23, nadat Jesus die wonderwerk gedoen het om die vis en brood te vermeerder, het hy weer in stilte en afsondering gegaan: “Nadat Hy die mense weggestuur het, het Hy alleen na die berg toe gegaan om te bid. Toe dit aand word, was Hy daar alleen.” Epperly (2001:137) meen dat Jesus tyd in afsondering en stilte nodig gehad het sodat Hy sy gees kon verfris en Homself in ooreenstemming kon bring met God se roeping vir sy lewe. Guzik is van mening dat Jesus die tyd alleen saam met sy Vader hoog op prys gestel het – selfs te midde van sy belangrike bediening aan ander het Hy (en sou Hy) nooit sy gebedstyd afskeep nie.

Jesus het ’daagliks in afsondering en stilte eenkant toe gegaan om tyd saam met God, sy Vader, deur te bring. In die Skrif word talle voorbeelde hiervan gevind, waaronder die volgende: Markus 1:35: “Die môre vroeg, toe dit nog nag was, het Hy ... na ‘n eensame plek (gegaan) en daar gebid.” In Lukas 4:42 word daar ook geskryf dat Jesus vroegoggend na ‘n eensame plek toe gegaan het om te bid. Verdere voorbeelde van Jesus wat tye van stilte en afsondering in sy lewe gehad het, kan gelees word in Lukas 5:15-16; Lukas 6:12; Markus 1:35; Markus 6:31; Matteus 4:1-4; Matteus 14:13; en Matteus 26:36-40.

Belisle (2003:39) skryf dat Jesus die voorbeeld gestel het van afsondering – wanneer die mens tot God wil nader met ‘n rein hart, is dit noodsaaklik om van die geraas, verwarring en onstuimigheid van groepe mense te onttrek. Ons sien ook dat Jesus elke keer met groot krag opgetree het nadat Hy tye van stilte alleen met sy Vader deurgebring het: Jesus het voordat Hy sy twaalf dissipels gekies het, die hele aand alleen tyd saam met die Vader spandeer (Luk. 6:12-15); Hy was vir 40 dae en 40 nagte alleen in die woestyn na sy doop en voordat sy openbare bediening begin het (Matt. 4:1-11); en Jesus het tyd alleen saam met sy Vader deurgebring voordat Hy op die water geloop het (Matt. 14:22-33). Dit was algemeen dat Jesus aan die einde van 'n dag of voordat die dag begin, alleen by God was (Jones, 2005:40; sien ook Joh. 8:1; Luk. 4:42; Luk. 5:16; Luk. 6:12). Foster *et al.* (2005:97) het die volgende geskryf: “The seeking out of solitary places was a regular practice for Jesus.” Hierdie beginsel word dikwels in die Nuwe Testament beskryf. In Matteus 4:1-11 staan daar geskryf dat Jesus vir 40 dae en 40 nagte in die woestyn gevas het toe die duiwel Hom versoek het. Daar was Jesus alleen, afgesonder van mense en in stilte saam met sy Vader. Matteus 14:13 sê: "Toe Jesus dit hoor, het Hy in 'n skuit daarvandaan weggegaan na 'n afgeleë plek om alleen te wees..." Na Johannes die Doper se

dood was Jesus baie hartseer en het Hy na 'n plek toe gegaan waar Hy alleen kon wees en moontlik met sy Vader kon praat en net by Hom wees in hierdie moeilike tyd. Hierdie navolgenswaardige voorbeeld van Jesus Christus behoort 'n belangrike dissipline in elke Christen se lewe te wees.

Jesus nooi keer op keer sy dissipels uit om ook stil te word en tye in afsondering met God deur te bring en te leer dat hulle tye van afsondering en stilte in hul lewens moet inkorporeer (sien Mark. 14:32-41). Ons lees in Matteus 6:6 dat Jesus sê wanneer mens bid, moet jy in jou kamer ingaan en die deur toemaak. Die Griekse woord vir "kamer" wat in hierdie Skrif gebruik word is *tameion* en beteken "geheime plek", "kas" en "stoorkamer" (Strong, 2004:G5009). Die antieke Griekse woord vir "kamer" het die gedagte ingehou van 'n "stoorkamer" waarin skatte gestoor was – dit herinner ons dat daar groot skatte en waarde opgesluit is in ons tye alleen saam met God (Guzik, 2011).

Jamieson, Fausset en Brown (1961) meen dat "kamer" na die idee van afsondering verwys. Jesus het dit gesê omdat baie van die Jode soms skynheilig was in die sin dat hulle in die publiek gebid het om aandag op hulself te vestig. Guzik (2011) meen dat daar hoofsaaklik twee plekke was waar die Jode op 'n skynheilige manier in Jesus se tyd gebid het – by die sinagoge tydens die tyd vir openbare gebed of op die straathoeke tydens die vasgestelde tye van gebed, naamlik 09:00, 12:00 en 15:00. France reken dat gebed nie normaalweg op straathoeke plaasgevind het nie, maar dat sommige mense hierdie tye gebruik het om aandag op hulself te vestig (Blue Letter Bible, s.a.). Om hierdie rede nooi Jesus mense uit om wanneer hulle bid, God in hul kamer te ontmoet – dit is 'n private plek waar 'n mens nie die behoefte kan hê om ander te beïndruk nie (Guzik, 2011); dit spreek ook van alleen wees met God, afgesluit van ander mense en die wêreld daar buite.

Jesus en sy dissipels het ook lang tye van stilte en afsondering deurgebring. Volgens Markus 6:31 het Jesus sy dissipels genooi om saam met Hom na 'n stil plek toe te gaan: "Kom julle nou self eenkant toe na 'n stil plek en skep 'n bietjie asem." Hierdie vers hou die betekenis in dat Jesus Christus self ook tye van stilte in sy lewe nodig gehad het (St. John, 2013:62). Die Griekse woord vir "eenkant" (soos gebruik in hierdie Skrifgedeelte) is *érēmos* en beteken "woestyn", "verlate" of "afsondering" (Strong, 2004:G5561). Dit hou dus die betekenis in dat 'n mens eenkant kom, afgesonder van ander mense en gestroop van enige beskerming van ander mense (Thayer, 1981:525).

Belisle (2003:38) meen dat Jesus stilte en afsondering beoefen het om tot God te bid, tyd saam met Hom te spandeer en God se wil te probeer verstaan. Gaultiere (2013) noem dat Jesus se tye in stilte en afsondering die wyse was waarop Hy dieper in sy liefdesverhouding met God die Vader gegroei het; dit is 'n diep en egte verhouding – net soos die een waarna die Millenniale Generasie

smag. St John (2013:62) glo dat Christus tye van stilte en afsondering gebruik het om alleen te wees saam met die res van die Drie-eenheid. Halstead (2014:48) meen dat wanneer ‘n mens in afsondering eenkant gaan, soos Jesus gedoen het, jy God en sy oorweldigende liefde vir die mens waarlik kan leer ken. Daarom is stilte en afsondering ‘n manier waarop Christene op ‘n outentieke manier teenwoordig by God kan wees en so ‘n diep, egte en intieme verhouding kan bou.

## 5.10. Beoefening van stilte en afsondering in die lewens van ander gelowiges in die kerkgeskiedenis

Stilte en afsondering is dissiplines wat duidelik in die lewens van talle mense in die Bybel beoefen is. Daar is ook verskeie voorbeelde van mense uit die Christelike kerkgeskiedenis wat hierdie dissiplines deel van hul leefwyse gemaak het.

### 5.10.1. Teresa van Avila

Teresa van Avila het in 1535 by die “Monastery of the Incarnation” aangesluit (Peterson, 2011:46). Met groot dryfkrag en ywer, asook ‘n sin vir humor, het sy ‘n lewe van innerlike afsondering gehandhaaf, ongeag haar besige reisskedule en die kommunikasie wat deur haar gelei is om godsdienstige gemeenskappe te reformeer en godsdienstige instellings tot stand te bring (Peterson, 2011:46). Kavanaugh en Rodriguez (1980:2) het oor Teresa se werke geskryf; hulle reken dat sy geglo het in ‘n onbegryplike diepte van die mens se siel en dat sy van mening was dat kontemplatiewe stilte as ‘n dissipline die mens se hart verruim en tot ‘n intiemer en dieper eenheid met God lei.

Teresa het die welbekende boek *The Interior Castle* geskryf waarin sy beskryf hoe die beoefening van kontemplatiewe stilte deur sewe vlakke beweeg – in hierdie boek neem sy die leser op ‘n reis na wat sy die kern van die siel noem waar die Goddelike (Heilige Gees) leef; sy beskryf ook hoe dit lyk om God lief te hê (Peterson, 2011:47). Teresa gebruik die metafoor van ‘n kasteel wanneer sy na die mens se innerlike wêreld verwys en sy beskryf dit as “made entirely out of a diamond or of very clear crystal, in which there are many rooms” (Kavanaugh & Rodriguez, 1980:3). Sy beskryf hierdie sewe leefruimtes of -kamers in die kasteel van die “siel” op ‘n manier wat die waarde van stilte en afsondering beklemtoon. Die eerste drie kamers het met meditasie te doen; in die vierde kamer is daar ‘n oorgang na kontemplasie, waar sy onderskeid tref tussen geestelike troos (wat begin by die mens en eindig in die goddelike) en geestelike genot (wat begin by die goddelike en vrylik gegee word aan elke mens wat deelneem) (Kavanaugh & Rodriguez, 1980:5). Die vyfde, sesde en sewende kamers word deur Teresa beskryf deur gebruik te maak van die metafoor van ‘n liefdesverhouding tussen twee mense, wat dan tot ‘n huwelik lei. Teresa is van oortuiging dat die laaste drie kamers ‘n progressiewe reis na ‘n dieper liefde vir God is, gevolg deur ‘n geestelike “verlowing”, wat dan weer gevolg word deur ‘n transformerende

eenheid/geestelike huwelik waarin die mens en God in ’n dieper en intiemer verhouding leef (Peterson, 2011:47).

Hierdie reis van die innerlike mens is uiteindelik die verduideliking van hoe die mens geestelik kan groei en die verhouding met God kan ontwikkel. Teresa is egter van mening dat dit tye van stilte en afsondering is wat dit vir ‘n mens moontlik maak om waarlik na binne te kyk en toe te laat dat jou innerlike wêreld oop is voor God; dit is ook in hierdie tye van stilte en afsondering dat daar ‘n konstante bewustheid van God is wat na ‘n diep, egte en intieme verhouding met God lei. In die transformerende liefde van die sewende kamer beleef die mens ‘n voortdurende bewustheid van die teenwoordigheid van God (Peterson, 2011:48).

### 5.10.2. St. Ignatius van Loyola

Ignatius van Loyola is aan die einde van die 15de eeu in Loyola, Spanje, gebore (Dulles, 1991:524). Hy het in 1521 tydens ‘n geveg in Pamplona ‘n besering opgedoen. Terwyl hy baie stadig en pynlik herstel het, het hy oor die lewens van die heiliges, sowel as die lewe van Christus, begin lees (Worcester, 2008:3). Hierdie hersteltydperk het ‘n massiewe impak op Ignatius se lewe gehad. Hy het op ‘n pelgrimstog na Jerusalem gegaan terwyl hy vir leiding gebid het in sy soeke om Jesus Christus na te volg. Worcester meld dat hy in Manresa vir maande tyd in gebed deurgebring het.

Ignatius was die stigter van die Jesuïete en het sy welbekende begeleidingshandboek *Spiritual excercises* in 1548 gepubliseer. Die oefeninge in hierdie boek behels dat ‘n mens vir lang periodes (ongeveer 30 dae) in stilte en afsondering moet deurbring (Amazing Discoveries, 2014). Die oefeninge word in die hedendaagse kultuur gebruik as afsondering in die daaglikse lewe. Volgens Amazing Discoveries sluit dit ook ‘n maandlange program in wat die volgende behels: daaglikse tye van gebed en afsondering; ontmoetings met ‘n geestelike begeleier; en gebede, meditasies en kontemplatiewe oefeninge wat die mens se verhouding met God help verdiep. Hanson (2006) meen egter dat die afsondering in die daaglikse lewe vir mense bedoel is wat nie vir ‘n volle maand kan afneem om in stilte en afsondering te verkeer en die oefeninge te doen nie.

Die sentrale aktiwiteit van die oefeninge bestaan uit die lees van Skrifgedeeltes vanuit die evangelies met die fokus op die menswees, bediening, leiding en opstanding van Jesus Christus (Gardner, 2015:91). Gardner is van opinie dat die uitnodiging van die oefeninge van jou verwag om met die evangelies om te gaan deur middel van visualisering en sluit die gereelde ondersoek van jou hart in, asook die identifisering en belydenis van sonde. Die verskeie oefeninge wat gewoonlik oor 30 dae gedoen sou word, word dan oor ‘n tydperk van 30 weke gedoen. Die oefeninge word in vier weke verdeel en hierdie weke bestaan uit die volgende (Hanson, 2006):

- **Week een**: In hierdie week word daar van ‘n mens verwag om stil te word en na jou eie lewensgeskiedenis te kyk om God se lojale en liefdevolle teenwoordigheid daarin raak te sien, maar ook om persoonlike sonde, verslawings en terughoudendheid te erken. Hierdie week eindig met Christus se roeping vir die mens om Hom te volg.
- **Week twee**: In hierdie week leer ‘n mens hoe om Jesus intiemer te volg deur jou as ‘n dissipel van Jesus te vestig – daar’ word groot fokus geplaas op Jesus se aardse lewe, van sy geboorte en doop tot sy openbare bediening. ‘n Mens word uitgenooi om ‘n keuse te maak as gevolg van die liefde van God en ons vriendskap met Jesus – ‘n keuse vir ‘n wyse van leef wat elke deel van die lewe beïnvloed, maar as hulp dien om ‘n nader en dieper verhouding met God te kan hê. Die doel van hierdie week is om intimiteit tussen ‘n mens en Jesus Christus te vestig.
- **Week drie**: In hierdie week gaan ‘n mens saam met Jesus op reis na die laaste ete saam met sy dissipels, die tuin van Getsemane waar Jesus swaarkry oor die vooruitsig van sy kruisiging, sy arrestasie en beproewing, asook sy lyding en dood.
- **Week vier**: Die vierde week is toegewy aan Jesus se opstanding, die verskeie maniere waarop Hy aan sy dissipels verskyn het en hul reaksie daarop.

Volgens Worcester (2008:3) het Ignatius geglo dat hy geroepe was om mense te help om egte en meer outentieke Christelike lewens te lei. Hy het dit op verskillende maniere gedoen, maar die oefeninge  was een van die spesifieke dinge wat hy gedoen het om hierdie roeping uit te leef. Die oefeninge begelei mense om stilte en afsondering in hul lewens te inkorporeer en help hulle ook om hulself en God beter te leer ken, Hom dieper lief te hê en om Hom intiemer te volg. Die gevoel van liefde vir God, om aan God te behoort en om in oorgawe aan God te leef word in tye van stilte en afsondering ervaar wanneer ‘n mens kontempleer (Hide, 2004:2). Hide voeg by dat dit ‘n beweging na ‘n dieper verhouding met God is en dat dit die kern  van die oefeninge van Ignatius van Loyola is en wat hy daarmee wou bereik. Die doel van die oefeninge is nie om meer van Jesus te leer nie, maar eerder om persoonlik saam met Hom te stap, om Hom te ontmoet en om interaksie met Hom te hê (Warner, 2010:15). Garner (2015:91) meen dat die doel van die oefeninge is om die struikelblokke tot intimiteit met God te identifiseer. Die beoefening daarvan is dus ‘n wonderlike manier om die mens in stilte en afsondering te begelei om sodoende ‘n dieper, egte en intiemer verhouding met God te kweek.

### 5.10.3. Die *Taize*-gemeenskap

Die *Taize*-gemeenskap het begin met ses broers, insluitend Broer Roger, wat in 1949 ‘n gelofte in Taize, ‘n dorpie in die suide van Frankryk, afgelê het om hul lewens aan Christus toe te wy deur in selibaatskap te lewe en al hul geestelike en materiële hulpbronne met die gemeenskap te deel (May, 1999:121). May vertel dat die hart van die *Taize*-gemeenskap gebed is; hulle kom drie keer per dag bymekaar om te bid en hierdie gebedstye bestaan uit die sing van heilige liedere,

Skriflesing, stilte en voorbidding. Stilte is nie net deel van die broers van *Taize* se daaglikse roetine nie; dit is die kernbeginsel van die monastiese gemeenskap se uitdrukking van hul geloof (Kirby, 2017:39).

Bonhoeffer het in 1933 aan sy studente tydens ‘n klas oor Christologie gesê dat stilte ‘n belangrike rol in die ervaring van geloof speel. Hy het gesê: “Teaching about Christ begins in silence...” (cf. Hayes, 2013). In die gemeenskapslewe wat Bonhoeffer in Finkelwalde geskep het, is die studente uitgedaag om gedeeltes van hul dag in stilte deur te bring deur na God te luister. Hy het geglo dat stilte ‘n integrale deel van ‘n gebalanseerde Christelike lewe is en dat die res van die mens se lewe betekenis vind indien dit in hierdie dissipline gefundeer is (Rokoczy, 2007:49). Kirby (2017:40) meen dat die mens nooit ten volle die uniekheid en grootheid van die Goddelike kan sien of hoor wanneer daar nie ‘n sin vir die mistiese ontwikkel is nie – die mistiese/kontemplatiewe sin kom tot stand deur die ontwikkeling van geloofsdissiplines op ‘n intieme, deelnemende manier wat by die sintuie van gehoor en sig verby gaan, maar tot die siel van die gelowige spreek om gereed te wees om die uniekheid van God te kan sien en hoor. *Taize* is ‘n plek waar die krag van gebed op ‘n unieke en eenvoudige manier ervaar en uitgeleef word (Kirby, 2017:43); dit is duidelik in die gemeenskap van Taize, waar jongmense graag bymekaar kom om te bid deur stilte te beoefen. Die gemeenskap van *Taize* stel die belangrikheid van stilte en afsondering hoog op prys en die duisende Millenniale wat weekliks daarheen stroom, bewys dat hulle ook die waarde daarvan insien en dat dit hulle help om ‘n egte, diep, outentieke en intieme verhouding met God te hê.

### 5.11. Praktiese beoefening van stilte en afsondering

Daar is verskeie maniere waarop die geloofsdissiplines van stilte en afsondering prakties beoefen kan word:

- Ondersoek (wat ook oorweging of eksaminering beteken) is ‘n sagte en ongedwonge bewuswording, ‘n geleentheid om terug te dink aan die dag of week wat verby is met die doel om te onderskei waar God teenwoordig was (Baab, 2012:72).
- Sentreringsgebed help die individue om die eksterne stimuli, soos dwalende gedagtes, stil te maak om sodoende hul gedagtes op God te rig (of na Hom toe te draai). Die individue sit op hul gekose plek en rig hul gedagtes op God. Dit kan baie moeilik raak, omdat mense se gedagtes te kompleks en besig is (Bourgeault, 2004:6). Die volgende riglyne kan in stilte en afsondering gebruik word om sentreringsgebed te beoefen as hulpmiddel om ons gedagtes op God te rig: Daar kan begin word met gebed deur vir God vir ‘n heilige woord te vra wat kan help om die persone tydens stilte en afsondering te sentreer (hul aandag na God toe te draai). Hierdie woord kan ‘n naam vir God wees, byvoorbeeld “Abba”, “Jesus”, “Vader” of ‘n woord van die gawes wat God aan ons gee,

byvoorbeeld “vrede”, “genade” of “liefde” (Baab, 2012:78; Bourgeault, 2004:6). Daar kan ook ‘n Skrifgedeelte gelees word en ‘n gedeelte wat vir die persone uitstaan, kan gebruik word om aan te dink om sodoende die gedagtes terug te draai na God toe wanneer hul aandag afgelei word (Baab, 2012:78). Die Millenniale verkeer dan vir 20 minute (of die gekose tyd) gemaklik in hulle gebedspasie met hul oë gesluit; hierdie woord word dan elke keer gesê wanneer ’n mens se aandag en fokus na iets anders as God toe afdwaal.

- Die asemhalingsgebed kan gebruik word om persone te help om op God gefokus te bly in tye van stilte en afsondering. Die gebruik van die asemhalingsgebed help mense om rustig te word deurdat hul asemhaling stadiger word en hulle op hierdie wyse vrede kan ervaar deur die Een wat vir ons asem (lewe) gee; asemhalingsgebed is ook van hulp om bewus te word van die Heilige Gees wat die Asem van God in ons lewens is (Baab, 2012:69).
- ‘n Stilte-afsondering (*retreat*) is die tydelike onttrekking van ‘n stel roetines of strukture met die doel om in ‘n nuwe oriëntasie tot die bestaande struktuur terug te keer (Smelser, 2009:209).

## 5.12. Waarde van stilte en afsondering vir die Millenniale Generasie

Die huidige kultuur en leefstylvoorkeure van die Millenniale beklemtoon gemeenskap en vermaaklikheid, wat gewoonlik deur ander mense buite hierdie demografiese groep as geraas geklassifiseer word (St. John, 2013:61). Tog is hierdie Millenniale se grootste soeke in die lewe die soeke na outensiteit, betekenis en intimiteit met God (2.8.1 & 2.8.3). Brother John (2015:82) is van mening dat die tyd van stilte en afsondering wat gedurende gebed deur jongmense beleef word, aan hulle ‘n sin van innerlike vryheid bied – hulle hoef nie enige eksterne aanwysings te volg nie en is dus vry om nuwe idees en onverwagse begeertes na vore te laat kom. Jongmense (Millenniale) noem dat tye van innerlike stilte hulle help om te fokus op dinge wat waarlik belangrik is (Kirby, 2017:52). Hulle is op soek na outensiteit – Brother John (2015:83) glo dat jongmense al hoe meer in tye van stilte agterkom dat hulle net hulself kan wees, sonder om voor te gee. Kirby meld dat dit die Millenniale toelaat om met hul geestelike reis te begin deur te besef dat “being precedes doing”, wat beteken dat die ware kwaliteit van menslike aktiwiteit gegrond is op ‘n innerlike lewe, wat weer gebaseer is op wie die mens waarlik voor God is. Wanneer die siel leer om God te hoor in die intensionele stilte en afsondering wat beoefen word, word ’n mens deur die stilte getransformeer – hierdie transformasie laat jou toe om ‘n dieper verbintenis wat by woorde verbygaan, met God te hê (Kirby, 2017:44). Clemons (2000:25) skryf dat die gejaagdheid van die lewe die mens daarvan weerhou om God se stem te hoor, maar dat die dissiplines van stilte en afsondering die mens in ’n dieper intimiteit met God lei. Tye wat opsy gesit word om met God deur te bring skep vrede, wat ’n dieper bewustheid van God, ander mense en die self bewerkstellig (Clemons, 2000:26).

### 5.13. Samevatting

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die Skrif baie duidelik aantoon dat dit van groot waarde vir gelowiges kan wees om op gereelde tye hulle van die samelewing af te sonder om tyd saam met God deur te bring, asook om stilte op te soek sodat God se stem duideliker gehoor kan word, groei in 'n verhouding met Hom kan plaasvind en 'n egte en outentieke geloof gekweek kan word. Daar kan in die Skrif en die Christelike tradisie, asook in die kerkgeskiedenis, gesien word dat die geloofsdissiplines van stilte en afsondering van groot waarde was vir talle gelowiges se lewens en verhouding met God. Dit spreek van 'n dissipline wat mense help om nader aan God te leef, sy stem duideliker te hoor, te rus, en tussen die wêreld daarbuite en hul eie innerlike gemoedstoestand te onderskei. Stilte en afsondering is dus duidelik transformerend van aard en nie bloot net 'n oppervlakkige manier waarop godsdiens uitgeleef word nie.

Met betrekking tot die fokus van die studie is daar vanuit die Skrif, asook uit die kerkgeskiedenis, in hierdie hoofstuk aangedui dat die geloofsdissiplines van stilte en afsondering van groot waarde was en steeds behoort te wees vir huidige gelowiges. Die beoefening van stilte en afsondering kan derhalwe van groot waarde wees vir die Millenniale Generasie wat op soek is na 'n egte en outentieke geloof. Stilte en afsondering het 'n massiewe impak op mense se lewens en hul geestelike reis, soos daar in hierdie hoofstuk vermeld is.

# Hoofstuk 6

# PRAGMATIESE TAAK MET BETREKKING TOT DIE GEBRUIK VAN DIE GELOOFSDISSIPLINES VAN STILTE EN AFSONDERING VIR DIE MILLENNIALE GENERASIE

## 6.1. Inleiding

In die vorige hoofstukke is die beskrywend-empiriese taak (Hoofstuk 2), die interpreterende taak (Hoofstukke 3 en 4) en die normatiewe taak (Hoofstuk 5) bespreek. In hierdie hoofstuk sal die pragmatiese taak van Osmer (2008:176) bespreek word. Osmer is van mening dat die pragmatiese taak verskeie karaktereienskappe van diensbare leierskap het, omdat hierdie taak se doel is om verandering in ‘n gemeentelike omgewing in te lei. Die drie aspekte waarna hy verwys, is die volgende (Osmer, 2008:178):

- Transaksionele leierskap: Hierdie leierskap gaan oor die beïnvloeding van mense deur ‘n proses van wisselwerking in verandering.
- Transformerende leierskap: Hierdie leierskap gaan oor leiding in ‘n organisasie om verandering te weeg te bring in sy identiteit, missie, operasionele prosedures en kultuur.
- Taakbevoegdheid: Hierdie leierskap gaan oor die voldoende uitvoering van die leierskapstake in ‘n organisasie.

Die aspek van transformerende leierskap word in hierdie hoofstuk gebruik met die doel om aan te toon hoe verandering in die beradenes se lewens teweeg gebring kan word om hulle sodoende in ‘n diep, egte en intieme verhouding met God te lei deur die gebruik van die geloofsdissiplines van stilte en afsondering. In die hoofstuk sal geestelike begeleiding as die gekose begeleidingsmodel verduidelik word. Laastens is daar dan ‘n praktiese aksieplan wat uit voorgestelde strategieë bestaan; dit kan as ‘n kursus of seminaar aan geestelike begeleiers, beraders en individue van die Millenniale Generasie aangebied word. Hierdie model kan aan die beradene voorgestel word ten einde aan te toon hoe die beradene tot transformasie en ‘n intieme verhouding met God gelei kan word. Die aksieplan bestaan uit praktiese riglyne wat geïmplementeer kan word in die begeleiding van individue wat as deel van die Millenniale Generasie gebore is. In hierdie taak word die volgende vraag, volgens Osmer (2008), gevra: Hoe moet ons reageer?




**Figuur 6-3: Die vier take van Osmer se prakties-teologiese model (Osmer, 2008:11)**

## 6.2. Doelstelling

Die doel van hierdie hoofstuk is om die vorige hoofstukke te integreer, persoonlike kennis en ervaring te gebruik en afleidings wat uit navorsing gemaak is te gebruik om ‘n begeleidingsmodel te vorm. Praktyk-teoretiese riglyne kan sodoende daargestel word om Millenniale pastoraal te begelei om die geloofsdissiplines van stilte en afsondering in hul lewe te inkorporeer en sodoende ‘n dieper, egte en intieme verhouding met God te hê.

## 6.3. Pastorale benadering

### 6.3.1. Pastoraat

Die kern van alle pastoraat is die versorging van mense in die naam van Christus – dit is waar mense in die lig van die Evangelie ontmoet en in verhouding met mekaar verkeer om saam die weg in geloofs- en lewensvrae te soek (Protestantse kerk, 2017). Louw (1999:1) is van mening dat die pastoraat handel oor mense se verhouding met God en dat die doel daarvan is om ‘n ontmoeting met God in die mense se lewens te bewerkstellig. In die pastoraat word gelowiges bewus gemaak van die besondere werksaamheid van die Heilige Gees wat hulle lei tot ‘n intieme en unieke verhouding met God en ander mense (Lotter, 2005:501).

### 6.3.2. Pastorale berading

Pastorale berading verwys na ‘n proses waarin geestelike groei en innerlike verandering aangemoedig word (Campbell-Lane & Lotter, 2005:102). Die kern van die pastorale ontmoeting en gesprekke is tweeledig: Dit bestaan eerstens uit die kommunikasie van die Woord van God

en tweedens deur die begeleiding van die beradene tot die vorming van ‘n verhouding met God (Coetzer & Snell, 2013:1). Die sentrale vertrekpunt in die Praktiese Teologie en in pastorale berading is waar die Drie-enige God sentraal staan (Coetzer & Snell, 2013:2; Jonker, 1989:41; Van der Walt, 2007:23). Die Heilige Gees speel ‘n kardinale rol in pastorale berading. Louw (1999:215) meen dat die Heilige Gees die heilswerk van Jesus bemiddel en dit bewerk onherroeplike geloofsgroei op die pad na geloofsvolwassenheid.

Die Skrif het ook ‘n sentrale posisie in die pastoraat weens die goddelike inspirasie en gesag van die Bybel wat die beradene in die waarheid wil onderrig, dwalinge bestry, verkeerdhede regstel en die regte lewenswyse kweek (Coetzer & Snell, 2013:2; 2 Tim 3:16). Smith (2015:180) is van opinie dat die pastorale berader of begeleier as gelowige onder die leiding van die Heilige Gees werk en glo dat die Heilige Gees in die beradingsgesprek teenwoordig is.

In hierdie hoofstuk is die navorser van mening dat geestelike begeleiding van waarde kan wees om die Millenniale Generasie te begelei in die beoefening van stilte en afsondering. Daar is wel tot ‘n mate ‘n verskil tussen pastorale berading en geestelike begeleiding, alhoewel beide die doel het om mense te help om sekere areas van hul lewe beter te verstaan (Tenglin, 2012:94). In pastorale berading is die fokus op iets wat dadelike aandag nodig het sodat die beradene sekere persepsies, houdings en gedragspatrone wat genotvolle deelname aan die daaglikse lewe verhinder, kan verander. Die volgende vraag word gewoonlik gevra: Hoe gaan ek hierdeur kom? (Bakke, 2000:30). Tenglin (2012:94) meen dat daar tydens pastorale berading sekere leidende vrae gevra moet word om agter te kom wat die groot probleem is en om die situasie beter te verstaan. Die berader kan dan deur hierdie inligting wat verkry word, voorstelle maak oor wat gedoen behoort te word om verandering mee te bring en situasies te help regstel.

### 6.3.3. Geestelike begeleiding

In Hoofstuk 2 is daar bevind dat Millenniale smag na ‘n diep, intiemer en outentieke verhouding met God en dat die gejaag van die lewe ‘n groot impak op hul geestelike lewe het in hul poging om vol te hou met hul persoonlike samesyn met God, ‘n tyd wat hulle help om geestelik te verdiep. In Hoofstuk 4 is daar bevind dat die besige pas van die lewe, die geraas van die hedendaagse lewe en die bevordering van tegnologie ‘n massiewe impak op Millenniale se lewens het (Becker, 2017). Die navorser is van mening dat die beoefening van die geloofsdissiplines van stilte en afsondering van groot waarde kan wees vir die Millenniale Generasie. Geloofsdissiplines is daarop gemik om mense te laat wegbeweeg van oppervlakkige leefstyle na ‘n dieper, egte manier van leef (Foster, 1999:1). Die begeleidingsmetode wat in hierdie studie geïdentifiseer word, is geestelike begeleidingsgesprekke. Geestelike begeleiding is die intensionele een-tot-een-gesprek tussen twee persone (die begeleier en die begeleide) oor ‘n sekere tydperk. Deur versigtige en biddende luistervermoë word die begeleide gehelp om aandag te skenk en die werk van die Heilige Gees in sy/haar verhouding met God te onderskei sodat die begeleide kan groei

in sy/haar verhouding met God en daar ‘n dieper en intiemer verhouding met God kan ontstaan (Barette, 2002:290; Barry & Connolly, 2009:8).

Lotter (2005:501) meen dat die Heilige Gees gelowiges help om gemeenskap met God te ervaar. Tydens geestelike begeleiding help die begeleier om die Millenniaal bewus te maak van hierdie werking van die Gees. Geestelike begeleiding is die kuns of dissipline om na die storie van iemand se lewe en sy/haar verhouding met God te luister met die doel om daardie persoon te help om meer bewus te raak van God se teenwoordigheid en aktiwiteit in sy/haar daaglikse lewe (Tenglin, 2012:93). In geestelike begeleiding word daar erken dat die Heilige Gees die ware Begeleier is; daarom sal daar in die ruimtes waar geestelike begeleiding plaasvind, gewoonlik ‘n kers aangesteek word as ‘n tasbare simbool dat daar drie persone teenwoordig is (Kogstad-Thompson *et al.*, 2012:47). Die geestelike begeleier is bevoorreg om ‘n getuie te wees van die voortgaande werk van God in die lewe van die individu (Kogstad-Thompson *et al.*, 2012:48). Geestelike begeleiding is ‘n belangrike deel van die Praktiese Teologie; dit vorm deel van die pastorale veld en word in hierdie studie voorgestel vir die begeleiding van die Millenniale Generasie in die gebruik van die geloofsdissiplines van stilte en afsondering.

Die sleutelvraag in geestelike begeleiding is: Waar is God in al hierdie dinge? Geestelike begeleiers luister na sekere woorde en reflekteer dan terug op die woorde wat belangrik is om dieper analise aan te moedig; hulle luister ook na verandering in gemoed en stemtoon; hulle let op en gee aandag aan liggaamstaal, oogkontak en verandering in posisie – dit is alles dinge wat aanduidings kan wees van sekere gevoelens of gedagtes (Lunn, 2009:220). Geestelike begeleiding lewer ‘n belangrike bydrae tot die uitoefening van aandag in die praktiese teologie, wat van nature aktief is deur teologie in praktyk om te sit (Lunn, 2009:228). Sodanige begeleiding is veral van groot waarde vir mense wat nie noodwendig ‘n groot krisis beleef nie, maar wat tog in ‘n geestelike wroeging verkeer – daar is nie ‘n probleem om op te los nie, maar diep in hul harte ervaar hulle dat alles nie reg is nie en dat daar ‘n diep verlange in hul siel is (Galindo, 1997:395). Alhoewel persoonlike groei, besluitneming, ondersteuning en uitdagings voordele van geestelike begeleiding is, is die primêre voordeel daarvan die vermoë om die mens se ervaring van God te artikuleer teenoor iemand wat luister en verstaan (Evans, 2015:265). Evans (2015:267) skryf dat die praktyk van geestelike begeleiding konsepte en terminologie van ander dissiplines soos filosofie, sielkunde en die fenomenologie van godsdienstige ervarings leen om die praktyk van geestelike begeleiding deel van die pastorale bediening te hou (Evans, 2015:268).

### 6.4. Voorgestelde praktiese riglyne vir die begeleiding van die Millenniale Generasie in die gebruik van die geloofsdissiplines van stilte en afsondering

In hierdie gedeelte word daar praktiese riglyne voorgestel wat kan dien as begeleiding vir die Millenniale Generasie in die gebruik van die geloofsdissiplines van stilte en afsondering. In Hoofstuk 2 is daar vanuit die empiriese navorsing bevind dat daar by die Millenniale Generasie

‘n soeke na die lewe, betekenis en aanvaarding is (sien 2.8.1.1 en 2.8.1.2) en dat hul grootste probleem met georganiseerde Christenskap die skynheiligheid, veroordeling en onpersoonlikheid van die kerk is (sien 2.8.2.1). Laastens is daar bevind dat hulle ‘n soeke na ‘n diep, egte en intieme verhouding met God het, maar dat daar sekere uitdagings in hierdie soeke is: Eerstens is dit vir hulle moeilik om aan te hou glo te midde van twyfel; tweedens is dit vir hulle moeilik om in ‘n verhouding met God te kan bly (om bewus te wees van Sy teenwoordigheid) te midde van die gejaagdheid van die lewe wat hul aandag aflei wanneer hulle probeer om ‘n geloofsverhouding met Hom te handhaaf (sien 2.8.3). Die navorser is van mening dat die gebruik van die geloofsdissiplines van stilte en afsondering van groot waarde kan wees vir die Millenniale Generasie in hierdie soeke na ‘n diep, intieme en egte verhouding met God (2.8.3.2 en 4.4.4).

Lotter (2005:490) reken dat die kognitiewe wete en emosionele bewustheid van God se groot liefde vir die mens en die manier waarop Hy na mense uitreik, ‘n groot troos en anker kan wees in ‘n lewe wat soms moeilik en veeleisend kan wees. Hy skryf dat gelowiges meer en beter maniere moet soek om self in die geloof te groei en te ontwikkel om sodoende heiligmaking te kan beleef. Daarom word daar in hierdie studie ‘n praktyk-teoretiese begeleidingsmodel voorgestel wat gebruik kan word om die Millenniale Generasie te begelei in die beoefening van stilte en afsondering ten einde in hul verhouding met God te verdiep. Die riglyne wat in hierdie studie gebied word, kan as ‘n kursus of seminaar aangebied word aan pastorale praktisyns om Millenniale te begelei in die gebruik van hierdie geloofsdissiplines.

### 6.4.1. Praktyk-teoretiese begeleidingsmodel

Hierdie praktiese begeleiding kan gebruik en toegepas word wanneer die Millenniale Generasie beraad word om vir hulle aan te toon hoe hulle hulle kan verdiep in hul verhouding met God ten spyte van die uitdagings met betrekking tot geloofsvrae en die pas van die lewe. Eerstens is dit belangrik om die konteks van die Millenniale Generasie te verstaan ten einde hulle suksesvol en behulpsaam te begelei.

#### 6.4.1.1. Beoefening van geloofsdissiplines

In 3.4.2 word geloofsdissiplines, sowel as die waarde en noodsaaklikheid hiervan vir geestelike groei, breedvoerig gedefinieer (3.4.3 & 5.4.3). In hierdie studie word die fokus geplaas op die waarde en gebruik van die geloofsdissiplines van stilte en afsondering vir die Millenniale Generasie. Hierdie generasie leef in ‘n tyd waarin spoed en geraas kenmerkend is, veral met die bevordering en verandering wat tegnologie teweeg bring (3.4.3; 4.3.3). In die empiriese navorsing (2.8.3.3.) is daar bevind dat die gejaagdheid van die lewe ‘n groot impak op die Millenniale se geloofslewe het. Hulle het ‘n ernstige soeke na betekenis, aanvaarding en outensiteit (2.8.1.1; 2.8.1.2; 4.2.2.1 & 4.2.2.2) en plaas groot klem daarop in die uitleef van hul verhouding met God.

Millenniale het ook ‘n groot soeke na ‘n egte, dieper en intiemer verhouding met God (4.2.2.2; 5.4.3.4 & 2.8.3.2) en dit is vir hulle moeilik om dit te vind weens hul negatiewe siening van en probleme met die kerk (2.8.2.1 & 4.3.4). Die waarde van die geloofsdissiplines van stilte en afsondering is nagevors (3.5.2 & 3.5.3) en daar is ook ‘n normatiewe studie gedoen om Skriftuurlike en teologiese begronding vir die waarde van hierdie geloofsdissiplines vir die latere pragmatiese model te vind (5.5; 5.7 & 5.8). Die navorser is van mening dat die beoefening van stilte en afsondering van groot waarde kan wees in hierdie unieke soeke van die Millenniale Generasie. Om hierdie rede word daar ‘n praktyk-teoretiese model voorgestel waarmee die Millenniale Generasie begelei kan word om prakties die geloofsdissiplines van stilte en afsondering in hul alledaagse lewe te gebruik, te beoefen en te integreer om sodoende te verdiep in hul verhouding met God en hul grootste soeke in die lewe.

### 6.4.2. Voorgestelde praktyk-teoretiese kursusmodel

Daar is ‘n paar belangrike beginsels wat uitgelig en in ag geneem moet word wanneer die geloofsdissiplines van stilte en afsondering beoefen word. In hierdie gedeelte word verskillende maniere voorgestel waarop Millenniale begelei kan word om prakties die geloofsdissiplines van stilte en afsondering in hul lewe te inkorporeer. Die riglyne word tydens die kursus/seminaar voorgestel. Wanneer die persone die kursus/seminaar bywoon, is dit belangrik om ‘n notaboek en pen saam te bring sodat noukeurige notas gemaak kan word. Die inligting/skyfievertoning kan per e-pos aan die kursusgangers gestuur word na afloop van die seminaar. Gedurende navorsing is die werk van verskeie kundiges nagegaan om ‘n akkurate, behulpsame en volledige begeleidingsmodel saam te stel (Baab, 2012:69-80; Barton, 2010a:37-38; Bourgeault, 2004:6; Byron, 2000:5; Calhoun, 2005:209; Cowen, 2017; Mullan, 1914:14-16; Smelser, 2009:209; Smith & Zhang, 2010:6).

#### 6.4.2.1. Voorbereiding vir tyd in afsondering en stilte

Wanneer die Millenniale Generasie die geloofsdissiplines van stilte en afsondering wil beoefen, is dit eerstens belangrik om die voorbereidingsproses in ag te neem.

6.4.2.1.1. Tyd en plek

Weens die gejaagdheid van die Millenniale se lewe (2.8.3.3; 3.5.1 & 4.3.3) is dit belangrik om ‘n spesifieke **tyd** opsy te sit en ‘n spesifieke **plek** te kies waar die individu daagliks eenkant kan gaan sit met die doel om hom/haar van al die eksterne stimuli te onttrek en só God se stem te hoor (cf. 3.5.2; 3.5.3; Luk. 5:16; Mark. 6:31; Matt. 6:6). Dit is belangrik om ‘n spesifieke plek en tyd te kies waar die individu op ‘n gereelde basis alleen kan wees – dit kan by die huis, in die tuin of selfs ‘n gemaklike plek in jou kantoor wees. Die doel daarvan is dat dit ‘n plek moet wees wat jou kan help om stil te word en in ‘n toestand van ontvanklikheid te wees. Dit is goed om ook te

eksperimenteer om sodoende te besluit watter tyd en plek die beste vir die individu werk. Kommunikasie aan familielede, kamermaats en selfs kollegas is belangrik sodat hulle die tyd wat jy in stilte en afsondering spandeer, kan respekteer. Geestelike simbole wat jou help om bewus te wees van God se teenwoordigheid in jou kan ook in die spasie ingebring word. Simbole of artefakte wat gebruik kan word, is onder andere ‘n kers wat aangesteek kan word as ‘n uiterlike simbool van die innerlike werklikheid dat God waarlik teenwoordig is.

Die eerste stap is dus om ‘n sekere tyd en plek in jou dag te kies wat spesifiek daarop gefokus is om tyd saam met God te spandeer.

6.4.2.1.2. Afleidings gedurende tye in stilte en afsondering

In die empiriese navorsing is bevind dat die Millenniale voortdurend uitgedaag word deur die gejaagdheid van die lewe (2.8.3.3) en dat die beoefening van geloofsdissiplines en hul tyd saam met God dikwels moeilik ingepas word (2.8.3.1). Die lewe is so besig en daar is so baie dinge wat ons aandag verg dat dit moeilik is om waarlik stil te word (3.5.1 & 5.4.1). Die uitnodiging is om stil te word en ons aandag en gedagtes op God te rig (Ps. 62:2). Wanneer daar tyd in stilte en afsondering spandeer word, is daar baie afleidings wat ons gedagtes vul en ons daarvan weerhou om hierdie tyd nuttig te gebruik. Wanneer ‘n mens tye van stilte en afsondering wil beoefen, is daar gedurig sekere gedagtes, emosies of begeertes wat jou aandag aftrek, onder andere woede, honger, wellus, slaperigheid en selfs die angs van dinge wat gedoen moet word en die gevoel dat stilte en afsondering ‘n mors van tyd is (3.5.2). ‘n Ander algemene probleem is dat mense se gedagtes maklik kan dwaal en hulle tydens tye van stilte en afsondering kan dagdroom. Hier volg riglyne wat van hulp kan wees wanneer hierdie afleidings die tyd in stilte en afsondering onderbreek:

- Moenie té streng op jouself wees nie. Wanneer jou gedagtes dwaal, raak bewus daarvan en probeer weer op God fokus. Dank hom vir die geleentheid om tyd saam met Hom te spandeer.
- ‘n Mens moenie negatief en mismoedig raak weens die gedurige afleidings nie, maar kan eerder ‘n gevoel van dankbaarheid kweek vir die voorreg om tyd saam met God te kan spandeer.
- In tye van stilte is ‘n mens se gedagtes dikwels gevul met ‘n lys van dinge wat nog gedoen moet word. Wanneer dit gebeur, skryf die gedagtes neer sodat jy nie later daarvan vergeet nie. Indien die gedagtes nie weggaan nie en die heeltyd kop uitsteek, gee aandag daaraan en bid daaroor. Vra ondersoekende vrae in jou tyd met gebed saam met God, onder andere: Waaroor gaan hierdie gedagte? Wat voel ek? Is daar ‘n rede hoekom hierdie gevoel so sterk is? In gebed kan die Here gevra word of daar iets is wat Hy vir jou wil wys of sê met betrekking tot daardie gedagte, emosie of taak.

- Wanneer die bewustheid van sonde, vrees, spyt, swakheid en ander negatiewe aspekte in die tyd saam met God opkom, herinner jouself aan die genade wat in Christus gevind kan word en praat met Hom daaroor (Heb. 4:16; 2 Kor. 12:9; Rom. 3:20-24; Rom. 6:14; Rom. 11:6).
- Die bewustheid moet gekweek en onderskeiding aangeleer word om te besef wanneer die afleidings bloot uit die gewoonte van ‘n besige, raserige en gejaagde lewe opduik en wanneer dit iets is wat God gebruik om sy wil aan ons bekend te maak.
- Daar word verskeie metafore gebruik wat ‘n mens kan help met dwalende gedagtes in tye van kontemplasie (stilte en afsondering). Vir praktiese doeleindes sal daar twee metafore genoem word wat wat vroeër voorgestel is en kan dien as praktiese riglyn vir die Millenniale:
  1) Wanneer ‘n mens tyd in stilte en afsondering deurbring, kan jy jou verbeelding gebruik om te sien hoe God se rivier van die lewe deur jou vloei – diep in die rivier is die water kalm en rustig, maar op die oppervlak is dit deurmekaar, vol onrus en puin. Die dwalende gedagtes word gesien as deel van die onrus en puin op die oppervlak van die water, en jy kan jou verbeel dat daardie deel van die water deur die stroom weggeneem word. Die doel van stil gebed is om terug te keer na die diepte van die rivier waar die teenwoordigheid van die Heilige Gees vrede en kalmte meebring.
  2) Die tweede metafoor is een van ‘n besige straat. Wanneer die dwalende gedagtes kom, kan jy jou verbeel dat jy by ‘n vriend kuier wat in ‘n besige dorp woon. Die vensters is oop omdat dit ‘n warm dag is en jy kan die straatgeluide en stemme van mense in die straat hoor. Omdat jy lief is vir jou vriend en graag jou onverdeelde aandag aan hom/haar wil skenk, is jy bewus van die geluide, maar laat jy nie toe dat die geluide jou aandag aftrek nie; jy draai keer op keer jou fokus terug na jou vriend. Op dieselfde manier moet jy jou fokus of aandag na God toe terugdraai wanneer jy in stilte en afsondering verkeer.

6.4.2.1.3. Gemaklike posisie

Wanneer daar tyd in stilte en afsondering spandeer word, is dit baie belangrik om in ‘n gemaklike posisie te wees sodat jou aandag nie afgelei word weens ongemak nie. Aangesien die tye in afsondering en stilte soms lank kan neem, is dit veral belangrik om gemaklik, maar steeds oplettend, te wees.

Die volgende riglyne kan van hulp wees met betrekking tot die vind van ‘n gemaklike posisie:

- Kies ‘n spesifieke voorwerp wat gebruik kan word om op te sit. Daar word voorgestel dat die individu eerder sit, omdat ‘n lang periode van staan ongemak kan veroorsaak, terwyl

‘n lê-posisie slaperigheid kan veroorsaak. Daar kan gebruik gemaak word van ‘n mat, ‘n gemaklike stoel of selfs ‘n gebedsbankie.

- Jou liggaamspostuur is belangrik, aangesien dit jou ondersteun sodat jy beter aandag kan skenk wanneer jy jou gedagtes op God rig. Dit is goed om met jou rug en skouers regop, maar ontspanne en oop te sit, met beide voete plat op die vloer en jou hande in ‘n gemaklike posisie op jou skoot.

6.4.2.1.4. Doelstelling van tyd in stilte en afsondering

Wanneer daar tye in stilte en afsondering spandeer word, is dit belangrik om met ‘n sekere doel voor oë die dissipline te beoefen:

- ‘n Realistiese tydsberekening van die stiltetyd is baie belangrik, veral wanneer die beoefening van stilte en afsondering ‘n nuwe praktyk is. Tien, 15 of 20 minute is ‘n goeie tyd wat op ‘n daaglikse basis in stilte en afsondering spandeer kan word.
- Metdat ‘n mens se kapasiteit vergroot en stilte meer beoefen word, kan die tyd aangepas word.
- Dit is belangrik om daarop te let dat die hoeveelheid tyd nie die belangrikste is nie, maar dat die *gereelde* beoefening van die dissipline van groot belang is.

**6.4.2.2. Praktiese gebruike tydens tye van stilte en afsondering**

6.4.2.2.1. Metodes om die aandag op God te rig in stilte en afsondering

Omdat die lewe so besig is en ons voortdurend met verskillende stimuli gekonfronteer word, is ‘n mens se gedagtes konstant besig met ander sake (3.5.2). Daarom word daar verskeie praktiese riglyne voorgestel wat van groot hulp kan wees om ons dwalende gedagtes weer op God te rig om sodoende waardevolle en betekenisvolle tye in stilte en afsondering deur te bring en uiteindelik ‘n egte, dieper en intiemer verhouding met God te kweek.

- Sentreringsgebed

Sentreringsgebed help individue om die eksterne stimilu, soos hul gedagtes, stil te maak om sodoende hul aandag op God te rig (5.10). Die individue sit op hul gekose plek en fokus op God. Dit kan baie moeilik raak, omdat mense se gedagtes kompleks en besig is. Die volgende riglyne kan in stilte en afsondering gebruik word om sentreringsgebed te beoefen as hulp om ons aandag op God te rig:

- Daar kan tydens stilte en afsondering begin word met gebed deur ‘n heilige woord vir God te vra wat kan help om jou gedagtes te sentreer (op God te fokus). Hierdie woord kan ‘n naam vir God wees, byvoorbeeld “Abba”, “Jesus” of “Vader”, of ‘n woord van die gawes

wat God aan ons gee, byvoorbeeld “vrede”, “genade” of “liefde”. Daar kan ook ‘n Skrifgedeelte gelees word en ‘n gedeelte wat vir jou uitstaan, kan gebruik word om aan te dink om sodoende jou aandag op God te rig wanneer jou gedagtes dwaal.

- ‘n Mens kan dan vir 20 minute (of die gekose tyd) gemaklik in jou gebedspasie sit met jou oë gesluit. Hierdie woord word dan elke keer gesê wanneer jou aandag en fokus na iets anders as God toe dwaal.
- Die woord moet nie tydens stilte en afsondering verander word nie, omdat dit dan jou denke na ‘n ander plek toe laat afdwaal en die doel van die tyd in stilte en afsondering is juis om oop voor God te wees (by gedagtes of analise verby).
- Wanneer die gekose tyd van stilte verby is, kan ‘n mens nog ‘n paar minute in stilte deurbring om af te sluit – in daardie tyd kan die Onse Vader gebid word of selfs die Skrifgedeelte wat aan die begin van die stilte gelees is.
- Gedagtes of emosies wat tydens die periode van stilte en afsondering opgekom het, kan neergeskryf word en by die volgende ontmoeting met die geestelike begeleier gedeel word.

- Asemhalingsgebed

Die asemhalingsgebed kan in tye van stilte en afsondering gebruik word om ‘n mens te help om op God gefokus te bly. Die gebruik van die asemhalingsgebed help jou om rustig te word deurdat jou asemhaling stadiger word en vrede sodoende ervaar kan word deur die Een wat vir ons asem (lewe) gee; asemhalingsgebed is ook van hulp om bewus te word van die Heilige Gees wat die Asem van God in ons lewens is (5.10). Die volgende praktiese voorbeelde kan deur Millenniale gebruik word in tye van stilte en afsondering:

- ‘n Manier om die asemhalingsgebed prakties te doen is om jou te verbeel dat jy al jou bekommernisse en vrese *uitasem* en God se liefde en sorg *inasem*. Indien daar ‘n probleem met ‘n sekere persoon is, of ‘n mens jouself in moeilike omstandighede bevind, kan die *uitaseming* van hierdie probleem ‘n metafoor wees om die situasie in God se hande te laat en Hom daarmee te vertrou, terwyl die *inaseming* van God se liefde, genade of sorg daardie plek van die bekommernis in jou lewe oorneem of vul.
- Hierdie oefening word so lank as wat nodig is herhaal om rus in God te vind en ‘n groter bewustheid van Sy teenwoordigheid te ervaar.
- ‘n Ander manier om die asemhalingsgebed te doen is deur die antieke gebed, bekend as die Jesus–gebed, herhalend te bid as reaksie op die uitnodiging in 1 Tes. 5:17 om sonder ophou te bid – “Here Jesus Christus, Seun van God, wees my genadig” (Luk. 18:38).

- Begeleide meditasie

Die doel van begeleide meditasie is om deur die Skrif en verbeelding jouself in situasies te plaas waar ‘n ontmoeting met Jesus Christus kan plaasvind. Praktiese maniere waarop dit gedoen kan word, is soos volg:

- ‘n Mens begin deur op ’n vaste tyd na jou gekose plek toe te gaan en rustig en stil te word.
- Die Skrifgedeelte uit die Evangelies kan gelees word, waarna ‘n mens deur middel van jou verbeelding jouself in daardie storie plaas. Ter illustrasie word die Skrifgedeelte in Matt. 14:22-33 gebruik waar Jesus op die water loop.
- ‘n Mens verbeel jou dat jy in die boot saam met Petrus is. Daar word eerstens gebruik gemaak van ‘n mens se sintuie: Wat kan gesien word, wat kan gehoor word, watter emosies word ervaar, wat kan aangeraak word? Dan word Jesus op die water gesien; Hy nooi vir Petrus uit en Petrus loop op die water – weereens kan daar na die sintuie toe teruggekeer word. Jy kan jou verbeel hoe jy saam met Petrus op die water stap, die storm en golwe sien, begin twyfel en wegsink, uitroep van vrees en angs en dan sien hoe Jesus help en die vraag stel: Waarom het jy getwyfel?
- Na die tyd van meditasie (met die Skrif as basis) kan daar gereflekteer word op die emosies en gedagtes wat tydens die meditasie opgekom het, waarna dit in gebed na God geneem kan word.

- Ondersoekende gebed

Ondersoek (of eksaminering) is ‘n sagte en ongedwonge bewuswording, ‘n geleentheid om terug te dink aan die dag of week wat verby is met die doel om te onderskei waar God teenwoordig was (5.10).

- Aan die einde van die dag kan daar ongeveer tien minute opsy gesit word om te reflekteer oor die dag wat verby is.
- Om stelselmatig deur elke gebeurtenis van die dag te gaan is nie noodwendig baie behulpsaam nie. Daar kan in gebed vir die Here gevra word om ‘n mens te herinner aan sekere gebeurtenisse gedurende die afgelope dag, om sodoende te sien waar sy liefde, vrede, rigting en oortuiging deur die dag sigbaar was.
- Daar word dan op hierdie herinneringe gereageer met ‘n gebed van dankbaarheid, deur dit neer te skryf of deur net ‘n oomblik daaroor na te dink.
- In bepeinsing kan ‘n mens ook nadink waar jy God se teenwoordigheid dalk geïgnoreer het en wat die redes daarvoor is. Voorbeelde van sulke vrae is die volgende: Het God my gelei om iets te doen wat ek toe eerder afgeskeep het? Het God my gelei om met iets op te hou wat ek toe eerder gekies het om aan te hou doen? Het die dag of week sekere geleenthede ingehou wat ek nie aangegryp het nie?

- Labirint

‘n Labirint is ‘n wandelpad wat spesifiek ontwerp is as metafoor vir die Christelike reis. Die labirint se uitleg is ‘n sirkel wat in ‘n tuin met beton of bakstene gebou word en waarvan die eindbestemming gewoonlik ‘n boom of ‘n kruis is. Die roete na die boom/kruis bestaan uit die pad wat nader aan die eindbestemming beweeg en dan weer wegkeer. Wanneer daar aangehou word om die pad te volg, word daar by die eindbestemming uitgekom.



**Figuur 6-2: Voorbeeld van ‘n labirint (wandel- en gebedspad) (Baab, 2012:80)**

Praktiese riglyne vir die die Millenniale om op die wandelpad tyd in stilte en afsondering te spandeer:

- Identifiseer ‘n plek wat ‘n labirint het en lê daar besoek af – baie gemeentes bou hul eie labirinte vir gemeentelede.
- Die pad word biddend gestap met die fokus op die lewe en ons Christelike reis wat baie keer voel of ons nader aan God en ander kere weer verder van Hom af beweeg. Die uitnodiging is om met elke afdraai en elke tree bewus te raak van God se teenwoordigheid en sy genade wat ons na die eindbestemming lei.

- Refleksie op tye in stilte en afsondering

Millenniale kan uitgenooi word om elke dag ná hul tyd in stilte en afsondering met God op hul gebedstyd te reflekteer. Dit kan op verskeie maniere gedoen word:

- Nadenke oor die tyd in stilte en afsondering kan van groot waarde wees deur vrae aan jouself te stel, soos onder andere: Waar het ek God in hierdie tyd beleef? Waar het God ver gevoel in hierdie tyd? Watter emosies het opgekom? Wat het ek gedink?

- Deur die gebruik van ‘n joernaal kan die Millenniale neerskryf wat hul ervaring, gedagtes, emosies of vrae was wat in tye van stilte en afsondering opgekom het.
- ‘n Gebed aan God kan neergeskryf word as reaksie op die tyd in stilte en afsondering.

- Geestelike begeleiding

Geestelike begeleiding is die gekose begeleidingsmodel wat in die pragmatiese hoofstuk voorgestel word, soos verduidelik in 6.3.3. Wanneer die geloofsdissiplines van stilte en afsondering beoefen word, is dit baie waardevol om op ‘n gereelde basis ‘n geestelike begeleier te sien. ‘n Geestelike begeleier kan op ‘n weeklikse, maandelikse of sesweeklikse basis besoek word. Die ervarings en ondervinding tydens periodes van stilte en afsondering word dan met die geestelike begeleier gedeel; deur middel van biddende en ondersoekende vrae help die begeleier die individu om meer bewus te raak van God in sy/haar lewe. Die geestelike begeleier gee ook voorstelle van praktiese beoefening van die geloofsdissiplines aan Millenniale om hulle sodoende te begelei om te verdiep in hul soeke na ‘n egte en intiemer verhouding met God.

Die Millenniaal behoort aangemoedig te word om ‘n geestelike begeleier te gaan sien. Hy/sy kan aangemoedig word om meer as een begeleier te gaan sien om vas te stel by watter een daar totale vertroue en gemaklikheid is. Die begeleier kan dan op ‘n gereelde basis besoek word.

6.4.2.2.2. Langer periodes van stilte en afsondering

Alhoewel stilte en afsondering ‘n dissipline is wat daagliks beoefen kan word, is daar ook ander metodes van die beoefening van stilte en afsondering wat die Millenniaal weekliks, kwartaalliks of jaarliks in sy/haar lewe kan inkorporeer.

- Geestelike oefeninge van St. Ignatius

Die geestelike oefeninge van St. Ignatius is ‘n manier waarop die Millenniale stilte en afsondering kan beoefen. In 5.9.1 is die geestelike oefeninge van St. Ignatius breedvoerig verduidelik as ‘n reeks meditasies wat op sekere Skrifgedeeltes gebaseer is wat die persoon lees, daaroor nadink en daaroor bid om sodoende daardeur ingelig, beïndruk, geroer en geaffekteer te word. Die doel van die oefeninge is a) om Jesus Christus se missie te verstaan: Wat is die doel daarvan en wat veg daarteen (om God beter te leer ken)?; b) om God liewer te hê; c) om nader aan Hom getrek te word deur met Jesus se stryd op aarde te identifiseer en om Hom in sy missie te volg.

Die geestelike oefeninge kan op twee maniere gedoen word: Die eerste manier is om vir 30 dae na ‘n afsonderingsentrum (“retreat”) te gaan waar die individu vir die volle tydperk in ‘n afsonderingshuis woon en daagliks die geestelike oefeninge doen; die tweede manier is ‘n

program van 10 tot 12 maande waartydens die individu ‘n tyd in die dag opsy sit om die geestelike oefeninge te doen. Die volgende riglyne kan gebruik word om die geestelike oefeninge van St. Ignatius oor ‘n tydperk van 10 tot 12 maande te doen:

- Eerstens moet daar met ‘n geestelike begeleier kontak gemaak word wat opleiding in die geestelike oefeninge van St. Ignatius gedoen het.
- Die geestelike begeleier word dan een keer per week gesien, waartydens die week se oefeninge gegee word en terugvoer van die vorige week se ervarings gedeel kan word.
- Wanneer die oefeninge oor ‘n langer periode gedoen word, word die vier weke (soos verduidelik in die oefeninge) verdeel in vier periodes of “weke” (nie sewe dae nie) wat in temas opgedeel is. Elke “week” behandel dus ‘n spesifieke tema: Die eerste week handel daaroor om vertroue in God te bou deur die openbaring van ‘n mens se sonde; die tweede week bou op week een en fokus op hoe die individu Jesus beter kan leer ken; week drie fokus op die leiding en dood van Jesus Christus; en die vierde week handel oor die opstanding.
- Individue hoef ook nie dieselfde pas te volg nie; sommige mense mag langer neem om sekere “weke” te voltooi as ander. Dit word biddend saam met die geestelike begeleier onderskei.
- Voorbeelde van eendagoefeninge is soos volg en is geneem uit die *Spiritual excercises of St. Ignatius of Loyola* (Mullan, 1914:14-16).
  (Omdat die verduideliking goed is en vertaling moontlik afbreuk daaraan mag doen, word dit in die geheel in Engels oorgeneem.)

“<u>FIRST EXERCISE</u>

IT IS A MEDITATION WITH THE THREE POWERS ON THE FIRST, THE SECOND AND THE THIRD SIN

It contains in it, after one Preparatory Prayer and two Preludes, three chief Points and one Colloquy.

**Prayer.**

The Preparatory Prayer is to ask grace of God our Lord that all my intentions, actions and operations may be directed purely to the service and praise of His Divine Majesty.

**First Prelude.** The First Prelude is a composition, seeing the place.

Here it is to be noted that, in a visible contemplation or meditation -- as, for instance, when one contemplates Christ our Lord, Who is visible -- the composition will be to see with the sight of the imagination the corporeal place where the thing is found which I want to contemplate. I say the corporeal place, as for instance, a Temple or Mountain where Jesus Christ or Our Lady is found, according to what I want to contemplate. In an invisible contemplation or meditation -- as here on the Sins -- the composition will be to see with

the sight of the imagination and consider that my soul is imprisoned in this corruptible body, and all the compound in this valley, as exiled among brute beasts: I say all the compound of soul and body.

**Second Prelude**. The second is to ask God our Lord for what I want and desire.
The petition has to be according to the subject matter; that is, if the contemplation is on the Resurrection, one is to ask for joy with Christ in joy; if it is on the Passion, he is to ask for pain, tears and torment with Christ in torment.
Here it will be to ask shame and confusion at myself, seeing how many have been damned for only one mortal sin, and how many times I deserved to be condemned forever for my so many sins.
Note. Before all Contemplations or Meditations, there ought always to be made the Preparatory Prayer, which is not changed, and the two Preludes already mentioned, which are sometimes changed, according to the subject matter.

**First Point**. The first Point will be to bring the memory on the First Sin, which was that of the Angels, and then to bring the intellect on the same, discussing it; then the will, wanting to recall and understand all this in order to make me more ashamed and confound me more, bringing into comparison with the one sin of the Angels my so many sins, and reflecting, while they for one sin were cast into Hell, how often I have deserved it for so many. I say to bring to memory the sin of the Angels, how they, being created in grace, not wanting to help themselves with their liberty to reverence and obey their Creator and Lord, coming to pride, were changed from grace to malice, and hurled from Heaven to Hell; and so then to discuss more in detail with the intellect: and then to move the feelings more with the will.

**Second Point.** The second is to do the same -- that is, to bring the Three Powers -- on the sin of Adam and Eve, bringing to memory how on account of that sin they did penance for so long a time, and how much corruption came on the human race, so many people going the way to Hell. I say to bring to memory the Second Sin, that of our First Parents; how after Adam was created in the field of Damascus and placed in the Terrestrial Paradise, and Eve was created from his rib, being forbidden to eat of the Tree of Knowledge, they ate and so sinned, and afterwards clothed in tunics of skins and cast from Paradise, they lived, all their life, without the original justice which they had lost, and in many labors and much penance. And then to discuss with the understanding more in detail; and to use the will as has been said.

**Third Point**. The third is likewise to do the same on the Third particular Sin of any one who for one mortal sin is gone to Hell -- and many others without number, for fewer sins than I have committed. I say to do the same on the Third particular Sin, bringing to memory the gravity and malice of the sin against one's Creator and Lord; to discuss with the understanding how in sinning and acting against the Infinite Goodness, he has been justly condemned forever; and to finish with the will as has been said.

**Colloquy.** Imagining Christ our Lord present and placed on the Cross, let me make a Colloquy, how from Creator He is come to making Himself man, and from life eternal is come to temporal death, and so to die for my sins. Likewise, looking at myself, what I have done for Christ, what I am doing for Christ, what I ought to do for Christ. And so, seeing Him such, and so nailed on the Cross, to go over that which will present itself.

The Colloquy is made, properly speaking, as one friend speaks to another, or as a servant to his master; now asking some grace, now blaming oneself for some misdeed, now communicating one's affairs, and asking advice in them.

And let me say an OUR FATHER."

- Afsondering

Stilte-afsondering is die tydelike onttrekking uit 'n stel roetines of 'n struktuur met die doel om in 'n nuwe oriëntasie tot die bestaande struktuur terug te keer (5.10). Afsondering vind plaas by 'n afsonderingsentrum (*retreat*) of ander soortgelyke plekke. Die navorser het al besoek afgelê by die *Origins Retreat*-sentrum in Muldersdrift, Krugersdorp. Hierdie afsonderingsentrums kan van groot waarde wees vir die Millenniale Generasie wat die geloofsdissiplines van stilte en afsondering wil beoefen.

- Millenniale kan inskryf om na 'n *retreat* toe te gaan – daar is verskillende periodes van afsondering, byvoorbeeld een dag, drie dae of selfs sewe dae. Die Millenniale kan dus besluit na watter *retreat* toe hulle wil gaan.
- Tydens die *retreat* is daar drie byeenkomste deur die dag in 'n kapel waar die Skrif gelees word, 'n gebedsang gesing word en 20 minute in stilte spandeer word.
- Die individu word met 'n sekere Skrifgedeelte begelei waarmee hy/sy die dag in stilte kan spandeer.
- Die tydperk van afsondering word deurgebring deur in die natuur te wandel, op gereelde tye te bid, van die labirint (gebedswandelpad) gebruik te maak, en deur die stasies van die lewe te wandel (dit is stasies wat opgestel is met beelde wat verteenwoordigend is van Jesus se lewe, dood en opstanding – tyd kan dan by elke stasie spandeer word om te mediteer, kontempleer en om tyd in gebed deur te bring).

- Pelgrimstogte

In 5.9.3 word daar in meer besonderhede verduidelik wat die gemeenskap van *Taize* is en wat die waarde van 'n pelgrimstog na hierdie gemeenskap vir 'n mens kan inhou. Die navorser stel uit persoonlike ervaring 'n pelgrimstog na die *Taize*-gemeenskap in Frankryk voor vir Millenniale wat stilte en afsondering as geloofsdissipline vir 'n langer tyd wil beoefen. Tydens 'n besoek aan die Taize-gemeenskap het die Millenniaal die keuse tussen twee opsies: Die eerste opsie is om 'n tydperk in 'n huis van stilte en afsondering te spandeer – dit is daar waar jy in totale stilte en afsondering ingaan en jy een keer per dag 'n geestelike begeleier ontmoet om te gesels oor jou tyd in stilte en afsondering; die tweede opsie is om in die gemeenskap tussen duisende ander jongmense te bly waar daar daagliks tyd aan die Skrif spandeer word en drie periodes van stille gebed as gemeenskap saam beoefen word. Daar is ook verskeie periodes gedurende die dag waartydens die individu tyd in stilte kan deurbring.

## 6.5. Samevatting

Hierdie hoofstuk het pragmatiese riglyne gebied wat gebruik kan word om Millenniale te begelei in die beoefening van die geloofsdissiplines van stilte en afsondering. Na aanleiding van die empiriese resultate wat in Hoofstuk 2 vorendag gekom het, was dit duidelik dat Millenniale 'n soeke na 'n egte, dieper en intiemer verhouding met God het en dat die gejaagdheid van die lewe 'n groot uitdaging vir hulle inhou in hierdie soeke. Die literatuurstudie rakende Millenniale in Hoofstuk 4 het daarop gewys dat Millenniale die kerk en godsdiens verlaat, maar nie hulle geloof en verhouding met God nie – hulle is wel op soek na 'n verhouding/geloof wat eg en outentiek is. In Hoofstuk 3 het navorsing uit 'n literatuurstudie rakende geloofsdissiplines aangetoon dat die geloofsdissiplines van stilte en afsondering 'n waardevolle manier kan wees om Millenniale in hul geloofsoeke te ondersteun en begelei. In hierdie hoofstuk is daar egter gepoog om praktiese riglyne daar te stel wat as 'n begeleidingsmodel vir die Millenniale generasie kan dien. Die model is só uiteengesit dat dit gebruik kan word by 'n kursus, seminaar of ander kreatiewe wyses waarop gemeentes dit wil aanpak.

Die begeleidingsmetode wat in hierdie studie voorgestel word, is geestelike begeleiding. Daar is riglyne gegee met betrekking tot die voorbereiding vir die beoefening van die geloofsdissiplines van stilte en afsondering. Daar is ook praktiese gebruike voorgestel om daagliks stilte en afsondering in die Millenniaal se lewe te integreer; langer periodes van stilte en afsondering en die praktiese uitoefening daarvan is ook voorgestel. Hierdie begeleidingsmodel sal Millenniale kan begelei om prakties die geloofsdissiplines van stilte en afsondering in hul lewe te inkorporeer om sodoende 'n egte, dieper en intiemer verhouding met God te handhaaf.

# Hoofstuk 7

# SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

## 7.1. Inleiding

Hierdie studie fokus op die waarde en gebruik van die geloofsdissiplines van stilte en afsondering vir die Millenniale Generasie. Die prakties-teoretiese model van Osmer (2008:4) is in die studie gebruik en bestaan uit vier take:

- Beskrywend-empiriese taak: Wat is besig om te gebeur?
- Normatiewe taak: Wat behoort te gebeur?
- Interpreterende taak: Waarom gebeur dit?
- Pragmatiese taak: Hoe moet ons reageer?

In hierdie finale hoofstuk word die gevolgtrekkings van elke individuele hoofstuk opgesom, daar tot ‘n finale gevolgtrekking van die studie gekom en voorstelle vir verdere navorsing gemaak.

## 7.2. Beskrywend-empiriese taak

Die beskrywend-empiriese taak is in Hoofstuk 2 hanteer. ‘n Kwalitatiewe studie is gedoen deur een-tot-een onderhoude met slegs sewe deelnemers te voer (weens die bereiking van ‘n versadigingspunt). Die doel van hierdie gedeelte van die studie was om te bepaal wat ‘n empiriese studie openbaar aangaande die moontlike waarde van stilte en afsondering vir die Millenniale Generasie. Die antwoorde wat van die deelnemers ontvang is, is getranskribeer en met behulp van ‘n kodeerder is daar noukeurige interpretasie en analise gedoen. Daar is drie hooftemas geïdentifiseer wat in hierdie hoofstuk noukeurig bespreek is, naamlik:

- Die Millenniale Generasie se lewensoeke
- Die Millenniale Generasie se siening van die kerk
- Die Millenniale Generasie se verhouding met God

Vanuit hierdie hooftemas is daar verskeie subtemas geïdentifiseer soos wat dit in Tabel 2-1, 2-2 en 2-3 uiteengesit is. Vanuit die resultate van die empiriese data het dit na vore gekom dat Millenniale ‘n groot soeke na betekenis en aanvaarding in die lewe het en dat hulle ook ‘n groot soeke na ‘n diep, intieme en egte verhouding met God het, maar dat die gejaagdheid van die lewe ‘n groot uitdaging vir hulle inhou. Dit het dus duidelik geword dat dit van groot waarde vir die Millenniale Generasie kan wees om die geloofsdissiplines van stilte en afsondering in hul lewe te inkorporeer om sodoende hierdie soeke te stil en hul smagting te bevredig.

## 7.3. Interpreterende taak rakende geloofsdissiplines

Die interpreterende taak is in Hoofstuk 3 behandel en geloofsdissiplines is vanuit aangrensende wetenskappe nagevors deur middel van 'n literatuurstudie. Die doel van hierdie hoofstuk was om te ondersoek wat aangrensende wetenskappe bekend maak aangaande die waarde van die geloofsdissiplines van stilte en afsondering.

Om Osmer se vraag, "Waarom gebeur dit?", te beantwoord, is daar vasgestel dat geloofsdissiplines aktiwiteite is wat beoefen word om die mens nader aan God te bring en meer van Hom in die mens se lewe te beleef. Geloofsdissiplines is van groot waarde vir geestelike vorming en groei, en is van groot hulp vir die mens om 'n dieper verhouding met God te kan beleef. Stilte en afsondering as geloofsdissiplines is nagevors, wat ook as fokus van hierdie studie dien. Hierdie dissiplines is van groot waarde vir die Millenniale Generasie wat in 'n tyd leef wat gekenmerk word deur gejaagdheid en geraas, 'n tyd waarin die mens oorweldig word deur talle afleidings wat hom van God af kan laat wegdwaal. Stilte kan mense help om in kontak met hulself, hul omstandighede, die wêreld en 'n groter mag te kom (wat in die Christelike geloof God is). Afsondering beteken om lang periodes van tyd alleen saam met God deur te bring en om doelbewus interaksie met ander mense te vermy. Vanuit die navorsing en literatuurstudie is daar bepaal dat die beoefening van die geloofsdissiplines van stilte en afsondering die mens kan lei tot 'n dieper, intiemer en egte verhouding met God.

## 7.4. Interpreterende taak rakende die Millenniale Generasie

Die interpreterende taak in Hoofstuk 4 was op die Millenniale Generasie gefokus en 'n literatuurstudie is gedoen deur van aangrensende wetenskappe gebruik te maak. Die doel van hierdie hoofstuk was om te bepaal wat aangrensende wetenskappe bekend maak aangaande die Millenniale Generasie en die moontlike waarde wat stilte en afsondering vir hulle inhou.

Om Osmer se vraag, "Waarom gebeur dit?", te beantwoord, is daar in hierdie hoofstuk bevind dat die Millenniale Generasie 'n soeke na *betekenis* en *outensiteit* het en dat dit 'n groot invloed op hul geestelike lewe uitoefen. Die Millenniale Generasie se wêreldbeskouing verskil daadwerklik van vorige generasies s'n en lewer 'n goeie biografie van hierdie generasie. Daar is met betrekking tot hierdie beskouing ondersoek ingestel rakende hul siening en belewenis van die werkplek, institusionele instansies, tegnologie en godsdiens, en kerk en geloof. Die resultate van die literatuurstudie aangaande die Millenniale Generasie het getoon dat talle Millenniale die kerk verlaat en dat hulle 'n negatiewe siening van die kerk en godsdiens het. Tog was dit opvallend dat hulle nie hul geloof verwerp nie, maar wel 'n soeke na 'n diep en egte verhouding met God het. Weens hierdie inligting wat van die Millenniale Generasie verkry is, is die geloofsdissiplines van stilte en afsondering voorgestel as waardevolle hulpmiddels in hul soeke na betekenis.

## 7.5. Normatiewe taak

Die normatiewe taak is in Hoofstuk 5 behandel. Die doel van hierdie hoofstuk was om te bepaal watter Skrifperspektiewe rigting kan gee rakende die waarde en beoefening van stilte en afsondering as geloofsdissiplines. Daar is deur middel van teologiese literatuur asook Skrifperspektiewe ondersoek ingestel rakende die geloofsdissiplines van stilte en afsondering. Daar is ook op verskeie Skrifgedeeltes gefokus wat geloofsdissiplines aanmoedig en die waarde en noodsaaklikheid daarvan aandui. Vervolgens is daar na die lewens van vier Bybelse figure gekyk. Tydens die ondersoek van die Skrifperspektiewe is daar eksegese gedoen van die betrokke Skrifgedeeltes om sodoende diepgaande verduidelikings van die Skifgedeeltes te verkry. Die bevindinge wat vanuit die eksegetiese ondersoek gemaak is, is soos volg:

- Psalm 23:1-3: Daar is in hierdie gedeelte bevind dat Jesus mense, spesifiek in die konteks van die Millenniale wie se lewe deur gejaagdheid, lawaai en talle afleidings gekenmerk word, na rus lei. God lei mense ook om weer na Hom toe te draai. Die metafoor van die Herder dui op die nabye verhouding tussen God en die mens. Die woord "rus" word as "stil" of "stilte" vertaal en kan 'n aanduiding wees van God wat 'n mens baie keer na plekke van stilte en afsondering lei om in sy teenwoordigheid te rus.
- Eksodus 33:7-9: In hierdie gedeelte is daar na Moses gekyk. In 'n tyd waarin die Israeliete beelde vir hulself gemaak het en God op hierdie wyse verraai het, het Moses sy eie tent geneem en dit buite die kamp opgeslaan. Die plasing van die tent buite die kamp dui op God se uitnodiging om eenkant toe te gaan (weg van die gejaag, lawaai, afleidings en eise van die alledaagse lewe) met die doel om tyd saam met God te spandeer.
- 1 Konings 19:8-12: In hierdie gedeelte is daar na die lewe van Elia gekyk. Elia was vir 40 dae en 40 nagte in afsondering en stilte terwyl hy deur die woestyn getrek het en dit was in daardie tyd dat God ook met hom gepraat het. Hy het in hierdie periode aan Elia verskyn: Daar was eers verskeie magtige natuurverskynsels, maar God was slegs in die stille fluistering te vinde. Hierdie is 'n aanduiding dat God dikwels nie deur magtige dade nie, maar in stilte tydens afsondering tot die mens nader.
- Galasiërs 1:1-24: In hierdie gedeelte word daar baie inligting oor Paulus en sy lewensverhaal gegee. Dit is opvallend dat hy nie dadelik Jerusalem toe gegaan het nadat hy tot bekering gekom het nie, maar dat hy eers Arabië toe gegaan het. Arabië was bekend as 'n woestyn en die gevolgtrekking kan gemaak word dat Paulus eers 'n tyd in die woestyn in stilte en afsondering deurgebring het voordat hy volstoom met sy bediening begin het.

Jesus se lewe is vervolgens in oënskou geneem en daar is 'ndieptestudie gedoen rakende Jesus se beoefening van stilte en afsondering en die effek wat dit op sy lewe en verhouding

met God gehad het. Die beoefening van stilte en afsondering in ander gelowiges se lewens en in die kerkgeskiedenis is ook bestudeer.

Vanuit hierdie studie is die waarde van die geloofsdissiplines van stilte en afsondering ondersoek met betrekking tot Skriftuurlike perspektiewe en is daar bevind dat stilte en afsondering wel van groot waarde kan wees vir die Millenniale Generasie, veral in hul soeke na ‘n egte en intiemer verhouding met God.

### 7.6. Pragmatiese taak

Die laaste hoofstuk het gehandel oor die laaste taak van Osmer se model en die doel was om die teorie en praktyk bymekaar te bring. Die doel van hierdie hoofstuk was ook om prakties-teoretiese riglyne in plek te stel oor hoe die Millenniale Generasie pastoraal begelei kan word om stilte en afsondering as ‘n geloofsdissipline in hul lewe te inkorporeer en beoefen. In hierdie hoofstuk is die navorsingsresultate wat in vorige hoofstukke bevind is, geïntegreer en is daar praktiese riglyne gegee wat in ‘n kursus/seminaar aangebied kan word om Millenniale te begelei in die beoefening van stilte en afsondering. Daar is eerstens begeleiding gebied oor die voorbereidingstappe wat Millenniale behoort te volg om stilte en afsondering te beoefen. Dit het die volgende ingesluit:

- Die belangrikheid daarvan om ‘n spesifieke tyd en plek te kies vir die beoefening van stilte en afsondering
- Die nodige bewustheid rakende afleidings tydens tye van stilte en afsondering
- Die belangrikheid daarvan om ‘n gemaklike posisie in te neem wanneer tyd in stilte en afsondering deurgebring word
- Die noodsaaklikheid om ‘n doel te hê wanneer daar in stilte en afsondering ingegaan word; dit behels die gekose tyd wat die persoon in stilte wil spandeer.

Daar is verder metodes voorgestel wat van hulp kan wees om die Millenniaal se aandag in stilte en afsondering na God te draai. Die gebruike en metodes wat voorgestel is, is sentreringsgebed, asemhalingsgebed, begeleide meditasie, ondersoekende gebed, ‘n labirint en refleksie op tye van stilte en afsondering. Daar is ook langer tye van stilte en afsondering voorgestel, asook pelgrimstogte, stilte-afsonderingsentrums (*retreats*) en St. Ignatius se geestelike oefeninge.

Hierdie begeleidingsmodel is saamgestel om praktiese begeleiding te bied aan die Millenniale Generasie wat die geloofsdissiplines van stilte en afsondering wil beoefen.

### 7.7. Finale gevolgtrekking

Die navorsingsvraag, asook die subvrae en doelwitte wat in hierdie studie gestel is, is beantwoord en bereik deur elk van die bogenoemde hoofstukke. Die sentrale teoretiese argument van hierdie

studie is bewys deur aan te dui watter waarde stilte en afsondering as geloofsdissiplines tot die Millenniale se lewens kan toevoeg. Die studie is duidelik oor wat die waarde van stilte en afsondering is. Daar is ook ‘n prakties-teoretiese begeleidingsmodel voorgestel wat in ‘n kursus/seminaar aangebied kan word sodat die Millenniale Generasie die geloofsdissiplines van stilte en afsondering prakties kan beoefen. Die sentrale teoretiese argument kan verder uitgebrei en verryk word deur die verwysing na voorstelle vir verdere navorsing.

### 7.8. Voorstelle vir verdere navorsing

Die volgende moontlikhede vir verdere navorsing is geïdentifiseer en word voorgestel:

- Begeleiding van die Millenniale Generasie wat die kerk verlaat het
- Die beoefening van stilte en afsondering vir introverte en ekstroverte
- Die impak van geloofsdissiplines met betrekking tot geestelike groei
- Begeleiding van die Millenniale Generasie in hul soeke na betekenis en aanvaarding

# BRONNELYS

Aarnink, L., Andree, T., Van Galen, J., Maas, F., Peters, J., Sars, P., Tigcheler, J., van Tillo, G. & Waaijman, K. 1995. Speling: Stilte. *Redactie*, 47(1):3.

Abdul-Alim, J. 2012. The Millennial view: today's 18-29 year olds grapple with ideas of race, and religion in new study. http://content.ebscohost.com/ContentServer.asp?T=P&P=AN&K=78090972&S=R&D=aph&EbscoContent=dGJyMNXb4kSeprc4v%2BvlOLCmr0%2BeprRSr6m4S7SWxWXS&ContentCustomer=dGJyMPGusUu0rq5JuePfgeyx43zx. Dag van besoek: 24 Julie 2017.

Akin, A. & Akin, U. 2014. Authenticity as a predictor of hope in Turkish university students. *Education Science and Psychology*, 2(28):64–70.

Alexander, I. 2013. Spiritual seclusion: Khalwa in Islam. http://www.islamicrenaissance.com/blog/spiritual-seclusion-khalwa-in-islam/. Dag van besoek: 6 Julie 2017.

Allen, K. 2015. Global unemployment to rise to 212 million. *The Guardian,* 19 January. http://www.thegardian.com/business/2015/jan/19/g Dag van besoek: 4 September 2017.

Allender, D.B. 1999. The healing path: how the hurts in your past can lead you to a more abundant life. Colorado Springs, CO: Waterbrook.

Amazing discoveries. 2014. Loyola and spiritual formation. http://amazingdiscoveries.org/ignatius-loyola-and-spiritual-formation#footnoteiv Dag van besoek: 4 September 2017.

Anderson, J. & Rainie, L. 2012. Millennials will benefit and suffer due to their hyperconnected lives. Pew Research Center. http://www.pewinternet.org/2012/02/29/millennials-will-benefit-and-suffer-due-to-their-hyperconnected-lives/. Dag van besoek: 12 Junie 2017.

Anon. 2015. How Millennials use and control social media. American Press Institute, 16 March. https://www.americanpressinstitute.org/publications/reports/surveyresearch/millennials-social-media/. Dag van besoek: 22 Julie 2017.

Armour, S. 2005. Generation Y: they've arrived to work with a new attitude. https://www.scribd.com/document/322357444/USATODAY-com-Generation-Y-They-Ve-Arrived-at-Work-With-a-New-Attitude. Dag van besoek: 14 Junie 2017.

Arnett, J.J. 2004. Emerging adulthood: the winding road from late teens through the twenties. New York, NY: Oxford Press.

Arnold, E. 1985. Why we choose silence over dialogue. *The Plough*, 11:1-12.

Arthur, E. 2013. Missio Dei and the mission of the Church. Wycliffe Global Alliance. http://www.wycliffe.net/missiology?id=3960. Dag van besoek: 10 September 2017.

Atwood, J. D. & Scholtz, C. 2008. The quarter-life time period: an age of indulgence, crisis or both? *Contemporary Family Therapy*, 30(4):233-250.

Augustyn, B.D., Hall, T.W., Wang, D.C. & Hill, P.C. 2016. Relational spirituality: an attachment-based model of spiritual development and psychological well-being. *Psychology of religion and spirituality,* 9(2):197-208.

Baab, L.M. 2012. Joy together: spiritual practices for your congregation. Louisville, KY: Westminster John Knox Press.

Babbie, E. & Mouton, J. 2004. The practice of social research. 10th ed. Belmont, CA: Wadsworth Thomson Learning.

Baker, C. 2016. Empathy and authenticity: reaching the Millennial generation through social media. http://social.colostate.edu/2016/10/31/empathy-authenticity-reaching-the-millennial-generation-through-social-media/. Dag van besoek: 20 Julie 2017.

Bakke, J.A. 2000. Holy invitations. Grand Rapids, MI: Baker Books.

Balswick, J.O., Ebstyne, K. & Reimer, K.S. 2016. The reciprocating self: human development in theological perspective. Downers Grove, IL: InterVarsity Press.

Barbour, J.D. 2004. The value of solitude: the ethics and spirituality of aloneness in autobiography. Charlottesville, VA: University of Virginia Press.

Barette, G. 2002. Spiritual direction in Roman Catholic tradition. *Journal of Psychology and Theology,* 30(1):290-302.

Barna Group. 2007. A new generation expresses its skepticism and frustration with Christianity. https://www.barna.com/research/a-new-generation-expresses-its-skepticism-and-frustration-with-christianity/ Dag van besoek: 7 September 2015.

Barry, W.A. & Connolly, W. 2009. The practice of spiritual direction. 2nd ed. New York, NY: Harper One.

Barteau, G. 2011. “Getting Fit.” Preach it, teach it: tools for pastors, teachers and Bible students. http://www.preachitteachit.org/sermons/series/getting-fit-spiritual-disciplines-draw-us-to-christ/. Dag van besoek: 1 September 2017.

Barton, R.H. 2007. Spiritual leadership and the practice of paying attention. Transforming Center: eReflections. https://www.transformingcenter.org/2007/10/the-practice-of-paying-attention-2/. Dag van besoek: 3 Junie 2016.

Barton, R.H. 2009a. Invitation to solitude and silence: experiencing God’s transformative presence. Downers Grove, IL.: InterVarsity Press.

Barton, R.H. 2009b. It begins with you! How the spiritual formation of the pastor effects the spiritual formation of the congregation. *Common Ground Journal,* 7(1):26-36.

Barton, R.H. 2010a. Invitation to solitude and silence: experiencing God’s transforming presence. Downers Grove, IL: Intervarsity Press.

Barton, R.H. 2010b. Sacred rhythms: arranging our lives for spiritual transformation. Downers Grove, IL: InterVarsity Press.

Baxter, J.S. 2016. A new call to holiness: a restudy and restatement of New Testament teaching concerning Christia sanctification. Grand Rapids, IL: Kregel Publications.

Beauregard, M. & O’Leary, D. 2009. The spiritual brain. New York, NY: Harper Collins.

Becher, T. & Trowler, P.R. 2001. Academic tribes and territories. Buckingham: The Society for Research into Higher Education and Open University Press.

Becker, J. 2017. Becoming minimalist: finding significance in a world of distraction. https://www.becomingminimalist.com/finding-significance-in-a-world-of-distraction/ Dag van besoek: 11 Junie 2017

Belisle, P.D. 2003. The language of silence: the changing face of monastic solitude. Maryknoll, NY: Orbis Books.

Benner, D.G. 2011. Soulful spirituality: becoming fully alive and deeply human. Grand Rapids, MI.: Baker Publishing group.

Benson, J. 2017. Bible hub: Benson Commentary. http://biblehub.com/commentaries/exodus/33-11.htm Dag van besoek: 1 September 2017.

Berg, B.L. 2001. Qualitative research methods for the social sciences. 4th ed. Boston, MA: Allyn and Bacon.

Berger, D.O. 2013. On means, ends and Millennials. *Missio Apostolica,* 20(1):12-13.

Berinstein, P. 2003. Business statistics on the web: Find them fast – At little or no cost. New Jersey, NJ: CyberAge Books.

Bernstein, A., Hadash, Y., Lichtash, Y., Tanay, G., Shepherd, K. & Fresco, D.M. 2015. Decentering and related constructs: a critical review and metacognitive processes model. *Perspectives on Psychological Science*, 10(1):599–617.

Bible.org. 2017. The argument of Hebrews. https://bible.org/article/argument-hebrews Dag van besoek: 5 September 2017.

Bland, H.W., Melton, B.F., Welle, P. & Bigham, L. 2012. Stress tolerance: new challenges for Millennial college students**.** *College Student Journal*, 46(2):362-375.

Blue letter Bible. s.a. C.H. Spurgeon's Bio and resources: Psalm 23. URL Address: https://wwwblueletterbible.org/vomm/spurgeon_charles/tod/ps023/cfm?a=501003 Dag van besoek: 16 Oktober 2017.

Boa, K. 2001. Conformed to His image: biblical and practical approaches to spiritual formation. Grand Rapids, MI: Zondervan.

Boehme, A.J. 2013. The Church and the culture of the Millennials: the best or the worst of times? *Missio Apostolica*, 21(1):95-124.

Bonanno, S.G. 2017. Social media's impact on relationships. https://psychcentral.com/lib/social-medias-impact-on-relationships/ Dag van besoek: 22 Julie 2017.

Bonhoeffer, D. & Wells, S. 2015. Life together. New York, NY: Harper & Row.

Bourgeault, C. 2004. Centering prayer and inner awakening. Lanham, MD: Rowman & Littlefield Publications.

Brother John. 2015. A thirst for silence: the Taize experience. London: SCM Press.

Buffardi, L. E. & Campbell, W.K. 2008. Narcissism and social networking web sites. *Personality and Social Psychology Bulletin,* 34(10):1303-1314.

Butler, J. 2015. Global youth unemployment rate rising rapidly. *Mint Press News.* http://www.mintpressnews.com/global-youth-unemployment Dag van besoek: 4 September 2017.

Bybel. 1983. Die Bybel: nuwe vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Bybel. 1953. Die Bybel: Ou Vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Bybel. 2011. Die Bybel: Nuwe lewende vertaling. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Byron, W. J. 2000. Jesuit Saturdays: Sharing the Ignatian spirit with lay colleagues and friends. Chicago, IL: Loyola Press.

Cabral, J. 2011. Is generation Y addicted to social media? *The Elon Journal of Undergraduate Research in Communication*, 2(1):5-14.

Cadenhead, A. 2005. God's call to be: when being precedes doing. Macon, GA: Smyth & Helwys Publishing.

Calhoun, A.A. 2005. Spiritual disciplines handbook: practices that transform us. Downers Grove, IL: InterVarsity Press.

Cambridge Bible for schools and colleges. 2017. Bible hub: Galatians 1:17. http://biblehub.com/commentaries/galatians/1-17.htm. Dag van besoek: 5 September 2017.

Campbell-Lane, Y. & Lotter, G.A. 2005. Biblical counselling regarding inner change. *Koers,* 70(1):99-123.

Caraher, Lee. 2015. Millennials & Management: The essential guide to making It work at work. Brookline, MA: Bibliomotion Inc.

Carpenter, C.J. 2012. Narcisissm on Facebook: Self-promotion and anti-social behaviour. *Personality and Individual differences,* 52(4):482-486.

Carstens, K.N. 2015. Persecution of church men and other religious workers opressed to Apartheid use. http://www.sahistory.org.za/article/dutch-reformed-church-south-african-history-online. Dag van besoek: 17 Junie 2015.

Carter, J. 2015. NIV Lifehacks Bible: practical tools for spiritual habits. Grand Rapids, MI: Zondervan.

Caruso, C. 2014. Understanding Y. http://www.eblib.com. Dag van besoek: 24 Julie 2017.

Castleman, R. 2011. Elijah: obedience in a threatening world. New York: Shaw Books.

Christensen, L.B., Johnson, R.B. & Turner, L.A. 2011. Research methods, design, and analysis. Boston, MA: Pearson.

Clarke, A. 2013. Commentary on the New Testament. Titus Books: NZ.

Classic Commentary. Residence of Paul in Arabia. http://www.biblestudytools.com/classics/barnes-scenes-in-life/residence-of-paul-in-arabia/ Dag van besoek: 5 September 2017.

Clause, C. 2017. Traditionalist generation: defintion and characteristics. Study.com. http://study.com/academy/lesson/traditionalist-generation-definition-characteristics-quiz.html Dag van besoek: 1 Februarie 2017.

Clemons, T.J. 2000. Growing the devotional life through the spiritual disciplines of silence and solitude. Wilmore, Ky.: Asbury Theological Seminary. (Dissertation – Doctor of Ministry).

Cloeter, J. 2013. On millennials and story. *Missio Apostolica,* 20(1):48-54.

Codrington, G.T. 2000. Multi-generational ministries in the context of a local church. Pretoria: University of South Africa. (Dissertation – MA in Diaconology).

Coetzee, J.C. 1990. Die Skrif en die wetenskap: Hermeneutiese reëls. (*In* Floor, L. & Coetzee. J., *eds.* Die Skrif en die Wetenskap. Potchefstroom: PU. vir CHO. p. 15-30).

Coetzer, W.C. & Snell, L.E. 2013. ‘n Voorgestelde matriks vir die pastorale berading van die verwonde geloofsvervreemde. *In die Skriflig*, 47(1):1-11.

Cohen, A. 1992. Soncino books of the Bible: the Psalms. New York, NY: The Soncino Press.

Cole, R.A. 2015. Tyndale Old Testament commentaries: Exodus. Nottingham: InterVarsity Press.

Collier, N.S. 2012. The pleasant life, the good life and the meaningful life. [Blog]. *NSC Blog.* http://www.nscblog.com/miscellaneous/the-pleasant-life-the-good-life-and-the-meaningful-life/ Dag van besoek: 5 Mei 2017.

Compton, W.C. 2005. An Introduction to positive psychology. Belmont, CA: Thomson/Wadsforth.

Condensed Biblical encyclopedia. 2017. Saul of Tarsus. http://www.biblestudytools.com/encyclopedias/condensed-biblical-encyclopedia/saul-of-tarsus.html. Dag van besoek: 5 September 2017.

Corbin, J. & Strauss, A. 2015. Basics of qualitative research: grounded theory procedures and techniques. Thousand Oaks, CA: Sage.

Cowen, H. 2017. Solitude and silence. http://learningandtalent.intervarsity.org/spiritual-formation-prayer/spiritual-formation-training/solitude-and-silence. Dag van besoek: 1 Oktober 2017.

Cramer, R. 2014. Millennials rising: coming of age in the wake of the great recession. @*New America,* 11-16. https://www.newamerica.org/documents/1942/Millennials_Rising_Coming_of_Age_in_the_Wake_of_the_Great_Recession_hPH6qs7.pdf. Dag van besoek: 5 Mei 2017.

Credo, K.R., Lanier, P.A., Matherne III, C.F. & Cox, S.S. 2016. Narcissism and Entitlement in Millennials: The mediating influence of community service, self efficacy and engagement. *Personality and Individual Differences, 101(2016):192-195.*

Creswell, J.W., Plano Clark, V., Gutmann, M. & Hanson, W. 2003. Advanced mixed methods research designs. (*In* Tashakkori, A. & Teddlie, C., *eds.* Handbook of mixed methods in social and behavioural research. Thousand Oaks, CA: Sage. p. 209-240).

Csikszentmihalyi, M. 1975. Play and intrinsic awards. *Journal of humanistic Psychology,* 15(3):41-63.

Csikszentmihalyi, M. 1990. Flow: the psychology of optimal experience. New York, NY: Harper & Row.

Curran, I. 2010. Theology as a Spiritual discipline. *Liturgy,* 26(1):3-10.

Cutri, M.P. 2011. Sounding solitude: an approach to transformation in Christ by love. Washington, DC: ICS Publications.

Dake, F.J. 2010. Dake's annotated reference Bible. Lawrenceville, GA: Dake Bible Sales.

Daley, J. 2014. 5 "bad" millennial traits that are actually good for entrepreneurs. http://www.entrepreneur.com Dag van besoek: 12 September 2017.

De Boer, M.C. 2011. Galatians: a commentary. Louisville, Ky.: Wetminster John Knox Press.

De Caussade, J. 1966. The sacrament of the present moment. San Francisco, CA: Harper.

De Vos, A.S. 2005. Combined quantitative and qualitative approach. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik. p. 357-366).

De Wet, F.W. 2006. Die aanwending van Rolf Zerfass se handelingswetenskaplike model in prakties-teologiese teorievorming – 'n gereformeerde perspektief. *In die Skriflig*, 40(I):59.

Deitsch, C.M. 2012. Creating a millennial generation contextualized church culture. Lynchburg, VA: Liberty University. (Dissertation-M.Div.)

Delport, C.S.L. & Fouché, C.B. 2005. The place of theory and the literature review in the qualitative approach to research. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik. p. 44-55).

DeLucia, C. 2015. Generational formative influences on workplace attitudes and values. Philadelphia, PA: University of Pennsylvania. (Thesis – Master of Science in Organizational dynamics).

Denovan, A. & Macaskill, A. 2017. Stress and subjective well-being among first year UK undergraduate students. *Journal of happiness studies,* 18(2):505-525.

DeVaney, S.A. 2015. Understanding the Millennial generation. *Journal of Financial Service Professionals,* 69(6):11-14.

Dictionary.com. 2017. Solitude. http://www.dictionary.com/browse/solitude Dag van besoek: 3 Mei 2017.

Dillard, R.B. & Longman, T. 2006. An introduction to the Old Testament. Grand Rapids, MI: Zondervan.

Donovan, R.N. 2017. Sermon writer: 1 Corinthians 9:24-27 Biblical Commentary. https://www.sermonwriter.com/biblical-commentary/1-corinthians-924-27 Dag van besoek: 10 Oktober 2017.

Drake, B. 2014. 6 new findings about Millennials. Pew research center. *Fact Tank,* 7 March. http://www.pewresearch.org/fact-tank/2014/03/07/6-new-findings-about-millennials/ Dag van besoek: 15 Junie 2017.

Dreyer, J.S. 1991. Navorsingmetodologie (PTA 100-T). (*In* Unisa. Studiegids Praktiese Teologie. Pretoria: Unisa. p. 225-274).

Duggan, M., Ellsion, N., Lampe, C., Lenhart, A. & Madden, M. 2015. Social media update 2014. Pew Research Center. http://www.pewinternet.org/2015/01/09/ social-media-update-2014/ Dag van besoek: 23 Julie 2017.

Duin, J. 2013. Quitting church: why the faithful are fleeing. Elmore, CO: Bondfire Books.

Dulles, A. 1991. Jesuits and theology: yesterday and today. *Theological studies*. 52(1): 524-538.

Dunnett, W.M. 1993. Nuwe-Testamentiese Oorsig. Wheaton, IL: Evangelical Teacher Training Association.

Durham, J.I. 1987. Word Biblical commentary: Exodus. Nashville, TN: Nelson/Word Publishing Group.

Edwards, K. 2015. Religious participation during the quarter-life crisis: examining the relationship between congregations and emerging adults. Waco, TX: Baylor University (Dissertation – PhD).

Elliot, D.B. 2011. Figures: Historical marriage trends from 1890-2010. US Census Bureau. http://census.gov/hhes/socdemo/marriage/data/acs/ElliottetalPAA2012figspdf Dag van besoek: 22 Julie 2017.

Engeser, S. & Shiepe-Tiska, A. 2012. Historical lines and an overview of current research on flow. (*In* Engeser, S., *ed.* Advances on flow research. New York, NY: Springer. p. 1–22).

English Oxford Living Dictionaries. 2016. Discipline. https://en.oxforddictionaries.com/definition/discipline. Dag van besoek: 8 April 2015.

Epperly, B.G. 2001. God's touch: faith, wholeness and the healing miracles of Jesus. Louisville, KY: Westminster John Knox Press.

Espinoza, B.D. 2013. Practical theology: an introduction review. *Christian Education Journal,* 10(1):208-212.

Evans, J. 2015. Experience and convergence in spiritual direction. *Journal of Religion and Health,* 54(1):264-278.

Exell, J.S., Spence, J. & Maurice, H.D. 1897. Bible commentaries: The Pulpit Commentary: 1 Corinthians 9. https://www.studylight.org/commentaries/tpc/1-corinthians-9.html. Dag van besoek: 10 Oktober 2017.

Fave, A.D. & Bassi, M. 2016. Flow and psychological selection. (*In* Harmat, L., Anderson, F.Ø., Ullén, F., Wright, J. & Sadlo, G. 2016. Flow experience: empirical research and applications. New York, NY: Springer. p. 3-23).

Finkel, E.J., Eastwick, P.W., Karney, B.R., Reis, H.T. & Sprecher, S. 2012. Online dating: a critical analysis from the perspective of psychological science. *Pscychological Science in the Public Interest,* 13(1):3-66.

Fokkelman, J.P. 1987. Exodus. (*In* Alter, R, & Kermode, F*., eds.* The literary guide to the Bible. London: Fontana. P.

Folkman, S. 2008. The case for positive emotions in the stress process. *Anxiety, stress and coping,* 21(1):3-14.

Foster, R. 1999. Celebration of discipline: the path to spiritual growth. Study guide edition. London: Hodder & Stoughton.

Foster, R., Willard, D., Brueggemann, W. & Peterson, E.H. 2005. The life with God Bible. New Revised Standard Version. New York, NY: Harper Collins Publishers.

Fouché, C.B. 2005. Qualitative research designs. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., *eds.* Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik. p. 267-273).

Fouché, C.B. & De Vos, A.S. 2005. Problem formulation. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., *eds.* Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik. p. 100-110).

Fouché, C.B. & Schurink, W. 2011. Qualitative research designs. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., *eds.* Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 267-273).

Fourie, M.C. 2010. Middelloopbaan-ontwikkeling deur spirituele lewenstylafrigting. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat. (Proefskrif – PhD).

Fouts, R.T. 2013. Embracing Luther's Theology of Tentatio as key to reaching the Millennial generation. *Missio Apostolica.* 20(1):63-72.

Fresco, D. M., Segal, Z. V., Buis, T. & Kennedy, S. 2007. Relationship of post-treatment decentering and cognitive reactivity to relapse in major depression. *Journal of Consulting and Clinical Psychology*, 75(3):447– 455.

Frey, L.R., Botan, C.H. & Kreps, G.L. 2000. Investigating communication: an introduction to research methods. 2nd ed. Boston, MA: Allyn and Bacon.

Friedman, E.M. 2012. Well-being, aging and immunity. (*In* Segerstrom, S.C., *ed.* The Oxford handbook of psychoneuroimmunology. New York, NY: Oxford University Press. p. 40).

Fry, R. 2013. A rising share of young adults live in their parent's home. Pew Research Center. http://www.pewsocialtrends.org/2013/08/01/a-rising-share-of-young-adults-live-in-their-parents-home/. Dag van besoek: 23 Julie 2017.

Gable, S.L. & Haidt, J. 2005. What and why is positive psychology? *Review of General Psychology,* 9(2):103-110.

Gaiswinkler, L. & Unterrainer, H.F. 2016. The relationship between yoga involvement, mindfulness and psychological well-being. *Complementary Therapies in Medicine*, 26(1):123-127.

Galindo, I. 1997. Spiritual direction and pastoral counselling: addressing the needs of the spirit. *The Journal of Pastoral care,* 51(4):395-402.

Galli, M. 2008. A life formed in the spirit: Richard Foster's disciplined attention to spiritual fomation began early on. *Christianity Today Magazine,* 17 September. http://www.christianitytoday.com/ct/2008/september/26.41.html. Dag van besoek: 1 September 2017.

Gardner, F. 2011. Critical spirituality: a holistic approach to holistic practice. Farnham: Ashgate Publishing.

Gardner, T.R. 2015. Integrated spiritual formation. Findlay, OH: Winebrenner Theological Seminary. (Thesis – Doctor of Ministry).

Gallup. 2013. Gallup: State of American workplace. http://employeeengagement.com/wp-content/uploads/2013/06/Gallup-2013-State-of-the-American-Workplace-Report.pdf Dag van besoek: 24 Julie 2017.

Garland, D.E. 2003. 1 Corinthians. Grand Rapids, MI: Baker Academic.

Gaultiere, B. 2013. Soul shepherding: Bible verses on solitude and silence. http://www.soulshepherding.org/2011/07/bible-verses-on-solitude-and-silence/. Dag van besoek: 11 Januarie 2017.

Gendron, C. & Lienesch, R. 2015. Millennials and political "slacktivism". Public Religion Research Institute. http://publicreligion.org/2015/06/millennials-political-slacktivism/#.Vp29dxorJ0e Dag van besoek: 22 Julie 2017.

Genesius, W. & Tregelles, S.P. 1954. Genesius' Hebrew and Chaldee Lexicon to the Old Testament Scriptures. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Geyser, B.J. 2014. A model for accompaniment of seekers into their quest for wholeness. (Ongepubliseerd).

GFK. 2017. Unpacking South African Millennials. http://www.gfk.com/insights/news/unpacking-south-african-millennials/ Dag van besoek: 4 September 2017.

Gibbs, A. 1997. Focus groups. *Social Research Update*, 19(1):1-6.

Gill, T.K. 2013. Career development in the context of globalization, privatization and liberalization. *American International research in Humanities, Arts and Social Sciences*, 3(1):101-116.

Gillham, B. 2000. The research interview: real world research. New York, NY: Continuum.

Giridharadas, A. 2014. Millennials, government and mistrust. *New York Times*, 22 July. http://www.pewsocialtrends.org/2014/07/23/millennials-government-and-mistrust/ Dag van besoek: 21 Julie 2017.

Globalization 101. 2016. What Is Globalization? http//:www.globalization101.org Dag van besoek: 12 September 2017.

Goldsmith, B. 2013. 10 Things your relationship needs to thrive: giving your relationship positive energy is a truly loving gesture. https://www.psychologytoday.com/blog/emotional-fitness/201303/10-things-your-relationship-needs-thrive Dag van besoek: 1 Januarie 2017.

Gonzales, J.L. 2010. Story of Christianity, vol 2: The Reformation to the present day. New York, NY: Harper Collins Publishers.

Greeff, M. 2011. Information collection: interviewing. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., *eds*. Research at grass roots: for the social sciences and human service professions. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik. p. 286-313).

Grijalva, E. & Zhang, L. 2016. Narcissism and self-insight: a review and meta-analysis of Narcissists' self-enhancement tendencies. *Personality and Social Psychology Bulletin*, 42(1):3-24.

Guerrier, R. 2017. How to attract Millennials to your company. http://ewn.co.za/2017/02/11/how-to-attract-millennials-to-your-company Dag van besoek: 20 Julie 2017.

Guldalian, S. 2013. The Millennials: reflections on reaching a lost generation for Christ. *Missio Apostolica,* 21(1):41-47.

Guzik, D. 2011. Study guide for Psalm 23. https://www.blueletterbible.org/Comm/guzik_david/StudyGuide2017-Psa/Psa-23.cfm?a=501002 Dag van besoek: 16 Oktober 2017.

Guzik, D. 2013. Enduring word: 1 Timothy 4 – Being God's man. https://enduringword.com/bible-commentary/1-timothy-4/ Dag van besoek: 10 Oktober 2017.

Gyatso, G.K. 2007. About Buddhism: what is Buddhism? http://www.aboutbuddhism.org/what-is-buddhism.htm/ Dag van besoek: 5 Maart 2017.

Hahn, S. Mitch, C., Giszczak & Walters, D. 2017. The first and second book of the Kings. San Francisco: Ignatius Press.

Hais, M. & Winograd, M. 2013. Improving Millennials' civic health and the country's. Huffington Post, 8 February. http://www.huffingtonpost.com/michael-hais-and-morley-winograd/improving-millennialsciv_b_2639436.html Dag van besoek: 21 Julie 2017.

Hale, T. 2007. The applied New Testament commentary. Colorado Springs, CO: David Cook.

Hall, J. 2007. Silence, solitude, simplicity: a hermit's love affair with a noisy, crowded and complicated world. Collegeville, MN: Liturgical Press.

Hall, C.A. 2014. Historical, theology and spiritual formation: a response. *Journal of Spiritual formation & Soul care,* 7(2):210-219.

Halstead, J.L. 2014. Silence and solitude: encounter with God. *Leaven*: 22(1):48-53.

Hanson, R. 2006. Spiritual excercises. *Santa Clara Magazine*, Summer. https://magazine.scu.edu/summer2006/spiritual.cfm Dag van besoek: 5 September 2017.

Harden, L. 2012. The quest for the spiritual Jesus: Jesus and the spiritual disciplines. *Stone-Campbell Journal,* 15(2):217-227.

Harris, R.L. 2003. Theological wordbook of the Old Testament. Chicago, IL: Moody Press.

Harvey, P. & Martinko, M.J. 2009. An empirical examination of the role of attributions in psychological entitlement and its outcomes**.** *Journal of Organizational Behavior*, 30(4):459-476**.**

Harwell, M.R. 2011. Research design in qualitative/quantitative/mixed methods. (*In* Conrad, C.F. & Serlin, R.C. The SAGE handbook for research in education: pursuing ideas as the keystone of exemplary inquiry. 2nd ed. Thousand Oaks, CA: Sage. p.147-182).

Hawkins, G.L. & Parkinson, C. 2007. Reveal: where are you? Barrington, IL: Willow Creek Resources.

Hayes, M. 2013. Dietrich Bonhoeffer and Evangelicals: theology begins in silence. http://bonhoeffernowandthen.wordpress.com/2013/05/09/theology-begins- in-silence Dag van besoek: 5 September 2017.

Heerens, D. 2014. APK voor lichaam, ziel en geest. *Theoblogie: Theologie voor vandaag*. http://www.theoblogie.nl/apk-voor-lichaam-ziel-en-geest/ Dag van besoek: 24 Julie 2014.

Helyer, R. & Lee, D. 2012. The twenty-first century multiple generation workforce: overlaps and differences but also challenges and benefits. *Education and Training*, 54(7):565-578.

Hershatter, A. & Epstein, M. 2010. Millennials and the world of work: an organization and management perspective. *Journal of Business and Psychology,* 25(2):211-223.

Hide, K. 2004. Insights from the revelations of Divine love and the contemplation to attain love. *Australian eJournal of Theology*, 3(1):1-11.

Hill, A.E. & Walton, J.H. 2009. A survey of the Old Testament. 3rd ed. Grand Rapids, MI: Zondervan.

Hoover, D. 2011. The Christian spiritual discipline of solitude: measurement and exploration. Illinois, IL: Wheaton College Graduate School. (Verhandeling - PhD).

Horan, D. P. 2010. Striving toward authenticity: Merton's "True Self" and the Millennial generation's search for identity. *Merton Annual*, 23(1):80-89.

Howe, N. & Strauss, W. 2000. Millennials rising. New York, NY: Vintage Books.

Hoyle, A. 2017. A generation with a huge sense of entitlement: bosses complain that Millennials are spoilt, full of themselves, averse to hard work and expect 'success on a plate' so what does that mean for society?. *Daily Mail,* 16 February. http://www.dailymail.co.uk/femail/article-

4232696/Millenials-generation-huge-sense-entitlement.html. Dag van besoek: 16 September 2017.

Huber, J. & Skidmore, P. 2003. The New old: why baby boomers won't be pensioned off. London: Demos. https://www.demos.co.uk/files/thenewold.pdf. Dag van besoek: 5 Julie 2016.

Huyler, D., Pierre, Y., Ding, W. & Norelus, A. 2015. Millennials in the workplace: positioning companies for future success. Paper presented at the 14th Annual South Florida Education Research Conference at the Florida International University. http://digitalcommons.fiu.edu/cgi/viewcontent.cgi?article=1424&context=sferc. Dag van besoek: 16 September 2017.

Huysamen, G.K. 1998. Methodology for the social and behavioural sciences. Johannesburg: International Thompson Publishers.

Hyatt, M. 2012. Your virtual mentor: a practice of stillness. https://michaelhyatt.com/the-practice-of-stillness.html Dag van besoek: 5 July 2016

Illsley, C.L. 2017. The largest religions in the world. *World Atlas.* http://www.worldatlas.com/articles/largest-religions-in-the-world.html Dag van besoek: 3 April 2017.

Jamieson, R., Fausset, R. & Brown, D. 1961. Commentary critical and explanatory in the whole Bible. http://www.biblestudytools.com/commentaries/jamieson-fausset-brown/1-timothy/1-timothy-4.html Dag van besoek: 20 Augustus 2017.

Janse an Rensburg, F.J., *ed,* 2011. Preekgeboorte: van eksegese tot preek. Hersiene en uitgebreide uitgawe. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

Joaquin. 2016. History of mindfulness: from east to west and from religion to science. https://positivepsychologyprogram.com/history-of-mindfulness/ Dag van besoek: 30 Desember 2016.

Johnson, J. 2012. Spiritual disciplines companion: Bible studies and practices to transform your soul. Downers Grove, IL: InterVarsity Press.

Jones, G.H. 1984. 1 and 2 Kings. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Jones, R.P., Cox, D., Cooper, B. & Lienesch, R. 2016. Exodus: why Americans are leaving religion – and why they're inlikely to come back. Public Religion Research Institute. http://www.prri.org/research/prri-rns-poll-nones-atheist-leaving-religion/ Dag van besoek: 12 September 2017.

Jones, T. 2005. The sacred way: spiritual practices for everyday life. Grand Rapids, MI: Zondervan.

Jonker, W.D. 1989. Die eie-aard van die gereformeerde spiritualiteit. *Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 30(3):288-299.

Joseph, S., Linley, P.A & Maltby, J. 2006. Positive psychology, religion, and spirituality. *Mental health, religion and culture*, 9(3):209-212.

Kamper, G. & Steyn, M. 2007. My toekoms in Suid Afrika: perspektiewe en verwagtings van die Afrikaanssprekende jeug. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 47(4):516-530.

Kane, S. 2017. Baby Boomers in the workplace: how Baby Boomers traits and characteristics affect the workplace. https://www.thebalance.com/baby-boomers-2164681 Dag van besoek: 5 Maart 2017.

Kavanaugh, K. & Rodriguez, O. 1980. The collected works of St. Teresa of Avila, v. 2. Washington, DC: ICS Publications.

Kawulich, B.B. & Holland, L. 2012. Qualitative data analysis. (*In* Wagner, C., Kawulich, B. & Garner, M., *eds.* Doing social research: a global context. Maidenhead, Berkshire: McGraw-Hill. p. 228-245).

Keeter, S. & Taylor, P. 2009. The Millennials. Pew Research Center. http://www.pewresearch.org/2009/12/10/the-millennials/ Dag van besoek: 14 Junie 2017.

Kenny, C. 2011. The power of silence: silent communication in daily life. London: Karnac Books.

Kidder, A.S. 2007. The power of solitude: discovering your true self in a world of nonsense and noise. New York, NY: Crossroad Publishers.

Kidner, D. 2008. Kidner classic commentaries: Psalms 1-72. Downers Grove, IL: InterVarsity Press.

Kim, D.H. 2013. 20 and something: have the time of your life (And figure it all out too). Grand Rapids, MI: Zondervan.

Kim, H.K. 1999. Toward an effective method of spiritual discipline to the student in a theological institution school of theological and missions. Tulsa, OK: Oral Roberts Ministry. (Dissertation - PhD).

King, D.P. 2016. Millennials, faith and philanthropy: who will be transformed? *Bridge/Work,* 1(1):1-11. https://scholar.valpo.edu/cgi/viewcontent.cgi?article=1005&context=ilasbw Dag van besoek: 25 Julie 2017.

Kinnaman, D. & Hawkins A. 2011. You lost me. Grand Rapids, MI: Baker Books.

Kirby, B. 2017. Beauty from silence: the community of Taize. *ARTS,* 28(2):38-47.

Kjaerstad, I. 2014. iGeneration or Generation Me? Identity development with the Millennials. https://ingeborgkjaerstad.wordpress.com/2014/12/06/igeneration-or-generation-me-identity-development-with-the-millennials/. Dag van besoek: 21 Julie 2017.

Knecht, F.J. 2003. A practical commentary on Holy Scripture. Rockford, IL: TAN Books.

Kogstad-Thompson, E., Smith, B., Kelly, P., Cathcart, T., Pena Restrepo, P., Oreon, T., Valevo, F. & Janice, K. 2012. Spiritual direction: listening to the world. *The Covenant Quarterly*, 70(1):47-59.

Krauss, S.E., Hamzah, A., Nor, Z.M., Omar, Z., Suandi, T., Ismail, I.A. & Zahari, M.Z. 2009. Preliminary investigation and interview guide development for studying how Malaysian farmers' form their mental models of farming. *The Qualitative Report,* 14(2):245-260.

Krishnamurti, J. 1999. The light in oneself. http://www.puresilence.org/krishnamurti_and_pure_silence.htm Dag van besoek: 4 Mei 2017.

Lababidi, Y. 2010. Notes on silence. *Tikkun*, 25(2):29-50.

Laher, S. & Botha, A. 2012. Methods of sampling. (*In* Wagner, C., Kawulich, B. & Garner, M. Doing social research: a global context. Maidenhead, Berkshire: McGraw-Hill. p. 86-99).

Larrañaga, I. 1992. Sensing your hidden presence: toward intimacy with God. Sherbrooke, QC: Editions Paulines.

Lindas, J. 2013. Engaging with postmodernism: an examination of literature and the Canon. Denver, CO: University of Colorado. (Theses – Undergraduate Honours).

Litfin, B.M. 2007. Getting to know the church fathers: an evangelical introduction. Grand Rapids, MI: Brazos Press.

Littman-Ovadia, H. & Steger, M.F. 2010. Character strengths and well-being among volunteers and employees: towards an integrative model. *The Journal of Positive Psychology,* 5(6):419-430.

Lohr, S.L. 1999. Sampling: design and analysis. Albany, NY: Duxbury Press.

Lonergan, B.J.F. 1983. Insight: a study of human understanding. London: Longman & Todd Publishers.

Lonergan, B.J.F. 2001. Subject and horizon: phenomenoloy and logic. Toronto: University of Toronto Press. (The Boston College lectures on mathematical logic and existentialis, v. 18.).

Long, C. & Averill, J. R. 2003. Solitude: an exploration of benefits of being alone. *Journal for the Theory of Social Behavior*. 33(1):21-41.

Longman III, T. 1988. How to read the Psalms. Downers Grove, IL: InterVarsity Press.

Longman, R. 2010. Spiritual practices and disciplines. http://www.spirithome.com/spirdisc.html Dag van besoek: 4 September 2017.

Lotter, G.A. 2005. Die werk van die Heilige Gees volgens 2 Korintiërs en die moontlike pastorale implikasies daarvan. *In die Skriflig,* 39(3):487-504.

Louw, D.J. 1999. Pastoraat as vertolking en ontmoeting: teologiese ontwerp vir ŉ basisteorie, antropologie, metode en terapie. Wellington: Lux Verbi.

Lunn, J. 2009. Paying attention: the task of attending in spiritual direction and practical theology. *Practical Theology*, 2(2):219-229.

MacFarlane, C. 2009. Adolescent spiritual formation: creating space for God to speak. *Common Ground Journal,* 7(1):37-47.

MacLaren, A. 2008. Expositions of Holy Scripture: Psalms. Charleston, SC: BiblioBazaar.

MacLaren, A. 2013. MacLaren's Commentary: expositions of Holy Scripture. Harrington, DE: DelMarva Publications.

Maitland, S. 2009. A book of silence: a journey in search of the pleasures and power of silence. London: Granta Books.

Maitland, S. 2012. Talking less, seeing more. *Christian Century,* 18 April.

Manning, C. 2015. Losing our religion: how unaffiliated parents are raising their children. New York: NY: NYU Press.

Marano, H.E. 2003. What is solitude? Psychology today. https://www.psychologytoday.com/articles/200307/what-is-solitude. Dag van besoek: 1 September. 2018.

Marchant, J. 2017. Think yourself healthy. *Prevention,* 69(1):28-31.

Martin, C.A. 2005. From high maintenance to high productivity. *Industrial and Commercial Training,* 37(1):39-44.

Martin, L. 2016. Understanding the quarter-life crisis in community college students. Virginia Beach, VA: Regent University. (Dissertation – PhD).

Martins, N. & Martins, E. 2012. Assessing millennials in the South African work context. (*In* Ng, E.S., Lyons, S.T. & Schweitzer, L., *eds*. Managing the new workforce: international perspectives on the millennial generation. Cheltenham: Elgar Publication).

Matthew Henry's concise commentary. 2017. Commentary on 1 Kings 17. http://www.christianity.com/bible/commentary.php?com=mhc&b=11&c=17. Dag van besoek: 25 Februarie 2017.

Maududi, A. A. 2017. The spiritual path of Islam. http://www.islam101.com/sociology/spiritualPath.htm Dag van besoek. 4 Maart 2017.

May, G.G. 2009. Care of mind, care of spirit: a psychiatrist explores spiritual direction. New York, NY: Harper Collins Publishers.

May, H.K.K. 1999. Toward an effective method of spiritual discipline to the student in a theological institution. Tulsa, OK: Oral Roberts Ministry. School of Theological and Missions. (Dissertation – PhD).

McGlone T, Winters, J. & McGlone, V. 2011. Corporate social responsibility and the Millennials. *Journal of Education for Business*, 86(4):195-200. DOI: 10.1080/08832323.210.502912

McGrath, A. 1991. Christian spirituality: an introduction. Malden, MA: Westminster John Knox.

Meister, J. C. & Willyerd, K. 2010. Mentoring millennials. *Harvard Business Review*, 88(5):68-72.

Mentz, M. 2012. Survey research. (*In* Wagner, C., Kawulich, B. & Garner, M. Doing social research: a global context. Maidenhead, Berkshire: McGraw-Hill. p.100-113).

Merriam Webster Dictionary. 2017. https://www.merriam-webster.com/dictionary/silence Dag van besoek: 7 April 2017.

Merton, T. 2007. New seeds of contemplation. (Introduction by Sue Monk Kidd). Reprinted & revised ed. New York: New Directions. (New directions paperback, 337).

Metz, T. 2016. The proper aim of therapy: subjective well-being, objective goodness, or a meaningful life? (*In* Russo-Netzer, P., Schulenberg, S.E. & Batthyany, A. Clinical perspectives on meaning: positive and existential psychotherapy. New York, NY: Springer. p. 17-36).

Milkman, R. 2014. Millennial movements occupy Wall Street and the dreamers. *Dissent,* 61(3):55-59.

Millward, L. 2012. Focus groups. (*In* Breakwell, G.M., Smith, J.A. & Wright, D.B. Research methods in psychology. 4th ed. London: Sage. p.411-438).

Moore, K. 2014. Millennials work for purpose, not paycheck. *Forbes*, 2 October. https://www.forbes.com/sites/karlmoore/2014/10/02/millennials-work-for-purpose-not-paycheck/#549dc9cd6a51 Dag van besoek: 14 Junie 2017.

Morgan, D.L. 1997. Focus groups as qualitative research. 2nd ed. Thousand Oaks, CA: Sage.

Morse, J.M. 1995. The significance of saturation. *Qualitative health research,* 5(2):147-149.

Mulholland, G.L. 2016. Invitation to a journey: a road map for spiritual formation. Downers Grove, IL: InterVarsity Press.

Mullan, S.J. 1914. The spiritual excercises of St. Ignatius of Loyola. New York, NY: P.J Kennedy and Sons.

Naidoo, M. 2008. The call for spiritual formation in Protestant Theological institutions in South Africa. *Acta Theologica,* 28(11):131.

Nakamura, J. & Csikszentmihalyi, M. 2009. Flow theory and research. (*In* Lopez, S. & Snyder, C.R., *eds.* Oxford handbook of positive psychology. New York: Oxford University Press. p. 195-206).

Nash, R.S. 2009. Smyth & Helwys commentary: 1 Corinthians. Macon, GA: Smyth & Helwys Publishing.

Nelson, T. 2014. The NKJV Study Bible. Nashville,TN: Thomas Nelson Publishers.

Neuman, W.L. 2006. Social research methods: qualitative & quantitative approaches. New York, NY: Allyn & Bacon.

New Oxford American dictionary. 2015. Millennial. 3rd ed. http://www.oxfordreference.com/view/10.1093/acref/9780195392883.001.0001/m_en_us1268016?rskey=ZyYqAb&result=9 Dag van besoek: 13 September 2017.

Nicol, W. 1990. Stem in die stilte: ‘n werkboek in Christelike meditasie. Pretoria: Orion.

Nieuwenhuis, F.J. 2007. Introducing qualitative research. (*In* Maree, J., *ed.* First steps in research. Pretoria: Van Schaik. p. 547-66).

Nieuwenhuis, J. & Smit, B. 2012. Qualitative research. (*In* Wagner, C., Kawulich, B. & Garner, M., *eds.* Doing social research: a global context. Maidenhead, Berkshire: McGraw-Hill education. p.124-139).

Nikirk, M. 2012. Teaching STEM to Millennial students. *Tech directions,* 71(7):13-15.

Nouwen, H.J.M. 1974. Out of silence: Three meditations on the Christian life. Notre Dame, IN: Ave Maria Press Inc.

Nouwen, H.J.M. 2003. The way of the heart: Short devotions on the three bases of the contemplative life: Solitude, silence & prayer. Ballantine, NY: Publishing Group.

Nouwen, H.J.M. 2006. With open hands. Notre Dame, IN: Ave Maria Press Inc.

Nouwen, H.J.M. 2009. The way of the heart: the spirituality of the desert fathers and mothers. New York, NY: Harper one.

Nouwen, H.J.M. 2010. Spiritual formation: following the movements of the heart. New York, NY: Haper One.

Nouwen, H. 2013. Reaching out: the three movements of the spiritual life. New York, NY: Crown Publishing Group.

NWU. 2016. IKNI handleiding vir meestergraad en doktorale studies. http://www.nwu.ac.za/af/print/algemeen-navorsingondersteuning. Dag van besoek: 15 September 2015.

Ogletree, T. & Kawilich, B.B. 2012. Ethical considerations in conducting research. (*In* Wagner, C., Kawulich, B. & Garner, M., *eds.* Doing social research: a global context. Maidenhead, Berkshire: McGraw-Hill education. p. 62-72).

Olmstead, G. 2015. Millennials search for religious ‘authenticity’. *The American Conservative*, 18 June. http://www.theamericanconservative.com/olmstead/millennials-search-for-religious-authenticity/ Dag van besoek: 22 Julie 2017.

Olsen, D. 2008. Working preacher: commentary on Exodus 3:1-15. https://www.workingpreacher.org/preaching.aspx?commentary_id=135 Dag van besoek: 3 September 2017.

Oostenbrink, J.W. & Lotter, G.A. 1999. Gereformeerde spiritualiteit as korporatiewe spiritualiteit. *In die Skriflig,* 33(3):367-383.

Oppland, M. 2016. Mihaly Csikszentmihalyi: all about flow and positive psychology. Positive Psychology Program, 16 December. https://positivepsychologyprogram.com/mihaly-csikszentmihalyi-father-of-flow/ Dag van besoek: 10 Mei 2017.

Ordo Cisterciensis Onservantia. 2010. Early Christian monasticism. http://www.ocso.org/index.php?option=com_content&view=article&id=150&Itemid=182&lang=en Dag van besoek: 6 Julie 2014.

Ortberg, John. 2009. The life you’ve always wanted: spiritual disciplines for ordinary people. Grand Rapids: MI: Zondervan.

Osmer, R.R. 2008. Practical theology: an introduction. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Painadath, S.J. 2015. The transforming power of contemplative silence. Hampshire: Ashfrod Press.

Park, C.L., Edmondson, D. & Hale-Smith, A. 2013. Why religion? Meaning as motivation. (*In* Pargament, K.I. APA Handbook of psychology, religion and spirituality, v. 1. Washington, DC: American Psychological Association. p. 151-171).

Parliament Blog. 2013. Measuring global Millennials on religious attitudes. [Blog]. Parliament of the world’s religions, 21 May. https://parliamentofreligions.org/content/measuring-global-millennials-religious-attitudes Dag van besoek: 5 September 2017.

Pascal, B. 2015. Pensees: thoughts on religion. Brookfield, IL: Letcetera Publishing.

Patterson, C. 2007. The impact of generational diversity in the workplace. *The Diversity Factor*, 15(3):17-22.

Patton, M.Q. 2002. Qualitative research and evaluation methods. 3rd ed. Thousand Oaks, CA: Sage.

Peters, T. 2016. Ladder-ascending character meets ladder-descending grace. *Word & World,* 36(2):135-145.

Peterson, E.H. 2011. The Message: the Bible in contemporary language. Colorado Springs, CO: Navigators.

Peterson, M.T.K. 2011. A hermeneutics of contemplative silence: Paul Ricoeur and the heart of meaning. Iowa City, IA: University of Iowa. (Thesis – PhD).

Pew Research Center. 2010a. Millennials: A portrait of generation next. http://www.pewsocialtrends.org/files/2010/10/millennials-confident-connected-open-to-change.pdf Dag van besoek: 15 September 2015.

Pew Research Center. 2010b. Millennials. Confident, connected and open to change: a portrait of generation next. http://www.pewsocialtrends.org/files/2010/10/millennials-confidentconnected-open-to-change.pdf Dag van besoek: 22 Julie 2017.

Pew Research Center. 2014. Millennials in adulthood. http://www.pewsocialtrends.org/2014/03/07/millennials-in-adulthood/#fn-18663-1 Dag van besoek: 21 Julie 2017.

Poole, M. 1985. Matthew Poole's commentary on the Holy Bible. Peabody, MA: Hendrickson Publishers.

Positive Psychology. 2017. Relaxation training. http://webcache.googleusercontent.com/search?q=cache:lhCFbb9ErREJ:positivepsychology.com.au/4lps/wp-content/themes/positive/pdf/rel_training.pdf+&cd=7&hl=en&ct=clnk&gl=za Dag van besoek: 6 April 2017.

Protestantse Kerk. 2017. Pastoraat: omzien naar elkaar in de naam van Christus. https://www.protestantsekerk.nl/themas/pastoraat/pastoraat/pastoraat Dag van besoek: 10 September 2017.

Provan, I., Long, V.P. & Longman III, T. 2003. A Biblical history of Israel. Louisville, KY: Westminster John Knox.

Pulchaski, C., Ferrel, B., Virani, R. & Otis-Green, S. 2009. Improving the quality of spiritual care as a dimension of palliative care: the report of the consensus conference. *Journal of Palliative Medicine,* 12(10):886-904.

Puybaraud, M. 2010. Generation Y. http://www.oxygenz.com Dag van besoek: 4 September 2017.

Rainer, T.S. & Rainer, J.W. 2011. The Millennials: connecting to America's largest generation. Nashville, TN: B&H Publishing group.

Reardon, P.T. 2011. God's voice in a scratching sound. *National Catholic Reporter,* 48(3):25.

Reed, J. 2013. Catherine Booth: laying the theological foundations of a radical movement. Eugene, OR: Wipf and Stock Publishers.

Reed, R. 2016. "Millennials and the problem of institutions"- Presentation at the Millennials, Emerging Church and Religion Research Seminar, held at the Apalacian State University.

Reynolds, F.E., Tucci, G., Lopez, D.S., Kitagawa, J.M., Snellgrove, D.L. & Nakamura, H. 2017. Buddhism: Religion. (*In* Encyclopedia Brittanica. https://www.britannica.com/topic/Buddhism#toc68650 Dag van besoek: 4 Maart 2017).

Rice, H, L. 1991. Reformed spirituality: an introduction for believers. Louisville, Ky: Westminster John Knox Press.

Richtel, M. 2010. Growing up digital, wired for distraction. *New York Times*, 21 November. http://www.nytimes.com/2010/11/21/technology/21brain.html?pagewanted=all Dag van besoek: 5 Julie 2017.

Riggs, D.E. 2017. The generational bridge. *Journal of Environmental Health*, 79(7):6-7.

Rilke, R.M. 2017. Quotes: quotable quotes. Goodreads. http://www.goodreads.com/quotes/80815-things-aren-t-all-so-tangible-and-sayable-as-people-would Dag van besoek: 3 Mei 2017.

Rittenberry, J. 2017. Erosion of trust in main pillars of SA society reaches critical levels. *Business Live*, 1 March. https://www.businesslive.co.za/bd/opinion/2017-03-01-erosion-of-trust-in-main-pillars-of-sa-society-reaches-critical-levels/ Dag van besoek: 3 September 2017.

Robinson, J. 2005. Southern seminary appoints Whitney to lead Christian Spirituality program. *The Southern Baptist Theological Seminary: Southern News,* 5 May. http://news.sbts.edu/2005/05/05/southern-seminary-appoints-whitney-to-lead-christian-spirituality-program/ Dag van besoek: 15 Oktober 2017.

Rohleiser, R. 2005. The Shattered lantern: rediscovering a felt presence of God. New York, NY: Crossroad Publishers.

Rohleiser, R. 2014. The holy longing: the search for a Christian spirituality. New York, NY: Crown Publishing.

Rohr, R. 2009. The naked now. New York, NY: Crossroad Publishers.

Rokoczy, S. 2007. The witness of community life: Bonhoeffer's life together and the Taize community. *Journal of Theology for Southern Africa,* 127:45-57.

Rosa, H. 2010. Alienation and acceleration: towards a critical theory of late-modern temporality. Aarhus, Denmark: Aarhus University Press.

Rose, K.C. & Anastasio, P.A. 2014. Entitlement is about 'others', narcissism is not: relations to sociotopic and autonomous interpersonal styles. *Personality and Individual Differences,* 59:50-53.

Russo-Netzer, P., Schulenberg, S.E. & Batthyany, A. 2016. Clinical perspectives on meaning: positive and existential psychotherapy. New York, NY: Springer.

Sampley, J. P. 2002. The New Interpreter's Bible*:* Acts, Romans, 1 Corinthians, v. 10. Nashville, TX: Abingdon Press.

Sardello, R. 2008. Silence: the mystery of wholeness. Berkeley, CA: North Atlantic Book.

Saul, J.S. 2003. Millennial Africa: capitalism, socialism, Ddmocracy. Trenton: NJ: Africa World Press.

Schimmel, A., Mahdi, M.S. & Rahman, F. 2017. Islam: Religion. (*In* Encyclopedia Brittanica. https://www.britannica.com/topic/Islam Dag van besoek: 16 April 2017.

Schoeman, O. 2005. Failure: a pastoral study. Potchefstroom: North-West University. (Thesis-PhD.).

Schreiner, T.R. 2010. Galatians. Grand Rapids, MI: Zondervan.

Schroeder, J. 2016. Millennials, this is what your quarter-life crisis is telling you. *Forbes,* 8 September. https://www.forbes.com/sites/julesschroeder/2016/09/08/millennials-this-is-what-your-quarter-life-crisis-is-telling-you/2/#3e6e2ba94677 Dag van besoek: 26 Julie 2017.

Secomb, M. 2015. Soundings from silence: insights from the luminous core within. *Australian eJournal of Theology,* 22(2):66-80.

Seepe, S. & Mthembu, T. 2011. Victim mentality among blacks. *Sowetan Live*, 30 June. http://www.sowetanlive.co.za/columnists/2011/06/30/victim-mentality-back-among-blacks Dag van besoek: 2 September 2017.

Seeth, A. 2017. Only 15% of South Africans trust the government. *City Press,* 16 Feb. http://city-press.news24.com/News/only-15-of-south-africans-trust-the-government-20170216 Dag van besoek: 3 September 2017.

Sheldrake, P. 2016. Christian spirituality and social transformation. *Oxford research encyclopedia of Religion.* http://religion.oxfordre.com/view/10.1093/acrefore/9780199340378.001.0001/acrefore-9780199340378-e-231 Dag van besoek: 15 September 2017.

Shoham, A., Goldstein, P., Oren, R., Spivak, D. & Bernstein, A. 2017. Decentring in the process of cultivating mindfulness: an experience-sampling study in time and University of Haifa. *Journal of Consulting and Clinical Psychology*, 85(2):123-134.

Shrimpton, B. 2013. Focus groups: a practical tool for practitioner research. *IB journal of teaching practice*, 1(2):1-6.

Silva, J. 2014. Coming up short. New York, NY: Oxford University Press.

Smelser, N. J. 2009. The odyssey experience: physical, social, psychological, and spiritual journeys. Berkeley, CA: University of California Press.

Smith, E.E. & Aaker, J.L. 2013. Millennial searchers. *New York Times*, 30 November. http://www.nytimes.com/2013/12/01/opinion/sunday/millennial-searchers.html Dag van besoek: 10 September 2017.

Smith, M. 2015. Lewensbegeleiding tot hoopvolle aftrede: ‘n Pastorale studie. Potchefstroom: North West University. (Verhandeling – MA).

Smith, W.L. & Zhang, P. 2010. A spiritual getaway: the motivations, experiences and benefits of a silent retreat. Statesboro, GA: Georgia Southern University. (Verhandeling – PhD).

Soards, M. 1999. New International Biblical Commentary: 1 Corinthians. Peabody, MA: Hendrickson Publishers.

South Africa. 1951. Separate representation of Voters Act 46 of 1951.

South Africa. 1952. Pass laws Act 67 of 1952.

South Africa. 1953. Reservation of separate amenities act 49 of 1953.

South Africa. 1998. Employment Equity Act 55 of 1998.

South Africa. 2003. Broad-based Black Economic Empowerment Act 53 of 2003.

South Africa. 2015. Draft national youth policy 2014-2019. Notice 15 of 2015. Government gazette, 38393:18, Jan.

Spinney, L. 2012. All about me. *New Scientist,* 214(2862):44.

Spurgeon, C.H. 2001. The treasury of David: Psalm 62. *The Spurgeon Archive*. http://www.spurgeon.org/treasury/ps062.htm Dag van besoek: 12 Januarie 2015.

St John, K.W. 2013. Creating space for God in the lives of Millennials by leveraging technology to practice: a spiritual discipline modelled by Christ. Wilmore, KY: Asbury Theological Seminary. (Dissertation – PhD).

Stanton, J. 2015. Millennials remind us all to search for meaning. [Blog]. *Huffpost*, 3 December. http://www.huffingtonpost.com/joshua-stanton/millennials-remind-us-all-to-search-for-meaning_b_6859410.html Dag van besoek: 14 Junie 2017.

Statistics South Africa. 2015. Statistical release: marriages and divorces 2015. Statistics South Africa, P0307.

Steger, M.F. 2012. Experiencing meaning in life: optimal functioning at the nexus of well-being, psychopathology and spirituality. (*In* Wong, P.T.P. The human quest for meaning: theories, research and applications. 2nd ed. New York, NY: Routledge. p. 165-184).

Steger, M.F. & Frazier, P. 2005. Meaning in life: one link in the chain from religiousness to well-being. *Journal of Counselling Psychology,* 52(4):574-582.

Stein, J. & Sanburn, J. 2013. The new greatest generation. *Time Magazine,* 181(19).

Steyn, R.S. & Lotter, G.A. 2006. Voorhuwelikse verhoudings: ‘n verkennende kwalitatiewe empiriese ondersoek. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika,* 21(1):104-120.

Stjerna, K.I. 2015. Grace only? Or, all is grace. *Dialog: A Journal of Theology,* 54(3):260-268.

Strauss, W. & Howe, N. 2007. The next 20 years: how customer and workforce attitudes will evolve. https://hbr.org/2007/07/the-next-20-yearshow-customer-and-workforce-attitudes-will-evolve/ar/1 Dag van besoek: 10 September 2017.

Strong, J. 2004. The exhaustive concordance of the Bible. Cincinnati, OH: Jennings & Graham.

Strydom, H. 2005. Sampling and sampling methods. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., *eds*. Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik. p. 192-204).

Sugarman, G.J. 1991. Universal declaration of human rights and the Policy of Apartheid in the Republic of South Africa. *Journal of Legislation*, 17(1):69-96.

Suid-Afrika. 2013. Wet op beskerming van persoonlike inligting 4 van 2013.

Sutherland, C. 2013. Afrikaner student identity in post-apartheid South Africa: a case study. Pretoria: UP. (Dissertation-MSocSci).

Sutton, J. & Austin, Z. 2015. Qualitative research: data collection, analysis and management. *Canadian Journal Of Hospital Pharmacy,* 68(3):226-231.

Swindoll, C.R. 2009. Paul: a man of grit and grace. Nashville, TN: Thomas Nelson.

Tacey, D. 2003. The spirituality revolution. Sydney: Harper Collins.

Teasdale, J. D., Moore, R. G., Hayhurst, H., Pope, M., Williams, S. & Segal, Z. V. 2002. Metacognitive awareness and prevention of relapse in depression: empirical evidence. *Journal of Consulting and Clinical Psychology*, 70(2):275-287.

Tenglin, R.K. 2012. Moving from pastoral counselling to spiritual direction. *The Covenant Quarterly*, 70(1):93-99.

Thompson, M.J. 2014. Soul feast: an invitation to the Christian spiritual life. Louisville, KY: Westminster John Knox Press.

Thurston, B. 1993. Christianity in the early church. Minneapolis, MN: Fortress Press.

Time Magazine. Editorial. 1951. People: the younger generation. *Time Magazine,* 5 November. http://content.time.com/time/subscriber/article/0,33009,856950,00.html Dag van besoek: 4 April 2017.

Topper, C. 2003. Spirituality in Pastoral counselling and Community helping professions. New York, NY: Haworth Pastoral Press.

Trochim, W.M.K. 2006. Interviews. The research methods knowledge base. https://www.socialresearchmethods.net/kb/intrview.php Dag van besoek: 11 September 2017.

Troksa, L. 2016. The study of generations: a timeless notion within a contemporary context. Boulder, CO: University of Colorado Boulder. (Thesis – Undergraduate Thesis).

Trousselard, M., Steiler, D., Claverie, D. & Canini, F. 2014. The history of mindfulness put to the test of current scientific data: unresolved questions. *Encephale-Revue de Psychiatrie Clinique Biologique et Therapeutique*, 40(6):474-480.

Tucker, T. 2016. The equipping of leaders for effective and sustainable sports ministry in the South African context. Potchefstroom: North-West University. (Thesis – PhD).

Turner, B.S. 2006. Discipline. *Theory, Culture and Society*, 23(2):183-186.

Twenge, J.M. 2009. Generational changes and their impact in the classroom: teaching Generation Me. *Medical Education,* 43(5):398-405.

Twenge, J.M. 2014. Generation me-revised and updated: why today's young Americans are more confident, assertive, entitled – and more miserable than ever before. New York, NY: Astria Paperback.

Twenge, J.M. & Campbell, S.M. 2008. Generational differences in psychological traits and their impact on the workplace. *Journal of Managerial Psychology*, 23(8):862-877.

United way of America. 1992. What lies ahead: A decade of decision. Alexandria, VA: United Way Strategic Institute.

Van der Walt, B.J. 2017. Sharing an integral Christian worldview with a younger generation: why and how should it be done and received? *In die Skriflig*, 51(1):22-45.

Van der Walt, T. 2007. Die Messias het gekom: 'n gids in die Evangelies vir toegewyde Bybel-studente. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

Van Niekerk, L. 2017. Experiences of white Afrikaans-speaking Millennials in a church setting: A preliminary empirical investigation (In press).

Van Rooyen, B & Beukes, R.B.I. Narrating spiritual well – being in relationship to positive psychology and religion. *Koers,* 1(2):23-42.

Van Zyl Slabbert, F., Malan, C., Marais, H., Olivier, J.L. & Riordan, R. 1994. Youth in the New South Africa. Pretoria: HSRC.

Vaughn, S.M. 2016. Why Millennials are leaving church: a qualitative study analysing multiple factors contributing to the decline in Millennial engagement within the church. Boone, NC: Appalachian State University. (Thesis – Honours degree).

Vejar, C. 2008. Generation Y: educational considerations. *Research Starters Ed*, 4(1):1- 5.

Vorster, J.M. 2006. Die etiek van regstellende aksie. *Acta Theologica,* 26(1):225-248.

Vos, B. 2012. The spiritual disciplines and Christian ministry. *Evangelical Review of Theology,* 36(2):100-114.

Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J. 2007. Die Bybel in praktyk. 4th ed. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Wade, J.C. 2015. Positive psychology on the college campus. New York: NY: Oxford University Press.

Wagner, C., Kawulich, B. & Garner, M. 2012. Doing social research: a global context. Maidenhead, Berkshire: McGraw-Hill Education.

Walker, D.F. & Hathaway, W.L. 2012. Spiritual interventions in child and adolescent psychotherapy. Washington, DC: American Psychological Association.

Waller, R. 2016. Solitude and being alone. http://www.mindandsoul.info/Articles/195414/Mind_and_Soul/Resources/Solitude_and_being.aspx Dag van besoek: 10 Januarie 2017.

Waltke, B.K. 2007. An Old Testament theology: an exegetical, canonical, and thematic approach. Grand Rapids, MI: Zondervan.

Warner, L. 2010. Journey with Jesus: discovering the spiritual exercises of Saint Ignatius. Downers Grove, IL: InterVarsity.

Webber, R.E. 2001. How will the Millennials worship? A snapshot of the very near future. *Reformed Worship,* 59. https://www.reformedworship.org/article/march-2001/how-will-millennials-worship-snapshot-very-near-future Dag van besoek: 6 Julie 2017.

Wet op beskerming van persoonlike inligting ***kyk*** Suid-Afrika.

Whitney, D.S. 1991. Spiritual disciplines for the Christian life. Colorado Springs, CO: NavPress.

Willard, D. 1991. The spirit of the disciplines. San Francisco, CA: Harper Collins Publishers.

Willard, D. 2009. The spirit of the disciplines. San Francisco, CA: Harper Collins Publishers.

Willard, D. 2013. Spiritual formation and the warfare between the flesh and the human spirit. *Journal of Spiritual formation and Soul care,* 6(2):152-159.

Williams, J. 2010. Paul: ambassador to the nations. Port Colborne, ON: Gospel Folio Press.

Williams, Y. 2017. The silent generation: sefinitions, characteristics and facts. http://study.com/academy/lesson/the-silent-generation-definition-characteristics-facts.html Dag van besoek: 1 Februarie 2017.

Wilson, D.P. 2005. Training vocational ministers in the practice of spiritual disciplines through the use of David Kolb's Learning Cycle. Wilmore, KY: Asbury Theological Seminary. (Dissertation: PhD).

Wong, M., Gardiner, E., Lang, W. & Coulon, L. 2008. Generational differences in personality and motivation: do they exist and what are the implications for the workplace? *Journal of Managerial Psychology,* 23(8):878-890.

Wood, A.M., Linley, P.A., Maltby, J., Baliousis, M. & Joseph, S. 2008. The authentic personality: a theoretical and empirical conceptualization and the development of the Authenticity Scale. *Journal of Counselling Psychology*, 55(3):385-399.

Worcester, T. 2008. The Cambridge companion to the Jesuits. Cambridge: Cambridge University Press.

Zimmerman, E. 2012. Modern romance: Gen-Y is late to the wedding, but wants romance. *The Christian science monitor*, 13 February. https://www.csmonitor.com/USA/Society/2012/0213/Modern-romance-Gen-Y-is-late-to-the-wedding-but-wants-marriage Dag van besoek: 22 Julie 2017.

# BYLAE

## BYLAAG A: DEEL 1

AANSOEK OM TOESTEMMING TE VERKRY VIR DIE DEELNAME AAN HIERDIE NAVORSINGSPROJEK

Geagte moontlike deelnemer,

Ek is tans ‘n MA student in Pastoraal aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) en is besig met my verhandeling wat handel oor die waarde en gebruik van stilte en afsondering as geloofsdissiplines vir die Millenniale Generasie. Die navorsing word onder leiding van Prof. G.A. Lotter gedoen.

Om die navorsingsprojek te voltooi, moet ek empiriese navorsing doen en het ek u hulp nodig om inligting in te samel rakende u persoonlike ervaring en persepsies aangaande die geloofslewe, die dissiplines van stilte en afsondering en so meer. Ek wil graag onderhoude voer met persone wat deel vorm van die Millenniale Generasie (wat dus tussen 1981 en 2000 gebore is). Die onderhoud sal ongeveer 30 tot 45 minute duur en sal elektronies opgeneem en veilig bewaar word vir verwerking, analisering en enige latere navrae. Hierdie onderhoude sal in ‘n private lokaal plaasvind by die Mosaïek Gemeente in Fairland, Johannesburg. Al die inligting wat tydens die onderhoude ingesamel word, sal anoniem en vertroulik hanteer word.

Dit sal opreg waardeer word indien u gewillig is om aan die onderhoud deel te neem. Die getranskribeerde materiaal sal slegs deur myself en ‘n kodeerder hanteer word. Indien u gewillig is om deel te neem word u versoek om asseblief die aangehegte toestemmingsvorm (Deel 2) noukeurig deur te lees en te onderteken. Indien daar enige vrae of onsekerhede is, is u welkom om my te kontak.

Hierdie studie kan van groot waarde wees, aangesien die bevindinge gebruik gaan word om riglyne te ontwikkel wat as begeleidingsmodel tydens ‘n kursus/seminaar aangebied kan word om sodoende die Millenniale Generasie te kan begelei in die beoefening van stilte en afsondering as geloofsdissiplines.

Vriendelike groete

Mizane Pieterse (navorser)

Kontakbesonderhede:

mizanepieterse1@gmail.com | 083 297 0900

## BYLAAG A: DEEL 2

INGELIGTE TOESTEMMINGSVORM

INFORMED CONSENT FORM

Title of study: Die waarde en gebruik van stilte en afsondering as geloofsdissiplines vir die Millenniale Generasie: 'n Pastorale studie

Dear ……………………….:

(After personal consultation with the prospective participant)

Thank you for your willingness to be a participant in this study regarding spiritual disciplines for the Millennial Generation. Your participation and contribution are highly appreciated.

The session is a personal interview of 30 to 45 minutes on matters pertaining to faith, church and the Christian religion, as well as your personal views and opinions. There will only be one interview. You have the freedom to express yourself openly, as we will be making use of a free-flowing discussion. Please note, however, that we will be talking about the topics as stated on the document you have received. This will help you as well as the Researcher to stay on topic.

As previously discussed, the interviews will be recorded with your permission and will only be used by the Researcher. All information shared in this interview will be kept strictly confidential and no oral or written reports that could link you to this study will be made.

Agreeing to participate is voluntary; there will also be no remuneration involved. If you do not want to take part in this study, please feel free to decline the invitation.

If you decide to be a participant and anything happens that makes you want to withdraw, you have the freedom to withdraw at any time. All your data and information will be destroyed and will not be used in any manner.

If you have questions about the study or the procedures, you may contact the

Researcher.

The research is being conducted under the supervision of Prof. Dr. G.A. Lotter (george.lotter@nwu.ac.za) cell 0832847599

Thank you

Mizane Pieterse

Researcher

Contact details:

Telephone: 0832970900 Email: mizanepieterse1@gmail.com

I, the undersigned, agree to participate in this research study as a participant on a voluntary basis. I agree with all information stated above.

Signature: Name: ________________________

Date: _________________________

____________________

Faculty of Theology

North-West University

Potchefstroom

**SOUTH AFRICA**

## BYLAAG A: DEEL 3

VRAELYSTE WAT TYDENS ONDERHOUDE GEBRUIK IS

1. Is jy 'n gereelde kerkganger? Motiveer.
2. Wanneer jy aan die kerk dink, wat is die eerste prentjie wat jy sien? Motiveer.
3. Wat wil jy graag hê in jou verhouding met God? Motiveer.
4. Is daar enige gewoontes/dissiplines wat jy in jou verhouding met God inkorporeer? Met ander woorde, is daar spesifieke dinge wat jy doen wat jou nader aan God laat voel? Motiveer.
5. Wat is jou grootste probleem met die kerk? Motiveer.
6. Wat is jou grootste soeke/begeerte in die lewe? Motiveer.
7. Wat is die stryd wat jy in jou Christelike geloof het? Motiveer.
8. Voel jy asof die lewe 'n voortdurende gejaag is? Motiveer.
9. Het jy enige dissiplines in jou lewe? Motiveer.

**BYLAAG B: DEEL 1**

ETIEK-OPLEIDINGSERTIFIKAAT

NORTH-WEST UNIVERSITY

YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA

NOORDWES-UNIVERSITEIT

POTCHEFSTROOM CAMPUS

Private Bag Potchefstroom

South Africa 2520

Tel:018 299-1 111/2222

Web: http://www.nwu.ac.za

Health Sciences Ethics Office for Research, Training and Support

Tel: 018 299 2092

Email: minrie.greeff@nwu.ac.za

10 February 2017

Dear Ms Mizane Pieterse (HPCSA registration number: ____________)

This letter certifies that you have attended the 2 day ethics training, entitled

**The Basics of Health Research Ethics**

(Accreditation number: UPI 163 from the University of Pretoria CPD Accreditation Department)

presented by Prof Minrie Greeff (Head of the Health Sciences Ethics Office for Research, Training and Support) on 23 and 24 January 2017.

This proof of attendance, as recognised by HREC and the Ethics Office, NWU, is valid for 3 years and expires on the 24th of January 2020. Where applicable, Ethics CEUs are awarded. 27 Ethics CEIJs

Yours sincerely



Prof Minrie Greeff

Head of Health Sciences Ethics

Office for Research, Training and Support



Prof Awie Kotzé

Dean of Faculty of Health Sciences

## BYLAAG B: DEEL 2

## ETIESE GOEDKEURINGSERTIFIKAAT

NORTH-WEST UNIVERSITY ®
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

Private Bag X6001, Potchefstroom,

South Africa, 2520

Tel: (018) 299-4900
Faks: (018) 299-4910

Web: http://www.nwu.ac.za

**Institutional Research Ethics Regulatory Committee**

Tel: +27 18 299 4849

Email : Ethics@nwu.ac.za

Based on approval by the **Research Ethics Committee of Theology (TREC)** on **17/08/2017** after being reviewed at the meeting held on **17/08/2017**, the North-West University Institutional Research Ethics Regulatory Committee (NWU-IRERC) hereby **approves** your project as indicated below. This implies that the NWU-IRERC grants its permission that, provided the special conditions specified below are met and pending any other authorisation that may be necessary, the project may be initiated, using the ethics number below.

**Project title: Die waarde en gebruik van stilte en afsondering as geloofsdissiplines vir die Millenniale Generasie: 'n Pastorale studie**

**Project leader/Supervisor: Prof GA Lotter**

**Student: PIETERSE, M**

**22265384**

| | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Ethics number**: | N | W | U | - | 0 | 0 | 6 | 1 | 0 | - | 1 | 7 | - | A | 6 |
| | Institution | | | | Project Number | | | | | | Year | | | Status | |

Status: S = Submission; R = Re-Submission; P = Provisional Authorisation; A = Authorisation

**Application type: Full single application**

**Commencement date**: 2016-08-01 **Expiry date**: 2017-11-30 **Risk:** **Minimal**

**Special conditions of the approval (if applicable):**

x Translation of the informed consent document to the languages applicable to the study participants should be submitted to the TREC (if applicable).

x Any research at governmental or private institutions, permission must still be obtained from relevant authorities and provided to the TREC. Ethics approval is required BEFORE approval can be obtained from these authorities. **General conditions:**

*While this ethics approval is subject to all declarations, undertakings and agreements incorporated and signed in the application form, please note the following:*

x *The project leader (principle investigator) must report in the prescribed format to the NWU-IRERC via TREC:*

- *annually (or as otherwise requested) on the progress of the project, and upon completion of the project*
- *without any delay in case of any adverse event (or any matter that interrupts sound ethical principles) during the course of the project. - Annually a number of projects may be randomly selected for an external audit.*

x *The approval applies strictly to the protocol as stipulated in the application form. Would any changes to the protocol be deemed necessary during the course of the project, the project leader must apply for approval of these changes at the TREC. Would there be deviated from the project protocol without the necessary approval of such changes, the ethics approval is immediately and automatically forfeited.*

- x *The date of approval indicates the first date that the project may be started. Would the project have to continue after the expiry date, a new application must be made to the NWU-IRERC via TREC and new approval received before or on the expiry date.*
- x *In the interest of ethical responsibility the NWU-IRERC and TREC retains the right to:*
  - *request access to any information or data at any time during the course or after completion of the project;*
  - *ask further questions, seek additional information, require further modification or monitor the conduct of your research or the informed consent process;*
  - *withdraw or postpone approval if:*

    *· any unethical principles or practices of the project are revealed or suspected,*

    *· it becomes apparent that any relevant information was withheld from the TREC or that information has been false or misrepresented, · the required annual report and reporting of adverse events was not done timely and accurately, · new institutional rules, national legislation or international conventions deem it necessary.*
- x *TREC can be contacted for further assistance via Nadine.Havenga@nwu.ac.za or 018 299 1600.*

The IRERC would like to remain at your service as scientist and researcher, and wishes you well with your project. Please do not hesitate to contact the IRERC or TREC for any further enquiries or requests for assistance.

Yours sincerely

Prof LA Digitally signed by

Prof LA Du Plessis

Du Plessis Date: 2017.08.05

11:33:35 +02'00'

**Prof Linda du Plessis**

*Chair NWU Institutional Research Ethics Regulatory Committee (IRERC)*

**WEERGAWE:  20 NOVEMBER 2017**